




GESKIEDENIS VAN DIE
AFRIKAANSE LETTERKUNDE

Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde

⟨vanaf die begin tot aan die einde van die 19de eeu⟩

deur

Dr P. J. NIENABER

(Universiteit van die Witwatersrand)

en

Dr G. S. NIENABER

(Natale Universiteitskollege)



J. L. VAN SCHAİK, BEPK., PRETORIA
1941

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schaik, Bpk., Uitgewers, Pretoria.

INHOUDSOPGAWE.

	Bls.
Voorwoord	9
Hoofstuk I. Die Begin van die Afrikaanse Letterkunde	13
Hoofstuk II. Die Ontwikkelingsgang :	
(a) Eerste roersele (1795—1860)	24
(b) Die Meurant-impuls (1860—1870) .	47
(c) Die Cooper - Hoogenhout - Du Toit-impuls (1870—1875)	76
(d) Die Periode 1875 tot 1895	80
(e) Die Periode 1896 tot 1907	97
(f) Nawerking (1907—1918)	106
Hoofstuk III. Persone :	
(a) 'n Voorloper: F. W. Reitz	110
(b)* C. P. Hoogenhout	119
(c) S. J. du Toit	138
(d) A. Pannevis	149
(e) A. J. Herholdt	154
(f) J. C. Voigt	159
(g) J. D. Cilliers	164
(h) J. L. Cachet	173
(i) P. D. Rossouw	182
(j) J. W. van der Rijst	187
(k) M. H. Nesor	191
(l) B. R. Buys	205
(m) J. P. Toerien	211
(n) G. R. von Wielligh	216
(o) Die Buitestaanders W. H. Maskew en M. J. Brink	225 231

	Bls.
Hoofstuk IV. Minderbelangrike <i>Patriot</i> -digters :	
(a) D. J. van Niekerk	240
(b) A. S.	241
(c) Ewald Esselen	243
(d) Dr Ysterbaard	244
(e) Genl P. J. Joubert	246
(f) 'n Boer uit Steynsburg	247
Hoofstuk V. Gedigte uit die <i>Patriot</i> :	
1. Vertellings en Anekdots	250
2. Temas : (a) Taal en <i>Patriot</i> :	
(i) Taal	254
(ii) <i>Patriot</i>	260
(b) Nasionaliteit :	
(i) Geskiedenis	262
(ii) Anti-Engelsheid en Politiek	268
(c) Godsdienst	273
(d) Liefde en Verliefderig- heid	277
(e) Huislike Aangeleenthede	280
Hoofstuk VI. Gedigte uit <i>Ons Klyntji</i> :	
1. Vertellings	284
2. Temas : (a) Taal	286
(b) Nasionaliteit	287
(c) Godsdienst	293
(d) Liefde en Verliefderig- heid :	
(i) Minneliedjies	294
(ii) Vrystories	297
(iii) Bruilof	298
(iv) Gemengd	299
(e) Klagtes	301
(f) Allerlei	303
Hoofstuk VII. Prosa uit <i>Ons Klyntji</i> :	
(a) Liefdesverhale	304
(b) 'n Avontuurverhaal	309

	Bls.
(c) Sketse en Anekdoties	311
(d) Jagverhale	312
(e) Dierverhale	314
(f) Oorlog	315
(g) Afrikaanse Familielegendes	316
(h) Volkskundige Verhaaltjies	317
Hoofstuk VIII. Geskiedkundige Prosa en Vertalings	319
Hoofstuk IX. Terugblik	327
Lys van Afrikaanse Publikasies van die Eerste Periode	337
Literatuur en Bronne	347
Register	353

VOORWOORD.

In *Die Afrikaanse Beweging* (Van Schaik, 1931) is die „Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde” aangekondig, maar deurdat die persoon wat onderneem het om aan laasgenoemde boek mee te werk, gevra het om van sy verpligting ontslaan te word, en die ander skrywer intussen na Europa vir voortgesette studie vertrek het, het daar vertraging gekom. Later het die skrywer se broer as medewerker toegetree, maar nou het daar by die Nasionale Pers 'n uitstekende beknopte oorsig van ons letterkunde verskyn, en die oorspronklike plan is gevolglik laat vaar. Voortgesette studie het die gedagte weer laat posvat om 'n eie beeld van die ontwikkelingsgang van ons letterkunde te ontwerp en drie jaar gelede is hierdie taak doelbewus ter hand geneem.

Dié studie was soos 'n spannende ontdekkingsreis. Voortdurend het ons daarin geslaag om nuwe feite te ontdek. Deurdat mnr P. Imker Hoogenhout vir een van die skrywers toegang verleen het tot die briewe, manuskripte en ander stukke van C. P. Hoogenhout en Pannevis, was dit moontlik om die vaderskap van verskeie boeke, gedigte en artikels vas te stel. Ons het ook die manuskripte van die volgende persone kon raadpleeg: J. D. Cilliers (deur die goedgunstigheid van sy kleinseun, mnr J. D. Cilliers en sy suster, D. J. Cilliers), van Jan Lion Cachet (deur sy skoonseun en dogter, prof. J. C. van Rooy en mev. A. van der Walt tot ons beskikking gestel); van M. H. Naser (deur bemiddeling van sy suster, mev. C. van der Merwe, en sy seun, M. H. Naser, Jnr.); van P. D. Rossouw (geleen deur sy seun en dogter, mev. Troskie en mnr P. D. Rousseau). Cachet en Cilliers het albei o.a. die skuilnaam „Neef Jan” gebruik, en raadpleging van hulle manuskripte het telkens aan die lig gebring watter een die skrywer van bepaalde stukke was.

Ook die manuskripte van mnr B. R. Buys het ons kon raadpleeg. Dit het ons besonder baie genoeë verskaf om met

hom, na 'n lang soektog, persoonlik kennis te maak. Daar het hierna 'n groot belangstelling vir sy werk en persoon gekom; *Die Vaderland* (25 Okt. 1939), *Die Brandwag* (27 Okt. 1939) en die Afrikaanse Skrywerskring het hom na behore gehuldig. Twee van sy manuskripte het hy aan een van die skrywers hiervan bemaak.

Interessant ook was die pogings om lewensbesonderhede en ander inligting oor die skrywers van hulle nakomelinge en vriende in te win. Letterlik honderde briewe is in dié verband geskryf. Ook van verskillende magistrate is waardevolle hulp ontvang, onder wie in die besonder genoem moet word die magistrate van Potchefstroom en Philipstown.

Dog ons het soms nie daarin geslaag om al die verlangde informasie te bemagtig nie. Om net één geval te noem: die skrywers wou baie graag met familieleden of vriende van J. F. Kastein in verbinding kom, en hou hulle nog aanbevole vir inligting oor hom.

'n Tweede groot moeilikheid was die ontoeganklikheid van baie skaarsgeworde boekies. Dit het meegebring dat ons gedurende ons vakansies verskeie biblioteke moes gaan besoek. Ons taak is grootliks vergemaklik deur die vriendelikheid van die volgende persone wat ons behulpzaam was om verskeie boeke, wat ons nodig gehad het, in hande te kry: mej. E. Hartmann van die Witwatersrandse Universiteitsbiblioteek, dr F. C. L. Bosman van Kaapstad, mnr G. P. du Toit van die Paarl, en prof. M. S. B. Kritzinger van Pretoria. Met die loop van tyd het ons 'n waardevolle privaat-biblioteek opgebou. So besit ons o.m. nege volledige jaargange van die *Patriot*. Vyf daarvan is, sover ons weet, in geen enkel biblioteek of argief volledig te kry nie. Die moeilikheid om sommige van die skaars, maar waardevolle boeke te raadpleeg, het een van ons op die gedagte gebring om 'n vereniging in die lewe te roep met die doel om dié werke uit te gee. Dit het tot die stigting van die Patriot-Vereniging gelei. Met vol-doening kan die skrywers getuig dat hulle in staat was om al die werke te raadpleeg.


Aan al die persone wat ons op een of ander manier behulpzaam was, wil ons ons hartlike dank betuig. In hierdie verband wil ons nog die volgende noem: dr J. du P. Scholtz

van Kaapstad vir insae verleen in sy aantekeninge oor die Kaapse persliteratuur; Dr P. C. Schoonees wat Von Wielligh se privaat-briewe aan hom, aan ons geleen het, en die heer C. J. Nienaber vir hulp in verband met die teks.

Die twee skrywers hou hulle albei gesamentlik verantwoordelik vir die hele werk. Vir hulle was dit 'n heerlike studie, en hoe meer hulle vir hulle daarin verdiep het, hoe meer hulle hulle taak as 'n daad van piëteit begin opvat het. Daarom sal 'n juister waardering van, en 'n verhoogde belangstelling in die kultuurarbeid van hierdie baanbrekers, vir hulle die hoogste beloning wees.

DIE SKRYWERS.

Johannesburg,
Pietermaritzburg,
Augustus 1940.



L. H. MEURANT.



PRES. F. W. REITZ.



DR A. PANNEVIS.



DS S. J. DU TOIT.

HOOFSTUK I.

DIE BEGIN VAN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE.

1. HISTORIES :

Ons literatuurbeskrywing kom eers laat op, wat sy oorsaak in die besondere kultuurtoestande vind. Die skriftelike gebruik van die volkstaal staan aanvanklik, waar die belangstelling nie veral leksikologies van aard was nie, in diens van die strewe om plek-plek die lokale of sosiaal-dialektiese uit te bring, soos in Boniface se fel-persoonlike werk. In dié vorm spreek hom geen nasionale gevoel van eiewaarde uit nie, want die sielkundige grondslag van toe-eiening en verdierbaring van die spreektaal as die wesentlikste utingsmiddel is nog absoluut afwesig.

Met Meurant se optrede as Klaas Waarzegger vind ons die eerste duidelike openbaring van 'n gees van toe-eiening by vele van sy navolgers. Die lokale en seksionele (Hottentot-Afrikaans) los hom al op plekkies op in die eg-nasionale, en pertinner gewaar ons dit in die volgende fase (Zwaartman-Hoogenhout-S. J. du Toit). Dit loop sonder 'n duidelike breuk oor in die periode van die Genootskap van Regte Afrikaners, wat deur-en-deur volks van strekking is. Al is dit dan nog net by 'n klein deeltjie van die Afrikaner-groep (van 'n *nasie* kan ons nog nouliks praat!), tog bly dit onteenseglik duidelik dat die psigologiese eienskappe vir die opbloeï van 'n eie, nasionale letterkunde nou aanwesig is.

In die aanvaarding en toe-eiening lê ook die afbakening. Die skeidingslyne kom positief en negatief uit: positief in die *Manifes* en *Die Afrikaanse Volkslied*:

Een ider nasie het syn TAAL.
Ons praat, van Kaap tot in Transvaal,
Wat almal maklik kan verstaan,
Wat gaat die ander tale ons aan?
Ons praat, so's Pa en Oupapa,
Die Landstaal van Suid Afrika. (P., 15 Jan. 1876).

Negatief sien ons dit in een van die heel-eerste gedigte, die van Herholdt:

Set Engels opsy!
 Ons taal sal jy kry.
 Werk Hollans mar uit —
 Stuur weg met die skuit! (P. 15 Maart 1876).

So bepaal die erkenning van die nasionale terrein meteens die strydende karakter van die beweging, 'n stryd *om* erkenning van die eie, soos hulle dit sien, en 'n stryd *teen* alles wat dit in gevaar kan bring. Die militante strewe is gerig teen *Engels*, wat die Afrikaans-nasionale gedagte wil versmoor, en teen *Nederlands*, die moeder, dog slegs insoverre as sy die kind sy aansprake op selfstandigheid ontsê: andersins laat die kind sy regte op die moeder dankbaar geld, en help haar met graagte waar hy maar kan (bv. om Nederlands in 1882 in die Parlement erken te kry, met die oprigting van die Taalbond, e.s.m.)

Nederlands bly so gedurende die neëntiende eeu vir die Afrikaner nog die werklike eie kultuurtaal, maar daarnaas groei heel beskeie 'n plaaslike letterkundetjie op.

Eers die skokkende gebeurtenisse aan die ingang van die nuwe eeu bring die wesentlike kentering. Die gevaar was groter as ooit van tevore, die nasionale gedagte sterker as ooit, en die wil na uitredding so oorheersend-hewig as nog nooit nie.

Hierdie *wil* het na 'n felle stryd en baie lastige misverstand sy eie vorm op die enigste ware manier gevind, naamlik in die ruwe, ongeskaafde volkstaal. Al die toegewinge van die kant van die Nederlandse rigting, soos die taalvereenvoudiging, was tevergeefs, want om die groot nood was die Nederlandse kultuurtaal met al sy ryke letterkundige skatte nie bestand teen die eise en behoeftes van die oomblik nie.

Uit welde het die Afrikaanse gedagte nie oorwin nie, maar uit nooddurf.

Die oorwinning bring ook die losskeuring van Nederlands. Die energie word nou bestee aan die veredeling en vorming van Afrikaans as kultuurmedium en aan die kweking van 'n eie letterkunde.

Leidend en vertroetelend volg ons literatuurbeskrywing op die spoor en uiteraard val die klemtoon op die geestelike be-

drywigheid in Afrikaanse taalvorm. Dr Lydia van Niekerk behandel op simpatieke wyse die voortbrengsels van die vooroorlogse tydperk met die uitloopsels (1916), dr E. C. Pienaar die onverwagte wonder van ons snel-opbloeiende na-oorlogse digterarbeid (1919), en dr P. C. Schoonees hou hom, soms bestraffend, maar altyd rigting-duidend, besig met die opmeting van ons prosaveld (1922).

Na al die oorwinninge op taalgebied, veral na die volle erkenning van staatsweë (1925), verdwyn die spanning ten opsigte van Nederlands. Die jongere studiegenote gryp weer terug na die Hollandse verlede en breër perspektiewe open nou voor ons. Bowendien word die steun van die nou-verwante Nederlandse taal in die handhawingstryd teen Engels gemis en daar kom 'n begeerte na meer aansluiting.

By geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging is 'n gedenkboek uitgegee (*Nederland-Zuid-Afrika*, 1931), waarin ook van voor-aanstaande Afrikaners artikels opgeneem is en daaraan ontleen ons 'n paar uitsprake. „(Dit) is vir ons 'n gebiedende noodsaaklikheid om soveel moontlik in voeling te bly met ons enigste en natuurlikste bondgenoot — die Dietse stamland en veral die Dietse stamtaal” sê dr E. C. Pienaar, of effens verder: „Daarom *kan* en *moet* die Nederlandse boek op die middelbare skool gehandhaaf word...” (blss. 216 en 217). Prof. F. E. J. Malherbe meen: „Mettertyd sal die behoefte aan meer Nederlands algemeen by ons gevoel word” (221). „Om die Afrikaner in voeling te bring met die Nederlandse gedagte... dit lyk vir my die dringendste behoefte van ons tyd” is dr P. C. Schoonees se voorstel (bls. 231). Prof. J. J. Smith weer vra: „Begin ons letterkunde ook nie in Vlaandere en Nederland nie?” (bls. 234).

Hierdie aanhalinge van die opvatting van bewuste Afrikaanse taalmanne, wat self in die hitte van die stryd gestaan het, openbaar die algemene verlange van hierdie tyd na meer Nederlands as 'n steunkrag en terwille van homself. Die Afrikaanse strewe is lang nie meer so eksklusief uit gewaande selfgenoegsaamheid nie. Die aanduiding hiervan was in die begin nog vaag en het meer as 'n soort van reaksie op verskillende prikkels gekom.

Dr S. P. Engelbrecht trek te velde teen die voorstelling in dr M. S. B. Kritzinger se *Plate-atlas by die Afrikaanse Letterkunde* oor die begin van ons letterkunde. „Dr. Kritzinger se Plate-atlas begin met 'n brief te gee van L. Trigardt, wat op 11 Januarie 1837 in Zoutpansberg geskrywe is, en as tweede stut plaas hy die Engels-Afrikaanse Hotnotslied wat omstreeks 1844 onder die naam *Kaatjie Kekkelbek* die lig gesien het. Daarmee begin dus die Afrikaanse letterkunde! ... Ons (is) nie so arm, so geestelik arm as wat baie mense tot hulle eie skade en tot 'n rampsalige skade van ons volk wil voorgee nie. Ons Afrikaanse letterkunde begin nie met Trigardt of met Kaatjie Kekkelbek nie, maar met die Dagregister van Jan van Riebeeck ...” (in *Die Huisgenoot* 12 Febr. 1932 oor dr A. N. E. Changuion). Hierdie standpunt motiveer hy nie, behalwe dan met 'n verklaring dat ook Maerlant en Chaucer nie om hulle verouderde taal uit die Nederlandse en Engelse letterkundes onderskeidelik gesluit word nie.

Omstreeks die tyd was twee dames-studente en vriendinne besig aan hulle doktorale proefskrifte oor die Hollandse beweging en skrywers in Suid-Afrika. Op 'n artikel van J. J. C. Hofmeyer in *Die Huisgenoot* (17 Nov. 1933) oor *Ons Vroeë Dietse Letterkunde* reageer een van hulle, mej. Anna de Villiers, dadelik en beweer stoutweg, net soos dr Engelbrecht: „Ons vroeë Dietse letterkunde begin met die *Dagverhaal van Jan van Riebeeck*” en nie met Boniface, De Lima en Changuion nie, soos Hofmeyer beweer het (*Die Huisgenoot* 22 Des. 1933). Dat sy van oordeel is dat nie net die Afrikaans-„Dietse” letterkunde in breë sin sy aanvangspunt hier het nie, maar spesifiek ook die Afrikaanse, blyk aan die einde van haar betoog.

Nòg dr Engelbrecht nòg mej. De Villiers se artikels het opspraak verwek; eers die Amsterdamse dissertasie van dr Elizabeth Conradie: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, deel I, 1652-1875* (1934) sal 'n „klein oorloggie in ons letterkundige wêreld” aan die gang sit. Sy wou haar onderwerp in die algemene Afrikaanse kultuurstrewe inskakel en doen dit in 'n programmatiese *Inleiding* wat blaak van liefde vir eie volk, stamvolk en taal. Asof sy haar pad voel vra sy: „of die tyd nie aangebreek het om ons tentpenne veel wyer uit te slaan nie, sodat ons die hele Dietse letterveld sal omvat en nie langer

die Hollandse geskrifte wat in Suid-Afrika ontstaan is en deur Suid-Afrikaanse aangeleenthede geïnspireer is, uit te sluit nie?" (bls. xix).

Effens verder word sy meer aangegryp deur haar gloedvolle argumentasie en toon duideliker kleur oor „wat ons onder Afrikaanse letterkunde (moet) verstaan. Op die taalvorm alleen kan ons nie langer gaan nie. Ons het ons blind gaan staar op die Afrikaanse *vorm* en vergeet dat dit die *gees* is wat lewend maak. As dit ons werklik erns is met ons kultuurstryd, moet ons volk hom weer in die Hollandse periode van sy verlede terugvind..." (xxii). Eers teen die einde van haar inleidende betoog sal sy die eintlike stelling pertinent bewoord: „Vir my loop daar 'n onafgebroke Dietse draad, van die *Dagboek* van Jan van Riebeeck af tot by die jongste Afrikaanse geskrif." (xxiv).

Dadelik het 'n groep geleerdes, veral jongeres, hulle om haar geskaar en prinsipiële kwessies kom aan die orde.

Om vereers op te som: daar is drie standpunte:

1. Prof. J. J. Smith, uitgaande van taal- en stamverwantskap, het in sy *Inleiding tot Leipoldt se Oom Gert Vertel en ander Gedigte* beweer „dat die omvangryke letterkunde van Nederland en Vlaandere die gemeenskaplike besit van die Dietse volkere is... Vondel behoort ewegoed tot die letterkunde van die Afrikaner as Chaucer tot dié van die Engelman...."

2. Engelbrecht, De Villiers, Conradie, P. J. Nienaber (*D'Arbez as Skrywer*, 1936), S. P. E. Boshoff (*Beskouinge en Feite*, 1936, bls. 192), Besselaar e.a., bepleit 1652 as die beginpunt.

3. S. J. du Toit, Lydia van Niekerk, Pienaar, Schoonees, e.a. rig hulle meer na die Afrikaanse taalvorm as 'n maatstaf.

2. PRINSIPIËLE KWESSIES:

Die meningsverskille het oor punte 2 en 3 gegaan. Die verskille tussen die drie standpunte is nie altyd skerp nie, en dieselfde persoon kan (en het) al drie aanvaar: dit hang soms net van die doelstelling en aksent, die uitgangspunt af. Daar-

om kan partye so maklik by mekaar verby praat. Die feit bly egter staan dat 'n prinsipiële stryd ontwikkel het en daarvan moet ons rekenskap gee. Ons begin by dr Conradie.

Sy meen dat 'n aanduiding van 'n breër standpunt as die van Lydia van Niekerk, Pienaar en Schoonees alreeds in die werk van G. S. Nienaber (*Die Afrikaanse Beweging*, 1931; *Honderd Jaar Hollands in Natal*, 1933, en die te verskynse lewensbeskrywing van Boniface) gevind word. Maar insoverre as daar by hom van 'n breër grondslag sprake is, is dit eerder te verstaan as die gevolg van die *onderwerpe* wat hy behandel. Die duidelike „wending in ons literatuurgeskiedenisbeskrywing” kom, volgens dr Conradie (bls. xx) eers met dr F. C. L. Bosman se *Drama en Toneel in Suid-Afrika, deel I* (1928). Ook hierdie bewering staan skeef, — immers, Bosman se onderwerp self bepaal sy standpunt, en dan behandel hy *alle* dramatiese werke, ook die wat in Engels en Frans gestel is, want hy het te doen met drama en toneel „in Suid-Afrika.” Die afbakening berus by hom noodwendig op 'n geografies-historiese grondslag, net soos in 1914 by dr G. Besselaar (*Zuid-Afrika in de Letterkunde*).

Nee. G. Besselaar, F. C. L. Bosman en G. S. Nienaber kan nie as ware voorlopers beskou word nie. Hulle is dit toevallig. Die werklike wending begin by Engelbrecht, mej. (nou dr) De Villiers en veral by dr Conradie self, die bekwaamste en hartstogtelikste pleitbesorger van hulle almal.

Wat is die nuwe by hulle? Ons soek dit vereers in die tydsgees en dan in die standpunt.

Tydsgees:

Soos reeds aangedui, was die tyd omstreeks 1930 ryp vir toenadering. Die stryd teen Nederlands as 'n mededinger in Suid-Afrika was volledig volstry en die gevoel daarteen het met die oorwinning verdwyn, ja meer, begin plek maak vir waardering. Maar die daad bly, nog tot vandag toe uit, en veral diegene wie se gees tydens hulle verblyf in Nederland deur daardie kultuur lewendig verryk is, betreur dit dat die Afrikaners hiertelende nie meer daaraan deel het nie. Nou wil hulle graag versoening bring en genesing. Daarom kan ons stellig beweer dat die houding van dr Conradie en haar

medestanders nie soseer hulle tyd verander het nie, as dat hulle tyd die houding teenoor Nederlands verander het.

Aksent:

Hulle het die aksent so gelê dat die „Hollandse verlede” van ons volk weer ’n plek moet vind in die omlysting van ons (kultuur- en) literatuurgeskiedenis. Dr Conradie wil dus vir die „Hollandse skrywers uit Suid-Afrika” ’n plek ingeruim hê in ’n Afrikaanse letterkundige geskiedenis.

Die prinsipe wat hierin opgesluit lê, het sy reeds aangevoer waar sy sê : „Op die *taalvorm* alleen kan ons nie langer gaan nie . . . dit (is) die *gees* wat lewend maak.” Hier is dan die teenstelling taalvorm en volksgees, m.a.w. behoort ’n werk tot ons letterkundige arbeid alleen wanneer dit kennelik in die Afrikaanse taalvorm gegiet is (’n uiterlike maatstaf dus), of wanneer dit die gees van ons land en volk adem en uit ’n nasionale sfeer voortkom (—’n innerlike maatstaf)? In die verlede het die uiterlike kriterium die deurslag gegee, maar vir die toekoms vra dr Conradie om ’n ander basis.

Die stelling los niks op nie en skep baie probleme. By ’n werk soos *Die Huisgesin van Dawid Barinski* deur J. J. Groeneweg (1935) kan enkel die taalvorm beslis dat dit tot ons letterkunde gereken moet word en is daarom die belangrikste faktor in hierdie vasstelling, en Pauline Smith se kortverhale of Hans Grimm se vertellings sal, ook weer om die taalvorm, moet afgewys word, al is die gees en sfeer ook nog hoe Afrikaans. Hierop het Piet Prins gewys (*Wanneer het die Afrikaanse Letterkunde Begin?* in *Die Huisgenoot*, 24 Mei 1935), en waarskynlik voortbordurende op sy argumente wou prof. Besseelaar, ook in ’n *Huisgenoot*-artikel (13 Jan. 1936), die lyne van die patroon vaster kleur toe hy aantoon dat die siel (gees en sfeer) altyd van groter belang is as die liggaam (taalvorm). „Taalvorm is ’n onmisbare kriterium, maar sekondêr.” Op sy skerpste gestel, kom hy dus tot die teenoorgestelde gevolgtrekking as Piet Prins. Nou dryf hy dit nog verder deur om sodoende ook vir die *Dagverhaal* in die Afrikaanse letterkunde ’n tuiste te vind, en wel op grond van gees en sfeer. Maar, soos prof. Dekker reeds opgemerk het (*Nuwe Oriëntering?* in *Die Huisgenoot*, 28 Sept. 1934), die dagregisters van Van

Riebeeck en Tas is die werk van Hollanders „en van soortgelyke werk van ander Hollanders van hulle tyd (verskil) hulle hoogstens daarin, dat hulle 'n sekere lokale kleur dra...” Hierdie plaaslike stempel is nou vir Besselaar die „gees en sfeer”; ons beswaar is dat daar te weinig geesteliks aan die omskrywing van die begrip „gees” kleef. Sy vooringenome stelling om Jan van Riebeeck se *Dagverhaal* saam met ander Nederlandse geskrifte op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan, by die Afrikaanse letterkunde in te lyf, voer Besselaar daartoe om die Afrikaanse taalvorm sodanig ondergeskik te maak aan die gees, dat hy wel 'n „Engels-Afrikaanse,” 'n „Duits-Afrikaanse,” 'n „inboorling-Afrikaanse” langs 'n „Hollands-Afrikaanse” letterkuns onderskei, maar geen plek maak vir 'n Afrikaans-Afrikaanse letterkunde nie — 'n feit waarop dr Pienaar enigsins onsag gewys het („*Die Oorsprong van die Afrikaanse Letterkunde*” in *Die Huisgenoot*, 14 Febr. 1936).

Die kernvraag is net of Piet Prins en Besselaar se argumentasie, deur dr Conradie begin, ooit nut kan stig. Is taalvorm en gees 'n teenstelling? Die waarheid is: Neel ons het hier geen antitese nie, en daarom is hulle nie met mekaar as kriteria vergelykbaar nie. Taalvorm is 'n veropenbaring van 'n bepaalde gees na buite, en dus skep hulle saam 'n onverbreekbare eenheid. Die *gees* is die moment van die innerlike kant, die *taalvorm* is dieselfde moment wat hom na buitentoe waarneembaar maak. Dit is 'n twee-enigheid.

Heelwat van hierdie besef kry ons by prof. D. F. Malherbe waar hy in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Jg. xii, blss. 214-215) dr Conradie se boek aankondig. „In die ruime Dietse lettere-wêreld omvat die Afrikaanse lettere 'n gebied wat die Hoog-Hollandse geskrifte in Suid-Afrika uitsluit, hoe seer ook al sommige hiervan spore van die Afrikaanse taalaard mag vertoon. Die Afrikaanse lettere word begrens deur *tyd, taalvorm en 'n nuwe geestesopenbaring*... Die gees wat die Afrikaanse lettere te voorskyn roep en die stu-krag word van 'n Beweging, is 'n gees van verset... selfs teen die opperheerskappy van die Hoog-Hollandse taalvorm.” Hier word vorm en gees as 'n eenheid gevat.

Nog vaster sien prof. Dekker die verband in sy reeds-gemelde *Huisgenoot*-artikel, waar hy die rede van die opkoms

van 'n eie Afrikaanse letterkunde in verband met die opkoms van „'n nasie met 'n eie volksiel” bring.

Ondertussen het dr Conradie die probleemstelling verder deurdink en groter helderheid oor haar eie standpunt verkry, soos uiteengesit in *Ons Eie Boek* (Jg. v, 4, bl. 219) en waarin ook die skokkende nuus van haar te vroeë dood gebring is.

Net soos sy haar studieveld in 1934 ten opsigte van Afrikaans afgebaken het (punt 3 bo), en wel so dat die Hollandse geskrifte uit Suid-Afrika 'n plek in ons Afrikaanse literatuurgeskiedenis moet kry, net so kyk sy nou (1939) die probleem deur prof. Smith gestel (punt 1 hierbo) onder die oë. Hierdeur kry sy die teenstelling en formuleer haar standpunt met loflike duidelikheid. Die vae term „gees” bly nog, maar as bepalende faktor verskyn nou die ewe vae begrip „volks”: „Nie Vondel nie maar die Dagboek van Jan van Riebeeck en alles wat tot stand gekom het op ons Afrikaanse bodem binne die Hollandse taalgrens van 1652 tot ongeveer die end van die 19de eeu, begin 20ste eeu, dra 'n dubbele gees, nl. 'n sterk afnemende Nederlandse gees en 'n sterk toenemende Afrikaanse gees... In die stadium waarop ons op die oomblik verkeer, teen die middel van die 20ste eeu, is die Nederlandse letterkunde... 'n nou-verwante, maar des nie te min vreemde letterkunde vir ons.”

Om nou die feit van 'n dubbele Hollandse medium (Nederlands en Afrikaans) in sy twee element tot 'n eenheid te bring, lê sy die fondament bloot waarop sy bou: „Die volkse is die grondbeginsel, die uitgangspunt van my literatuurwetenskap.”

Met die verklaring: „Vir my is Nederlands en Afrikaans twee volkome, aparte tale” waarvan elkeen „sy ontstaan te danke het aan die totstandkoming van 'n aparte volksoort” is sy weer baie na aan die ou standpunt van voor die kentering. Die groot verskil in opvatting met vroeër, is dat sy 'n literatuurgeskiedenis van die Afrikaanse volk verkies bo 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, d.i. van werke in Afrikaans. Daarmee skakel sy haar opvattinge in by die opkoms van 'n literatuurwetenskap wat verband hou met die verhoogde belangstelling in volkskundige studies, veral in die Germaanse lande, en by name in Duitsland.

Die beskouingswyse het die voordeel dat die wordingsgang nou geskets kan word in aansluiting by die dieperliggende volkswording, waarvan dit een van die uitinge is. Ons kan hier die breë afbakening van D. J. Opperman te pas bring en praat van 'n „pre-natale of embrionistiese stadium,” 'n „natale” en 'n „adoleserende stadium” (*Die Natalse Afrikaner*, 8 Aug. 1938 en *Die Huisgenoot* 3 Febr. 1939).

Nou word ons gestel voor die keuse van 'n literatuurgeskiedenis van die Afrikaanse volk enersyds, en van Afrikaans andersyds — twee terreine wat mekaar grootliks dek. In hulle eendersheid van taak en terrein win die een dit nie van die ander nie, maar in hulle andersheid lê elkeen se voor- en nadele as 'n besondere metode van gebiedsafbakening en behandeling. Om dit te verken, is nie ons taak hier nie, maar ter illustrasie kan oorweginge soos die volgende dien: Laat ons die Afrikaanse *taalvorm* die deurslag gee, dan kom vanself aan die *innerlike kant* ons nasionale verwesenliking daarin en daardeur aan die orde, maar dan laat ons die letterskat van ons „volk” in sy „pre-natale periode” bv. buite rekening, wat tog prakties op 'n miskennis van 'n deel van ons letterkundige bedrywigheid as volk neerkom. Aan die ander kant as ons dit wil in aanmerking neem, dan praat ons hier van 'n „volk” wat nie bestaan nie en wat ons dus nie innerlik, volgens volkse waardes, bepaal nie, maar volgens aardrykskunde. Of selfs later, wanneer daar wel 'n volk is, kan persone van een volksgroep in die taal van 'n ander skrywe. Hoe gaan ons met die Hobsonbroers, van 'n volkse standpunt uit, maak, of met Afrikaners wat hulle letterkundig van Engels bedien? Dit is egter geen wesentlike probleem nie en in die praktyk los ons dit sonder meer op.

Om op te som: die beginsels wat ons sover vir die gebiedsbegrensing van ons letterkundige geskiedenis het, is die volgende:

1. Stam- en kultuurverwantskap, wat die historiese lyn van die Nederlandse tyd ononderbroke laat deurloop en ook op die literêre prestasie van die stamlande na die afskeiding aanspraak maak (Prof. Smith).
2. Geo-politiese waardes (in die proefskrifte van G. Beselaar en F. C. L. Bosman).

3. Die taalvorm, en saam daarmee, as 'n eenheid, die Afrikaans-nasionale (S. J. du Toit, L. van Niekerk, Pienaar, Schoonees, ens.) of skakeringe daarvan.
4. Die gees en sfeer, en saam daarmee, die taalvorm, maar as ondergeskik (E. Conradie, A. de Villiers, P. J. Nienaber, ens.)
5. Die volkse, as 'n noukeuriger omskrywing van pt. 4 hierbo (E. Conradie).

Teen mekaar gemeet, gryp nr 1 die verste om hom heen, maar dit stel die kloof tussen die twee volkere tog te vlak voor, en is eerder idealisties as realisties en prakties. As ons 'n homogene bevolking gehad het, sou punt 2 sy kontraswaarde teenoor punte 3 of 4-5 verloor het. Juis omdat ons nie homogeen is nie, sal dit in baie gevalle altoos waardevol bly. Punte 3 en 4-5 beskou dieselfde saak net op verskillende stadiums wat die aanvang betref.

Dit is duidelik, eerstens, dat alles nie onder een hoedjie gevang kan word nie, en tweedens, dat elkeen sy nut het, volgens die gerigtheid van die taak wat die ondersoeker hom stel. 'n Werklike holisme is net dan moontlik wanneer die literatuurgeskiedenis self as 'n onderafdeling van 'n groter eenheid betrag word.

Waar die skrywers van die voorliggende studie hulle taak so opgevat het dat hulle 'n borsig van die *Afrikaanse* literatuurgeskiedenis wil gee, sal hulle vir hulle rig na die werke wat doelbewus in die Afrikaanse taalvorm gegiet is en wat die openbaring is van 'n geestesgesteldheid wat in mindere mate, aanvanklik, maar voorts krydend tog in 'n steeds toenemende mate, 'n strewe in die rigting van nasionale selfvonds en selfverwesenliking openbaar, totdat die nasie hom volledig van 'n eie taak en roeping bewus is ooreenkomstig sy eie karakter as 'n lewensnoodzaak. Ons uitgangspunt is dus minder die volk as die nasie.

HOOFSTUK II.

DIE ONTWIKKELINGSGANG VAN DIE AFRIKAANSE
LETTERKUNDE (1795-1906).(a) *Eerste Roersele* (1795-1860).

Geskrewe Afrikaans hou op 'n paar uitsonderinge na intiem verband met die opkoms en bloei van ons Hollandse joernalistiek. Voor die eerstelingbundels van Totius en Celliers in 1908 is byna elke boek wat nog in Afrikaans verskyn het, 'n oordruk uit 'n koerant of tydskrif, en selfs van die gedigte is 'n paar oorgedruk.

In die gebiede van ons land waar die drukpers kom, maak die koerant en tydskrif hulle intrede en Afrikaanse brokstukkies vind sporadies 'n beskeie plekkie êrens daarin. Maar die drukpers het baie lank gewag om in ons samelewing 'n faktor van betekenis te word: in Kaapland eers net voor die tweede kwart van die neëntiende eeu, in Natal net vóór, in die Vrystaat en Transvaal met en nà die begin van die derde kwart af.

Dit verklaar egter slegs ten dele die late opkoms van letterkundige bedrywigheid onder ons volk. Veral die plattelandse bevolking moes nog leer om te lees. Vir lektuur was nog geen smaak ontwikkel nie. Met betrekking tot sir George Younge se plan om 'n tweetalige Kaapse koerant op te rig, skrywe lady Anne Barnard, natuurlik met geweldige oordrywing, verwysende na J. C. Ritter se almanakke van 1796 en 1797: „If it answers as the printing of an Almanac in the Dutch time, it will be droll. The printer made a fortune of *two shillings* by it, each of the four districts took one at sixpence — All the inhabitants read or copied out of that one.” (Kyk F. C. L. Bosman in *Jaarboek vir die Ned.-Geref. Kerke in Suid-Afrika*, 1931, bls. 74). Ds Meent Borchers se leerdig *De Maan* (1801) het nie eers die koste van die papier gedek waar-

op dit gedruk was nie! (*An auto-biographical Memoir of Petrus Borcardus Borchers*, 1861, bls. 10). Gedurig het hy gekla oor die gebrek aan leeslus onder die Afrikaners.

Na die koms van die Britse Setlaars het die stryd vir die vryheid van die drukpers losgebreek, soos deur Meurant interessant beskryf word in sy *Sixty Years Ago* (1885). Met betrekking tot die stryd sê Cory: „It is curious to note how small a part the Dutch inhabitants played in the history of these eventful years; . . . their lives on their farms were simple and happy and could have continued to be so without a newspaper” (*The Rise of South Africa*, deel II, bls. 320). Aan hulle het die pers-agitasie dus verby gegaan, maar nie die gevolge nie.

Die kulturele peil van ons volk was nie hoog nie, en dit word, weer uit die geografiese en maatskaplike struktuur begryplik. Die groot taak van landskoonmaak en die dunbevolktheid oor uitgestrekte gebiede met haas geen begaanbare weë of doeltreffende verkeersmiddele nie, het nóg die tyd nóg die geleentheid geskep vir daardie rustigheid van gees wat nodig is om aandag te skenk aan ander eise van die lewe wat van geen praktiese, onmiddellike belang was nie. Die peil van geleerdheid was laag en die prikkels vir 'n versnelling van die tempo van geestelike werksaamhede weinig.

Die heel-eerste brokstukke in Afrikaans staan los van ons joernalistiek. Gewoonlik aanvaar ons as die oudste aaneenlopende dokument wat in ons volkstaal geskrywe is, die toevallig-ontdekte *Lied ter Ere van de Swellendamsche en Diverse Andere Helden bij de bloedige Actie aan Muisenberg in dato 7 Aug. 1795* (*Hollandsch Zuid-Afrika* 15 Aug. 1920). Ons kan wel aanneem dat daar meer voorbeelde van sulke nog ongepubliseerde brokstukke in familie-argiewe mag berus en hulle ontdekking sal van die toeval afhang.

Die **Lied* (met die wysie *Al is ons Prinsje nog zoo klein*, vgl. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, xiii, 3) is vlot geskryf, maar is konvensioneel en bevat geen enkele oorspronklike beeld nie; die skrywer het trouens weinig verbeelding en mis die vermoë om van sy geleenthede gebruik te maak. Delpont is die Swellendamse „kaerel” met krygsverstand; immers

*Vgl. C. Beyers: *Die Kaapse Patriotte*, Kaapstad, 1930.

„Hy schoot, eer ons van huis vertrok,
 Een groote vette bonte bok. O jee, O jee, O jee!
 Hy dwingt zoo maar ons heele land, O wee!
 Van kaffers grens tot deese strand.
 Ja Neef, wat is hy wreed en straf,
 Hy zette onze Landdrost af, O wee! O wee! O wee!”

Die onervaarde held wil nou die Britte te lyf gaan, en in oormoed kom hy en sy dappere strydmaakkers op die vegterrein aan — 'n mooi situasietekeninkie:

„Ons juig, is vrolyk, vol plaasier, Hoezee!
 Die Brit mag zyn een Bok of Stier,
 Ons steek ons stander in de zak
 En met gemak rook ons Tabak, Hoezee! hoezee! hoezee!”

Nou volg in skelle kontras die „bloedige Actie” wat lomp en onbeholpe beskryf word:

„Maar, ari Neef, de kogel kom, o wee!
 Ons kan begryp het is een bom,
 Kyk hoe ze voor ons neder springt!
 O wee! dat is een vreeslyk ding, O wee!
 Kom, laat ons achter 't heuvel spring, O wee!
 Want dat is vry die beste ding,
 Om daar te bergen onze gat;
 Ons kies dan straks het haasepat. Gaat mee!”

Die geleentheidslied is as 'n skimpskrif, 'n spotvers bedoel en kom uit die pen van 'n warme „Patriot” wat verontwaardig is oor die lafhartige gedrag (na sy mening) van die binnelandse „helde” wat deur bomme op die loop gejaag is. Die aantreklike van die vlotgeskrewe, soms sangerige verse is juis die fel-hekelende gevoel van verontwaardiging wat met sy bitter-sarkastiese toon en skerp kontraste striemende houe laat val. Selfs vir platheid word nie teruggedeins nie!

Is dit Afrikaans? Die verlede tydsvorme van die werkwoord, die deftige infinitief en die byv. nwe wat net soos in Nederlands verbuig word, skyn dit te weerspreek, maar aan die ander kant is dit baie duidelik dat hier bewus gepoog is om die „helde” ook in hulle spreekwyse te bespot, en dat dié taal onteenseglik Afrikaans wil wees. Daar is as die mees tipiese

eienaardigheid ons vir *wij*, en tesaam daarmee die gedeflekteerde werkwoord (*ons juig*, (*ons*) *is vrolyk*, *ons koos*); dan Afrikaanse vorme soos *ons kan begryp*; *ons het dat spulletje aangekyk*, *ons is bezwyk*, *hy zoek*; *ons noemt*; 'n tipies-Afrikaanse uitroep *ari!*; die gemeensame aanspreekvorm *Neeff!*; die verwarring van die geslag (*die ding*; 't heuvel), uitdrukkinge soos: *zoo maar, die beste ding*, ens. Die plat woorde is daar as aandikking van die sarkasme. Die skrywer gebruik hulle nie uit onbeholpenheid nie, maar doelbewus; en so wek die geheel die indruk dat die digter Nederlands goed magtig is, maar opsetlik vir hom van die growwigheid van woord en vorm bedien as middele van hekeling.

Prof. Smith (*Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*, 1926, bls. 34) en dr F. C. L. Bosman* (in 'n brosjure *Afrikaans as Skryftaal*, bls. 3) is waarskynlik reg om die taal as „sterk verafrikaanste Nederlands” te bestempel, maar dit was sonder die minste twyfel die bedoeling van die anonieme skrywer om opsetlik *Afrikaans* in die mond van die verteller te lê. Dan is dit die eerste bewuste poging om Afrikaans te skrywe en ons letterkunde begin met hierdie satiriese „heldedig.”

'n Ander voorbeeld van bewus-opgetekende Afrikaans is 'n samespraak deur 'n Groningse landbouwer M. D. Teenstra in 1825 opgestel. Dit wil enkel as illustrasie dien van die „eenigermate verbasterde” Nederlands wat deur „Kaapenaars en buitenlieden” gebesig word. Teenstra laat die gesprek plaasvind tussen hom, „een boer, deszelfs vrouw en hunne slaven te Caledon.” In die dialoog stapel hy soveel taaleienaardige opmekaar as hy kan: dit is die enigste doel wat hy nastreef. Wel laat hy deurstraal hoe gasvry die Caledonners is, en hy maak 'n enkele grappie, maar dit is terloops. Die teensinnige November moes 'n boodskap gaan aflewer aan die baas se buurman oor varke wat in die tuin pla.

„De Vrouw: *November!* Zie daar is die aap weer uit de ket. Sies! ek ben bang, dat hij hier komt; kenje hem niet beter vastmaken nie?”

*) Vgl. ook sy *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, bl. 58 en Conradie: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*, blss. 117-118.

De Boer: Die aap is braaf slim.

De Slaaf: Ja sreur! die aap al te danig listig, rech! rech! hij niet spreek, om hij geen boodschap doen wil nie..." (*De Vrughten mijner Werkzaamheden...*, 1830, deel I, blss. 360-366).

Self voel hy dat 'n Nederlandse leser dalk skepties kan word en verduidelik: „Ziedaar in een kort bestek de grootste en misschien de meeste taalfouten... misschien zal men de-zelve, door de korthed van de ineengedrongene en verkorte Zamenspraak en daardoor opgestapelde gebreken, als over-dreven beoordelen, echter is het dit in geen deele." Hieruit blyk sy doel duidelik en verstaan ons waarom hierop verder taalkundige aantekeninge volg. Die was ook nie vir Afrikaanse lesers bedoel nie, en die stuk moet derhalwe slegs onregstreeks tot ons letterkunde gereken word. (Vgl. dr J. L. M. Franken in *Die Huisgenoot*, Julie 1927; Bosman: *Drama en Toneel...*, bls. 539; Scholtz: *Die Afrikaner en Sy Taal*, bls. 209).

Nou maak ons tydskrifte hulle eerste buiging. In 1824 verskyn Greig, Pringle en Fairbairn se *South African Commercial Advertiser*, die eerste eintlike koerant, want die tweetalige *Kaapsche Courant*, wat sedert 18 Aug. 1800 verskyn, is 'n staatsblad vir regerings-kennissgewings. Die stryd vir die vryheid van die drukpers is bekend, en in die verworwe vryhede het ook J. Suaso de Lima wou deel toe hy in 1826 sy Nederlandse nuusblad *De Verzamelaar* uitgegee het. Hierdeur word die „bekeerde kreupele Portugees-Hollandse Jood," De Lima, soos dr F. C. L. Bosman hom noem, „die vader van die Hollandse koerantewese in Suid-Afrika" (*Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika*, bls. 1).

Die kleurlose koerant het 'n lae peil gehandhaaf en weinig invloed gehad. Tengevolge van sy doelstelling om die „opkomende letterbloei" te bevorder, het dit 'n menigte gedigte in Nederlands bevat, baie daaronder oorspronklik maar sonder letterkundige betekenis. Vir ons is 'n paar briewe daarin van belang. Na aanleiding van twee platvloerse artikels oor „Ezels" en „Apen" in April 1826 (nrs. 11 en 14) spreek „Een lezende Buytenman" aan „de Uitgeefter van de Verzamelaar" sy genoeë daarmee uit in 'n brief wat sterk Afrikaans-gekleurd

is. Van groter betekenis is twee briewe wat vier maande later afgedruk is. Op 9 September 1826 (nr 34) verskyn van Jan Hennepikker uit Worcester 'n brief in „stertjie-Afrikaans” gestel en waarin hy oor die lang omskrywinge klae wanneer 'n brief aan 'n Veldkornet gerig word. Daaruit haal ons aan: „Heer en Vriend, ik doet U.Ed. weete als dat ik heel veel hou van kort en goed, en dat het zo was in de distrik waar ik eers gewoond heef, maar in de distrik waar ik nou in woon is de Veld-Cornetschappe wat zoodanige lange naame heeft; dat een mens amper een uur moet verzuime om zo een naam te schrijven, want als wij aan de Veld-Cornet, brieve schrijf dan moet ons agter aan daardie naam boven op de brief nog schrijven . . .,” en dan volg lang adres-formules. Die skrywer het blykbaar probeer om grappig te wees.

Nog duideliker Afrikaans is Grietje Geldenaar van „Heks Rivier” se brief wat op 16 Sept. 1826 (nr 35) verskyn het. Hennepikker teken sy naam en voeg by „Getrouwd met Grietje Haanekam”; Grietje Geldenaar volg sy voorbeeld en vermeld: „Getrouwd met dr. Treurniet.” Hennepikker praat van „U Ed Kourand met die anker en de schilden, met drie koegelgate,” doelende op die wapen van Kaapstad wat op die buiteblad van *De Verzamelaar* pryk; en Geldenaar weer van „de ankerschild met drie koegelgaate.” Dit alleen toon voldoende hoe haar brief ingegee is deur die van Jan, en waar sy baie duidelik Afrikaans, laat ons sê, deftige Afrikaans, wil skrywe, is dit openbaar dat sy Jan se poging ook as „Afrikaans” beskou het. Ook sy wil „koddig” wees, maar nou oor die kwessie van gebrek aan kleingeld. Met die bepaling van lord Charles Somerset dat die ou Hollandse muntstelsel voortaan deur Engelse geld moet vervang word, het allerlei probleme ontstaan, en op een van die lastigste hiervan vestig dr Treurniet se geselsertige vrou ons aandag in De Lima se „koddige kourant.” „Nouw sel ons alle weer klaar kome om klyne dinge te koop, want waar jy komt in die Kaapsche wêreld om wat te koop is geen klyne geld, toe die penni nog een dubbeltje was toe ging dit nog, mar nouw is det een geneul om zomar te vloeke al is jy nog zo fyn, wy het ons al geresalveerd om die kooperdubbeltjes in twe en vier stukke te kappe om maar klyne geld te hebbe . . . Wy wens u gesondhyd.” Die *wij* was destyds

ewe goed deftige Afrikaans as ons gewone Afrikaans was. Let nog op die „hoë” uitdrukkinge soos *wy het ons al geresalveerd*, waarnaas die gewone Afrikaanse uitdrukkinge soos *danig*, *amper*, *verlangst(e)* en die nuwe ontleninge *penni* en *farding*.

Soos ons in die *Lied* die oudste bekende voorbeeld van doelbewuste Afrikaanse poësie het en in Teenstra se same-spraak die oudste geval van 'n doelbewuste Afrikaanse drama-tiese stuk, het ons miskien met die brief van Hennepikker, maar ongetwyfeld met die epistel van Grietje Geldenaar, ons oudste doelbewuste Afrikaanse proewe in briefvorm.

Sover het ons in drie poginge drie vorme, en wat veral van belang is, poginge waarin Boere-Afrikaans gebruik is. Die *Lied* (wat tot onlangs net in *handskrif* bestaan het), bespot opsetlik die taalgebruik van die Swellendamers (en Graaff-Reinnetters); die dialoog (wat in 'n boek voorkom) illustreer die spraak van die Caledonners as 'n tiep, en die briewe (van 'n *koerant*) teken die taal van die „Buytenlieden” in en om Worcester. Van belang noem ons dit, omdat baie brokstukke wat nou volg Hottentot-Afrikaans tot grondslag het. Nieteenstaande die noue ooreenkoms tussen die twee vorme moet ons hulle tog as onderskeie beskou — 'n feit wat veelal ten onregte oor die hoof gesien word. Vir opmerkers van die tyd was hulle ook definitief apart, soos o.a. Burchell ons baie duidelik vertel, waar hy praat van „the Dutch language, according to the Cape Dialect and, even according to the corrupt dialect of the Hottentots” (*Travels in the Interior of Southern Africa*, 1822, dl. I, bl. 13). Op dieselfde grondslag berus die vasstelling van Changuion, dat „die taal (t.w. Kaaps) in hare zuiverheid alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken word.” (*Inleidende Opmerkingen tot Proeve van Kaapsch Taaleigen*, bl. v).

Vir Changuion is daar tenminste 'n graadverskil wat die spraak van Kaapstad betref. Miskien is die taal van die genoemde stukke, die briewe byvoorbeeld, vir daardie tyd nie so Nederlands-getint as vir ons nie, en die deftige brief van mevr. Geldenaar is waarskynlik 'n suiwerder weergawe as ons met die eerste oogopslag mag vermoed. 'n Uitdrukking soos *wy het ons geresalveerd* laat deurskyn dat sy beskaafde Afrikaans wil skrywe. Bes-moontlik is sy iemand uit die ampte-

naarskringe en is Nederlands goed magtig, net soos die eerste digter, en Teenstra natuurlik, Nederlands met die grootste gemak kon skryf. Ons vroegste doelbewuste Afrikaans kom dan lang nie van ongeleerde mense nie. Ook Jan Hennepikker is iemand wat dikwels met veldkornette korrespondeer.

Saam met Burchell, Changuion e.a. wil ons dan 'n verskil maak tussen Boere- en Hottentot-Afrikaans en beskou laasgenoemde as 'n dialek.

In *De Verzamelaar* kom geen Hottentot-Afrikaans voor nie. Die weekblad het tot 1829 'n sukkelbestaan gevoer, en toe De Lima in 1830 bankroetspeel, het sy drukpers in hande van P. van Breda, een van sy skuldeisers, geraak, wat self 'n koerant gaan uitgee. Op 9 April 1830 verskyn *De Zuid-Afrikaan* vir die eerste keer. In die redakteurstoel sit een van De Lima se grootste vyande, die geniale maar ongebalanseerde verafrikaanste Fransman Charles Etienne Boniface (1787-1853). Hy is 'n dinamiese persoonlikheid wat altyd wil „maak en breek,” iemand met visioene maar sonder 'n sin vir die praktiese eise van die lewe. Maklik raak hierdie seun van Parys opvlieënd en skrywe dan artikels wat glinster in die gloed van sy verontwaardiging en toorn.

In sy program van aksie noem hierdie redakteur al die „humbugs” waarteen hy te velde gaan trek, een daarvan is die „paramount of non plus ultra van alle humbugs, de Philippisch Humbug.” As gevolg van aantygings teen die landdroos van Somerset (-Oos), nl. W. M. MacKay, in sy *Researches in Southern Africa* (1828) moes dr Philip hom in 'n lastersaak verdedig en laat ene Hendrik Kok, oor wie se „mishandeling” hy geskryf het, as getuie dagvaar.

Die saak was die aanleiding tot die skrywe van 'n Afrikaanse brief en 'n samespraak, die eerste waarskynlik, die tweede seker van die hand van Boniface. Die brief is van weinig belang. Die „knappe Neef Adam Slokker” skryf op „de 03 Junie 1000,800,03” (1830) van „Bedelaarsdorp” (Bethelsdorp) aan sy „Oom Kievedo” (Cupido) op gemaak-lompe wyse maar in gekruide taal teen dr Philip. „... ik hoor hulle het Flippies voor die koert, voor zyn leugens, en dat hy moers gespook het om daar af te kom, maar dat was verniet.—Oom, nog wat, waarom moet hulle zo fals rapport—hulle zeg ons

Hottenos drink nie drank nie—die Here moet maar by die kantien kom dan zal hulle zien dronkelappe, swere en swetse, baklyslagge, roesiemakers . . ." (*De Zuid-Afrikaan*, 20 Aug. 1830).

Enige vriende en Boniface het sogenaamd 'n onderhoud met Hendrik Kok wat te laat gekom het om sy verklaring in die hof ten gunste van die „baas Predikant" af te lê. Die ondervraer praat Nederlands, Kok antwoord in suiwer Afrikaans wie hy is, waar hy vandaan kom en wat hy in Kaapstad moes maak. „Hulle wil mus hehn ik moet en verklaare geuw in die zaak van Dings . . . ach, hoe hiet hy ook? — MacKay misschien? — Ja, regt, sjeur, voor Miester Makkaay, regt."

Nou wil hulle iets uit sy lewe weet en dan kry ons 'n paar van die pragtigste oomblikkies van realistiese, sielkundig-fyne karakterontrafeling in ons vroeë letterkunde. Boniface het hom noukeurig afgeneem, hierdie uitgeteerde ou Hotnot met 'n gesig soos „oude biltong"; na hy sy stompie pyp met 'n gebedelde kooltjie aan die gang het, beantwoord hy alle vrae rustig en met die wysheid van iemand wat sonder wrevel terugskou. Hy was in die tronk, maar hoekom?

Antwoord: „Ach, sjeur hoe kan sjeur nou zo iets vraage? As en mensch nou nie wil luister, dan ga je mus na de Tronk."

„ . . . Ja, maar jy had brandewyn gestolen, jy oude schelm, en dat vertel jy niet?" „Ach, das al lang verby al, sjeur! Toe was ik nog veul jonger, als dat ik nou is, toe had ik die verstand niet, sjeur! en dan, wie zeg ik het gestool? ik het nie gestool, ik het maar gedronke die brandewyn . . ."

Plegtig klink sy waardige vergoeiliking van die diefstal en eg-menslik van toon. Op belofte van geld om tabak te koop sal Kok vertel hoe dit toe gegaan het. En met hoeveel plesier vertel Boniface dit nie na nie, die gemoedsontroeringe soos dit uitkom in sy gebaar, sy lag as hy, Kok, die toneeltjie meedelende weer deurleef en dit dan sonder haas genietend vertel, verinnig met 'n menigte gevoelswoordjies wat hom so natuurlik van die lippe rol! Tyd genoeg, en gesels is lewe!

„Nou, kyk, Sjeur! ik zal voor sjeur nou regreg zegge hoe het toegegaan is. Die tyd was ik nog banja schelm-agtag, das waar; dat wil ik weete (kostelike selfkritiek!).

Maar — wat zal nou doen, Sjeur? Het is toch ook al over, al. Sjeur moet weete, ik was die tyd by een Moenjooi (Mountjoy) verhuurd. Op een dag moes ik met zyn wagen een halfaam brandewyn na Somerset gaat brenge. Nou, en mensch is toch maar en mensch! Ik was zoo alleenag, zoo christe ziel alleenag! Geen maat nie, om een beetje mee te praate langs die pad, en dors kreeg ik ook daarby. (Met een zwaare zucht). Ja! wat zal en mensch doen? Ik doch zoo, in myn eenigheid — daar is brandewyn in die vat! (Hy lacht). Nou, ik had zoo en hoorn by my, weet sjeur? en toe maar frisch op aan 'n pompen, maar, ik heengegaan en het een beetje van de brandewyn getapt maar, niet banje nie! Zoo maar een hoorn vol; —en toe gedronke.

Vraag: Een hoorn vol maar?

Kok: Ja, naderhand, weet Sjeur — het ik nog een beetje gedronke, ja. En ja! toe kreeg ik eers lus om te drinke, want de brandewyn smaak al te danag lekker.

Toen heb je jou hoorn weer gevuld?

Neen, sjeur! toe het ik en rietjie genoom, weet sjeur? en toe maar frisch op aan 'n pompen maar.

En toen ging het vat leeg, niet waar?

Neen, ik het toen water daarin gedaan, ja zoo schelmagtig was ik nou! maar, zie Sjeur, das al lang verby al...

So vertel hy verder, vol wereldwyse opmerkinge en met 'n goeidge selfbeoordeling, eerlik en opreg, maar tog skoorvoetend as dit enigsins teen hom gaaan. Toe hom gevra word of sy misdryf dadelik ontdek is, lui dit: „Hulle het aans zoo wat gemerkt,” en dan dadelik uit met die volle waarheid, „hulle het d a d e l y k dit gemerkt.”

Tog het die landdros, aan wie die brandewyn behoort het, hom goed behandel:

„Ach nee, sjeur, die miester Mackaay is een al te danage goeye Engesman, wrentig waar. Kyk, ons het nooit zoo een goeye Landdros op Somerset gehad; nooit van zyn leve nie; vraag maar aan wie jy wil... Kyk, wil sjeur wel gelowe dat hy voor my dat niet gedaan het (hy klap met

de vingers) om die brandwyn . . ." — Wie ken die vingerklap van sulke rustige vertellers nie!

Op die skilderagtige manier gaan Kok voort om te vertel dat hy hom „naerhand" aan Bruton verhuur het en nou moes kom getuienis aflê. Sy twee „pehrde" is dood op weg hierheen en seervoet het hy in Kaapstad aangeland — drie dae te laat. Dr Philip, as die verlorende party, sal hom sy koste moet vergoed. Nog 'n paar karakteropenbarende trekkies:

. . . En hoeveel zal je wel vragen voor je onkosten?

„Ach sjeur! hoeveel zal ik vrage, honnert Pond, maar!

. . . Honderd Pond, m a a r ! Wel, dat is billyk van je. Maar zal je wel daarmee toekomen?

Ek zal zien, Sjeur; as zulle my meer wil geeuw dan zal ik het ook neem."

Op die vraag „Het jou vrou en dogter Kaatje ook saamgekome?" antwoord hy: (met grote verwondering):

„Mijn dochter Ka . . . ! Kyk, hulle weet by me-ziel ook al van Kaatje hier in de Kaap te spreke! Hoe weet sjeur dan dat ik een dochter het wat Kaatje heet?"

Hy woon nou intussen by dr Philips, waar hy goeie kos kry. „Wyn of brandewyn (om te drink), niet?" word hom gevra, en dan terg die kruisverhoorder en sê dat dr Philips sy Hottentotte mos sterk drank afgeleer het. Taamlik onkies, maar met enige patos skiet Kok vinnig terug:

„Ja, zijn moer ook! wat wil hy voor ons afgeleerd hehn! Probeer laat hy maar voor my een soopie geeuw, of ik nie zal drinke, nie! Het Sjeur ooit een soopie versmaaid? Ikke voor vas nie. Ik kan zoo iets over myn hart niet kryge nie . . ."

Met 'n paar sielings om tabak te koop is Kok toe daar weg, en die volgende dag het dr Philip hom laat teruggaan met 'n paar pennies vir brood en vleis as padkos, in stede van die „Honnert Pond" sterling. (*De Zuid-Afrikaan*, 6 en 13 Aug. 1830).

Opvallend is die poging om die klanke so getrou moontlik weer te gee. Aandag verdien ook die vermoë van Boniface,

die „Cape dramatist” en toneelspeler, om hom in die rol van Kok te verplaas en hom as ’n werklikheid aan ons voor te stel. Hy sien Kok dramaties, bv. waar hy sy vingers klap; hy hoor hom werklik praat, sy halfsinne herhaal, sy gesprek met gevoelswoordjies persoonlik gemaak. Ook ken Boniface vir Kok deur-en-deur, sy liefde vir tabak (hy rook deur die hele onderhoud), sy gehegtheid aan sterke drank, sy onverskilligheid op stuk van godsdiens of beëdiging, sy grootspraak e.s.m. Kok is ’n egte natuurkind vir wie net die oomblik aanlok (Vgl. G. S. Nienaber: *Van Roem tot Selfmoord*, 1939, bls. 48-56).

In *De Zuid-Afrikaan* kom nog ander gevalle van Afrikaans voor, maar geen enkele met soveel talent geskryf as Boniface se stukke nie. Op 17 Des. 1830 klae Een Boer in kleurlose styl maar beheers, oor die manier waarop die veldkornet in Swellendam skutvee laat verkoop sonder om daarvan behoorlik kennis te gee in die koerant (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, xiii, 3, art. van J. du P. Scholtz).

Terwyl hierdie brief ’n beskaafde toon het, is die poging van Een Ingesetene van Stellebos, plat (*De Zuid-Afrikaan*, 13 Mei 1831). Hy besig ’n hakkelryge kreools-Afrikaans om van ’n ongeloofwaardige klugtige „kinderspulletje” te vertel, waarskynlik vir vermaak. As geselsbrief is die skrywe van Een eenvoudige en openhartige Boufoortse Burger (*De Zuid-Afrikaan*, 12 Aug. 1831) nie onaardig nie. Deurdadig die regering „een van de amtenaarse kerels wat op Boufort woon” nog nie sy salaris uitbetaal het nie; probeer hy tevergeefs om uit hom die geld te kry vir ’n perd wat hy aan die amptenaar verkoop het. Die „paert (is) soo en steekelhaar met een bles voor de kop, en twee witte achtervoetjes; een paerd Mynheer, op de jagt so goed as een mensch maar kon verlange, — ik jag met hem een Vogelstruis mannetje maar zoo als niks in.” Na nog een en ander meegedeel te hê, beloof hy om met broer Jacob vir die Mynheer „een stuk of wat heerlyk seekoe spek (te) stuur” en vra raad vir die „opwerkens” van sy vrou.

As ons die poginge in vernederlandste Afrikaans of gebroke Nederlands (bv. op 24 Des. 1830 of 11 Febr. 1831) buite rekening laat, dan sal ons nie voor 1858 weer ’n aaneenlopende stuk in doelbewuste Afrikaans in *De Zuid-Afrikaan* kry nie, wat wel opval as ons merk dat daar tussen 6 Aug. 1830 en 21

Aug. 1831 vyf Afrikaanse stukke in hierdie weekblad verskyn het — een dialoog en vier briewe, twee daarvan in Boere-Afrikaans. Behalwe die samespraak van Boniface, het die stukke letterkundig geen betekenis nie.

Boniface se naam word in 1832 weer met ons literatuur-geskiedenis verbind. Hy trek te velde teen die pasgestigte Matigheidsbond, omdat hy dit as 'n onverdiende klad op die goeie naam van die Hollandse ingesetenes beskou en skryf 'n fel-hekelende drama, 'n „kluchtig blijspel in vier Bedrijven,” genoem: *De Nieuwe Ridderorde of de Temperantisten*, (1832). 'n Komplot besit die drama eintlik nie; dit is in sy hoogtepunte 'n geparodieerde weergawe van die stigtingsvergadering (wat dr Philip en sy medestanders belaglik moet maak) en van die samekoms om nuwe lede „tot ridders te slaan.” Die betekenis van die stuk moet in die atmosfeer en die situasietekeninge gesoek word. Boniface is 'n realis, die eerste in ons letterkunde, en kan deur gebruikmaking van sprekende details en deur oulike kwinkslae, soos in sy meestal geslaagde woordspellinge, belangrike effekte bereik.

In die *Toewyding* vertel hy die „Afrikaansche kolonisten” dat die klug „oorspronkelijk in hunne moedertaal geschreven (was) welke de Auteur onder hen heeft geleerd.” Dan sou dit die eerste *Afrikaanse* dramatiese werk geword het, en nie net „die oudsbestaande oorspronklike dramatiese werk in Suid-Afrika” nie (*Drama en Toneel*, bls. 300). Nou praat nog net die Hottentotte hulle Afrikaans, en dit bepaal ons belangstelling daarin vir hierdie oorsig. Hier word Afrikaans, altans 'n vorm daarvan, vir die tweede keer met voorbedagte rade vir letterkundige doeleindes gebesig. Dr F. C. L. Bosman sê van die Hottentot-toneeltjies: „Ek weet van geen dramatik na Boniface — en hul aantal is legio — wat Boniface in sy uitbeelding van die kleurling tipe, vandag nog vrywel dieselfde as toe, oortref nie” (ald., bls. 318). Kleurryk en vol van klank is die toneel waarin 'n rusie onder die Hottentotte losbreek. Die taal is „die lewende woord, warm van hul mond opgevang.” (Bosman).

Dit is die lus aan die werklikheid wat die tonele vertrou en bekoorlik maak. Net soos met Hendrik Kok is daar weinig gang maar baie uitbeelding. Reeds in die derde toneel van die

eerste bedryf tree Manus Kalfachter en Grietje Drillbouden op, druk in gesprek oor waar die „*Temperance Union*” en dr Philip (Humbug) in die grote Kaapstad mog wees, maar hulle praat al van *Onion*, 'n bekende kroeg. Die blankes Quizz en Call-his-Son help die aspirant-ridders nie baie nie, en in die stilte verkneukel Boniface en sy lesers hulle leedvermakerig daarin.

QUIZZ: Wel, vraag maar op. Wat is het?

KALFACH: Ons is hier die weg nie bekend, ziet Minneers? en ons wou graag weete waar of die huis van die goeye Minneer Humbug woon, om dat ons daar moet wees, ziet Minneers?

QUIZZ (*hem den rug keerende*): O, *damn* al de Humbugs!

CALL-H-S (*tegen Kalfachter*): Myn vriend, de Humbugs hebben zich onlangs magtig vermenigvuldigd en verspreid hier in de stad; zoo dat indien de goede *Mynheer* waar gy naar vraag geen byzonder toenaam heeft, zal het vry zwaar vallen u teregt te helpen.

KALFACH: Hy is de grootste van alleaar die Humbugs.

GRIETJE: Zyn ander naam hiet *Philipapkind*, zegt hulle.

KALFACH: Dat moet daarzoo by die *Onion* wees.

CALL-H-S: O! verkoopt uw mynheer Humbug, *onions*?

QUIZZ (*terzyds*): Hy zal zeker meenen, *kluitjes*.

KALFACH: Ja, Minneer, hulle hat voor ons gezeg, *onion*.

GRIETJE (*tegen Call-his-son*): Ach, hy is gek: die Dominie verkoop niks nie, Minneer; hy is maar baas, zeg hulle, over zoo een ding wat zulle *Malligheid-Gewerschap* noem; weet Minneer?

CALL-H-S: Matigheid Genootschap, wilt gy zeker zeggen.

KALFACH: Reg, Minneer! Net zoo hiet die spul, reg! En daar moet ons wees.

CALL-H-S: Gy moet eigenlyk by de *Union* wezen?

KALFACH: By die *Onion*; ja Minneer.

QUIZZ (*tegen Grietje, terwyl hy haar van kop tot toon door zyn lorgnette bezieet*): En gy ook?

GRIETJE: Ja, Minneer; ik en myn man, zaam.

QUIZZ (*op Kalfachter wyzende*): Is die vent uw man?

GRIETJE: Hy is nou myn man, ja. (Lees met aksent op *nou*, *Skr.*)

CALL-H-S: En wat moet gy-lieden dan daar doen?

KALFACH: Ons hat een boodschap mee-gebrog van ons volk op *Bedelsdorp*, weet Minneer? — voor die... dingskap van *Humbug*.

QUIZZ: Zoo?

GRIETJE: Hulle wil graag weete by ons, daar onder, hoe of zoo een zelschap is, ziet Minneer? om net zoo een daar te maak.

CALL-H-S: Op *Bethelsdorp*?

KALFACHTER: Ja; om dat het by ons zoo droog is, weet Minneer? en ons hat amper niks te doen, nie; daarom wil hulle zoo een ding daar hêhn om de pret, ziet Minneer? niksas om de pret, maar.*)

Na 1832 verloop 'n twaalfstal jare voordat daar o.w. weer iets in Afrikaans kom, en dan sal ons Boniface ook weer raakloop. Met sy *De Nieuwe Ridderorde* het hy vir hom naam gemaak, en ook sukses gehad met sy volgende hekeldrama *Clasius* (1834) waarin hy op baie persoonlike wyse en onridderlik, maar ongetwyfeld met groot talent en toneeltegniese vaardigheid, sy vyand *De Lima* bespot en verneder. Dit is in Nederlands geskryf, behalwe die gedeeltes waarin die Engelman *Lawshark* optree, in wie se mond hy geradbraakte *Hollands lê* om die komiese effek te verhoog.

Maar Boniface was op die afdraande pad, of, soos hy sê, *Donna Felicita* het hom verlaat. Sy prosesse, sy skulde, sy los privaatilewe en sy giftige persoonlikheid, het hom seer gehaat gemaak. Veral sy skuldeisers het hom soos haaie agtervolg en die lewe ondraaglik laat word. Teen een van hulle, sy vroeëre assistent *De Kock*, skryf hy in 1843 'n Engelse hekeldrama *Kockincoz* waarin skitterende situasietekeninge voorkom en waarmee hy ons dikwels aan sy leermeester *Moliere* herinner. Eindelik weet hy *Moll* te bepraat om in Natal 'n uitgewersaak te begin. Hier het hulle vroeg in 1844 aangekom en in die hoofstad Natal se eerste koerant uitgegee: *De Natalier*, met

*) Lees verder. F. C. L. Bosman: *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, deel I; E. Conradie: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*, deel I; J. L. M. Franken: *Charles Etienne Boniface in Annale van die Universiteit van Stellenbosch* en G. S. Nienaber: *Van Roem tot Selfmoord*.

Boniface as redakteur. Gou het hy vir hom 'n hoop onversoenlike vyande gemaak. Oor almal en enigiets klae hy. Blykbaar as 'n steek aan die adres van landdros Zietsman bedoel (*Zotsman* noem Boniface hom), maak hy 'n meesteragtige aanval op die spelling van Pietermaritzburg as drie los woorde. Ook beduie hy dat die Boere se taalgebruik die gewoonte van afwyking vertoon en gee 'n situasietekeninkie van twee Afrikaners wat mekaar op die môremerk ontmoet. Hy tipeer hulle nogal goed in die paar sinne. Dit moes net as 'n illustrasie dien, is 'n fragment sonder 'n innerlike, saambindende doel. Tog het dit 'n besondere betekenis deurdadig dat die oudste geval van bewus-opgetekende Afrikaans in Natal is.

Na sy afdanking as redakteur het Boniface 'n droewige sukkelbestaan gevoer. Hy het voortgegaan om in Nederlands, Engels en veral in Frans, teen sy vyande Moll en Walker skimpyskrifte te rig onder die versamelnaam *Bluettes*. Hy is die eerste digter van Natal met sy brandende aanklagverse wat skryf van teleurstelling om vergane verwagtinge (1845). Van sy hand is die eerste aflewering van 'n Nederlandse grammatika waarin hy gunstige verwysings na Afrikaans maak (1852). In 1853 is hy oorlede aan die gevolge van te veel laudanum wat hy opsetlik geneem het met die bedoeling om 'n einde aan sy vereensaamde, mislukte lewe te maak.

Die stukke waarmee Boniface vir hom 'n blywende plek in die Afrikaanse letterkunde verower het, is in kleurling-Afrikaans gestel. Hulle toon hom aan ons as 'n persoon met 'n fyn opmerkingsgawe, 'n goeie uitbeelders, wat situasies helder sien, lewendig voorstel en suggestief-dinamies laai. Aangesien hy Nederlands en Afrikaans na sy twintigste jaar aangeleer het, bewys sy beheersing daarvan hoe uitmuntend hy 'n gevoel vir 'n taal kon ontwikkel. In ons literatuurgeskiedenis is hy die eerste werklike figuur van belang.

Na hierdie eksentrieke „Native of France,” soos Boniface hom teen die einde van sy lewe graag genoem het, kom die groter figuur van Louis Henri Meurant (1811-1893). Van vaderskant is hy 'n Switser, van moederskant Engels, maar na hy sy moeder op sewejarige leeftyd deur die dood verloor het, is hy in die Afrikaanse gesin van die boumeester en argitek M. J. Smit groot gemaak. Hy het hom as drukker bekwaam

en toe 'n saak in Grahamstad begin. Op 30 Sept. 1831 verskyn die eerste koerant van die Oostelike Provinsie, Meurant se *Graham's Town Journal*, wat hy in 1838 aan sy vennoot Godlonton (sedert 1834) verkoop het. In 1844 gee hy weer sy eie koerantjie uit, die Hollandse weekblad *Het Kaapsche Grensblad* wat op 12 Julie in Grahamstad sy intrede maak.*) Die blaadjie het vir ons groot betekenis om die Afrikaanse stukke wat daarin die lig gesien het, die eerste op 31 Okt. 1844. Hulle volg mekaar vinnig op sodat ons in die eerste vyftien maande veertien poginge tel (tot begin Febr. 1846), maar dan breek dit tot 1849 heeltemal af. Ons kan die veertien proewe as die eerste golfslag beskou. Die tweede golfslag vorm die sewe stukke wat tussen Desember 1849 en Desember 1850 opgeneem is.

Van die 21 stukke is vier in dialoogvorm, en hiervan weer word Afrikaans net ten dele in twee aangewend. Van die neëntien stukke wat geheel-en-al in een of ander soort Afrikaans gestel is, is sewentien in briefvorm. Die briefvorm word dus by voorkeur gekies en munt ook in gehalte bo die samesprake uit. In hoeverre die stukke deur ander blaaië oorgeneem is, kon ons nog nie duidelik vasstel nie, behalwe dat *De Verzameelaar*, wat in 1839 weer as 'n tweetalige weekblad heropgestaan het, die gesprek tussen Piet Grootkop en Paul Grootschoen oorgedruk het (22 Julie 1845). Hierin word Afrikaans deur die ongeletterde boer Paul gebruik en Nederlands deur die Kapenaar Piet Grootkop, 'n teenstelling in waardes wat ons reeds herhaaldelik opgemerk het (stad: platteland; beskaafd, geleerd en fyn teenoor ru, ongeletterd en eenvoudig-plat; sake-man en amptenaar teenoor Boer).

Van die sewentien briewe is een in kleurling-Afrikaans (die tweede reeks teenstellings na die vorm) en een opsetlik krom. Opsetlik word ook baie briewe, soos die van Platje Wijsneus, so eenvoudig moontlik gestel en die skrywers doen hulle soms voor as persone wat met groot moeite die pen voer. „Zoel ik zweet somaar van skrywe.” (Platje Wijsneus, 27 Nov. 1845).

*) Kyk verder: *Die Hulsgeenoot*, 29 Junie 1928 en 7, 14 en 21 Febr. 1930; *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jg 12, blss. 164 e.v. en *Meurant se Zamenspraak en Brieue uit 1861* (1940), die *Inleiding*.

Mej. Beuzemstok en Platje Wijsneus is die twee wat die meeste van hulle laat hoor. Albei behandel belangrike vrae van die dag, maar die ernstige sake word vertel op 'n manier wat deur sy lewendigheid en toon 'n indruk van luimigheid wek, of deur die voorgewende lompheid en eenvoudigheid snaaks wil wees. Reeds die derde Afrikaanse brief en die eerste van mej. Beuzemstok vertel dat hulle die „karant” elke week kry. „Daar staat zulke koddige nuus in, dat ik somtyds voor een half uur daarom lag” (5 Des. 1844). Ons kan aanneem dat die stukke in die volkstaal hulle deel hiertoe bygedra het, en selfs meer, dit blyk dat die stukke juis om die pret in die spreektaalvorm gegiet is met die bedoeling om die blad gewild te maak en meer intekenaars te werf — 'n gedagte wat die skrywers altyd terloops uitdruk. Dat die lokale en platte hom hoëre waardes wil toe-eien, maak op 'n naïef-pastorale mentaliteit altyd 'n „koddige” indruk.

Eers in *De Verzamelaar* het ons op die waarde-bepalende term „koddig” afgekom, en nou weer hier. Terselfdertyd tipeer dit die soort lesers tot wie die skrywers hulle gerig het. Die briewe het blykbaar baie in die smaak geval; so getuig Piet Wijsneus gultig: „Waar jij kom, ziet je mense staan met de corant in de hande, hulle lag en gaat te keer op een jammerlyke weyze, altemet praat hulle tegen myn ook en zeg, die, en die, is zeker die skreyver, maar ik praat zame, en verzoek hulle altemit voor myn die stukkje voorteles, en lag dan ook saam” (27 Nov. 1845).

Die voorkeur kan ons goed begryp as ons die bydraes van Beuzemstok en Wijsneus lees. Hulle is albei aangename geselsers wat 'n persoonlike kontak skep. Met 'n groot draai kom hulle by die hoofsaak; lewendig en met gevoel beduie hulle waarom hulle nou weer klae en pruttel; by al die kwasi-erns bly hulle meesterlik in die volkse toon en is self warm Afrikaners. Oor dié Afrikaners wat hulle as Engelse aanstel, sê Wijsneus skerp-veroordelend: „Jy weet tog, want jy is selvers een Afferkaander, dat ons dag om een beetje achterop te schop, en vrolik te leef, de nieuwsjaarsdag is, en van de Engelse korstdag; nou Menheer kan jy het wel oyt gelove dat hier Afferkaanders is die met de Engelse zaam doen, en op zoo een groot dag, net als of hulle Engelse is; moet ons, of almal

die een klein beetje verstand het ons niet vererg nie, om sulke domme Ezeltjes? hoe dat hulle, hulle ook aanstel, hulle is, en blyft Afferkaners . . ." (10 Jan, 1846).

Een lang aanhaling ten slotte uit 'n brief van die uitgesproke mej. Beuzemstok om haar styl in al sy lewendigheid en beweeglikheid te tipeer. Dit gaan oor die voorgestelde nuwe seëlwet. „Maar het jy gehoor nigge, van die praatje, dat daar weer een nuwe wet zal kom, dat daar niks kan gedaan worde zonder een zegel. Weet jy wat een zegel is? Paatje zeg, dat die lelyke stukke rooye papier wat aan die *Grensblad* aangeplak is, ook een zegel is. Die ouwe Gouverneur het dan mooi gemaakt. Hy is eers hier gekom en alles stil gemaakt met die kaffers, en hulle belet om niet meer te steel nie, en nou wil die gouvernement zelfs hulle hande in de boere zyn zakke steek . . . Ik hoor dat geen nooye meer kan trouw nie, of zy moet eerst gezegeld worde, — en as haar vryer permissie vraag om met haar te trouwe, moet hy ook eerst een zegel koop; en voor elke kind wat getrouwde mense kry moet daar ook een zegel voor wees. Het jy ooit zoo wat gehoor? . . ." (23 Jan. 1845).

Inderdaad verfrissend is dit om op hierdie stadium sulke sappige Afrikaans te ontmoet. Dit is nog gewone, konvensionele volksprosa met genoeg spankrag vir die klein dingetjies van 'n ongekunstelde pastorale lewe, — met die speelse ritme van 'n kultuur wat gesond en jeugdig is en vol dadedrang.

Is Boniface sover ons grootste dramatiese talent, (al gebruik hy Kleurling-Afrikaans), dan is Meurant ons knapste briëfskrywer. Want mej. Elsie Beuzemstok is Meurant, die redakteur, eienaar en uitgewer van *Het Kaapsche Grensblad*. Dr J. du P. Scholtz stel die identiteit vas op grond van tipiese tekstuele ooreenkomste met die *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar* uit 1861, wat, na ons vandag bo alle twyfel weet, deur Meurant geskryf is. Hy verwys veral na die gebruik wat van 'n paskwil uit die ou dae gemaak is („O, heere, wilt ons toch verlosse/Van al die Engelse osse") en na die „Plets" („pledge") van Elsie, wat dieselfde gedagtegang verraai as by Tante Elsie Twijfelaar. Die briewe van 5 Des. 1844, 23 Jan. 1845, 8 en 29 Des. 1849 en 2 Febr. 1850 is dus van Meurant.

Maar tenminste ook die stukke van Platje Wijsneus (13 en 27 Nov. 1845 en 10 en 31 Jan. 1846) en Pouwel Grootshoen (10 Jul. 1845) is vir ons duidelik in Meurant se trant geskryf. Wie hoor nie die stem van die „koddige Dopper” Klaas Waarzegger, waar Wijsneus hom glimlaggend as dom en eenvoudig voordoen, sodat jy van hom weinig verwag en dan verstom staan oor sy slagvaardigheid en ontwikkelde sin vir die grappige nie! As die bure raai wie Wijsneus kan wees, praat hy saam, laat hom die stuk voorlees, en „lag dan ook saam” — die Platjie! Woordelik soos Neef Klaas Waarzegger, sê ook Wijsneus (—dieselfde soort skuilname!) „Ik is zelve een wat hierzo geboor is, maar ik was tog ook aan de Kaap; ik kan ook praat hoe dat het daar gaat...” Oortuigende bewyse kan ons nog uit die baie taal-, spelling- en interpunksie-ooreenkomste haal, waardeur Meurant hom, selfs met die afstand tussen die stukke, duidelik laat uitken.

Dr Scholtz ook wil nie al die stukke op rekening van Meurant plaas nie, hoewel hy toon dat Afrikaans alleen dan voorkom wanneer Meurant die blad self redigeer; is hy uit Grahamstad afwesig, soos gedurende die sewende kafferoorlog wat in Maart 1846 uitbreek het, dan soek ons tevergeefs na Afrikaans. Al kan ander persone ook hulle aanspraak as skrywers van sommige van hierdie een-en-twintig Afrikaanse stukke laat geld, dan bly die heel-beste daaronder tog met 'n redelike mate van sekerheid Meurant se eie voortbrengsele, en dit is eintlik die belangrike feit. (Vgl. verder: *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jaargang xii, bls. 164 e.v.)

Die leksikografiese belangstelling van dr A. N. E. Changuion in Afrikaans in sy werk van 1844 (*De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld*) gaan ons verby.

Onder die Engelse bevolking van die Oostelike Provinsie het die politieke satire *The Three Tailors of Tooley Street* niks van sy populariteit ingeboet nie. Dit het A. G. Bain en Rex tot voorbeeld gedien vir hulle dramatiese tussenstuk, die klugtige *Kaatje Kekkelbek* (1844). Dit word gedeeltelik gesing en gedeeltelik voorgedra. Die gesproke gedeeltes is in betreklik goeie Hotnot-Afrikaans maar die versies is in 'n onsmaaklike mengelmoes van Afrikaans en Engels. Vir ons is baie toespelinge wat destyds slim en vermaaklik was, duister, en die

geheel grof en ongenietbaar oordrewe, maar die uitbeelding van die Hotnotmeid se onverbeterlike diefstal- en drankgewoontes, haar onverantwoordelikheid en aanmatiging, het die monoloog 'n ware suksesstuk gemaak. *Kaatje Kekkelbek* verteenwoordig die tipiese Hottentottin, 'n onbesorgde, vrolike dievegge wat die lewe as 'n suigfles beskou. Ook in hierdie voorstelling bly die dryfveer vermaak, nou van 'n lae orde. Dit is vir die eerste keer o.w. afgedruk in *Sam Sly's African Journal* van 20 Aug. 1846 en is daarna herhaaldelik in verskeie blaaie oorgedruk. (Kyk nog: Bosman: *Drama en Toneel*... deel I, bls. 506 en 541-543).

Vir die lewendigheid en grappige uitwerking is Afrikaans ook in die mond van enige toeskouers gelê in 'n Engelse skets: *A Day at D'Urban* — die ou naam van Durbanville. 'n Perdedren word beskryf en 'n paar aanwesiges se opmerkinge word in Afrikaans weergegee. Die skets het verskyn in *The Cape of Good Hope Literary Magazine* van Oktober 1848. (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jg. xiii, bls. 326).

Na die stukke wat in 1849 en 1850 in *Het Kaapsche Grensblad* verskyn het, is daar 'n tydlank stilte. Die eerste proewe wat hierop volg is o.w. die samespraak tussen 'n „Hollands-Afrikaanschen boer, . . . een kerel, misschien 6 by 2½ voet; de zwaarte kon ik bij mogelijkheid niet gissen,” en 'n Nederlander wat in 1857 met sy gesin in Durban geland het met die bedoeling om hom in Suid-Afrika as onderwyser te vestig. Te voet het hy van Pinetown na Pietermaritzburg gekom, waar 'n bevriende Afrikaner hom in aanraking met sy swaer Marais, 'n swaar blok van 'n kêrel, gebring het. Marais, wat natuurlik Afrikaans praat, is gewillig om hom as „meester” in diens te neem, en die gesprek verbeeld die ondersoek waaraan hy onderwerp word. Onder meer heet dit daar:

Hij tot zijn zwager.—Het jij nie die boek nie? (De zwager komt met den grooten Bijbel). Kan jij lees?

Ik Ja wel.

Hij Lees dan wat uit Genésis of Exóodus.

Nadat ik aan zijn verlangen voldaan had, zeide hij: goed, jij lees nes'n prekant.

Hij Jij kan zeker op die papier? (hij maakte eene beweging met zijn regter voorvinger op de linkerhand).

Ik Ja.

Hij Ik dach zoo, maar kan jij zing?

Ik Welk zingen bedoelt u?

Hij Wel, zing. Gezang. Zalm op noten en liedjesgevijs.

Ik Ja.

Hij Zing dan nou net maar Gezang 24.

Nadat ik een paar regels gezongen had, hernam hij:

Nou Zalm 25 met draaiers.

Ik Wat bedoelt u met draaiers?

Hij Jij da nie kan nie? Hoor dan:

Hier brak zijn stemorgaan los dat de kamer er van dreunde; hij zong psalm 25 op een wijs die mij geheel vreemd was.

Ik Ja zóó kan ik het ook.

Hij Nou dan is alles goed. Jij kan bij mij kom.

Ik Wat zijn de voorwaarden?

Hij Ik zal jou geef voor mijn 6 kinders £3 — in de maand en 5 shilling voor andere kinders; een kliphuis om in te woon, vrije kos en alles wat jij ver jou en familie noodig he, maar geen kleeren nie . . ."

(*De Gids*, Mei 1934, blss. 173-174).

Die prettige tweegesprek, vir Nederlandse lesers bedoel, is net vir die aardigheid geskryf om 'n beeld te gee van Afrikaans (wat hy soms onsuiver weergee) en die volkskarakter en plaaslike omstandighede, — dus weer presies soos in die geval van 'n ander Nederlander, Teenstra.

Sedert 1831 het ons in *De Zuid-Afrikaan* niks verder in Afrikaans raakgeloopt nie, totdat daar op 8 April 1858 'n kort briefie, sogenaamd van 'n kleurling Waaiibroek, verskyn om sy blydschap te kenne te gee dat die magistraat ook op Fransch-Hoek sake sal kom verhoor. Dan wil hy 'n man wat snags in wit klere rondloop en die kerkklok lui, gaan vang om te bewys „dat ons swarte mense niet alleen kwaad doet."

En hiermee kom ons by 1860 en 'n nuwe mylpaal aan.

Kyk ons op die afgelegde weg terug, dan stel ons vas dat die genoemde stukke gering in aantal en klein van omvang is, en selfs so is daar 'n paar wat na regte nie vir 'n literatuurge-skiedenis in aanmerking behoort te kom nie, maar juis om die

seldsaamheid 'n plekkie gevind het — as oue waar. Natuurlik is die beeld wat ons ontwerp het baie onvolledig, maar is voldoende om tog die omtrekke te laat sien.

Afrikaans is sover aangewend om, as dit nie ter illustrasie geskied nie, 'n „koddige” effek te bereik. Deur die Kleurling sy vorm van Afrikaans te laat praat, wen die voorstelling dit aan lewendigheid en snaaksigheid, verleen dit plaaslike kleur en 'n element van natuurlikheid aan die grappige situasie. Afrikaans in die mond van blankes gelê, het die skyn van eenvoud, eenvoudigheid en gebrekkige geleerdheid. In albei gevalle berus die gebruikmaking op 'n strewe na geringskatting, selfs bespotting en selfbespotting. Afrikaans is nog die bedelaarskleed wat speels om die skouers van 'n kind gehang word. Solank as hy hierdie vodde aan het, kan hy ôf soos 'n harlekyn sy toeskouers met koddige toertjies vermaak en sukses behaal, ôf hy kan oor lewensbelangrike vraagstukke debateer soos oor verengelsing, die „anti-konviks,” wolpryse, ens., en nog toegejuig word, want, „mense, hoe snaaks klink dit tog nie!” soos 'n groot waarheid altyd in die mond van 'n klein kind koddig klink.

Wil die skrywer nie amuseer nie, maar eis hy ernstige aandag vir Afrikaans op, selfs al is dit bloot uit wetenskaplike belangstelling, dan draai die publiek woedend teen hom. De Lima het 'n heftige tirade teen Changuion geskryf oor laasgenoemde se *Proeve* van en opmerkinge oor Afrikaans. In 'n brief wat op 15 Desember 1851 in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het, verwys Changuion na die publiek se reaksie op die doel van sy spraakkuns. „Toen . . . hoorde ik van meer dan eenen kant dat ik het bij menigen Kapenaar verbruid had door mijne bijgevoegde „proeve van Kaapsch taaleigen.” Het speet mij toen dat er menschen waren die mijne bedoelingen miskenden en mij voor iemand uitkreten die uit boosaardigen spotlust de bevolking eener kolonie, van wier inwoners hij veel goeds genoten had, wegens wanspraak aan de kaak stelde . . .”

Die standpunt is duidelik: solank as ander bespot word deur middel van die volkstaal is dit toelaatbaar en amusant, maar sodra die harlekynspak afgewerp en die tiep die individu word, die Kapenaar hoor dat dit *hy* is, *sy* taal, dan keer hy

hom met veragting daarteen. In die gesindheid van miskenning van Afrikaans kan geen kuns daarin ontstaan nie.

So word dit ook duidelik hoekom die stukke altyd anoniem verskyn het. Teenstra en Swaving het hulle nie tot Afrikaanse lesers gerig nie, en Boniface het sy plan wyselik laat vaar om *De Nieuwe Ridderorde* in Afrikaans te skrywe en sy reputasie daaraan te waag. Slegs die vermaaklike Hottentot-toneeltjies is in die plaaslike dialek gelaat. Die skrywers van die grappige of kwasi-ernstige stukke het ook onbekend gebly: wie maak dan ook van hom 'n kykstuk in vodde? Daarom ook, eindelik, is die skrywers van die Afrikaanse brokstukke insoverre as ons hulle by name ken, nie-Afrikaners van geboorte, want die anti-patie is by die vreemdelinge minder sterk omdat die gevaar soveel kleiner is dat hulle *self* geraak kan word.

(b) *Die Meurant-impuls.*

Sedert die aankoms van die Britse Setlaars in 1820 in die oostelike gedeelte van die Kaapkolonie, is daar aanhoudend vertoë tot die Britse owerhede gerig om aan die nuwe immigrante aparte bestuurlike regte toe te staan sodat hulle nie onder die regering in Kaapstad moet lewe nie, maar onder hulle eie regering met dieselfde regte as wat deur die Westelike Provinsie geniet word. Die groot afstand van die regeringsetel, die onrybare toestand van die hoofweë, skaarsheid van brugge, 'n ander manier om 'n bestaan te vind (veeteelt teenoor wyn- en landbou), maar bowenal die gedurige gevaar van invalle deur vyanddiggesinde naturelle aan die Oostergrens, het geweldig baie bygedra om die rasseteeenstelling verder te verskerp, naamlik van 'n Hollandse Weste teen 'n Engelse Ooste. In 1847 is die stryd vir algehele afskeiding van die Ooste baie skerp gevoer, en, sê Cory, „public meetings for the . . . decision of a separate government for the East, became almost an industry.”

Die moeilikhede het gelei tot 'n voorlopige oplossing, toe verteenwoordigende bestuur in 1854 toegestaan is, maar die „Oosterlinge” was nog ontevrede. Immers, Natal en die twee Boererepublieke het in dié opsig meer vryheid as die ryker Oostelike Provinsie. In 1860 is die saak weer in die parlement ter sprake gebring, maar Grahamstad kon Kaapstad nie oortuig nie. Die grootste struikelblok was wel die feit dat die meeste

Hollandse ingesetenes van die Oostelike Provinsie teen die afskeidingsbeweging gekant was, en daarin 'n rassestryd vir oorheersing gesien het. Gerugte het die rondte gedoen dat die Hollands-Romeinse erfreg afgeskaf en ook die Boerekerke benadeel sal word as die Engelse in die Ooste die oorhand kry. Die Engelse aan die ander kant het hoofsaaklik op die finansiële aspek gedruk: met hulle belastinggelde word die breekwater in Kaapstad en mooi paaie in die Weste gebou en goeie spoorweë aangelê ten koste van die Ooste.

Die Parlement het te kenne gegee dat hulle die saak eers dan ernstig kan oorweeg as die Ooste eenparig is, m.a.w. as die weerstand van die binnelandse Boere, veral die behoudgesinde Doppers, gebreek word.

Meurant, sedert 1859 magistraat en siviele kommissaris in Cradock, was 'n oortuigde voorstander van afskeiding en, waarskynlik gedagtig aan die sukses van sy Afrikaanse stukke in *Het Kaapsche Grensblad* tussen 1844-1850, skrywe toe twee samesprake vir die plaaslike Engelse weekblaadje *The Cradock News*, wat dit as 'n „Hollandse Bijvoegsel” uitgegee het (4 en 11 Des. 1860). 'n Ongekende populariteit het die twee *Bijvoegsels* te beurt geval, waarvan eers 1,500 en toe weer 1,500 onder die Boere as propagandalektuur versprei is. „This we believe to be the largest circulation ever attained by any Colonial Newspaper,” sê *The Cradock News*, en in *Het Volksblad* van 5 Jan. 1861 staan: „Uit het *Graham's Town Journal* vernemen wij dat de *Zamenspraak* te Colesberg wonderen werkt.” Meurant self vertel dat net waar jy kom die gesprek altyd om die *Zamenspraak* draai en dat baie persone dit van buite ken.

Hierdie suksesvolle poging het drie belangrike gevolge gehad.

(a) J. S. Bold, drukker en uitgewer van *The Cradock News*, het hom soseer aangemoedig gevoel, dat hy besluit het om 'n Hollandse weekblad uit te gee — die tweede van die Oostelike Provinsie. Waarskynlik het Bold met magistraat Meurant, aan die publiek net bekend as Klaas Waarzegger, ruggespraak gehou, en ons kan aanneem dat laasgenoemde hom van sy ondervinding met *Het Kaapsche Grensblad* vertel en op grond daarvan sterk aangemoedig het; in ieder geval

het Neef Klaas hom sy ondersteuning toegesê. Op 12 Jan. 1861 het *Het Cradocksche Nieuwsblad* vir die eerste keer verskyn en 'n jaar lank voortbestaan.

(b) Meurant het, aangemoedig deur die byval wat sy eerste twee stukke beskore was, nog vier samesprake geskryf, wat in die nuwe Hollandse koerant verskyn en op 6 April (Van Riebeeck-dag) saam met die vorige twee stukke in pamfletvorm heruitgegee is. Die afskeidingsaak het in Junie voor die parlement gedien en, soos Klaas Waarzegger aan die slot van sy sesde (laaste) samespraak beloof het, het hy aan sy Oom Jan Twijfelaar lewendige verslae hiervan gestuur, nou in briefvorm. Ook die briewe het in *Het Cradocksche Nieuwsblad* die lig gesien.

(c) Meurant se voorbeeld het in Kaapland, en veral in die Vrystaat, wye belangstelling gewek.

Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar over het onderwerp van Afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie is die eerste boek in Afrikaans. Wel word die titel, die aanwysinge, 'n uittreksel uit die Notule en die advertensies nog in Nederlands gegee, maar die teks van die gesprekke is dwarsdeur in Afrikaans. Die spellingstelsel is nie op vaste reëls gebaseer nie, en Neef Klaas spel maar op goed geluk af: nou rig hy hom na die Nederlandse skryftradisie, dan weer is sy voorstelling foneties. Dieselfde woord word dikwels op meer as een manier, soms op dieselfde bladsy, geskryf, bv. goed/goet; regt/reg; onze/onse; goude/gouwe; speel/speul; mooi/mooy; plaatse/plaase. Veral by die spelling van einame en vreemde woorde het die willekeur hoogty gevier en die opsetlike verafrikaansing in sommige gevalle werk komies, bv. *Oortlip* (Ortlepp); *Maldiets* (Maltitz), en in sy *Brieve Ottel van Stroop* (Hôtel d'Europe), en *Otjies* (Hodges).

Meurant noem sy taalvorm „Dopper-Hollands.” Dit is geen plat-Afrikaans nie; Neef Klaas is 'n belese, denkende Dopper en Oom Jan met sy vrou Tante Elsie goeie, aristokratiese, ryk Boere van die ou stempel: hulle taal pas by hulle stand. Hierdie kringe ken Meurant goed en hierin beweeg hy hom graag. Van die begin af voel die leser dat hy nie hier die klugtige en boertige het nie; die karakters is nobel en word

met liefde voorgestel. Die Afrikaner word nie in en deur sy taal bespot nie, maar getipeer.

Dit is ook begryplik, want Meurant tree as 'n sendeling op wat bekeringswerk moet verrig en die mense na sy sienswyse wil oorhaal. Daartoe moet hy hulle welwillendheid wen en in die gesindheid praat hy hulle eie, vertroude taal. Hy gesels gemoedelik met hulle en word self 'n Dopper, want die voorliggende, ingewyde Neef Klaas is maar net Meurant se spreekbuis, is Meurant self in Dopperpak.

In hierdie gesindheid het ons die nuwe en hieruit verklaar ons ten dele Meurant se groot invloed, dog slegs ten dele. Want sy invloed is in hoofsaak die gevolg van sy stylvermoë.

Die opvallendste eienskap hiervan is die lewendigheid en beweeglikheid. Meurant is lief vir gesels; uit 'n ryk ervaring put hy amusante anekdotes op waarmee hy sy argumente bevatlik maak en waardeur hy 'n gees van egtheid, waarheid en veral diepe menslikheid skep. Hy vertel altyd van homself as Neef Klaas of van jouself en bly so in die gesprektoon. Dit gee die eenheid by al die veelheid van argumente en teenargumente.

Meurant is 'n moedige debatteerder. Hy stel al die besware van sy teenstanders helder en pertinent, en raak dan slaags. Daardeur word sy uiteensetting diep en aktueel. Maar hierby het hy 'n lewendige verbeelding en beskik oor taalvermoë, sodat hierdie realis, na Boniface ons tweede, 'n stemming wek wat ons met genot ondergaan. Hy werp hom midde-in die werklikheid van die saak, en gee daarvandaan 'n voorstelling wat deur lugtigheid meesleep. Sy argumente is nooit abstrak nie, maar staan in helder lyn teen die horison uit. So is die Oostelike en Westelike. Provinsies vir Neef Klaas twee Boere wat in 'n maatskappy is, albei dra gelykelyk by tot die koste van die boerdery, maar die een vat al die wolgeld en bou daarmee damme en paaie op sy plaas. So verduidelik hy dit vir Oom Jan, maar vir Tant Elsie stel hy die twee provinsies as twee meide voor van dieselfde man, die regering, wat alles op die vrou in die Weste spandeer en aan haar in die Ooste net nou en dan 'n rooi kopdoek stuur. Dit is tog nie christelik dat een man twee vrouens moet hê nie!

Die komiese uitwerking van die vergelykinge en situasies beheers soms 'n hele samespraak en maak dit besonder smaaklik vir die plattelandse mentaliteit. Met die sfeer waaraan die beelde ontleen word, is die lesers vertrou, sodat hulle geroer word deur die klank van onmiddellikheid en nabyheid. Hierin word hulle wete en gewete getref.

Die *Zamenspraak* verval in drie gedeeltes. Die eerste twee dialoë (of trialoë, want Tant Elsie laat haar nie onbetuig nie) verduidelik die besware en gee die redmiddels; hulle vorm 'n afgeronde eenheid. Daarop word die teenspoedige propagandavergadering op Colesberg (nrs 3 en 4) en die sentrale vergadering op Somerset-Oos gerapporteer (nr 6); en in die derde plek is daar 'n herhaling van nrs 1 en 2 in nr 5 in ander vorm. Hierdie stukke is los saamgebind, sodat daar geen hegte, organiese eenheid van almal is nie. Ook haal die ander dit nie by nrs 1 en 2 in krag en lewendigheid nie; trouens, nr 6 is, afgesien van die prettige inleiding oor hoe Nig Saartje se klere sit, droog en mis die slagvaardigheid en die losse, gladde beweging van die res.

Die verdienste lê dan ook nie in die bou of konsepsie nie, maar in die stylvaardigheid en in die nuwe gesindheid teenoor die volkstaal as voertuig van gedagte.

Die Brieue.

Volgens belofte het Neef Klaas aan Oom Jan briewe geskryf om te vertel hoe dit met die afskeidingsdebat in die Parlement gaan. Die nege *Brieue* het taamlik gereeld elke week in *Het Cradocksche Nieuwsblad* verskyn en is deur al die Hollandse nuusblaaië in die Kaap geheel of gedeeltelik oorgeneem, maar is nooit apart in die lig gegee nie. Twee van die briewe bestaan o.w. nie meer nie en van die orige sewe is slegs drie in bestaande nommers van *Het Cradocksche Nieuwsblad* bewaar; die ander vier is vir die grootste gedeeltes in ander koerante bewaar. Oom Jan het ook twee briewe geskryf, albei kennelik van die hand van Meurant, net soos die twee grappiges van Tant Elsie.

Hierdie briewe staan letterkundig veel, veel hoër as die *Zamenspraak*. As briefskrywer het Meurant veel talent aan die dag gelê. Hy kon hom hier vryer bewee as in die dialoog.

— trouens, met soveel plesier skryf hy nou dat die propagandis oorweldig word deur die stilis, dat ons aandag ongemerk oor-geplaas word van die verslag op die verslaggewer. Daar is die komiese, plastiese beskrywing van die opening van die Parlement, Oom „Bookooy Mus” voor in die prosesie; die kostelike verslag van die goewerneurlike eetmaal waarheen hy ook uitgenooi was en misstappe begaan het met die heildronke en die bakkie water vir gebruik by die eet van vrugte; en dan nog die skitterende verhaal van obstruksie deur Tucker in die Raad. Weliswaar offer hy soms te veel op om 'n grappige effek te bereik, bv. die anorganiese stuk oor Vrymesselary, maar oor die algemeen is dit 'n menslike verslag van fyn kwaliteit. Dink aan die vergoelikende mededeling dat hy sy Dopperspak in die dorp en vir sy verblyf in Kaapstad maar voorlopig vervang het met 'n pak volgens die voorskrifte van die mode; sy voorgewende Doppertrots, die verlange na Nig Saartje en die sielkundig-begryplike afkeur van alles wat Kaapstads is, saamgepers in sy onwil oor die „reuke.”

Meurant het 'n vlot, ligvoetige styl. Hy bewees hom gemaklik voort in vol-deinende, geselsery sinne; daar is geen afstand in sy mededeling nie. Die taal is vir hom 'n middel wat hy sonder moeite en dikwels selfs met enige swier hanteer, al probeer hy nêrens om opsetlik deur sy segging te imponeer of deur oorspanning vir hom te-buite te gaan nie. Sy beelde is eenvoudig en helder, en pas direk in by die Afrikaner se gedagtestruktuur en assosiasieveld.

Eindelik noem ons nog Meurant se *Het Nieuwe Afscheidings Lied* genaamd *Theunis Ezelsvley*, wat, net soos *Kaatje Kekkelbek*, gebaseer is op *The Three Tailors of Tooley Street* en op satiriese wyse die mislukte Colesbergse vergadering van 29 Des. 1860 behandel. Die gesproke gedeeltes is redelik goed, maar die taal van die gesonge versies (vandaar die naam *Lied*) is stroef, veral omdat die rymwoord dikwels die inhoud en die sinsbou bepaal. Een versie lui:

Oom Klaas hy maak die Boere slim,
Met zijn lang Zamenspraak;
Ons zal Koolskop nou moet opklim,
Om uit zyn pat te raak;

Ons kan geen enkeld rede kry,
 Wat zal ons nou dan maak,
 De grens zal worden afgeschei,
 En ons zal bankrot raak.

(*Het Cradocksche Nieuwsblad*, 26 Jan. 1861).

Dit is merkwaardig dat ons, met uitsondering van die spotvers uit 1795, sover omtrent net prosastukke gehad het: immers, nog die gemengde stuk *Kaatje Kekkelbek* nog hierdie *Afscheidings Lied* is geheel in versvorm gegiet en kan net met voorbehoud as „liedere” bestempel word. *Het Verschrikkelijk Gevecht te Boomplaats, een Nieuwe Lied naar een Oude Wijze* (*The African Journal*, New series, 2 Mei 1850) is 'n lang gedig wat meer Nederlands as Afrikaans is, net soos die *Lied van de Zalving in De Vriend* van 4 Nov. 1859. Ons merk dat hierdie pogings almal wil deurgaen as liedere. Wat ons egter na vore wil bring, is die skaarsheid aan poësie. Ten dele is dit uit die aard van die stukke verklaarbaar, want die prosaïese klagte op die kalme redeneringe van 'n propagandis openbaar nie die diep-warrelende gevoel wat behoefte het aan die groter wel-luidendheid en ritmieser golwing van die lierkuns as ekspressiewe middele nie.

Tog het ons in hierdie jaar 1861, toe in die eerste helfte ons eerste Afrikaanse prosawerk die lig gesien het, in die tweede helfte die eerste Afrikaanse digwerk. Uit aankondiging in *Het Volksblad* (2 Nov. 1861), die *Advertiser and Mail*, die *Graaff-Reinet Herald* (9 Nov. 1861), *Burghersdorp Gazette* (16 Des. 1861), ens., weet ons van die bestaan van die boek, al ken ons die boek self nog nie. Dit bevat 'n klompie godsdienstige gedigte, „geheel naar den Kaapschen tongval ingerigt” (*Het Volksblad*) en geskrywe deur 'n „old farmer” (*Advertiser and Mail*). Hulle is „eenvoudig, hartelik en in godsdienstigen toon” geskryf.

Die jaar 1861, waarin ons eerste twee Afrikaanse boeke verskyn het, is dus een van die belangrikste tydbakens in ons literatuurgeskiedenis. Die een is in prosa en het sy ontstaan aan ons belangstelling in die politiek te danke; die ander is in verse en ontspring aan die domein van ons godsdienstige lewe. Die eerste kom uit die pen van iemand wat sy opvoeding aan

die goedheid van ons volk te danke het, en ons volk ken, maar hom teen sy belange in wou beïnvloed, en die tweede is uit die pen van 'n volksgenoot self en wil stig. Hier staan langs mekaar in dieselfde jaar: verleiding en leiding. Politiek en godsdienste as terreine, propaganda en stigting as rigtinge, die vreemde en die eie van nasionale kant besien, tree op dieselfde tydskamp in afsonderlike werke in ons taal op.

Meurant alleen het invloed gehad, maar anders as hy bedoel het. Wel was sy invloed op politieke gebied ook groot, maar van verbygaande aard; die separasiebeweging het doodgeloop. Allermens het dit in Meurant se bedoeling gelê om as taalpropagandis op te tree, en tog wou die ironie dat hy juis in dié opsig 'n aktiewe mag sou word. In die opsig bring ons twee afsonderlike feite op twee verskillende terreine in herinnering.

The Friend vermeld oor sy plaaslike tydgenoot *De Tijd*: „Mr C. E. Fichardt and some of the original shareholders would in the beginning have made it an Afrikaner Paper and conducted it in Cape Dutch in the „Klaas Waarzegger” style” (25 Febr. 1875). Die tweede uitspraak is van C. P. Hoogenhout, wat self as skuilnaam „Klaas Waarzegger Jr.” gehad het.

Hy sê: „Onder mijn skrywe denk ek so aan de briewe van „Klaas Waarzegger” wat omtrent 12 jaar geleden in die koerante was. Die skrywer daarvan moet een verstandige kerel gewees het, want hij kan et nie beter aangeleg het nie, om te seh wat hij wou seh, dan in die eige taal van Afrika. Dinge wat kort gelede gebeur is het die mense al vergeet al; maar praat ower „Klaas Waarzegger” en daadlik begin hulle te lag; hulle kan hom nie vergeet nie.”

Hier val die aksent op die literêre funksie, die stylgenot, wat onder die verskillende aspekte tog die duursaamste is, en ook ons belangstelling in die gefingeerde karakter gaande maak het. Want in die laaste instansie kom dele van die *Zamenpraak* en die briewe voort uit 'n skeppingslus, 'n liefde wat op sy manier wil dien, 'n liefde vir dié lewe wat groter en ruimer is as net politiek.

Meurant het die stoot vir 'n skielike opbloeijing van 'n Afrikaanse perslitteratuur gegee. Ons merk sy invloed op ver-

skillende gebiede. Daar is vereers die naam Klaas Waarzegger wat diep ingeslaan het. Nie alleen hoor ons van Klaas Waarzegger-Haarolie e.s.m. nie, maar wat werklik tel, baie skrywers reken hulle tot die familie van Klaas Waarzegger, vir wie hulle onderskeidenderwyse Klaas Waarzegger *de Oude* noem, al is die Neef geensins bejaard nie!

Verder word die samespraak, maar bowenal die briefvorm, druk beoefen, waarskynlik opnuut na die voorbeeld van Meurant. Hy het 'n ongekende skryflus ontketen en 'n beweging aan die gang gesit wat 'n tempo verkry waaraan niemand 'n jaar vantevore sou geglo het nie. Wel is daar geen visioen nie, en ontbreek dit die geskryf aan 'n ideaal om dit tot die uiting van 'n ware beweging te verenig, maar die mense begin rondtas. As die kinders eers stamel, sal hulle eendag ook praat! In elk geval, hoe gebrekkig, los en ongeorganiseerd ook al, 'n belangrike fase in die Afrikaanse skryftaalbeweging het 'n aanvang geneem.

Van nou af word die aantal samesprake en briewe so groot, dat hulle nie meer afsonderlik genoem kan word nie. Tussen 1861 en 1875, toe die volgende fase, naamlik die van standardisering, en organisasie, van doelbewuste gerigtheid, intree, het Afrikaanse stukke in omtrent al die Hollandse en tweetalige koerante en tydskrifte ruimte kom opeis. Van ons perslektuur word hulle 'n integrale gedeelte; maar totdat ds S. J. du Toit spelreëls aanbeveel en die *Patriot* dit algemeen toepas, spel elkeen maar na lus en toeval en druk deur. 'n Stelsel mis ons tot dan, tog dra al die los en bont stukke in die ruwe, ongedissiplineerde, konvensionele volkstaal 'n eie Afrikaanse karakter. Die hele voorstellingswêreld is sodanig dat dit steeds die oordeel ontlok: „Dit is Afrikaans gedink!”

Meurant se onverwelklike roem in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis dra dus 'n dubbele karakter: 'n nobeler gesindheid ten opsigte van die volkstaal waarin hy met sy talente die beste van sy eeu skêp in die Afrikaanse briefgenre; en tweedens word hy deur sy voorbeeld die beginpunt van die eerste belangrike oplewing van 'n Afrikaanse persliteratuur.

Die Persliteratuur.

Om 'n oorsig van die persliteratuur wat nou volg te gee, is geen gemaklike taak nie, en wel om twee redes: die groot hoeveelheid daarvan, dog meer nog om die swak gehalte wat dit kenmerk. Dat daar van hoë vlugte geen sprake kan wees nie, vind sy verklaring veral daarin, dat verreweg die meeste skrywers grappig en vermaaklik wou wees en dit merendeels in die plat-boertige wou vind. As hulle maar die lesers kon laat lag, dan was hulle taak volbring. In die houding is geen ware liefde en uitlewing te bespeur nie en is verheffing van gees ondenkbaar omdat dit tot 'n ander orde van dinge behoort.

'n Goeie oorsig sal hom veral tot die verskillende koerante moet bepaal, maar die kwaliteit en monotone eendersheid regverdig nie so'n oorsig nie. Ons wil dus volstaan met die aanduiding van enige trekke ter illustrasie uit die ywerige geskryf. „Tussen 1861 en 1869 het ek in by die 300 nommers van verskillende koerante stukke in Afrikaans aangetref” sê dr Scholtz (*Die Afrikaner en sy Taal*, 1939, bls. 217). Die belangrikste vergaarbakke is *Het Volksblad*, *De Zuid-Afrikaan*, *Worcestersche Courant* en *De Boerenvriend* in Kaapland; *De Vriend* en *De Tijd* in die Vrystaat en *De Transvaal Argus* in Transvaal. Behalwe die genoemde stukke van Meurant in *Het Cradocksche Nieuwsblad* in 1861, is daar nog enige soutelose, platvloerse poginge van gewild-snaakse skrywers.

Het Volksblad.

B. J. van de Sandt de Villiers (1826-1878), die „kolossus van die Hollandse, ja die hele joernalistiek in Suid-Afrika van die negentiende eeu, in besonder van die tweede helfte van hierdie tydperk” (Bosman, *Hollandse Joernalistiek* . . . bls. 5), het sy koerant *Het Volksblad* in 1856 weer laat herlewe. Die eerste Afrikaans wat hierin verskyn (afgesien van verstrooide stukkies in die sketse *Toneelen uit het Politiehof*) is nr 1 van Klaas Waarzegger se *Zamenspraak* (22 Des. 1860), die begin van baie oorgename en oorspronklike stukke. *Het Volksblad* is van nou af tot aan die einde van 1875 die belangrikste tuisplek van geskrewe Afrikaans, kwantitatief bepaal; tot 1870 is daar by 'n 150 nommers met Afrikaans.

Die eerste oorspronklike bydrae verskyn op 5 Jan. 1861 en is 'n brief van J. Leesgierig uit Stellenbosch „aan mijn ou Broer S., Kaapstad,” waarin hy klae oor die plaaslike „leeskamer” en die „ouw muis, die na die boeke moet kyk . . . Hulle het een *Library*, d'is voor die mensche die nie inteeken nie.” Sy groot ergernis gaan oor die feit dat die leeskamer saans toe is en dus nie gebruik kan word deur diegene wat bedags moet werk nie, „soos jou arme Boeta die oordag bijna nie asem kan haal zoo zwaar als hij werk.”

Verdienstelik na inhoud en vlot na styl is ook Neef Piet Welgemoed (in het Westen) se lang brief aan Jan Twijfelaar (in het Oosten) na aanleiding van laasgenoemde se geloof aan die praatjies van Klaas Waarzegger (26 Jan. 1861). „Ik het jou dit maar alles geschreve, om jou aan te toon dat de pot de ketel nie moet verwijt nie dat hij zwart is.” Neef Piet steek Neef Klaas na die kroon; hy ook skep die atmosfeer en skilder die agtergrond mooi, maar mis die anekdotiese aanbieding van Meurant en pas hom minder goed by sy lesers aan, al sê hy dinge soms baie fyn en bevatlik, bv. „. . . de eenige raad is, naar Klaas zijn zegge, *Separatie*, als die deurgaait dan is de Oostelijke Provinsie met eens en paradijs, en de mense is al te maal engels.” Die skrywer is seker 'n Nederlander.

'n Oulike set, miskien van dieselfde persoon, is 'n brief wat voorgegee word as geskryf deur Jan Twyfelaar. Hierin vermeld Oom Jan dat hy die keersy van die afskeidingsbeweging gehoor het uit die mond van 'n Engelsman wat nou by hom kuier. Oom Jan draai nou. Die „Zeebreker, of zoo als jij dit noem, die Nekbreker is een regte goeije ding . . . Hij zeg jij is verkeerd, jij verstaat glo nie Engelsch genoeg nie, want hulle wil nie een brug na Engeland maak nie, zoo als jij denk nie. Hulle wil probeer om die kwaaiheid van die zee af te keer zoo dat die schepen nie zoo banja kan omslaan nie, en die mense verdrink nie, zou ik denk as dit waar is dat dit reg goed is, want zeh nou meester Postma, onse Leeraar, die wil nou na zijn familie gaan kuijer dan kan die schip mos nie omsla nie, en ook als meester Postma ander leeraars laat kom van anderland af dan is dit tog goed . . .” Die regte Oom Jan het die pseudo-Oom Jan, wat oulik weet hoe om op die gevoel van die mense te speel, tog lelik toegetakel.

'n Ywerige skrywer gedurende 1863 is Vyf Stemmetjes uit Oostenryk (19 en 31 Maart, 7, 12 en 16 Mei en 7 Julie). Ook hy is 'n Nederlander. Van meer belang in hierdie jaar is Piet Ronduit van „Jammeëka Gemmers Poort, Destrek Viktorija (West).” Sy twee briewe (31 Okt. 1863 en 14 Jan. 1864) is nie swak nie. Dit is veral politieke vraagstukke wat hom besig hou, soos die besluit om die parlement in „Grehemstat” te laat sit, ontevredenheid dat meer kroongronde nie te koop aangebied word en strenger wetgewing teen rondtrekkende Hottentotte en Kaffers ingevoer word nie. Sy Afrikaans, wat ligtelik Nederlands gekleur is en 'n paar veldwinnende anglicismes daarby rooi laat deurskyn, is egter taamlik suiwer en waardig van toon. Daar is „parlementsmanne, wat witvoetjies bij die Gorneur en die Gorment wil zoek om hulle uit die modder te help, waarin hulle tot aan hulle kop toe in geval is en nou spartel om weer uit te kom.” Tekenend ook is sinne soos: „Dan zal hulle in staat wees om die Gorments wage wat nou in die deurslag vast zit uit te stoot,” of „Dan zal die Gorment zijn knapzakke wat nou dol leeg is weer kan volmaak . . .”

In 1864 en die volgende jaar skryf Jan Twijfelaar 'n paar keer aan Klaas Waarzegger Sr. (bv. 19 Maart, 9 April, 19 Mei, 23 en 28 Junie 1864), maar die vrugbaarste is Ouw Cornelis wat hom ook soms as Niklaas aandien. Ook 'n paar samesprake verskyn nog.

De Zuid-Afrikaan.

Ons het *De Zuid-Afrikaan* reeds verskeie kere voor 1860 genoem, so toe ons van Boniface gepraat het. Hierin het ons Afrikaanse stukke raakgeloop in 1830, 1831 en 1858, en vanaf 21 Febr. 1861 word 'n paar van Meurant se samesprake en briewe oorgeneem. Eers op 11 Julie 1861 verskyn die eerste en enigste oorspronklike Afrikaanse stuk van die jaar, nl. 'n brief uit „Beketberg” van „Een boer wat banja mot werk en zukkel” en waarin dit o.a. heet dat die Boer net geleer het uit „die ABC Boek met de groote Haan voor in en die trapterjeug van Kramer, as jy die twee of drie maal het deur gewees dan is jy volleer . . . en jy kan dan nog maar net jou vra-boek leer en jou laat aanneem; maar meneer maskie is ik bietjie schaam ik wil tog iets gezeg het en jou gevra het om dit in jou korant

te zit, want jy het tog, sien ik, „Klaas Waarzegger” zyn brief ingezit wat mar nes myne geschryfe is.” Hy klae dan oor die slegte toestand van die paaie tussen „Malan en Cilje” in reën-rige tye wanneer die „modder . . . knie diep in die pat lêh . . .” Dit is tekenend dat die „Boer” nog skaam is maar deur Meurant se voorbeeld aangemoedig word. Sy poging is van die slegste nie, dog dit het by net een poging gebly.

In 1862 val die druppels vinniger. Veral twee boere, Jan en Piet, laat van hulle uit Malmesbury hoor, die eerste keer in 'n samespraak (3 April) en daarna in briewe, bv. op 10 en 24 April, 15 en 29 Mei. Veral „Jou Neef Piet” skryf 'n goeie, hoewel Nederlands-getinte Afrikaans in 'n vlot, beweeglike styl. Maar eers in 1864 ontmoet ons iemand wat weer aandag verdien, naamlik Jantje Eenvoudig. Van die oorspronklike skrywers vir die kerklike onpartydige *Zuid-Afrikaan* uit hierdie jare lê hy die meeste talent aan die dag. Hy is 'n oortuigde liberalis uit hierdie tydperk van kerklike stryd tussen die ortodokse en liberale partye, toe dr J. Kotze van Darling in sy amp geskors en 'n saak teen ds T. F. Burgers van Hanover hangende was.*) Jantje Eenvoudig stel hom dom voor, maar hy is inderdaad besonder goed ingelig oor binne-geheime en lees verskeie tydskrifte, soos sy reeks briewe getuig. Hy be-toog op taamlik besadigde wyse, maar sy stem klink dikwels soos die van iemand in nood. Die stukke dra ligtelik 'n self-verdedigende karakter en dr Scholtz se vermoede, dat Jantje Eenvoudig die skuilnaam van ds Burgers is, lyk hierom aan-neemlik (*Die Afrikaner en Sy Taal*, bls. 217).

Behalwe waar uit die aard van die stof en toon die styl baie Bybels klink en so daardie afstandsgevoel bring wat 'n kenmerk van alle religiositeit is (vgl. G. van der Leeuw: *Wegen en Grenzen*, 1932, bls. 3), sluit Jantje se taal hom baie nou by die alledaagse spraakgebruik van sy streek aan. Jantje verkies bv. *leraart(e)*; *gemeinte*; *eymand*; *eyts*; *mein* (vir *meen*); *deuse*; *selwers*; *sel vir sal*; *ken vir kan*; *dors* (*het gedurf*); *as-blijf tog*; *libberjaal*. In verskeie opsigte doen sy taalgebruik vandag argaïsties aan (*gans en maal*, ens.) en vir ons gevoel

*) Vir die buittelyne, kyk E. Conradie, *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*, bls. 311; vir meer besonderhede: D. P. Faure: *My Life and Times*; S. P. Engelbrecht: *Thomas François Burgers* (1933) en *Kerkgeskiedenis*.

van vandag klink dit dikwels plat, hoewel dit destyds waar-skynlik anders was.

Die eerste brief het op 28 April 1864 verskyn en is met wreveligheid geskryf. Jantje beweer dat die Liberalisme toeneem as gevolg van die onwaardige maniere waarop dit bestry word; maar die toon van sy brief mis eweneens waardigheid en waarheid, so in sy plat uitdrukkinge oor en verdagmaking van vooraanstaande Ortodoksers. Mooi beskryf hy hoe sommige ouderlinge stem: „Daar wort aan een draadje getrek en hulle knik de kop, of staat op, nets hulle predikant doet.”

Die tweede brief (23 Junie 1863) is warm en het 'n klank van onmiddellikheid. Daar praat 'n man wat self die waters aan sy lippe voel; roerend pleit hy met die gemeente van Darling om aan die sy van hulle leraar te staan. „...Steur jou aan geen voortreysende opmakers, of aan nydige, boosaartige pampierkladders teun jou...” nie. Op 4 Aug. verskyn sy derde brief, strydlig en slagvaardig, en flink geskryf, op 3 Oktober gevolg deur sy vierde oor die gunstige uitspraak van die hof in die saak van dr Kotze.

Sy vyfde verskyn op 17 Nov. 1864. Vergoelikend begin dit: „Myn liewe Neef! — Kyk, ons mense van die onderland het de gewoonte om somaar algar, al siet ons hulle voor de eerste mal, oom, niggie, tanta of neef te roep. Nou, gloo ik, zal uwe myn ook mos nie verkwalik dat ik voor jou neef sêh.” Hy gaan die diepere betekenis van die terme *liberjaal* en *ortodoks* na en bespreek allerlei teenstrydighede in leer en daad op populêre wyse. Sy hoofbestryder P. de V. „Kookfontein” gaan hy in die volgende stukke fel te lyf terwyl hy hom intiem aanspreek as „ou Boet,” bv. in sy sesde brief (1 Des. 1864). „Nee, ou Boet! de grootste onregtverdigheid, het die genoemde predikante uit de Sinodie gedryv, anders sel hulle daar nog ken sit. In plaas dus dat jy jou as een goet kriste verheug dat die hooge vergaring van jou kerk van onwettige bestanddeele *gesuyverd* is geworde, is jy daar gebelg ower! Maar foey, ou Boet! hoe kan jy onmogelik soo sleg ower onse Regters denk, hêh? — Voey, skaam voor jou! ...”

Hy bly sterk verontwaardig oor al die antipatie teen die oortuigde liberale en spaar die uitroeptekens van verbasing en

ironie geensins. Oor laster sê hy bv. „Keyk, hoe dat hy sels nie besit het geneem nie van preekstoele, en een zeker blad, die volgens de woorde van een hooggeleerde professor een krant van God sou zeyn!!!” Ons het hier sy beste brief wat met werklike talent geskryf is. Terwyl hy argumenteer, karakteriseer en skets hy ook. Sy laaste brief verskyn op 12 Jan. 1865 („Ik eindig met de pen maar nie met mijn hart”) en daarmee is dit ook in *De Zuid-Afrikaan* uit met Afrikaanse stukke wat iets van belang te bring het. Daar verskyn trouens weinig verder voor 1870, en byna al diegene wat wel van hulle laat hoor, betuig inleidenderwyse: „Ik is een eenvoudig mensch en ken niet in jou krant schryf, ik wil tog vertel...” (2 Maart 1865), of: „Ik is maar een dom en eenvoudig schepsel...” (20 April 1865). Hierby pas die stof en styl hulle dan ook voor-treflik aan! Maar gelukkig is die poginge kort van omvang en weinig in aantal, in 1866 selfs niks. Tussen 23 Sept. 1867 en 31 Maart 1870 swyg Afrikaans geheel-en-al.

De Vriend van den Vrijstaat.

Beoordeel na die hoeveelheid stukke wat tussen 1860 en 1870 daarin verskyn het, kom onmiddellik na *Het Volksblad* die tweetalige weekblad van A. C. White van Bloemfontein, nl. *De Vriend van den Vrijstaat* (opgerig in Junie 1850). Dit is die orgaan van die Engelse party wat die outonomie van die Vrystaatse Republiek wou vernietig of tenminste 'n federasie onder Britse vlag verlang het.

Die aanloop van hierdie geskryf staan onmiddellik in die teken van Meurant se *Brieve*, waarvan drie tussen 5 en 26 Julie 1861 deur *De Vriend* oorgeneem is. Op 9 Augustus 1861 verskyn die eerste oorspronklike stuk in hierdie weekblad. Dit is 'n brief van P. Gedult en begin met die belangwekkende belydenis: „Ik was altyd bang gewees om in de krant te schryf, maar nou dat ik gezien het, dat Klaas Waarzegger ook in die krant schryf, wil ik tog ook perbeer om de mense te laat hoor, hoe dat het hier in ons arme verlate dorp Harriesmit gaat. De mense of inwoners spook en zukkel al voor een lange tyd om de dorp reg te kry...” Dit gee heelwat nietighede oor plaaslike aangeleenthede in redelik goeie Afrikaans, maar op 'n weinig verheffende wyse en vol persoonlikhede. Bv. in aan-

sluiting by Klaas Waarzegger se voorstelling van Frekie Verneuk, heet dit o.a. „Ons kastige raadslit, wat voor ons dorp moet opkom, en voor ons moet zorg, is nooit hier nie maar ry maar altyd rond, om de boere te kul, en voor zyn eyge belang te praat, nets frikkie verneuk, ons kon nets zoo goed een bobejaan voor ons gekies het . . .”

Die vrugbaarste briëfskrywer van die periode meld hom op 23 Augustus 1861 aan. Hy gebruik meer as een skuilnaam, maar verkies Klaas Waarzegger Klaas(s) Zoon en Klaassie, en rig sy briewe aan Klaas Waarzegger de Oude (Meurant), vir wie hy as „vaayer” aanspreek. Sy anglisismes, veral in idioom en sintaksis meer as in woordkeuse, en sy uitgesproke pro-Engelse en anti-Republikeinse houding laat hom maklik as 'n Engelsman uitken, soos Jan de Boer (20 Sept. 1861) dan ook aanmerk: „Mynheer Waarzegger, uwe spraak is een Dopper, maar uwe inhoudt is lunsriem . . .” Oor die algemeen skrywe hy redelik goed en vlot, maar slordig; dikwels is hy grappig of komieklik, maar die toon van sy poginge met al die lae en plat verdagmakery van 'n gebore onnasionale skinderbeluste persoon maak hulle grof en ongenietbaar. Hy mis die beskawing van sy „vaayer.” Van die staatspresident, die republiek en die volksraad is hy geen vriend nie; waar hy kan, verkleineer hy hulle op lasterlike wyse en prys die Britse imperialistiese en negrofilistiese staatsgedagte vurig aan. Uit sy eerste brief haal ons aan.

„Het gaat hier maar regte vrot met de Volksraad, met Pretorius, de Gouvernement en met de Kams geschlagkens. De Volksraad is een verspotten speul, zo dom dat hulle Secretaris, een Baviaan nog nat agter zyn ooren net zo jong als broer Charl, de spot met hulle dryf en hulle alle domme dingen laat doen en wette maak en met al hulle dommigheid is hulle nog permantig en als verstandige menschen hulle wil goed raay dan wordt hulle wys maar hulle zal nie lang blystaan want hulle lyk voor my net zoals een ou vat waarvan al de hoepels los is en in mekaar wil val.” President Pretorius word op die volgende wyse beswadder: „Ik het ook Paulus Mopirie gezien, de Kafir Kaptein, en hy lyk een gentleman by Pretorius en is ook baie slimmer.”

Geen wonder dat sulke aantygings verset uitgelok het nie — die staatsprokureur het met geregtelike stappe gedreig (*De Vriend*, 20 Sept. 1861) en korrespondente, soos die genoemde Jan de Boer, het hom skerp aangeval. Die teenkanting het om die inhoud en strekking van die bydraes gekom, nie om die taal of uitbeelding nie. Want in laasgenoemde opsig het hy sukses gehad en baie aanbidders gekry wat sy stukke gretig gelees het, omdat hulle dit grappig gevind het. Die bekoring wat van so'n situasieskildering as die volgende uitgaan, kan ons ons goed voorstel. Pres. Pretorius lê die staat van sy reiskoste aan die Volksraad voor:

... die een het voor die ander sit aan te kyk net zooals een party kalkoene wat wil bakkly, maar hulle was voor de President bang, want hy het gezeg de eerste wat zyn bek oopmaak, die zal de moort steek, allah."

Hy vertel hoeveel byval Meurant se stukke in *De Vriend* by die lesers vind en maak ook van sy eie pogings gewag. „En Vaayer, myn brief ook in de „Vriend" het banje opheft ge-
maak, en veel mensche zeg hulle wil vor die krant teken, oom Daantje ook" (30 Aug. 1861). En later (14 Febr. 1862) „De mense zeg van dat Klaas Waarzegger schryf is het plezierig om de Vriend te leesen."

In die jaar 1861 het ons naas al die briewe net één same-
spraak wat maar baie flou en plat is. (20 September).

'n Skraal oes lewer 1862 — twee onbeduidende briewe van Klaas Waarzegger, maar in 1863 word weer flink geskryf, byna net in briefvorm. Die eerste Afrikaanse rymproewe hierin verskyn as 'n aanhangsel by 'n briefie van Klaas Waarzegger met betrekking tot Oom Koos Venter en lui (23 Oktober):—

„Oom Cobus wat het je nou weer aangevang,
Met die oprigting van de koorten,
Geloof my oom Cobus, ik word bang
Voor zulke soorten."

Onðer al die geskryf uit 1864 noem ons nog die *Boerenpraatjes*, gesprekke wat op 4 November begin het en vervolg is op 11 November en 9 en 23 Desember.

In die eerste gesprek bring twee boere 'n besoek aan die drukker, en verklaar hulle aan die drukker waarom hulle nie

koerante lees nie. Hulle lees liewers hulle Bybel. Die tweede gesprek (11 Nov. 1864) staan in verband met die gedrag van die „kortebaatsjes” (Doppers) in die laaste Basoeto-oorlog. Eikeboom vertel dat Letsea se Kaffers 65 Doppers aangeval het.

„Toe gaat al die kortbaatsjes zyn mense aan het lammeteer en een van hulle kruip achter ons wages en huil: waar is nou my mamme zyn mellik vandag daar ik is van groot gewor, om nou door die swarte goed, vermoor te wor.”

Natuurlik was die Doppers baie kwaad oor die beskuldigings in dié gesprek, en nou bespreek Eigenwys en Verlichte Boer in 'n derde berymde samespraak, *Uitlegging der Boerenpraatjes* (18 Nov. 1864) die geval. Verlichte Boer is van mening dat alles waar is wat omtrent die Doppers gesê is, en hoewel Eigenwys eers verontwaardig is, hel hy langamerhand oor na Verlichte Boer se sienswyse. Die eerste koeplette is in Nederlands, die laaste paar in Afrikaans. Eigenwys erken nou ten slotte dat die Doppers nie koerante lees nie, en ook nie hulle kinders laat onderwys nie. Daarom sê hy:

„Kom, ou broers, vrinden, kom, laat ons ons zaam vereenig
In liefde, geloof en hoop, uit lof an onze Heer.

Kom laat ons boeke lees en banje krante menig.

En op Sur Georges skool bring wy ons kinders weer.”

Dit is opmerklik hoedat die aantal samesprake in 1865 toeneem en in die volgende jare vir die eerste keer in kwantiteit en kwaliteit die briefvorm verbystrewe, veral in 1867 en 1868. Dit is terloops ook die tydstip toe in die ander Vrystaatse koerant 'n glanspunt met Trijna Snaaks se bydraes bereik is.

Die dialoë van *De Vriend* uit hierdie tyd het veral betrekking op staatkundige aangeleenthede, soos die Basoeto-oorlog, die verowerde grondgebied en die politieke loopbaan van president Brand, maar hierbenewens vind ons ook reeds die huislike lewe as tema. As geheel munt hulle nie uit nie. Die siening en segging is konvensioneel, hoewel soms lewendig, die taal is grof, ongeskaaf en sonder glans, en die dryfveer is meestal die begeerte om te vermaak. So die prettige vrytoneeltjie wat J. M. H. vir ons afskilder onder die titel *Een scena der oude tijden* (31 Maart 1866). Oom Gert is al net moeg vir Tjaart se aanlopery elke Saterdagagaand — hy sou dan

kamtig na 'n vers soek. Tant Aantje willig darem in dat Tryna met Tjaart kan wakker bly. Tryna maak dit egter nie maklik vir Tjaart nie:

„TRYNA: Hoe kom je altoos hier na jou vaars zoek?

TJAART: Zy is mos hier.

TRYNA: Je is gek.

TJAART: Tryna, kom laat ons onze schaapjes door malkaar jaag.

TRYNA: Je is mal. Hoeveel schapies het je?"

Sy het baie meer vee as hy. Die moeder is erg lastig deurdat sy vir Tryna aanmaan om te gaan slaap. Tjaart wil graag 'n soen hê, maar sy weier:

„In myn handjie mogt je houden, eh, eh, eh.

Maar komt je nader,

Dan klaag ik by vader. Eh, eh, eh."

Tjaart bly spook vir die ja-woord, maar dan beveel die moeder haar om te gaan slaap. „Ik kom mos moeder. Ja Tjaart net om Moeder my zoo vererg, anders zou ik nie ja zeg. Nacht Tjaart.

(Tjaart gryp en zoen haar, en hy vertrok, en zoo eindigd meestentys de opzit.)"

Die belangrikste van die politieke samesprake is die reeks van 33 wat onder die kopstuk *Zamenspraak bij eene Uitspanning* van 19 Junie 1868 tot April 1871 verskyn het. 'n Paar is in Nederlands, die meerderheid in Afrikaans en die res in albei media gestel. Die aanleiding moet gesoek word in die Volksraadsbesluit om 'n deputasie na Engeland te stuur. Die skrywer wou amuseer en terloops propaganda vir *De Vriend* se imperialistiese beleid maak. Die bes-geslaagde is waarskynlik die een van 10 Julie 1868, wat teen Brand en Hamelberg gerig is — twee osse wat dwing om vir Philip Wodehouse te stoot, as hy hulle verhinder om met Moshesh te baklei.

ANDRIES: Maar hoe is ou tante haar wagen dan zoodanig gebreek? Dit lyk mos amper of daar niet meer kans is om het regt te maak.

TANTA VICTORIA: Wel, dat is de schuld van die twee dolle voorossen, Hamelbrand en Bergbrand, hulle spook mos om de heele dag met de swarte ossen van myn buurman te baklei, en dan wil hulle ook niet in de regte pad blyf nie, maar loop gedurig daaruit.

JACOB: Waarom laat tante Victoria dan niet Philip de voortou vat nie.

TANTA VIC.: Ik het voor Philip gestuur om de voortou te vat en hulle in de regte pad te lei, maar hulle is zoo parmantig en wil voor Philip stoot, en Philip word bang om hulle nekke scheef te trek, zoo het hy die touw laat blyf, maar toe neem hulle de hol en loop met de wagen over gaten en slotte, en nouw is alles stukkend, de wagen het omgeslaan in een grote sloot, en hulle het dit een end, tot hienatoe, gesleept . . ."

Dit is begryplik waarom *De Tijd* die *Vriend van den Vrijstaat* herdoop het tot *Vijand van den Vrijstaat*!

Na die Tweede Konvensie van Aliwal-Noord, waardeur die lot van Basoetoland bepaal is, neem die skrywerswoede in Afrikaans in die Vrystaat af en na 1870 is die persliteratuur van *De Vriend* van weinig belang.

Tenslotte merk ons nog op dat hierdie koerant voor 1870 'n paar oorspronklike verse bevat. Klaas Waarzegger se rym-pie uit 1863 het ons reeds genoem. In April 1865 is daar van hom 'n lang brief en 'n gedig uit Boshof. Hierin beskuldig hy die landdros van partydigheid in 'n familiesaak. Die Basoetoorloë was ook verantwoordelik vir baie strydliedere en gedigte oor die oorloë self. Na die afloop van die oorlog van 1866 skryf H. C. van den Berg en P. P. Hugo van Aasvogelkop, Caledonrivierdistrik, 'n lesenswaardige gedig van dertien ses-reëlige strofes, in byna suiwer Afrikaans. Dit het in *De Vriend* van 25 Mei en *De Tijd* van 6 Junie 1866 verskyn.

„O droevig lot en nare klag:
De kaffer steel by dag en nag.
De boer word nu alte kwaat
Omdat het hun zoo kwalyk gaat.
Hun vee wort daagslyks weggehaal
Het gaat maar na Pasoelies kraal.”

Die generaal trek toe op na Thaba Bosigo en sien dat die Kaffers besig is om skanse te bou.

„De vyand had een sterke wal —
Daar is de generaal geval.
De mense neem toen ook de vlug,
En geef de vyand maar de rug.
Het was voor hun een zware stuk —
De hoofd was van hun weggeruk.”

Geestig is die tekening van 'n ongewone geval: 'n aangeklamde „generaal” sit met 'n bottel in sy hand en 'n kaart van die Verowerde Gebied voor hom, terwyl hy uitroep (*De Vriend*, 20 Des. 1867):

„Wel, zoo riep hy — Neef Johan's,
Nou, nou het ons groote kans
Om te trek, te retireer:
Want ik zie geen kaffers meer.
Ook is onze meel al op
De Fauresmithers op de top
Van de berg van Sofalie.
Neef, een glas vol Eau de vie?”

G.P., die digter, verwyt die „generaal”:

„... By die bottel is jy goed —
By de kaffers zonder moed —
Zonder plan en zonder raad —
't Is heel goed als jy maar gaat.

Vader Wepener, styg ter neder —
Overneem uw ambt maar weder...”

Die orige paar rympies verdien geen aandag nie (*De Vriend* 4 en 11 Des. 1868, en 11 Maart 1869).

De Tijd.

Hierdie Bloemfonteinse weekblad het amper in Afrikaans verskyn, soos ons reeds gesê het, maar mnr Hamelberg het die plan laat misluk. In teenstelling met *De Vriend* was sy beleid sterk pro-Republikeins. Hy het die Vrystaatse staatshoofde

en die Boerevolk altyd in beskerming geneem en die beginsels van 'n soewerein-outeonome republiek hoog gehou.

Hoewel *De Tijd* nie so baie Afrikaanse stukke as *De Vriend* gehad het nie, is sy betekenis in ons literatuurgeskiedenis veel groter om die flink-geskrewe, eg-menslike briewe van Trijna Snaaks. Is sy die eerste Afrikaanse skryfster in die Vrystaat?

Ook in hierdie koerant word die briefvorm die drukste beoefen — dan volg die samespraak.

Op 29 Oktober 1862 het *De Tijd* vir die eerste keer uitgekom. Dit is gedruk by en uitgegee deur J. W. Spruyt, maar het later oorgegaan in besit van J. F. van Iddekinge, wat ook as redakteur opgetree en hoë joernalistieke beginsels gehuldig het.

In 1863 moes 'n nuwe president gekies word en die meeste Afrikaanse stukke van die tyd het betrekking op die saak. Die eerste is in 'n toevallige vorm van Afrikaans, dit is 'n brief van Havegar, wat tog soveel diepte en erns agter die onbeholpe gestamel en kinderlike gehakkel laat vermoed, dat dit in meer as een sin treffend tot ons spreek. Iemand wat so duidelik sukkel met die pen, so kortadernig praat en stotter, moet in elk geval sterk voel as hy na die pen gryp. Hierin lê iets van ons landskoonmakers en baanbrekers se adél en tragiek, dat dit aangryp, meer om die wil daaragter as om die daad:

„An de Burgers van ons Staat. Wel mijn edel heere, ik versoeek u alle dat u moet u oogen oopen maak om te sien hoe een statspresident dat onze krijg, op dat ons niet een van over de Vaalrevier neem, of over de Oranjerevier maar een uit de Vrijstaat. Wel mijn heeren ik versouk ten vriendelykste dat u moet gedenk aan de heer Boshof en aan de heer Pertorus dat ons hier gehad het en ons so laat staan. Want het is beter een burger uit de Vrijstat dan een over de Oranjerevier. Wel u eleheer ik meen dat de her Koos Venter een bekwaam man is. van die man mijn heer ik hoop het dat u alle sal in sien in de saak.

H. C. J. Havegar.

Drie van die sestal briewe oor die aanstaande presidentsverkiezing kom van „Ik ben uw Vriend van overkant,” ook 'n

harde Vrystaatse nasionalis wat blaak van liefde vir die eie sodat hy teen ander selfs onbillik kan word. In sy tweede brief (5 Oktober 1863) waarin hy teen „de Vrint” en „Uitlanders” (Nederlanders inkluis) te velde trek, heet dit o.a.

„Mr. Spruyt, gij moet maar banje u best doen dat ons geen Uitlander krijg, want met die Uitlanders kan een mens niet klaar kom, gij moet mij dat niet kwalijk neem want gij ben ook een Uitlander, maar voor zoo een hooge post, dat moet tog maar een flukze Afrikaner wezen . . .” Naas hierdie komiese situasie waarin sy uitgesprokenheid hom gebring het, staan oortuiging soos „een Engelsman en de Boer zal net zoolang spook dat hij weer weg moet naar zijn land . . .” In ’n volgende brief (5 Okt. 1863) het hy dit weer teen die „Vrint” en die „Uitlanders” en dan klee sy verontwaardiging hom in boerebeelde in: „. . . want als het mij niet aanstaan dan trek ik weg, maar onder de Engelse mensen wil ik niet blijve, hulle mag goed wees om mee te smous, maar om over ons te regeer, neen dat nooit nie, zoo lang als de wereld staan, want toen hulle weg getrek is, toen is die sprinkhaanen ook weg getrek en ons is allemaal te danig bly daarover en nouw zal ons weer de Engelsman roep, neen warentig niet, dan kom die sprinkanen ook weer met al die andere plagen in ons land.”

Die suiwerste Afrikaans skrywe in 1863 „Ik is een burger die wil stem voor een Aferkaner President” (23 Sept. 1863). Volgens dr H. P. N. Muller (*Oude Tijden in de Oranje-Vrijstaat*, bls. 150) is dit Hamelberg se skuilnaam. Hy sluit hom nou aan by die spreektaal en skryf o.a. *an, te teyken, vorzegtig, as, banje*; die dubbele *nie* versorg hy goed. Sy beeldspraak kom ook uit die Afrikaanse taalwerklikheid voort, bv. „jakhals-draaiers”; „strop om die nek wil zet”; „hulle lekker voor leg.”

Die stukke in 1864 tot 1866 is van weinig belang, maar in 1867 bereik ons in *De Tijd* die hoogtepunt. Van Januarie tot Mei verskyn daar ses briewe en een samespraak onder verskillende skuilname, maar almal geskryf deur ’n afgedankte landdros William Bramley van Harrismith. Die skoolmeester Moll noem hy ’n „onverdraaglike Brulpadda wat brul as op sy stera” getrap word en net sy veglustigheid laat staan as hy met „hotel medesyne” gedokter word. Sy lae insinuasies rig hy ook teen ander publieke persoonlikhede totdat J. P. van den

Bosch aan Bramley se anonimiteit 'n end maak „om vergissingen te voorkomen.” Dit was in Mei gewees en Bramley skryf nou nie meer in Afrikaans nie. Vir drie maande is die volkstaal afwesig, en dan verskyn Trijna Snaaks op die toneel. Sy rig haar luimige briewe (let op die naam *Snaaks*, wat haar werk beskryf!) uit die Vrystaat aan haar moeder in Colesberg. In vier afleweringe van *De Tijd* in September 1867 kom twee briewe voor en in Oktober drie. Dit sou nie die end gewees het nie, maar iemand het haar anonimiteit in 'n kort rympie verrai en toe het sy opgehou. Dit lui: „Aan Aantje Brits, alias Trijna Snaaks”

Antje Brits,
 Je is te spits.
 Kan je schrijven?
 Laat het blijven;
 Want ik zeg,
 Overleg
 Eerst de reden, dan de kijken.
 Voor het oog
 Zit een boog;
 Strijk men daaraan
 Wat komt daarvan?
 Een geschrei van oude wijven.
 Wees gegroet,
 Ik ben nog goed.” (30 Okt. 1867).

Uit haar briewe dien die volgende paar staaltjies om die snaaksighede aan te toon. Dit gaan vernaamlik oor die mode en oor die landsomstandighede, die laaste handel veral oor Oom Jan (Brand, die President, en outeur van die gesegde „Alles sal reg kom”). Die moeder sou na die mode gevra het. Die hoepelrokke, „de duivels uitvindzel voor een dekzel van alle kattedekwaad,” het die vroue gelukkig afgeskaf; in die plek daarvan kom die slip van agter „en ik is blij, want hulle veeg de straten schoon, en als ik nou op de dorp rond loop is het mooi.” Nou kom daar nog 'n soort van mus, waarvoor sy geen naam kan kry nie.

„Ik zal het beschrijf... Moeijer het toch opgelet dat in Grahamstad dikwijls de gekleurde meisjes die ook hoedjes

draag, rusie krijg, now moet moeijer jou een denkbeelt maak, denk dat na hulle uitbaklij het, hulle weer afmaak, en vind dan dat hulle hoetjes stukkend gescheur is, en dat hulle dan een van die hoetjes die de minste gelei het, zusterlijk in twee stukke verdeel, voor iedereen een stuk, en daar het moeijer now die ding wat hulle op die kop draag. Klaas zeg het is jammer dat zulke mooie meisjeskinders hulle lieve gezigges zoo leelijk maak."

Die Boesmanmeide breek haar teepot en 'n piering; klein Tryna gaan saam met haar pa in dorp-toe en moet hierdie dinge aankoop. Sy gaan by 'n seker dame aan en vertel haar van die moeder se opdrag. Die dame, wat haar dienste aanbied, verstaan egter onder „piering" die nuwe soort hoed en nou word die hare onder proteste opgemaak en dit gaan na die winkel. By tuiskoms gesels die ma so oor Oom Jan en sy politiek, dat die besigtiging van die gekogte ware agterweë bly. Maar Trynatjie het „haar kappie op gehou de heele avond en toe ik haar vraag waarom zeg zij, zij het de ambeijen en (in) de kop, well de ander ogend het zij weer de kappie op en weer ambeijen ..."

Eindelik moes sy met die saak uitkom en vertel dat die piering onder die kappie sit en so word die rede van die aambeie ook duidelik. Die kappie kon nie langer die pieringmus, wat Tryna al aan haar moeder beskryf het, verberg nie, en om dit te kroon, kos dit boonop nog niks meer as £1 10s. 0d. nie! Dit is „... een soort van een strooi mat heeltemal plat en maak hulle met een doek vast op de kin, moeijer kon well denk wat ik gemaak het. De piering en de vuur en de Tee Pot uitmakaar, en hemels naam waarom moet sulke mooie meisje menschen als op de dorp is, hulle zo leelijk maak."

Nou kom die kostelike in haar laaste brief :

„... Klaas het ook weer een piering gekoop, en hij dwing Trijna moet het draag, en onze Schoolmeester zeg het staat mooi; en het zal voor mij ook mooi lijken. Maar moeijer moet nie praat nie daarvan; ik het ook voor mij een laat kom, om bij de kerk te drage(!!!). Ons praat altoos tegen die uitlanders, maar onse mense aap hulle daarom alles na."

Die verskoning wys hoe eg-menslik hierdie dame is. Die eg-vroulike toegewing aan die eise van die mode is voorwaar 'n stukkie prettige lewe en veel meer as 'n snaaksigheid.

Netso goed is die uitlatinge teen Tant Saartje se „grokke” wat Klaas al begin te prys het in die laaste brief. Wat kon nie alles hieruit nog ontwikkel het nie! Dan is sy nog verder iemand wat 'n verbasende selfstandige oordeel vir 'n vrou oor landsake daarop nahou. Sy be- en veroordeel die vredes-politiek van Oom Jan, (grenspolitiek) en die uitgawes gaan vir haar ook te hoog. Dit geskied alles met die tipies-vroulike manier van voorstelling. Herhaaldelik hoor ons „Klaas sê,” en dan kom die opinie, wat nog weer versterk word deur die bewondering vir haar man: „moeier weet Klaas is maar 'n moeilike eintje mens en as hy 'n ding zeg dan doen hij dit. . .” Die hart dra die Afrikanervrou egter op die regte plek, en kan onder meer Philip Wodehouse en sy sendelingpolitiek nie haar gbedkeuring gee nie; die volksetimologisering in „Woedhuis” is bepaald nie van die slegste nie. Die kaffers is „swart velle” of „stertrime.” Die bloubeks (*bluebacks*, Vrystaatse papiergeld) en die moeilikheid in verband daarmee bring sy in alle opsigte baie beter voor die gees as Bramley met sy tafelpere as munt in hulle nuwe ryk wat hy, Viljoen, Hoal (Howell), Meijer en Goossen moet gaan stig. Haar moeder moet vir haar „een pont goud en een halve kroon, silling en zespens zulver stuur,” sodat hulle weer kan sien hoe harde geld lyk, en dan, op ontvangs, „banje mense, engelse ook, het kom kijk, en Tjaart het daar door een gat gebore regt in Victori (Koningin Victoria) haar oog, en draag het nu aan zijn horlogie ketting en stap daarmee net als een pauw manatje.” Nog een aanhalinkle moet gegee word. Dit gaan teen Oom Jan wat die mense straf wat nie gehoor gegee het aan die oproep om op kommando teen die Basoeto's te gaan nie.

„Als het so aanhou, zeg Klaas, dan kom daar een dag een ding; want alsmaar 40 boere zeg ik wil nie, of ik wil, wat kan oom Jan doen? hij zal zijn handen maar moet vrijven, en hoop dat alles regt kom.”

Hierna is die oes baie skraal, al kan ons nog die drie same-sprake uit 1868 noem. Die gemoedere sal eers in 1870 weer gaande gemaak word deur die diamantkwessie, maar dan is die

dae van *De Tijd*, wat nog een samespraak oor die onderwerp sal hê, reeds getel. Die afwesigheid van gedigte in hierdie koerant val sterk op.

De Transvaal Argus.

Hiermee kom ons dan in die Transvaal. In hierdie Republiek het Afrikaans veel later as in die Vrystaat of die Kaapkolonie opgekom, hoewel ons hier reeds vanaf Oktober 1857 koerante het (*De Staats Courant*; in 1859 kom *De Gouvernements Courant der Z.A.R.*; *De Republiek van Zuid-Afrika*, „die eerste koerant in die volle sin van die woord in Transvaal” sê Bosman; en in die jaar (1859) nog die weekblad *De Oude Emigrant* van Jeppe; in 1862 *De Emigrant* van Borrius). Die geleenthede vir die opbloeiing van ’n Afrikaanse perslitteratuur was daar dus wel.

In 1866 gee Borrius op Potchefstroom ’n tweetalige blad, *The Transvaal Argus* uit, met Bergsma as redakteur van die Hollandse, en Jeppe („neef Jip”) van die Engelse gedeelte. Hierin verskyn die eerste Afrikaanse stukke, waarin lesers aan „neef Jip” van hulle persoonlike moeilikhede vertel en klae oor die wette, die regering, die kerk, die landdros of die uitlanders.

Ons tref geen enkel digstuk aan nie; die meeste verkies ook hier die briefvorm en die samespraak; maar nou het ons geen duidelike bewys dat hulle onder invloed van Meurant staan nie, al lyk dit aanneemlik dat ons met dieselfde impuls as elders te doen het.

In aantal, omvang en karakter staan hulle ver agter by wat die Vrystaat en Kolonie opgelewer het — ’n bevreedende feit as gelet word op al die beroeringe wat destyds op maatskaplike, kerklike, ekonomiese en politieke gebied aan die gang was, meer as waar ook besuide die Limpopo.

Die eerste brief (17 Julie 1866) is die enigste van Meijeraan wat in ’n sterk Nederlands-getinte taal oor sy kwaai vrou kla en van die wonderdokter se medesyne bestel. „Zy gooy niet alleen met schempwoorden maar ook met koppies en pierikes na myn kop, als ik een zoupie wil drink.” Hierop volg ’n lawwe, triviale antwoord van Otto, die wonderdokter self (7 Augustus 1866); ook die eerste samespraak, wat net gedeeltelik

in Afrikaans is, behandel die saak (14 Aug. 1866). Hulle soek en gee laagstaande vermaak.

Die enigste persoon wat bo die vlak uitrys is Behrend Moddermannetjie wat 'n reeks leesbare briewe skryf. Op 18 Desember 1866 open hy die serie en in die eerste bydrae lug hy sy opinie oor verskillende sake en verlang inligting oor die kaffers, want „neef Pauwels zeg de kaffers is nou vry, en heef niet noodig te werk hulle kan nou spinnekoppe (lees: spiders) koop, zoo als Gidejon nou een het, en rondry als jentelmans of risjepearde hou en met die hande in de broekzak staan als hulle broeke aan het, en kyk hoe ons boere werk.”

Behrend is gladnie in sy skik dat hierdie brief in die *Argus* gepubliseer is nie, sê hy in sy tweede brief van 10 Januarie 1867, want „Ik kom met nachmaal op Rustenburg en ieder die my ziet vraag na myn brief, ik stry maar voor niet, hulle bring jou krant.” Hy skryf weer oor die wet, maar „Ons is tevreden met ons landdrost en ons wil niet he nie dat gy hem sleg maak masschie is hy nie schlim as ander landdrosten, masschie was hy nooit dogter of edicteur.”

Daar is haas geen onderwerp waaroor Behrend Moddermannetjie nie ook iets te sê gehad het nie. Gemoedelik vertel hy aan „Neef Jip” van sy huislike omstandighede, asof hulle twee ou bekendes was. Vol lof is hy vir sy vrou (7 Febr. 1867): „... nu neef myn vrouw is ni zoo dom als neef misschien denk, zy lees danig mooi en zy schryf regte groot letters dat een ieder het kan lees, en zy zyfer dat geen smous voor haar kan verneuk nie.” Hy vertel ook aan „Neef Jip” hoe 'n deeglike meester sy buurman het. Op 11 April deel hy ons mee dat hy siek was — dit kan nie wees van die perskebrandewyn soos sy vrou beweert nie, want „ik drink nooit meer dan 10 of 12 soupies op de dag en dat op krui geset.”

Saartje Moddermannetjie van Karremelkskloof laat op 27 Junie 1867 ook van haar hoor en voel baie gebelgd omdat haar man se brief in die *Argus* gepubliseer is — hy durf hom nie op Rustenburg vertoon nie, want almal verneem na die brief in die koerant. En boonop kan haar man nie skryf nie — dis seker maar die „duitwelsche uitlanders” wat dit gedoen het. Ook Behrent van Gronen van Velbroekskraal naby Elandsrivier klae oor Behrend Moddermannetjie se briewe, want die

Rustenburgers dink dis hy wat die goed skryf. Dis duidelik „dat die kerel my zoek om my in een ongeluk te bring by al myn vrienden en burens en ook by myn regters . . . hy het my al by ons Gouwerment in een slech baatje laat kom, en ook by ons winkeliers hier op Rustenburg.”

Behrend Moddermannetjie swyg nou vir baie maande, miskien omdat Jeppe nou nie meer op die redaksie is nie, maar J. H. Roselt, volgens die *Argus* van 10 Julie 1867. Uiteindelik kon hy dit tog nie meer hou nie en rig hy op 5 Februarie 1868 'n brief aan die „geacht Neef Koerantschryver” — hy erken dan ook dat hy vroeër baie in die koerant geskryf het, „maar toen ik hoor dat neef Jip niet meer druk, zoo is ik bang om te schryf.” Hy hoop dat die „Koerantschryver” nie sal rondvertel wat hy vir hom skrywe nie, want Neef Pauwel en Neef Zarl is nog altyd vir hom kwaad. Dié keer moet die uitlanders dit ontgeld, want hulle verbrou die landsake. „Ons mensche neef wil he, dat de kwaad moet gestraf worden, en als hullie verbrouw het, dan moet hullie straf lei, maar jaag niet zoo maar uit de pos, maar straf hullie, en bedank al de uitlanders.”

Profeties klink sy woorde van bekommernis: „Ik hoor julle heb goud gevin, maar neef de zaak is niet goed nie, als de Engelsche hoor dat hier goud is zal hullie de land kom neem, wach liever een betje. . . .” Om verkenningswerk te doen van hoe dit in die Volksraad toegaan, het hy Pretoria-toe gery met sy „mager” perd, en dan doen hy op 1 April 1868 op 'n heel interessante wyse verslag. Hy kon realisties beskrywe, bv. die wyse waarop hy die president sien: „. . . dan steek hy altyd zyn vinger uit als hy praat, als of hy jou wil zeer maak.”

Op 16 Februarie 1869 is Behrend vol klagtes, oor Kaffers, oor Oom Paul en die uitlanders: „. . . ik hoor dat ook Pouwel zoo banje lieg en dat hulle te Pretoria een groot paskewil of plakkaat het laat druk van oom Pouwel zyn leugens.”

Behrend Moddermannetjie word aspirant-kandidaat vir die Volksraad, want op 16 Maart 1869 publiseer hy sy manifest in die *Transvaal Argus*: „Aan alle myne landgenooten en vrienden van onze Republiek.” Hierdie manifest is belangrik, omdat dit ons 'n blik gee in die staatkundige beskouings van ons kandidaat. Hy voel hom onbekwaam, vertel hy ons dadelik. Dis 'n gewigtige geskrif — daarom moet hy hoogsprekend wees

en gebruik aanvanklik Nederlands, maar as sy gedagtes koers vat, slaan hy oor in die spreektaal. Hy is uiters konservatief: „Ik ben een van de oude voortrekkers zoo als gy weet, die goed en bloet voor onze vryheid geoffert heb en ben een vyand van alle nieuwe uitvindingen en wetten. Toen ons nog de 33 artikel heb gehad, toen de Hollanders en hulle wet boeke nog in ons lant was, toen heb ons harde geld gehad en geen long-ziekte.” Natuurlik is hy teen alle uitlanders, en ook teen prokureurs: „Affekate en prokreurs... zit ook in de raat en hulle praat ons dom....” Verder is hy „voor kerk en staat, ik wil perteksie heb voor ons kerk, ik vrees vooral de nieuwe kerke welke hulle alle dag opzet.”

Moddermannetje se stukke is flink gelees en hy het selfs navolgers gehad, bv. Plet Kaartmannetje wat hom as sy klein-neef voorstel (11 Maart 1868). Verskeie ander minderwaardige stukke is verder nog opgeneem.

Teen die helfte van 1869 loop die *Transvaal Argus* dood en die geskryf in Afrikaans sal weer in *De Volksstem* hervat word wat in 1873 onder redaksie van J. F. E. Celliers (vader van die digter) in Pretoria uitgegee sal word.*)

In 'n los verband vermeld ons nog dat in die realistiese karaktersketse van T. F. Burgers *Tooneelen uit ons Dorp* (1866-1868) uit hierdie tydvak Afrikaans dikwels in die mond van sommige karakters gelê word. (Vgl. Conradie: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*, deel I, blss. 322 en 324-325).

(c) Die Cooper-S. J. du Toit-Hoogenhout-impuls (1870-1875).

Die golfslag wat met Meurant begin het in die Oostelike Provinsie, het sterk oor die Westelike Provinsie gebreek, nog diep oor die Vrystaat geslaan maar vlak in Transvaal geskuim. In die Vrystaat, soos in die Transvaal, het dit in 1870-1875 flou nagewerk. Heeltemal anders was dit in die Suide. Die beweging om die volkstaal skriftelik te gebruik, het hier toegeneem in krag en vaart. Afrikaanse stukke het 'n vaste deel van die Hollandse perslektuur geword. Wel bly die naamloosheid van die brief- en samespraakskrywers 'n algemene wet, en

*) Verdere besonderhede oor die Afrikaanse stukke in die *Transvaal Argus* kan verkry word in 'n artikel van prof. M. S. B. Kritzinger in die *Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Akademie*, Jg. xiii.

by die grootste-aantal van hulle word dié taalvorm vir blote snaaksigheid aangewend, soos terloops uit die skuilname op te make val. Maar sommige tog probeer om daarmee hulle lesers die beste te bereik. Die belangrikste vrae van die dag vir die Suide het in die volkstaal 'n neerslag gevind — bv. die oorgawe van die Kaap, die stryd teen dr Philip en die metodistiese geesdrywery, die kafferoorloë en grensreëlings, die „anti-konvik“-agitasie, die afskeidingskwessie, sake soos paaie en brugge, veldkornetskappe, onderwys, die kerkstryd en landsbestuur: dus kwessies van 'n praktiese en aktuele aard.

Opvallend veral is dat Kleurling-Afrikaans met die loop van tyd afneem en dat die skrywers hulle veral rig na die spraakgebruik van die plattelandse Boer. Daar kom bepaald meer erns, diepte en koers, al mis ons nog steeds die jaloerse liefde wat die eie op 'n nuwe, verinnigde manier sien en daaroor of daarin met 'n stem van opgetoënheid, en trilling praat, sodat dit na-vibreer by wie dit lees. Daar is nog geen oorgawe en geen visioene nie, en ten dele moet ons hieruit die byna volslae afwesigheid van gedigte verklaar. Die stukke dien nie die religieuse verhewenheid of die bewoë skoonheid nie, maar enkel die praktiese as vermaak, lering of propaganda. Die vermaaklike lê nog veral in die growwe en platte, in die buitengewone, nuwe, waaghalsige en pretensieuse (bv. gewild-ongeleerd) en in die komiese situasie of anekdote.

Die spelling verskil nog van persoon tot persoon, al na gelang hy hom meer by die Nederlandse skryftradisie of die gesproke taal aansluit, en dan nog het sy kompromiespelling geen vastigheid of stelsel nie. Ewe slordig, onversorg en ongedissiplineer is sy taalgebruik as uitdrukkingsmiddel, daarby gewoonlik onpersoonlik en konvensioneel, met 'n stotterende beweging en weinig musikaliteit, behalwe in 'n paar gevalle.

Die probeerslae het egter 'n nuttige funksie verrig, en wel, soos in die geval van Meurant geblyk het, om baie persone te leer lees, om ander aan te spoor om self te skrywe, onder wie Hoogenhout, en veral, om die weg te baan vir 'n nuwe gesindheid ten opsigte van die volkstaal as voertuig van gedagte vir die opheffing van die Boerenasie as 'n kultuurkrag.

Hierdie gevoel van verdierbaring sal, eienaardig genoeg, nie ontkiem in die twee onafhanklike Afrikaanse republieke nie

— daar is die Hollandse (Nederlandse en Afrikaanse) taal immers veilig onder die volksvlae! — maar in die Kaapkolonie onder Britse vlag, omdat hier eers 'n werklike gevaar dreig, en die gevaar van ondergang, van nood, sal die diepere liefde wek vir die volkseie, die eg-nasionale, wat by die een groep o.m. om die vorm van Nederlands as moedertaal sal beweeg en by die ander om Afrikaans. Natuurlik sal ook die liefde en die besef nie in een dag of geslag kom nie. Maar die inhoud sal dan anders van struktuur word; in die plek van die plaaslike tree dan die nasionale, hoewel nog eng en eensydig afgebaken — waardeur verset van vele soorte en misverstand wakkergeroep sal word.

Op die ou plan word die stoot deur Samuel Zwaartman gegee, en wel in *Het Volksblad*, wat na hoeveelheid beoordeel, verreweg die belangrikste plek vir Afrikaanse stukke bly. Tussen 20 Januarie en 4 Augustus 1870 verskyn daar 24 „Boerenbrieven uit Fraserburg” van Samuel Zwaartman, die skuilnaam van 'n wetsagent H. W. A. Cooper, (Vgl. *Die Afrikaner en Sy Taal*, bls. 221). Die invloed daarvan was baie groot, soos blyk uit die klomp Zwaartmanne (ook Swartmanne) wat hierna optree (Jan, Piet, Gert, Adones), maar meer nog, soos enige direkte getuienisse openbaar maak. „Van dat Samuel gebegin het om te skryf in jou korant, lees mos alle mense dit, en d'is sommer pikswart gesmeer zoo's die mense dit rondstuur. Jy kan ver mij gloo dat die plat Hollans meer gelees wor onder ons boere as die wat Sankion (lees: Changuion) ver ons wil leer in zijn boekies.” (*Die Afrikaner en Sy Taal*, bls. 221).

Samuel Zwaartman het tussen 16 Maart en 8 Junie van die volgende jaar (1871) in *Het Volksblad* ook 'n elftal *Kaapse Sketse* laat verskyn, veral oor bestuurlike reëlinge. Hulle was blykbaar ook goed gelees, en Zwaartman se stilsweye hierna is deur verskeie korrespondente betreur. Anders as by Meurant het Cooper blykbaar geen groot invloed buitekant die leserskring van *Het Volksblad* gehad nie. In hierdie koerant het sedert 1870 ook F. W. Reitz se verwerkinge van 'n paar gedigte van Burns verskyn.

Die droomgesig van 'n nuwe taal met 'n roeping van volmenslike diens is in vae omtrekke deur A. Pannevis en in vaster lyn deur C. P. Hoogenhout en S. J. du Toit gesien. Dit

word nie in die liberale *Het Volksblad* verkondig nie, maar in *De Zuid-Afrikaan* van Onze Jan met 'n nasionaal-christelike strekking in dié dae. Nou streef *De Zuid-Afrikaan* *Het Volksblad* in betekenis vir die Afrikaanse taalbeweging verby. In hoë mate beweeg ons ons nou op die terrein van die geskiedenis van die Afrikaanse beweging liewers as van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis; baie van die bedoelde visioene van 'n nuwe orde is dan ook in Nederlands verkondig, so deur A. Pannevis self.

Tog is *De Zuid-Afrikaan* brandarm aan Afrikaanse stukke in hierdie tydvak, vergeleke met *Het Volksblad*. Na 23 September 1867 loop ons geen Afrikaans weer raak nie voor 31 Maart 1870, toe die eerste van Jan Pie de Wied (ook Wiet) se drie aangenaam-lesende briewe verskyn, gerig aan sy swaer „di meneer, wat hulle seh wat di Suit-Africaan druk, wat op di Groente Plein woon.” Hy skryf veral oor kerkdienste, huweliksfeeste, die „Vrywellig Beginsel,” belastings en gewone huislike aangeleenthede. Sy taal besit soms plastiese elemente en lees vlot. Hy vertel ons dat hy „Agter di Draai voor Papiessdorp” woon, en die Kaapse kleuring van sy uitspraak kan ons ook opvang. Die predikant „Fehaure, die Leberjaal, is en uithaller . . . syn woortjes gat soema uit syn mont in jou hart.” „Neef Piet seh voor my syn koeye vrek net so als raaf, hy weet nie wat hulle makeer nie. Ik seh vor hem gebrek aan asem.” Op die gemoedelik-rustige manier gesels hy dan prettig voort oor nietighede en ernstige sake. Sy derde brief (12 Mei 1870) veral is flink geskryf en gee 'n relaas van wat hy op sy reis „na buite” beleef het, o.m. in Hanover.

„. . . ik was ook op Hannover ma das tog ook en mooi plek, „kerell die Sondagh was ik in meneer Burgersh syn kerk, ma magtag ik het ni gedenk ni dat di man soo slim is ni, ja hy preek my soema dronk, julle praat van ds Murrays en Stegmans syn preek ma ma loop hoor di man, dan kan julle spreek, ik het altoos gedenk, julle Caapnaars het slimme mense wat preek ma nou siet ik dat di boer nog slimmer manne heh.”

Grappig bedoel is ook die brief van Smalhans uit Middelburg (9 Junie 1870) oor die „stoomtransport” en die invoering van masiene om die werk te verrig. „Zo as ik gehoor het is daar machines wat praat ok, hemel wat zal de predikanten dan

maak om hulle vrouwens kost te gee?" Dan 'n ses maande stilte tot ons op 19 Januarie die enigste Afrikaanse brief in 1871 kry, die lang en verdienstelike skrywe van 'n jongkêrel T. Mieliebuik, wat fyn opmerk en 'n prettige beeld van 'n boerefees gee. „De ander dag oggent het de nooiens gaat zwem, eers het hulle zomaar met kleere ingegaan, net hulle rok effentjes opgelig, maar oom, dit was al te mooi om de lieve voetjies te zien zoo tusschen de borduur werk en kantjes uitkom, mens voel zomaar aardig op jou konsensie." Toe die mans sou gaan swem „het ik baaying kooren geëet laat ik kan op blas om nie te verzuip nie ..."

Die jaar hierop, nl. 1872, begin die polemieë in Nederlands en Afrikaans oor die vertaling van die Bybel in Afrikaans en die hervorming van die onderwys. Ons kan dit net insoverre by ons letterkundige geskiedenis te pas bring, as wat ons hier 'n nuwe en vernuwende gesindheid leer ken, nl. om Afrikaans nie net vir tydverdrijf of vir die minderbevoorregtes te gebruik nie, maar as 'n simbool en 'n volwaardige middel. Die volkstaal word op 'n ander plan geplaas, nl. die van 'n kultuurtaal. Die woorde van Een Ware Afrikaander „Mar myn lieve Neef, ons taal is een kosbare diamand. Dit moet mar net geslyp worde" bevat die hele geloofsbelydenis en offerdiens uit liefde van die voorstanders van 'n ander orde. Dit is die Pannevis-Hoogenhout-Du Toit-impuls, wat ook die aanleiding sal wees tot die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners; dit is die aantrekkingskrag van 'n ideaal wat alreeds gelei het tot die *Geskiedenis van Josef*, die *Gesprekke tusse Oom Jan Vasvat en Neef Daantje Loslaat*, die *Manifes* en die *Volklied*.

(d) *Die Periode 1875 tot 1895.*

Byna alle voortbrengsels in Afrikaans vanaf 1875 tot na die Tweede Vryheidsoorlog hou verband met die G.R.A. Hierdie organisasie oorheers alles wat voortaan in die volkstaal verskyn en daarom is ons dikwels geneig om net oor hom te praat as ons dié letterkundige periode behandel. Soos aange-ton is, het die volkstaal voor 1875 in tydskrif- en koerantartikel en in afsonderlike boeke sy regte reeds begin opeis, en ook na 1875 het werke verskyn wat buite die verband van die G.R.A. ontstaan het. Weliswaar is hulle na verhouding weinig in

Handwritten text at the top right, possibly a title or address, including the word "Handwritten" and "Handwritten".

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handwritten text line.

Handskrif van C. P. Hoogenhout.

getal, naamlik die bloemlesing: *Klaas Gezwint en zyn paert and other songs and rympjes of South Africa in English and Cape Dutch* (1884) oorgedruk uit die *Cape Monthly Magazine* en ander blaaië, en vier jaar later 'n ander versameling deur F. W. Reitz: *Vyftig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte* (Met Prentjes) (1888), in 1897 as 'n tweede uitgawe uitgebrei tot *Zestig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte*. Die volgende aanvulling val buite ons periode. Na Reitz kom W. H. Maskew met 'n *Jolly Hotnot en ander snaakse Versies uit die ouwe Doos* (1890). Die derde en laaste buitestander is Melt Brink, wat in 1893 op die toneel verskyn en hom spoedig laat uitken as die vrugbaarste skrywer onder die groepie. Van sy *Grappige Stories en andere Versies in Kaaps-Hollands* het daar in die tydperk voor 1900 vier bundels verskyn (die eerste in 1893, die tweede in 1894, die derde in 1896 en die vierde in 1898).

Dat al die werke, behalwe die van Maskew en die bloemlesing van Juta verskeie herdrukke belewe het, getuig die aftrek wat hulle te beurt geval het. Hoewel die bekoring van die eenvoud van taal nie te loën is nie, het die groot aantrekkingskrag veral in die grappige toon en die deur-en-deur Afrikaanse inhoud gelê. Behalwe Reitz, het die ander nie juis 'n hoë dunk van suiwer Boere-Afrikaans gehad nie. Maskew laat sy Hotnot getuig:

„Di Engels moet jij oek nou leer,
Tot jij di taal kan gooi,
En wijs di volk dat jij kan praat
Di wit-taal nes di rooi.”

Dit gee aanleiding tot die soort koffie-en-melk-taal waarvan die „Jolly Hotnot” hom dan bedien, ook wanneer hy nie „jolly” is nie. Liefde vir Afrikaans straal nooit en nêrens deur nie.

Melt Brink andersyds lê die volgende belangrike verklaring van sy standpunt af: „Ik heb mij, wat de taal betreft, zoveel mij zulks mogelijk was, aan de middenweg tussen goed Hollands en Patriots gehouden. Ten eerste omdat ik denk dat deze voor velen gemakkelijker zal lezen, en ten tweede omdat ik het Patriots te overdreven acht, wij spreken zo niet onder

ons. Ik heb het Kaaps-Hollands, zoals wij het gewoonlik spreken, gevolgd . . ." (*Eerste Bundel*, 5e dr.)

Dadelik val 'n sterk punt van verskil met die G.R.A. op. Onder die G.R.A.-lede het daar, na buitentoe altans, eenheid oor kwessies van spelling en norm geheers, onder die onafhanklike groeple was daar verdeeldheid. Reitz volg die *Patriot*-tradisie (Boere-Afrikaans), Maskew skrywe Hotnot-Afrikaans en Brink rig hom na die Bolandse stads-Afrikaans van die ontwikkelde. Dieselfde verwarring het ons in die tydperk wat 1875 voorafgaan, reeds vasgestel, en kontrasgewys bring dit 'n prestasie van die G.R.A. na vore wat nie onderskat mag word nie. Dit val juis op hoe veel Maskew en Brink tog, by al die normverskille, aan die leiding van die *Patriot* in casu spelling verskuldig is.

Hierdie drie buitelanders onderskei hulle in hulle werk ook op stuk van godsdienstigheid van die G.R.A. en sluit tot 'n aparte groep saam. Al val 'n religieuse gestemdheid in Brink se nasionale en klaagsange nie te miskenne nie, en al is Reitz se werk nie ongelowig nie, bly hulle en Maskew ten opsigte van godsdienstigheid tog of neutraal of negatief, terwyl die G.R.A. hier positief kleur wys. Die lewensgevoel is verskillend.

As daarop gelet word dat verreweg die meeste van die G.R.A. se uitgawes in prosa is, dan is dit opmerklik dat die drie buitelanders hulle as digters aandien. Ook in die vorm sluit hulle as 'n groeple saam. Alleen moet die groepsgedagte nie eng opgevat word nie, want die samehorigheid berus bloot op uiterlike of toevallige ooreenkomste. In die diepste grond van die saak staan Brink, en veral Reitz, veel nader aan die G.R.A. as aan Maskew, want liefde vir die Afrikaanse volk is in die laaste instansie ook hulle inspirasie en roeping.

Met dié opmerking kom ons by die belangrikste kernfeite en keer terug na die G.R.A. Die waarlik-nuwe van die G.R.A.-manne is hulle houding t.o.v. die taal van die volk. Hoogenhout het reeds in sy *Die Geskiedenis van Josef* (1873) die kindertjies opgeroep om die saak van Afrikaans tot 'n saak van gebed te maak. „As julle bid, dan mot julle ook meteens aan onse liewe Heer vra, dat die Bijbel tog vertaal mag word in die Afrikaanse taal ook.”

Die G.R.A. se eie houding spreek hulle onomwonde en met digterlike ontroering in die Manifest uit. Vir die eerste keer oorheers die gevoel, deurstraal die liefde vir heilige menslike waardes ook die moedersprake en word daarmee in verband gebring. In versvorm kon hulle dit nooit so warm verwoord nie, en 'n onbeholpe gestamel is hierdie militante belydenis en durwende uitsegging van liefde ook nie langer nie, intendeel, die kanselgebaar kon beskeier gewees het:

„En die ergste is nog, hulle (die Engelse heersers) ontnem ons wat hulle ons nooit weer kan ge nie. Want daar is maar één moedertaal, die taal van ons hart. Die taal waarin ons aan moeders bors *pa* en *ma* leer sê het, — die taal waarin ons die eerste indrukke ontvang het, — die taal waarin ons vrome moeder ons as kinders geleer het om die dierbare naam van onse Heere Jesus uit te spreek, — die taal waarin ons ouers altyd hulle God gedien het, — die taal waarin ons brawe vader ons op syn sterfbed nog vermaan het, die taal waarin ons moeder stervend haar laatste aasem uitgeblaas het in een gebed ver ons; — *die taal blyf ons heilig* — die taal kan ons ver geen ander taal op die wêreld verruil nie. En ieder perbeerslag om ons die taal te ontnem beskou ons as een onteering van die nagedagtenis van onse voorvaders, as een onderdrukking van die teënwoordige geslag, en as een onreg ons kinders aangedaan . . . Hulle sal ons moedertaal nie uitroei nie!

„Regte Afrikaanders, ons roep julle op om same met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat onse Lieve Heere ver ons gegee het; en om same met ons te staan ver ons taal deur dik en dun; en nie te rus nie vóór dat ons taal in alle opsigte algemeen erkend is as die volkstaal van ons land.”

Die Manifest, waarvan daar 'n duisend los blaadjies versprei is, stel dus die ideaal. Maar soos gewoonlik, skiet die daad by die ideale te kort, en so ook hier. Die *Volkslied*, wat later ten toon geset is, en wat ook vir propaganda gebruik is (500 eksemplare), bevat mooi gedagtes, maar die vormgewing is baie swak. 'n Mens erken nouliks die hoë gesindheid in hierdie doodnugtere, praktiese oorwegings, wat vir ons in 'n stroewe maat berym word. Hierdie taal het geen towermag nie, voer ons nie met sy suggestiewe mag en deur sy spankrag

in die sfeer van skoonheid in nie. Maar aan die anderkant, die program van aksie verlang praktiese idealiste, manne van die daad en met geloof — en dié is hier.

Die eerste groot doel was om, ooreenkomstig nr 9 van die „Algemene Bepalings,” 'n maandblad uit te gee, „wat die naam sal dra van „Die Afrikaanse Patriot” in die vorm van 'n boekje van sestien (16) bladsy'e.”

Op „Saterdag, 15 January, 1876” verskyn toe die eerste aflewering, „gedrukt bij Smuts en Hofmeyr, Kasteelstraat, Kaapstad,” dus deur die uitgewers van *De Zuid-Afrikaan*.

Hoe beskeie is die tydskriffie van 16 blss. van 7½ by 5½ dm. nie! Die eerste jaargang is o.w. net in drie eksemplare voorhande, die kopie van Hoogenhout berus in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek (waarvan ons 'n fotokopie besit), die van Pannevis in die Universiteitsboekery van Pretoria, en dan nog een in die Dreyer-versameling van die U.K.O.V.S. Die Stellenbosse eksemplaar dra in Hoogenhout se handskrif die letters C.P.H. na die hoofartikel, en die manuskrip, in sy handskrif, is in die boekery van die Voortrekkeruniversiteit.

Oor die norm en spelling het reeds eenstemmigheid geheers vóór die verskyning van die blad. Op 30 Jan. 1875 skrywe Een Ware Afrikaander (ds S. J. du Toit) aan Klaas Waarsegger Jr. (C. P. Hoogenhout) oor die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* o.m. „Die eerste vraag sal wees . . . „Wat is die Afrikaanse Taal?’ Ek het laas een man hore seh: „Daar is drie soorte van Afrikaans: Heere-, Boere- en Hottentots-Afrikaans! Mar dis geen beswaar nie . . . Dat daar een klein verskil is, is natuurlik. En as ons so een boekie skryf, dan denk ek is dit die beste om die middelklas te hou en die Boere-taal te neem. Buitendien is die regte bevolking van ons land toch mar Boere. En die Geskiedenis het ek my an die Boeretaal gehou.” Hierop antwoord Klaas Waarsegger Jr. op 20 Febr. 1875 „Dus die saak is gevonde. *Boere-Afrikaans* daaran mot ons hou; das die ware Afrikaanse landstaal. Geen zulle of haarlui — das te hoog. Julle en hulle is die meeste en gebruik . . .”

Die sewe spelreëls, waarvan die eerste die omstrede stelling „Ons skryf so's ons praat” is, het ds Du Toit op versoek van Hoogenhout opgestel en in *De Zuid-Afrikaan* van 25 Nov. 1874

bekendgemaak. Hoewel inkonsekwensies voorgekom het (bv. *banja, baiang; baing, bajang, worre, worde*) is daar tog 'n prysenswaardige stelselmatigheid gehandhaaf.

Van die begin af het die blad dan 'n duidelik-omlynde taalpolitiek gevoer. Dat die leiers onder „Boere-Afrikaans” veral aan die taal van die Pêrelse Afrikaners gedink het, blyk soms uit die woordkeuse, wendinge en spelling (*oek, baiang*). Bolandse terme soos „oulappe en stuiwers” is ook aan die orde van die dag gewees.

Die Afrikaanse Patriot was in die eerste jaargang nie 'n koerant nie, maar 'n tydskrif om vir en in Afrikaans te stry. Bowendien was dit as tydskrif die mondstuk van 'n taalpropagandistiese beweging sonder meer, waarin die besluite van die G.R.A. uitgewerk word. Die eerste nommer bevat die reeds bekende Manifes en Volkslied, 'n kragtige hoofartikel en 'n brokstuk geskiedenis benewens kennisgewings. In die tweede nommer verskyn reeds die „Re'els en Bepalings,” 'n gedrukte vorm van aansoek om lidmaatskap en „Re'els ver Takke van die Genootskap.” Gedurig is mense aangespoor om buitetakke te stig, en selfs is aangedui hoe om die notule van 'n stigtingsvergadering te hou „Te'enwoordig om 'n tak van die Genootskap op te rig:—

die heere.....

..... open met gebed.

1. Beslote om die Genootskap hartelik geluk te wens...”

2. Tot Bestuur word gekies...” ens. (P., 14 Okt. 1876). Ook die verslag van die eerste jaarlikse vergadering verskyn in die Oktober-boekie. Verder word lede op die hoogte gehou van die vordering met die „*Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal, Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk en Die Afrikaanse Almanak vër 1877* — die drie eerste publikasies. Ook verneem ons gedurig hoe die getal intekenaars toeneem.

Pynlik was die tydskriffie hom van sy miskenning bewus gewees en dit bepaal die dubbele karakter van die opgenome stukke: om die oortuigdes te versterk, te stig en te amuseer, en om die onbekeerdes te bearbei. Dit beoog, volgens die be-

doeling van die genootskap, aanmoediging en opvoeding ener-syds, en oortuiging andersyds. Die meeste bydraes besit albei hierdie karakters trekke: die skrywers rig hulle terselfdertyd beide tot die gelowiges en die ongelowiges. En onder skrywers moet ons verstaan C. P. Hoogenhout en S. J. du Toit, wat omtrent die hele eerste jaargang volgeskryf het.

'n Hoofartikel was daar maar selde, dog onder die paar munt die fris-beeldende en forse aankondigingstuk waarmee die tydskrif open, bo almal uit. In die Stellenbosse kopie het Hoogenhout dit met sy paraaf onderteken. Hy sê o.m. „Né, jonge Afrikaanders! goi nou weg die vreemde wapenrusting nes David! Vat julle slinger! En goi elke vyand, al is hij so groot as Goliath, teun die grond. Ja, nou kan elke Afrikaander skrywe wat hy wil in syn eie taal . . . Kom nou voor'n dag, verborge pêrels en diamante! . . .”

Die ander kontribusies in prosa bevat brokstukke oor ons landsgeskiedenis, veral van die Hugenote, later opgeneem in *Die Geskiedenis van Ons Land in die Taal van Ons Volk*, verder oor Afrikaans as taal waarin verskillende gesigspunte belig word soos die plek van Afrikaans onder die Germaanse talegroep, 'n vergelyking tussen Afrikaans en Nederlands, die oorsprong van ons taal (— 'n belangrike hoofstuk) in *P.*, Junie; die karakter, nut en reg van Afrikaans, e.s.m.; in die verband is Whitney se taalbeskouings te pas gebring. Hoofstukke uit *Eerste Beginsels van Afrikaans* is ook oorgeskrywe (*P.*, April). In die korrespondensiekolomme het die publiek van hulle laat hoor, meestal gunstig. 'n *Ongeleerde Boer* sê: „Oom Lokomotief, gé stoom an die vuurwal!” (*P.*, Aug.).

Insluitende die *Volkslied* het daar in 1876 agtien gedigte verskyn. Sover as ons die skrywers uit Hoogenhout se eie aantekeninge by die gedigte ken, het hy alleen of saam met ander, nege hiervan geskryf, Herholdt twee en A. Pannevis twee alleen, en twee saam met Hoogenhout. Hoogenhout het hom van verskeie skuilname bedien, bv. *Afrikaander* (*Dag. Afrikaanse Patriot*, *P.* Febr.) *Jan die Versiesmaker* (*So'n Klein Stoutjie*, *P.* Mei; *Pieter en Betjie*, *P.* Junie); *Beginner* (*Helena en Eduard*, saam met Pannevis, *P.* Mei); *Boer* (*Moeilikheid om Liedjies te maak op 'n Boerplaas*, *P.* Junie); en *Cupido* (*Uitnodiging an Annie*, *P.* Okt.), benewens twee naamlose gedigte

(An A. J. Herholdt, P. April, en *Mijn Vrouwtje het een Seun gekry*, P. Sept.) Hy het flink weggeskuil!

Slegs in twee nommers het drie gedigte verskyn, in die ander minder en in Augustus en Desember glad niks. Die oes is dus maar heel skraal en die digters weinig. Hulle het die lied, die naamdig (*An Spotters*, P. Febr.), die rympie, die ballade en vertelling beoefen. Wel is daar meer geskryf as opgeneem is, maar die „Voorrede by di Eerste Uitgaaf” van die *Afrikaanse Gedigte, Eerste Versameling* (1878) meet beslis te breed waar hy sê „Die eerste antwoord op die Oproeping van ons Genootskap . . . was ’n stroom van gedigte, gerig an „Oom Lokomotief . . .”

Herhaaldelik het daar ’n geroep opgegaan om die *Patriot* te vergroot of halfmaandeliks te laat verskyn. Die verrassende aanwas van intekenare het die Genootskap aangemoedig om die waagstuk te onderneem! Die tydskrif word ’n koerant; die orgaan van die Genootskap word die orgaan van die volksparty (hoewel nog nie in ’n tegniese sin nie!) die maandblad word weekblad, die formaat word groter (12 by 18 dm) die boekie verdwyn, advertensies, markberigte, e.d. word opgeneem en van Kaapstad verhuis dit na die Paarl. (Derde oproeping, P. Des.). Dit geskied met ingang 1877. O.w. bestaan net twee volledige kopieë van hierdie jaargang, een daarvan in ons besit.

Deur die verandering van opset en uitbreiding van werksaamhede, kon die Genootskap nog die rigting bepaal maar persone moes nou voltyds in diens geneem en betaal word. Dit is die eerste stap wat gelei het tot die oprigting van die firma D. F. du Toit en Co. as drukkers en uitgewers in 1878. Hoewel die steunpilare nog die oorspronklike lede van die G.R.A. is, neem die invloed van die Genootskap as georganiseerde beweging vir die taalstryd aanmerklik af, want die werksaamhede word deur die uitgewersfirma behartig. Die Bybeloorsetting is nog die groot taak wat die Genootskap saamgebind en ’n status gegee het.

Die belangrikste inwendige verandering is wel dat die *Patriot* verkleur van ’n kultuur-orgaan tot ’n politieke blad. Dit was in ieder geval nooit die oorspronklike bedoeling van die vergadering van 14 Augustus 1875 nie, maar is die natuur-

like voortvloeiſel van die behoefte van die tyd. Veral die politieke aangeleenthede in die Transvaal het die *Patriot* sy koers laat ſoek en vind. Die hoofartikel oor die aanstaande presidentsverkiesing, waarin die kandidatuur van Paul Kruger bepleit word, behoort tot die skitterendste Afrikaanse joernalistieke poginge wat kennis van die Afrikaner se mentaliteit aangaan. Die oprigting van die Afrikanerbond en ander politieke en ekonomiese aangeleenthede val buitekant die perke van die oorsig. Vir ons doel wek die *Patriot* en die firma D. F. du Toit en Co. nog net ſover belangstelling as die Afrikaanse letterkundige aktiwiteit daarvan, 'n onderdeel van sy ander bedrywighede, nog bly voortduur.

Die belangstelling in die Afrikaanse taal en letterkunde het in 1877 geweldig toegeneem, en die populariteit van die *Patriot* is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Op 26 Januarie vind die volgende gesprek plaas: Broer Dawid: „Het jy ons *Patriotte* megebreng?” Meneer M.: „Ja, daar is dit. Hoe lyk julle dan so snoep ver die *Patriot*?” Neef Danie: „Ja, glo myn, ons wag op die *Patriot* nes 'n hond na 'n stuk vleis. Dis 'n al te dierbare koerantjie . . .”

Die taal van die blad het 'n ware twisappel geword. Herhaaldelik lees ons van twisgesprekke oor die deugdelikheid van Afrikaans. Die wat die lig voor in die wapad sien en ook in hulle het, probeer die ander siende te maak, al gaan dit dikwels moeilik. So getuig iemand hoe „verkeerd” 'n „ou kêrel” was met wie hy oor Afrikaans gepraat het. „Mar so het ek nog nooit 'n mens sien vuur en vlam spuwe nie. So giftig as die ou arme siel daarte'en was, is daar seker gen tweede. *„Dit is gen taal.” — Dis Hotnots taal! — Dis de pure spotterny! Ons praat nie soo nie!* Dit was enige van sy uitdrukkings.” (P. 12 Jan. 1877). Dan word getrag om hulle te oortuig met kalme argumente, om hulle komplekse te begryp of anders word met hulle die spot gedryf, soos met die ouderling wat nie Afrikaans wou praat nie en „hoogsproken” geword het. Hy sê bv. *myn vinger is verswore en Ik heef een os gekoggen* (P. 23 Nov. 1877).

Afrikaans win veld, want hy is 'n simbool wat besieling bring. In hierdie gees, vir hierdie idealisme, in hierdie toon, ontstaan nou in 1877 'n menigte gedigte oor die moedertaal —

die belangrikste tema in die jaar. Die prosastukke oor die tema doen nou vir die eerste keer onder vir die poësie. En die mense „dig” en skryf dat dit 'n plesier is. Op 14 Des. 1877 sê Oom Lokomotief dat hy nie meer kan voorbly om die briewe privaat te beantwoorde nie. „Hier leg 'n 30 stuks voor Oom Lokomotief. Hy het dit buitengewoon druk met die wegstuur van *Almanakke* en *Misdadig Engeland*....” Daarmee het ons terselfdertyd die twee publikasies van die jaar 1877 tesame met *Die Geskiedenis van Ons Land in die Taal van Ons Volk*, wat aan die begin van hierdie jaar verskyn het, en die derde uitgawe van die G.R.A. is; die tweede is die *Almanak ver 1877*, en die eerste is die meergemelde *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal*, albei van die vorige jaar (1876). Terwyl die eerste drie nog in Kaapstad gedruk is, is die laaste twee (*Almanak ver 1878* en *'t Misdadig Engeland*) in die Paarl uitgegee.

Daar is vreugde oor die nuut-verkreë vryheidsgevoel, die gevoel van kunne. Die nuwe digters het gedag dat hulle arm was en ontdek dat hulle ryk is; veraëgtelik, maar is waardig bevind.

Ons is so bly, ons is so bly,
 Ons sal ons eie taal nou kry;
 Ons lees al nes ons praat.
 Ons hoor partykeer nou al sê:
 „Ons laat die Engels nou maar lê,
 Wat sal dit ons nog baat.”

In die volgende jaar (1878) verskyn die *Afrikaanse Gedigte Eerste Versameling*, en bevat onder rubrieke, met „Ver Vaderland” bo-aan, gevolg deur „Ver Moedertaal,” 'n bloemlesing uit wat in die eerste drie jaar verskyn het. Opmerklik is, wat temas betref, die toename aan gedigte oor die „Vaderland,” wat die oor „Moedertaal” begin oorvleuel. Hulle kom uit 'n intens nasionaal-christelike lewenshouding voort en adem dieselfde gees as die prosastukke uit die jaar. As ons die bundeltjie uit 1861 meereken, dan is hierdie versameling die tweede Afrikaanse digbundel. Dit is verder die eerste beletristiese uitgawe van die G.R.A. Die belangrikste enkele digter hierin is C. P. Hoogenhout.

Die tweede belletristiese poging volg in die jaar hierop, 1879, naamlik *Catharina, die Dogter van die Advokaat* deur Klaas Waarsegger Jr. (C. P. Hoogenhout), 'n bekroonde prysvraag. Van dieselfde hand is in dieselfde jaar *Eerste Afrikaanse Printjies Boeki ver Soet Kinders* deur Jan wat Versies maak. Die jaarlikse *Afrikaanse Almanakke*, wat, met 'n onderbreking, tot 1918 verskyn, noem ons nie meer nie. Boustowwe bied ds S. J. du Toit ons in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, die enigste boek in 1880.

Kyk ons op die tydperk 1877-1880 terug (die eerste Paarlse periode), dan val dit op, dat al die boeke in hulle geheel of gedeeltelik uit die *Patriot* oorgedruk is, behalwe net die *Spel en Leesboek* van Van der Rijst (1878); dat al die werk tussen 1876 en 1880 soos verteenwoordig in die dertien afsonderlike boeke, 'n praktiese doel beoog met uitsondering van twee belletristiese werke. Die belangrikste figuur onder die skeppers van nuttige werke is ds S. J. du Toit, onder die wat 'n letterkunde opbou, moet ons in die eerste plek C. P. Hoogenhout noem, beide as digter en prosaïs. Onder die dertien boeke, of agt, as ons die *Almanakke* buite rekening laat, is slegs één 'n digwerk.

Die boeke self maak 'n heel beskeie indruk. Behalwe die *Geskiedenis van ons Land* . . . wat 235 bladsye beslaan, en die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* wat 134 bladsye tel, is almal onder die honderd paginas dik, — die *Eerste Beginsels* tel 29. Die opmaak en band is ook baie primitief.

Op die eerste vyf jaar volg nou 'n tweede vyf jaar waarin die produktiefste tydvak aanbreek. As ons die *Almanakke* bytel, dan het daar tussen 1881-1885 in geen jaar minder as vier Afrikaanse boeke verskyn nie, en in 1882 soveel as sewe. Dit is tog 'n belangrike prestasie vir so'n jong taalbeweging wat onder die grootste moeilikhede begin het. Die beweging self het verder 'n landswye aandag gewek, in 1880 het die *Patriot* reeds 1800 vaste intekenaars gehad en in 1881 het die getal deur sy houding in die Transvaalse politiek byna verdubbel.

Ook buitekant Afrikaanse kringe het die beweging in hierdie tyd, juis om sy invloed deur die orgaan en sy publika-

sies, aandag verkry, en daaronder van geleerdes ook. Dr Th. Hahn, 'n „colonial philologist” soos hy hom aankondig, lewer 'n toespraak op 29 April 1882 by geleentheid van die drie-en- vyftigste jaarvergadering van die beheerkomitee van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek en skenk terloops aan die slot van sy betoog aandag aan Nederlands en Afrikaans, maar in 'n baie onvriendelike gees. Presies van 'n teenoorgestelde strekking is die lang artikel van C. Stoffel uit dieselfde jaar (1882) in *Volksalmanak der Maatschappij tot Nut van het Algemeen* („Eene wettige dochter der Hollandsche Taal”).

As verdere bewys van die groeiende belangstelling in Afrikaans in hierdie periode noem ons die lys van Afrikaanse woorde wat verskyn het in *Onze Volkstaal, Tijdschrift gewijd aan de Studie der Nederlandsche Tongvallen* (Culemburg 1882 vlgg.) en onderteken deur A. P. (Paarl), dus vermoedelik Arnoldus Pannevis. Die belangrikste leksikografie is van die hand van 'n ander geleerde Hollander, dr N. Mansvelt: *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* (Kaapstad, 1884). Ook H. Elffers wy 'n dertigtal bladsye agter in sy boek *Practical Dutch Grammar and Analysis* (Kaapstad 1885) aan „Cape Idioms.” Om al die stukke en artikels te noem, sal ons te ver voer. Ons vermeld nog net die volgende uit hierdie tydvak: V.D.M. se artikelreeks in *The Cape Monthly Magazine* van 1880 en 1881 oor „Some Cape Dutch Words,” wat tot 'n twisgeskryf aanleiding gegee het; verder prof. Mansvelt se rede oor „Het Afrikaansch” in die *Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* en T. M. Tromp oor Afrikaans in *Herinneringen uit Zuid-Afrika* (1879, hfstk 22).

Ons kan seker aanneem dat die werksaamhede van die Genootskap van Regte Afrikaners tenminste gedeeltelik verantwoordelik is vir hierdie taalkundige belangstelling van geleerde sy. Ons let weer op hulle eie boeke-produksie.

In 1881 verskyn „Twede Versameling” *Afrikaanse Gedigte* oorgedruk uit die *Patriot* en dit bevat in die 168 bladsye merendeels nasionale gedigte en vertellings oor die afgelope Zoeloe-oorlog, oor Transvaal, verengelsing en die moedertaal. Ons noem nog *Godsdienstige Stukke* van Cefas (ds P. D. Rossouw) en ds S. J. du Toit, Afrikaanse preke oorgedruk uit die *Patriot*, net soos ook *Transvaalse Volksliedere* in Afrikaans

en Hollands. Los van die firma D. F. du Toit en Co., wat bogenoemde boeke uitgegee het, is die uiters banaal-lawwe *Geskiedenis van die Transvaal of die Suit-Afrikaanse Republiek van die laaste tien jaare gevertel* door Klaas Waarzegger aan zijn neef Martinus in Holland in die eige Boere sijn taal — deur M. de Vries (Leiden).

Die glansjaar word 1882. Die *Afrikaanse Gedigte, derde Versameling* is die mees ambieuse bundel wat nog ooit voor 1908 verskyn het. Dit beslaan 180 bladsye 7 by 4 duim en word omtrent net gevul met nasionale spog-, spot- en dankverse oor die afgelope Eerste Vryheidsoorlog. C. P. Hoogenhout is die vrugbaarste onder hierdie digters en S. J. du Toit se *Transvaalse Vryheidslied* die beste gedig. In hierdie jaar verskyn ds J. Lion Cachet ook vir die eerste keer met sy twee novelles *Die Geldduiwe* (48 blss.) en *Die Drankduiwe* (43 blss.) uitgegee onder die skuilnaam „Neef Jan wat Versies maak.” Hoogenhout doen verder mee met 'n vertaling van 'n godsdienstige stuk *Die Wege des Heeren met George Muller, deur homself beskewe*, en die politiek is die inspirasiebron vir twee werkies *Die Afrikaner Bond* en *Die Oprigting van Banke*: immers, die Afrikaners word nou 'n politieke mag onder die vaandel van die Afrikanerbond as 'n georganiseerde party. Die pasvolstrede vryheidsoorlog het die gemoedere diep geroer en die Afrikaanssprekendes een van doel en sin gemaak in hulle roeping as volk.

Ook in die jaar hierop (1883) kom nog politieke propagandastukke van die pers: *Di Ontslag van Dr Jorissen. Enige artikels, ter verdediging van di Transvaalse Volskraad in bowegenoemde saak* en *Di Voorgestelde Transvaalse Nasionale Bank*, albei by D. F. du Toit en Co. Op suiwer letterkundige gebied is daar in prosa *Di Liegduiwe* van Cachet en in rym die „Vierde Versameling” van die *Afrikaanse Gedigte*, ook oordrukke uit die *Patriot*. Die *Gedigte* toon nou agteruitgang; beide wat gehalte en hoeveelheid betref. Vir die eerste keer sedert 1881 word geen „Versameling” gedigte in 1884 uitgegee nie, 'n indirekte bewys hoeseer die Transvaalse gebeurtenisse, wat nou afgeeloop is, die inspirasie vir ons digters en rymelaars was. Aan die ander kant neem die godsdienstige gedigte langamerhand toe.

Hoewel D. F. du Toit en Co. geen bloemlesing in hierdie jaar (1884) uitgegee het nie, het daar tog een verskyn, nl. die reeds gemelde *Klaas Gezwint en zijn Paert* by Juta.

Ds Cachet sit sy realistiese novelles voor met *Di Praat-duiwel* (1884), weer 'n verstoriede preek oor 'n sosiale euwel, en uit die pen van C. P. Hoogenhout en E. J. du Toit volg 'n vertaling uit Hollands tot stigting veral van die „oplossers van Bybelse Raaisels,” nl. *Di Vinger Gods en sewe ander Verhale* (1884). Oom Willem (J. W. van der Rijst) publiseer nommer 1 (nommer 2 in 1885!) van sy *Evangelii in di Volkstaal* bevat-tende „godsdienstige stukke.” Die *Patriot*-uitgawes van 1884 staan dus almal in die teken van die kruis behalwe die boekie in tydskrifformaat *Die Afrikaanse Boer* (nr 1 in 1884), waarvan nommer 2 die volgende jaar die lig gesien het en wat eintlik die eerste Afrikaanse geskrif oor boerderysake is. Nommer 3 kom in 1886 uit en nommer 4, die laaste, in 1887. Hulle tel van 12 tot 32 bladsye en bevat oordrukke van artikels uit die *Patriot* oor veeteelt en landbou.

Uit 1885 noem ons eindelijk nog *Van di Blokhuis na di Witte Huis. Di Lewe van James Abraham Garfield, Oerlede President van di Vereenigde State van Noord-Amerika*, waar-skynlik deur Hoogenhout vertaal, en dan die taamlik beskeie „Vyfde Versameling” *Afrikaanse Gedigte*. Oom Jan (C. P. Hoogenhout) en Neef Jan (J. D. Cilliers) is die belangrikste digters. Huislike aangeleenthede en godsdienstigheid is nou die groot temas en hierdie soort gedigte wek gedurig herinne-rings aan die Nederlandse predikante-digters van die tyd. Daar heers nou tevredenheid, gematigdheid en selfgenoegsaam-heid na die gelukkige afloop van sake in die Transvaal. Die lewe word slap en gemoedelik, die leefdrif flou en spanninge het verdwyn. Daarom verander ook die militante toon tot 'n soort van gematigde, liberalistiese goedigheid. Dit is soos op 'n lome Sondagmiddag in die somer: vrede en koffie op stoep!

Oorskou ons die afgelope vyf jaar, dan maak ons interes-sante vasstellinge. Hoogenhout bly nog ons vernaamste digter, maar nou is daar 'n menigte wat hom ter sy staan, onder wie J. D. Cilliers sterk na vore dring. Die terreine waaruit die gedigte voortkom, het baie verander. Tot 1883 oorheers taal en nasionaliteit as die voedingsbodem, die toon is aggressief

en die gevoel sterk. 'n Uitgesproke volksgees openbaar hom wat ook in die politiek verwesenliking soek. Maar hierna, as gevolg van die afwesigheid van die prikkel wat die onderdrukking en toe die vryheidstryd van Transvaal gewees het, tree verslapping in, neem die godsdienstigheid en die huislikheid die leiding oor en daal die peil van die eertyds frisse volkskuns. Waar die *Patriot*-gedigte hulle van 1880 tot 1883 by die Geusepoësie aangesluit het, vertoon dit hierna in strekking en inhoud verwantskap met die Nederlandse predikante-poësie. Volkskuns word rederykerskuns, gediggies word rympies.

Opmerklik is verder dat ons in hierdie vyf jaar (1881-1885) vier gedigteversamelings van die *Patriot*-kantoor kry teenoor die één van die voorafgaande halwe dekade, en die twee tussen 1886-1905. Dit is die belangrikste tydvak van poëtiese skepping.

Ook op prosagebied is die vasstellings interessant. In hierdie periode is ds S. J. du Toit Superintendent van Onderwys in die Transvaal en sy plek word deur 'n ander predikant as belangrikste prosaïs ingeneem, naamlik deur ds J. Lion Cachet, wat vier *Duiwels* aan sy lesers voorhou. Eintlik is sy prosawerk die enigste wat ons tot die letterkunde in enger sin kan reken. Die orige prosastukke hou verband met die politieke ontwaking van ons volk, sy belangstelling in ekonomiese kwessies, en met boerderysake. Vir suiwer stigtelike lektuur sorg ds Rossouw, J. W. van der Rijst en C. P. Hoogenhout, laasgenoemde met vertalinge. Teenoor al die taal- en studieboeke ooreenkomstig die program van die Genootskap van Regte Afrikaners uitgegee in die vorige vyf jaar, kan ons nou net stel die eerste nommer van J. W. van der Rijst se *Samesprake in Afrikaans en Engels* (1885) — nr 2 is gedruk in 1887, nr 3 in 1890 en die drie tesaam in 1897.

Dus, teenoor die intensiewe propaganda vir Afrikaans in die beginjare kom nou die ekstensiewe propaganda vir 'n Afrikaanse politieke en ekonomiese lewe. Die aksent is heeltemal verlê.

Agter dit alles sit die *Patriot*, en agter hom weer een van die eerlikste, opregste maar mees beskeie van Afrikaners, die troue en gelowige Oom Lokomotief, die stille, hardwerkende D. F. du Toit, D.P.Sn., ouer broer van ds S. J. du Toit. Be-

halwe De Vries se boek is elkeen van die genoemde *Patriot*-uitgawes oordrukke uit sy koerant, nou in groot formaat. En Oom Lokomotief se strydprosa in die hoofartikels van sy koerant munt dikwels uit deur beeldrykheid, slagvaardigheid, moed en diep-menslike insig. Hy was 'n vaderlike raadgewer, 'n wyse, vérsiende leidsman en 'n „Regte Afrikaner.”

Hy het 'n geoefende pen hanteer en was 'n uitstekende joernalis. Terloops merk ons op dat hy van 1882 af die lang klinker aan die einde van 'n oop lettergreep enkeld skryf: *di, liwe, twe en dri*.

Ongelooflik is die agteruitgang in die hieropvolgende vyf jaar 1886-1890. Teenoor die 24 afsonderlike boeke en boekies van die vorige vyf jaar (met uitsluiting van die *Almanakke*), is daar net twaalf in hierdie periode, en daarvan is vier voortsettings van reekse [*Di Afrikaanse Boer*, nr 3 (1886) en nr 4 (1887), en *Samesprake in Afrikaans en Engels*, nr 2 (1887) en nr 3) (1890)] terwyl één 'n bloemlesing uit twee bloemlesings is (*Bloemlesing van Afrikaanse Gedigte byeenversameld uit Nos. Twe en Dri*, 1888).

Van die oorgeblewe sewe is net één belletristies, naamlik die „Sesde Versameling” *Afrikaanse Gedigte* (1889). Hierin is die meeste gedigte uit een pen, die van J. D. Cilliers. Ook is die karakter al weer anders. Vir die eerste keer vier die liefde die botoon en speel skerts en terglus 'n oorheersende rol. Hoe ver staan ons nie van die standpunt van die „Eerste Versameling” van twaalf jaar gelede af nie!

Die res is in prosa. Ons eerste Afrikaanse reisbeskrywing is *Alweer op Reis. Di Slag as Lid van di Transvaalse Deputasi* in 1883-1884 deur ds S. J. du Toit (1886). Dit is lewendig vertel en het die Europese atmosfeer soos deur 'n Afrikaner ondervind, goed opgevang. In hierdie jaar verskyn ook 'n stigtelike verhaal van Oom Willem (eerw. J. W. van der Rijst): *So gaat dit* en van ds J. Lion Cachet: *Di Geskiedenis van di Hugenote van di jaar 1521-1789* deur Pastor. In 1886 oorheers die godsdienstige dus. In hierdie tydperk verskyn ook *Di Bybel in Afrikaans, Dri Proewe* deur ds S. J. du Toit (1889). Dit bevat 'n uitvoerige historiese inleiding insake die beweging om die Bybel in Afrikaans oor te bring, met heelwat bronne. Dit is dié een groot taak waarmee die Genootskap van Regte Afri-

kaners besig was en waardeur dit sy bestaan as vereniging nog regverdig. Die taak het die stigtingsvergadering hom juis as einddoel gemaak en hier is die eerste tasbare bewys dat dit hom ook hiermee erns was.

Ons noem nie weer Reitz en Maskew se bundels uit hierdie jare nie.

In die tydperk wat volg, nl. 1891-1895, duur die insinking voort. Ingrypende inwendige veranderinge vind in 1891 plaas. Ds S. J. du Toit het bedank as Superintendent van die Zuid-Afrikaanse Republiek, en wat die rede ook al mog wees, die hartstogtelike vriend en pleitbesorger van Transvaal in die bewoë jare van sy vryheidskamp, word na sy dienstermyn aldaar op ewe hartstogtelike wyse die vyand van Transvaal. Sy hele politieke sienswyse ondergaan 'n omwenteling, en hy rig hom na die Britse staatsgedagte wat ook teen die beste belange van Transvaal indruis.

Ds Du Toit word redakteur van die *Patriot* en die twee troue vriende, C. P. Hoogenhout en „Dominee” se ouer broer, Oom Lokomotief, verlaat in 1891 die redaksie. Die vermelding van die koue feit verberg die diepste verskil van opvatting oor prinsipiële sake — en van leed! En van nou af lê die *Patriot* sy warme Afrikanerskap, sy onvervalste, vurige nasionalisme, neer. Sy slagaar word deurgesny en hy sal dood bloei, — want sy ontstaan, sy voortgang en sy regverdiging was juis hierdie volledige volksliefde en onvoorwaardelike nasiediens, — waardes wat nou wesentlik misken word.

Die *Patriot*-beweging verloor sy volkse karakter en word al meer en meer 'n eenmansbeweging. Maar deur en in ds Du Toit word die band met die oorspronklike strewe aan die ander kant insoverre bewaar as die saak van Bybelvertaling en die regte van Afrikaans as taal hom nog na aan die hart lê. Dit gee 'n eienaardige dualisme af: teen die volk, vir die volk se taal. So is ds Du Toit se *Patriot*-beleid ontrou en getrou: weens sy ontrou bloei hy dood, om sy trou vind dit langsaam plaas.

Die spelling word nou ook meer foneties, en van 1891 word die *ie*-klank in geslote lettergreep met *ii* voorgestel, bv. *viir* vir *vier*. Die *v*-teken bly nog.

In die genoemde periode 1891-1895 is daar één enkele werkje wat tot letterkunde gereken kan word, nl. die novelle *Di Spogduiwel* van ds Cachet (1892). Ons laat Melt Brink hier by die *Patriot*-uitgawes buite rekening. Verder is daar die reisbeskrywing *Di Meer N'Gami en ander Noordelike Streke. Reissketse* deur „Hendrik” (Hendrik Barnard), 'n eentonige relaas; die vertalings onder leiding van ds S. J. du Toit, t.w. *Di Eerste Boek van Moses, genoem Genesis* (1893) en *Di Evangeli vollens Matte'us* (1895). Hierby noem ons ook *Handboek ver Godsdiens Onderwys* (1892), eweneens deur ds S. J. du Toit, net soos verder sy strydvaardige en gedagteprikkelende, helder-gestileerde *Afrikaans ons Volkstaal. 71 Theses, of Stellinge, neergeleg en verklaar* deur S. J. du Toit (1891) en die vertaalde *Werkelike Geesverskynings* (1892). Die heel eerste kookboek in Afrikaans moet ook vermeld word: *Di Suid-Afrikaanse Kook, Koek en Resepte Boek, byeenversameld en geskrywe* deur Mejufv. E. J. Dykman (1891).

Altesaam ag boeke in vyf jaar, dus dieselfde getal as in die eerste vyf jaar, maar hulle besit soveel minder frisheid en idealisme. Drie daarvan is bowendien vertalinge, twee van Bybelboeke en een oor geeste! Ds du Toit is verantwoordelik vir meer as al die ander tesaam. Hieronder is geen enkel digbundel nie! Behalwe in *Afrikaans ons Volkstaal* en *Di Spogduiwel* is die gees van die oorspronklike werke slap en flou. Die daling is diep.

(e) *Die Periode 1896 tot 1907.*

Die Afrikaanse letterkundige en kultuurstrewe ondergaan 'n algehele verjonging met die oprigting van *Ons Klyntji* in 1896. Aan die spits staan weer daardie ondernemende persoon, ds S. J. du Toit, wat hierdie strewe in sy opgang en ondergang oorheers en beheers.

Op die Eerste Afrikaanse Taalkongres (— 'n gedagte deur ds S. J. du Toit reeds in die 46ste stelling in sy *Afrikaans ons Volkstaal* uitgespreek!), op 15 en 16 Januarie 1896 in die Paarl gehou, is besluit om 'n Afrikaanse tydskrif uit te gee „met di doel om ons Afrikaanse letterkunde an te kweek en ons nasi te ontwikkel.”

Op die Taalkongres het prof. Cachet gevra dat die tydskrif veral aandag sal wy aan die Afrikaanse letterkunde. „Dit moet ni 'n godsdienstig blad wees, mar tog nie van di regte pad dwaal. Dit moet 'n blad ver di huisgesin wees, 'n ware huisvriend.” Nog duideliker word die doel aangegee by die aankondiging van prysvrae wat die redaksie uitskryf. „Ons doel is om Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te form. Daarom sal ons di bekroonde prysfrage opneem, en fan di ander opstelle oek sofeul as dit wêrd is. Op di manier hoop ons goeie stukke te kry. Di *Patriot* het honderde geleer om te skrywe fer 'n koerant, *Ons Klyntji* moet tiintalle leer om goed te skrywe. Daarom sal op taal en styl net so gelet worde as op di inhoud. Alles suiwer Afrikaans: form en inhoud.” (O.K., Junie 1896).

Die tydskrif beoog dus letterkundige vorming van die lesers en wil in die plek van die *Patriot* se Byvoegsel tree, maar nou, behalwe in die persoon van sy redakteur, ds S. J. du Toit en deur die uitgewery, staan dit heeltemal los van die politiek. Dit was 'n nodige skeiding en het die blad ten goede gekom: so het C. P. Hoogenhout, om een te noem, as medewerker kon toetree.

Die naam *Ons Klyntji* is, volgens die notule van *Di Eerste Afrikaanse Taalkongres* (1896), op voorstel van prof. S. Postma aan die maandblad gegee, maar *Ons Klyntji* van Maart 1896 (die eerste uitgawe) sê op bls. 5 dat dit van prof. Cachet afkomstig is.

Die vignet toon 'n kindjie met skryfgereedskap, boeke en 'n suigfles. Na 'n jaar word die suigfles deur speelgoed vervang, en die kindjie het nou ook kleertjies aan. So word die kindjie elke jaar groter, soos veral aan sy kleredrag te sien is. Toe hy agt jaar oud was, kon hy al fiets ry, of, soos hy dit noem, 'n „twewiler.”

As motto het *Ons Klyntji* gehad: „Klyn begin, anhou win” — die leuse wat C. P. Hoogenhout vir die *Patriot* voorgestel het. *Ons Klyntji* is beskou as 'n troetelkind. Hy is deur die redakteur, ds S. J. du Toit, opgevoed, en elke maand gaan lê hy besoek af by die duisende intekenaars. Baie briewe is aan dié „kind” gerig waarin die lesers hom prys, hulle hande saamslaan oor sy oulikheid en sy verbasende kennis. By elke

verjaarsdaggeleentheid het hulle vir hom presentjies gestuur met 'n gediggie daarby.

Verneem ons nie die besorgde stem in die woorde van verwelkoming deur Oom Jan (C. P. Hoogenhout), en 'n bedekte waarskuwing aan die redakteur nie waar hy sê, verwysende na die swaarkry van die *Patriot* in die begin :

„So sal dit met jou oek gaan;
Blyf mar an syn leus getrou :
„Om ver Land en Volk te staan,
En ons Taal in eer te hou!” (April 1896).

Ons Klyntji het in die begin jare van voorspoed gehad en hy is gretig gelees, veral deur diegene wat andersins selde lektuur ter hand geneem het. D.G.R. vertel ons (Julie 1896) hoe graag die tydskrif deur sy familieleden en bure gelees word :

„Myn frou, ik siin haar wynig lees,
Maar kom *hy*, ja, dis klaar met kees!
Fer haar moet ik dit gé.”

Baie persone het *Ons Klyntji* versoek om tog tweekeer in die maand besoek af te lê. Natuurlik het hy ook baie nuwejaars- en verjaarsdagwense ontvang, al was die rympies maar baie mank. Soms verdwaal hy, en dan klae die intekenaar: „Ek wag op *Ons Klyntji* soos 'n mysi op haar fryer.”

Nie net 'n ongekende leeslus nie, maar ook 'n vurige skryfslus het in die beginjare losgebreek. Die redakteur vertel dat hy oorstroom word met verhale en gedigte vir *Ons Klyntji*. „Dit toon dat daar 'n nuwe gees ontwaak, nes in die dage fan di *Patriot*.” Maar hy het gedurig klagte: baie lesers skryf gedigte oor uit die *Patriot*, of vertaal eenvoudig Nederlandse gedigte en verhale om dit dan as hulle eie werk in te stuur. Gewoonlik het die redakteur die „diewe” betrap, maar 'n enkele keer het hulle hom tog gefop. „So stuur 'n ongenoemde frind fan Grasrand, Vryburg, my oek 'n ‚Verhaal fan vroegere tyd.’ Mar toen ek dit inkyk was dit di ou Griekwa syn ferhaal hoe di Hollanders die Kaap ingeneem het, wat oek meermale gedruk is. So moet ek net wakker wees; want myn frinde wil my mar omspring om fer my oue stukke weer te laat opneem wat al froeger gedruk is.” (O.K., April 1897).

Ds Du Toit raak naderhand baie ongeduldig oor die stelery: „Frinde, hou tog op met di lollery, ek wil tog ni oue kos opwarm fer myn lesers ni; en kryg ek nou so'n oue stuk. dan kos dit my partykeer 'n hele boel moeite om te gaan nasoeek waar en wanneer dit al froeger ferskyn is.” (O.K., Maart 1899). Selfs van sy eie gedigte is aan ds Du Toit gestuur — soms is hy ook gevra om dit tog te verbeter!

Die gebrek aan 'n verantwoordelikeheidsgevoel en die swak besef van wat grappig is, blyk uit die baie growwe paskwille wat die redakteur gedurig moes afwys (Okt. 1896 en Okt. 1897). Ook moes aan die ingesonde stukke gedurig gedokter word, maar soms het die redakteur dit opgegee. In November 1897 sug hy: „Ek het baing moeite gedoen, mar ek kan gen kop of stêrt kry fan di gedig wat 'n frind fan Steynsburg my stuur ni, beginnende (sonder titel): „Sonder jou kan ek ni langer lewe.” As ek dit so opneem as dit is sal di lesers net so daarmee moet sukkel en nou ek ni di verband of draad, kan kry ni, kan ek dit oek ni ferbetter ni.”

Persoonlike belangstelling in die blad het ds Du Toit probeer opwek deur die uitskrywe van prysvrae en deur take op te gee. Die eerste drie pryse is uitgelooft vir: „1. di beste lys fan Germaanse woorde deur Afrikaners” gebruik, 2. di drie beste grappige of leersame verhale, en 3. di drie beste diere-stories. In *Ons Klyntji* van Julie 1896 word 'n fragment van 'n gedig gegee: *Foor Honderd Jaar en nou* en die lesers uitgenooi om dit klaar te maak. Die prys is verower deur M. H. Naser.

Die studie van ons geskiedenis wou *Ons Klyntji* ook bevorder en daarom het hy pryse uitgelooft vir die beste oorspronklike verhaal en gedig uit ons geskiedenis. Daar het vyftien proewe in prosa en twaalf in poësie ingekom. Die pryswinners was P. J. Grobbelaar, M. H. Naser en B. R. Buys.

Die bepaald didaktiese strekking kom duidelik uit in die baie populêr-wetenskaplike artikels wat in die bloeijare verskyn het.

S.P., die skrywer van *Pratjies o'er di Natuur* (O.K., Maart 1896 tot Okt. 1897) verduidelik vooraf sy doel met die *Pratjies*: „Al di lesers het ni di voorreg gehad om di dinge in di Skool te leer ni, en tog sou menigene van ons lesers

graag 'n bitji meer weet van di wondere van di Natuur, wat ons elke o'enblik omring." Dit kos hom baie tyd en moeite om alles uit te snuffel, maar as dit vir sy lesers tot nut sal wees, „sal dit ver my di grootste beloning wees." Die stukke is bedoel vir oud en jonk, maar veral vir die oumense, want „di jonge mense verhef hulle te veul bo hulle ouers wat minder geleer is, en spog met hulle bitji geleerdheid, partykeer nog verkeerd oek. Di wat gen skole gehad het ni, kan hier maklik leer."

Hy is 'n praktiese leermeester. As hy oor die aarde of die sonnestelsel praat, dan gebruik hy lemoene of koeëls om duidelik te maak wat hy wil vertel. 'n Grappie bring hy dikwels ook te pas. So vertel hy na aanleiding van die vraag of daar mense op die sterre is: „Eens fraag 'n jingo, wat al te danig trots was op syn geleerdhyd fer 'n eenvoudige boer, wat ni alles van syn praatjies wou opeet fer soetkoek:—,Ou oom, wat sê jy, is daar mense op di sterre?' — ,Dit weet ik ni' sê Ou Oom, ,één ding weet ek, daar is ferfas ni goud ni; want dan het Engeland al lank di goue ster geannekseer, of daarop aanspraak gemaak, onder di voorwensel dat di inwoners fan di ster hulself ni kan regeer nie!"

Verder was daar artikels oor „Wondere fan di Sterre-hemel" (O.K. Nov. 1898 tot Mei 1900); „Hoe wonderlik ons gemaak is" (O.K. Sept. tot Des. 1896) en „Di Folke fan di Aarde" (O.K. April tot Okt. 1899). Belangrik is nog die geskiedenisrubriek, die afdeling oor taal en taalkunde (bv. Junie 1903, 'n polemieek) en die versameling Afrikaanse Volksliedjies. Die Raaisels het ook erg in die smaak geval — in die begin.

Die vet jare het van 1896 tot 1899 geduur.

Die dubbelslagtige karakter in die nasionaal-bewoë tyd van 'n stryd om lewe en dood het die blad kwaad berokken — onberekenbare kwaad. Die politiek het sy woordjie meegepraat: ds S. J. du Toit kon hom nie heeltemal daarvan onthou nie. In November 1899 gee hy self 'n beknopte lewensbeskrywing van generaal Joubert en generaal Buller, en in die Desember-uitgawe van *Ons Klyntji* publiseer hy die portret van genl. Piet Cronjé naas die van kolonel Baden-Powell, onder die opskrif: „Di Helde fan Mafeking." Die anti-republikeinse houding van die redakteur blyk baie duidelik uit sy roman

wat as vervolghverhaal in *Ons Klyntji* verskyn het: *Liifde in Oorlog*.

'n Leser het aanstoot geneem aan 'n gedig: *Di Ontset fan Mafeking* (O.K., Mei 1900), en bedank as intekenaar. 'n *Joiners liid* (Junie 1903) keur ds Du Toit af, want „kyk, ek wil mos gen haat en nyd beforder ni...”

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog gaan die blad agteruit. Verskeie vervolghverhale in dié jaargang 1899 word afgebreek en nooit weer vervolg nie; ander het 'n martelaarsgeskiedenis gehad, want hulle het oor jare verskyn en sommige is eers in *Ons Taal* voltooi. Natuurlik kon die lesers nie die draad van hierdie verhale volg nie. Die gehalte van die letterkundige bydraes daal; geen bekende name vind ons meer in die laaste jaargange nie. Artikels wat die redakteur voorheen versmaai het, moes hy nou maar tevoorskyn haal om sy blad vol te kry. Eers wou hy net oorspronklike stukke gehad het, nou vertaal hy self uit Engelse tydskrifte. Die gereelde rubrieke het verdwyn, die persoonlike kontak met die lesers bestaan nie meer nie. Die omvang van die tydskrif het ook sterk verminder. *Ons Klyntji* het dus na liggaam en gees maer geword.

Maar daar was ook uiterlike gebeurtenisse wat *Ons Klyntji* 'n knou gegee het, soos die Tweede Vryheidsoorlog. Die tydskrif het honderde intekenare in die twee Republieke verloor, en wat nog belangriker is, ds Du Toit, die redakteur, het in onguns geraak by die Afrikaners deur sy veranderde politieke houding. Hy was tog ook redakteur van die *Patriot*, en dié koerant was in 'n slegte reuk by die publiek. Die uitgawe van *Ons Klyntji* is selfs gestaak vanaf Maart 1902 tot Maart 1903, sodat die nommers van beide jare saam één jaargang vorm. Die ultra-fonetiese spelling van *Ons Klyntji* (sedert 1896 kom *f* in die plek van *v*) het ook nie tot voordeel van die tydskrif gestrek nie. In Desember 1906 het die laaste nommer verskyn. Die tydskrif het sy volk verlaat, en die volk het hom toe weer in die steek gelaat.

Tog was *Ons Klyntji* in die kleuterjare 'n heilsame verskyning gewees. Dit was 'n kind van belofte wat liefde ontvang en beantwoord het — tot aan die oorlog.

Dit het die letterkundige kragte in hom saamgetrek en 'n tweede bloei tussen 1896 en 1899 gebring. As ons afsien van

Melt Brink se werk uit hierdie jare, dan is drie van die vier belletristiese werke in Afrikaans in hierdie periode oordrukke uit *Ons Klyntji* (die eerste kon nog nie daarin verskyn het nie) en dit reeds toon dat ons 'n nuwe tydkring binnegetree het.

Ons het die oog op hierdie vier werke: *Magrita Prinslo; of Liefde getrou tot in di Dood*. 'n *Historise Toneelstuk uit di Tyd fan di grote Trek*, deur S. J. du Toit (1896); *Di Koningin fan Skeba, of Salomo syn oue Goudfelde in Sambesia*. *Historise Roman met Prente*. Deur Ds S. J. du Toit (1898); *Wat Geld kan Doen en ander Storiis en Gedigte*. Deur M. H. N(eser); en *Deur Hoogmoed Misly*. 'n *Verhaal*, ook deur M. H. N(eser). Die twee laaste „— Duiwels” van Cachet het ook nou in *Ons Klyntji* verskyn, maar is nie apart uitgegee nie. Die letterkundige oes vir die vier jaar is dus vergelykenderwyse vet.

Beskou ons die vorm-aspek, dan is daar veel nuuts. Wel is hier geen gedigteversameling of versebundel nie, maar met *Magrita Prinslo* het ons ons eerste gedrukte Afrikaanse toneelstuk (met „gedrukte” sluit ons *Di Bedriegers* uit). Wel is hierdie poging nog op die episodiese plan van historiese gebeure, is die bou los en selfs gebrekkig, die karaktertekening en botsing veelal uiterlik, maar tog besit die stuk met sy frisse gang, lewendige dialoog en kleurrike afwisselinge in sy simpatieke voorstelling van 'n heldhaftige tydperk in ons geskiedenis, 'n bekoring wat dit nog nie verloor het nie, veral vir 'n plattelandse gehoor.

Die romantiese lyn in ons prosakuns begin met *Catharina, die Dogter van die Advokaat* (1879) en klim in hierdie tydvak die hoogte in. Daarmee streef dit die realistiese lyn soos bepaal deur ds J. Lion Cachet se boerenouvelles vir die eerste keer verby. By ds Cachet is die dryfveer nog die stigtelike, al het sy ware kunstenaarstemperament hom daartoe gevoer dat die tendens dikwels op die agtergrond geraak het. By N(eser) is die dryfveer die vermaaklike. Maar hy het die oog op die literêr swak-ontwikkelde leser van *Ons Klyntji* gehad, en, selfs al kon hy, het hy nie hoog gemik nie. Daar was meer ambisie as skeppingsvreugde. Tog is sy werk nog nie na verdienste gewaardeer nie, wat ten dele seker aan die ongunstige tye te wyte was.

Beide vermaak en lering was die bewegende kragte agter ds S. J. du Toit se historiese roman. Hoewel dit na die verre verlede teruggryp, en, behalwe deur ons godsdiens, 'n periode behandel wat geen direkte verband met ons volk hou nie, open dit die ry van historiese romans in Afrikaans wat nou spoedig gaan volg. Sedert twee jaar het ook D'Arbez hiermee begin; hy put uit ons eie volksverlede maar skryf in eenvoudige, Afrikaans-getinte Nederlands en werk met 'n dialoog wat na aan Afrikaans staan.

Ook in 'n ander opsig verdien *Di Koningin fan Skeba* besondere aandag. Dit is in opset en konsepsie die mees ambisieuse Afrikaanse letterkundige werk van hierdie beweging. Breed is die opset van die verhaal met 'n dubbele veld van belangstelling: eerstens in die avontuurlike lotgevalle van die reisgeselskap en verder in die romantiese liefdesgeskiedenis van die koningin. Die skrywer is 'n belese man wat baie oor die geheim van die Simbabwe-ruïnes nagedink en 'n aantoklike persoonlike beskouing oor die geheim het. Die gees agter die roman is kragtig en sleep die leser in dinamiese vertes mee — oneindig sterker as by De Waal se intrige-romans wat hulle dinamiek net aan sy warme vaderlandsliefde ontleen.

In die laaste instansie vind ons, na aanleiding van hierdie werke, dat ds S. J. du Toit vir die eerste keer ook op prosagebied vir hom aan letterkundige werk wy. Tot nou het hy, behalwe in 'n paar mooi gedigte en ballades, sy pen nog net in diens van die leersame en godsdienstige gestel. Daarom kan ons, wat die skrywers aangaan, met enige reg van 'n nuwe garde in hierdie nuwe herlewing praat.

Die Afrikaanse werke wat nog oorbly, bring niks nuuts nie. Praktiese sake behandel die volgende: *Di Eerste Afrikaanse Taalkongres gehou an Di Paarl*, 15 en 16 Jannewari 1896 (1896); die *Verslag van Taalkongres en Samenkomst...* net die eerste 15 bladsye in Afrikaans (1897) en *Bybelse Vrage en Antwoorde in Afrikaans*, deur ds S. J. du Toit (1897). Om die verandering van opset kan ons as 'n nuwe boek beskou: *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels* deur S. J. du Toit (1897). Die werk van Bybelvertaling is onder baie werksaamhede getrou voortgesit en in 1898 het weer verskyn *Di Openbaring fan Jesus Gristus. Met antekeninge* deur S. J. du

Toit. Tot stigting van gelowiges is die vertaling uit die Engels van kardinaal N. P. S. Wiseman deur Totius bedoel: *Fabiola; of Di Kerk fan di Katekombe*, 'n oordruk uit die *Patriot* (1899).

Die opbloeï was kortstondig. Die oorlog het nie net moeilikhede van 'n illogiese aard gebring nie (belemmerde pos-verkeer, geldskaarste, opbreking van die huislike kring), maar die teenstellings tussen redaksie en die leserspubliek tot op 'n breekpunt verskerp. Die tydperk 1900-1906 word die laaste. In 1904 raak die firma D. F. du Toit en Co. bankrot, die *Patriot* sterf ook, en twee jaar later *Ons Klyntji*.

Die boeke uit dié tydvak is van weinig belang, behalwe miskien die *Patriot-Woordeboek* (1902 en 1904). Wel kom daar nog 'n oorspronklike werkjie van 'n nuwe talent: 'n *Haastige Huwelik en wat daarfan geworde het* deur Barbu (B. R. Buys), 24 blss., in 1905 uitgegee deur die Paarl Drukkers Maatschappij, die voortsetting van die ou firma onder 'n nuwe beheer en naam.

Origens is die werke vertalings (*Di Skool op di Heide*, uit Hollands, 1903?) of versamelings (*De Gezellige*, 1902, 'n ontspanningsboek met baie Afrikaanse stukke; *Afrikaanse Gedigte. Byeensameld uit wat in di laaste 30 Jaar ferskyn is*, 1876-1906, (1906) en *Eerste 20 Afrikaanse Lidere met Musiik* (1906).

By één wil ons 'n oomblikkie stilstaan. In 1901 verskyn *Afrikaanse Gedigte „Sewende Fersameling”* met die aanduiding „O'ergedruk uit di Patriot.” Die bundeltjie stem ons diep tragies. Die lewe is weg, die mat grysheid het ingetree.

Van al sewe die versamelings is hy die beskeidendste en swakste. Slegs honderd bladsye tel hierdie boekie van 4 by 5½ dm. En tog dek dit die periode van 1889 tot 1901, dus dit loop oor 'n twaalf jaar waarin gebeurtenisse soos die Jamesonstrooptog en die bange worsteling van die Tweede Vryheidsoorlog vir hulle afgespeel het. Hoe anders was dit nie gedurende 1880-1885 toe die gemoedere lang nie so ontroerd en gespan was nie en daar tog elke jaar (behalwe in 1884) 'n verdienstelike versameling verskyn het.

En dan die inhoud! Mat soos die lig van 'n lamp wat nie meer olie het nie! Verreweg die grootste gedeelte word in beslag geneem deur gedigte wat onveranderd of gewysig oorgeneem is uit ander blaaië (*Ons Land, Express, De Voor-*

trekker en Land en Volk), gedigte ook wat afkomstig is van persone buite die beweging (Maskew, Melt Brink), dan vertalinge, veral uit Engels, maar ook uit Duits, en 'n omwerking van 'n Nederlandse gedig van ds Du Toit. Die geesdrif wat vroeër 'n eie stem gekry het, is weg. Die heldere stroom Afrikaanse gedigte het troebel geword deur al die modderwatertjies.

Bekende name mis ons. *Bedroge Liefde* van C. P. Hoogenhout is „o'ergeneem,” ander gedigte van hom is uit *Land en Volk* van generaal Ben J. Viljoen gehaal. Maar ook glanspuntjies vang ons oog op, soos die toetrede van J. D. du Toit (Totius), wat, net soos met die reeds genoemde *Fabiola*, vir hom die nodige vaardigheid verwerf deur vertaal oefeninge, meestal van ballades en romanse.

(f) *Nawerking* (1907-1918).

Nou moet die uurwerk nog net afloop. Die tweede fase van die Afrikaanse Beweging het reeds begin en alle poginge om die „nuwe” aan die „oue” te verbind, word deur die jonger en beter-toegeruste geslag van die hand gewys, o.a. omrede van die „politieke geurtjie” wat die Paarlse beweging van ds Du Toit aangekleef het.

Ook die opsy-skuiwing van die ou garde is 'n gebeurtenis wat elemente van diepe tragiek bevat.

Die ou beweging wou nie sterf nie! Sy krag het altyd in die feit gelê dat hy 'n eie orgaan had, en terwyl *Ons Klyntjies* „ni meer (wil) kom nie” rig ds Du Toit 'n nuwe maandblad op, nl. *Ons Taal*, wat op „15 My 1907” sy eerste buiging maak. Want „nou met di nuwe beweging op taalgebied denk ek dit hoogs wenselik dat di beweging tog één tydskrif het, waarin net Afrikaans geskrywe word.” Ds du Toit hoop nog om die jongeres se steun te erlang en sy apologetiese toon klink waarlik pateties. „Ek (lees: *Ons Taal*) hoop dus dat ek ook sal welkom wees.”

Die verwagting was dat *Ons Taal* die mondstuk van die nuwe beweging sal word. Ds Du Toit maak met die oog daarop toegewings op die gebied van die spelling, en sê, „... frinde wat fan my wil gebruik maak is folkome frygelaat om te skrywe na ferkising, en ek sal elkeen frylaat om syn yge spelling te folg.” (*Ons Taal*, Mei 1907). Dit het, soos Von Wielligh

aantoon, tot spellingverwarring gevoer (*Baanbrekerswerk*, 1925, bls. 101). Ook is verslae omtrent die Afrikaanse Taalvereniging en berigte oor sy leiers opgeneem (Kyk Jg I, p. 6; II, nr 10, p. 6, III nr I, p. 1; III, nr 3, pp. 1 en 4)— maar die jongeres wou nie die hand aanneem nie.

In der waarheid is *Ons Taal* net 'n voortsetting van *Ons Klyntji*. Daar is nie net die uiterlike ooreenkomste nie (formaat, tipografie, maandblad, redakteur, uitgewery, ens.), maar ook andersins word die ou tradisie voortgeplant. Die onvoldoende vervolghverhale van *Ons Klyntji* (Buys se *Terug in Lewe* en 'n *Haastige Huwelik*; verder *Di Tower-Dokter*) word voortgesit. Verskeie ou stukke word weer opgedis en so verskyn in die fonetiese spelling die *Geskiedenis fan di Afrikaanse Taalbeweging* van 1880 stuksgewyse vanaf die eerste aflewering, ook met die oog op „di nuwe beweging fer Afrikaans.” Veral van belang is die *Afrikaanse Taalskat fan spreekwyse, gesegdes en uitdrukkings, fersamel deur S. J. du Toit*, wat in die eerste nommer van die tweede jaargang begin. Ook dit is wesentlik 'n voortsetting.

Dan is daar die ou-bekende rubrieke, soos die populêr-wetenskaplike praatjies (Jg. I, nr 1, pp. 7-8, I, 5, p. 19; II, 1, p. 6 e.v.) raaisels en oor boerdery deur H. H. In teenstelling met *Ons Klyntji* is anekdotes en verhaaltjies skaars, omdat die kontak met 'n wye plattelandse leserskring afwesig is; maar aan die ander kant kry ons volop toneelspelletjies, meestal eenbedrywe (net soos ook in *De Goede Hoop* van hierdie tyd).

Die vernaamste skrywer, na ds Du Toit self, is G. R. von Wielligh, wat soms byna 'n hele aflewering gevul het. Ook van J. T. Odendaal is heelwat sentimentele verhaaltjies en rympies opgeneem met die liefde as stimulus. Van Totius het net één gedig verskyn: *Di laaste Afrikaner* (Julie 1907).

Iets nuuts of vernuwend is *Ons Taal* nie meer gebring nie. Dit het ds Du Toit se tydskrif gebly, en na sy stem wou die Afrikaners nie meer luister nie. Hy was nog 'n generaal, maar sonder 'n leër. Al sy poginge om sy taal te dien nieteenstaande die menigte teenslae en die bittere miskenning, is 'n onomstootlike bewys dat ds S. J. du Toit Afrikaans waarlik lief gehad het en sy offers wou bring. Hy het gewerk tot 'n

late uur en die geloof behou, toe ander in moedeloosheid, die wapenrusting reeds lang gelede sou afgelê het.

Tot 1909 het ook nog 'n paar werkies verskyn wat die merkteken van dié ou beweging aan die voorhoof gedra het. *Di Psalme (In Afrikaans fertaald)* deur S. J. du Toit e.a. (1907) toon dat die oorspronklike doelstelling van die Genootskap van Regte Afrikaners nog die harte van 'n Gideonsbende brandende hou. Ds Cachet se *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het*, kom in 1907 in een bundel uit. Ons eerste Afrikaanse speurverhaal is 'n oordruk uit *Ons Klyntji* en *Ons Taal*, t.w. *Di Tower-Dokter* (1908). Verder is daar van die nuwe skrywer, G. R. von Weilligh, sy eersteling *Dire Storiis* (soos deur *Hottentots fterteld*) (1907), en *By'e Teelt* (1909).

Dit bly almal dun werkies en onaantreklik versorg.

Die Afrikaanse Almanak, burgerlik en kerklik, wat deur die Genootskap vir die jaar 1877 begin is, loop met 'n onderbreking gedurende die Tweede Vryheidsoorlog en weer gedurende die Wêreldoorlog, deur tot 1918 as publikasie van die uitgewersfirma in later jare.

Die lewenstekens word minder. In 1911 val ook die oue eik, ds S. J. du Toit. 'n Man met visioene en die wil om te lei — dit was hy. Die tragiek van hierdie lewe is die beloftes wat onvervuld gebly het.

Hulle strewe het G. R. von Wielligh telkens onder die aandag van die jongeres gebring en sy roeping verstaan in die gees van die ou garde. Homself het hy, soos hy in sy huldigingswerk *Eerste Skrywers* (1918) gesê het, bestempel as „die laaste stem uit die ou Genootskap van Regte Afrikaners.”

As ons die hele periode van 1795-1906 in sy ontwikkeling wil saamvat, dan kan ons dit in drie fases skets: tot 1860 is die stukke net sporadiese verskynings en eksperimente in koddigheid in die vorm van briewe, samesprake en liederes. Daarna kom meer durf maar nie veel fyner, dieper lewe nie. Eers na 1875 kom groter selfbewuste gevoel. Die *lied* word die „gedig,” wat nie meer op die wysie van iets anders teer nie, maar reeds 'n eie rym- en ritmewet volg, deur homself gestel. Die briewe, d.i. vertellings en mededeling in gesprekstoon, maak ook plek vir groter onafhanklikheid deur mededelings van anekdotes, stories, vertellings, ja selfs deur die opkoms

van drie nouvelles (Hoogenhout, Cachet) en die roman (Du Toit, Naser, Buys). Die samesprake word ook tot 'n groter, bindender eenheid, saamgesnoer in *Magrita Prinslo* en baie een-bedrywe, veral in *Ons Taal*. Op alle vormterreine is daar uitbouing merkbaar. Maar ons mis nog konsentrasie in die komposisie, grootsheid van konsepsie en diepte van beleving. Die kortverhaal, ter verduideliking, is nog onbekend, en van gesonde kritiek is daar geen sprake nie.

Die fase 1875-1906 het twee toppunte: die eerste beweeg om die Eerste Vryheidsoorlog, die tweede val saam met die verjonging wat *Ons Klyntji* bring.

Oor die algemeen het hierdie dertig jaar getoon dat die Afrikaanse beweging 'n aantrekkingskrag het wat in breedte en diepte van veld toeneem. Dit was 'n periode van oortuiging, oefening en eksperiment. As die beweging doodgebloeit het, dan moet die oorsake nie in die letterkundige voortbrengsels gesoek word, nie — hulle was die uitkomst van die drange van hulle tyd — maar in bykomstige sake wat die fontein vertroebel het; die fontein self het die behoeftes van die dorstige bevredig solank as die waters rein gestroom het.

HOOFSTUK III.

PERSONE.

(a) 'n Voorloper: *F. W. Reitz* (1844-1934).

Ons eerste eintlike digter is F. W. Reitz, al was die meeste van sy eerste digwerk vertalings uit Engels. Spontaan het hy begin sing, nog lank voor die digkoors in die *Patriot* in hitte toegeneem het. By hom was dit 'n vreugde om te sing soos hy „gebekt” is, soos die voëltjie met sy eie lied op eie voois. Welseker het hy hier en daar die saak aan die blootgeestige ondergeskik gemaak, maar 'n mens tref tog al by hom 'n nuwe toon aan, 'n goedige opgewektheid in die vers in die eerste geval „om zijns zelves willen.”

Reitz is gebore op 5 Oktober 1844 in die distrik Swellendam. Hy het skool gegaan op Fort-Beaufort en Rondebosch en is daarna na die „South African College” in Kaapstad. In 1864 het hy in Londen in die regte gaan studeer en vier jaar later het hy hom in Kaapstad as advokaat gevestig. Nadat hy 'n aantal jare regter was in die Vrystaat het hy tot die hoogste sport in die Republiek opgeklim, want in 1889 is hy gekies tot president. In 1895 moes hy om gesondheidsredes aftree, en twee jaar later is hy aangestel as Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die hele Tweede Vryheidsoorlog het hy meegemaak. In 1910 het die onderskeiding hom te beurt geval om tot voorsitter van die Senaat gekies te word. Tot 1929 het hy senator gebly. Vyf jaar later (1934) is hy oorlede.

Hoewel nooit lid van die Genootskap van Regte Afrikaners nie, was president Reitz van die begin af 'n vurige voorstander van Afrikaans. Ons hoef slegs aan sy polemieke met eerw. A. T. Wirgman oor Afrikaans te herinner. Hy het ook die eerste bloemlesing van Afrikaanse gedigte opgestel, naamlik *Vyftig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte* (1888). In 1897 het 'n tweede druk verskyn onder die titel: *Sestig Uitgesogte*



DS J. L. CACHET.



J. D. CILLIERS.



DR J. C. VOIGT.

Afrikaanse Gedigte, en in 1909 die derde druk: *Twee en Sestig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte*.

Oor die ontstaan van hierdie bloemlesing het hy self aan mnr Von Wielligh geskryf o.d. 28 Nov. 1917: „Ik het toe op die gedagte gekom om, als ik in een of ander dagblad of tydskrif 'n Afrikaanse gedig sien wat my voorkom beter te wees dan die gewone krèupel-rijmelarij, dit dan uit te knip, en te bewaar. Dit het my toe later aanleiding gegê om die versameling in boekvorm te laat druk. Die meeste van daardie versamelde gedigte was uit die pen van die heer P. Hoogenhout, 'Oom Jan wat versies maak,' maar van 'n heel partij kon ik nie agterkom nie wie of die skrywers daarvan was. Bijvoorbeeld was daar die gedig oor 'Die Sprinkhaan en die Droogte' wat in my opinie een van die beste is. Wie, of die rijmpie gedig het, het ik nooit kon uitvinde.”

Die meeste gedigte het pres. Reitz uit *Die Patriot* gehaal, maar 'n paar ook uit die volgende blaaie: *Het Volksblad*, *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*, *Cape Monthly Magazine*, *De Express*, en die *Cape Argus*. Ongelukkig het hy nooit gesê uit watter blad 'n besondere gedig afkomstig is nie, en hy het ook nie die datum van verskyning vermeld nie. Hy het nie verwag dat daar 'n tweede uitgawe van sy bloemlesing sou kom nie, „want bij ons is banje makliker om boeke te laat druk dan om die te verkoop.” Tog was hy onnodig pessimisties.

In 1910 verskyn sy *Oorlogs en andere Gedichten*.

Hiermee het sy skrywersarbeid nie opgehou nie, want in baie tydskrifte sal ons artikels uit sy pen raakloop; dikwels vertel hy een of ander herinnering uit sy lewe, of hy vertel van belangrike mense wat hy geken het. (Sien bv. *Ons Tijdschrift*, *Die Huisgenoot*, April, Aug. 1922; 11 Julie; 12 Sept. 1924, ens.)

Die meeste van pres. Reitz se eie gedigte het ook in sy bloemlesing 'n plekkie gevind. Sy mees bekende gedig is seker die verafrikaansing — nie vertaling! — van Robert Burns se *Tam O'Shanter* onder die titel *Klaas Gezwint en zijn Paert*. Dit het oorspronklik in *Het Volksblad* van 19 Julie 1870 verskyn. Die hele agtergrond van die verhaal is Afrikaans. Self het pres. Reitz omtrent hierdie gedig gesê: „Daarin het ik perbeer om die Skotse digter se beskrywing van 'n seker type

van sy landgenote toe te pas op die Hottentotte so'als ik hulle in my jonge daë het leer ken op die Sending stasie „Zuurbraak" nabij Swellendam" (Brief aan G. R. von Wielligh o.d. 28 Nov. 1917).

Soos Burns, begin Reitz eers met 'n inleiding oor Klaas wat nooit na die raad van sy vrou luister nie, maar altyd in die dorp rondsletter totdat dit donker is. Een aand het dit weer gebeur, en Klaas was naderhand smoordronk. Die digters knoop nou 'n mooi gedagte vas aan die verganklikheid van plesier, maar terwyl Burns verhewe-digterlik is, gebruik Reitz sommer boerebeelde, en tog is hy so treffend dat sy woorde inslaan:

„Plezier is nets een jong komkommer,
 Als jij hem pluk, verlep hij sommer;
 Of nets een schulpad in zijn dop in,
 Zoos jij hem vat, dan trek hij kop in."

Nou moet Klaas darem regtig laat vat huis-toe, en daarom klim hy Kol, sy ou holrug-merrie, op „en druk sijn hoet vas op sijn kop." Hy was maar skrikkerig vir spoke en kyk telkens om. Gelukkig het die drank hom moed gegee, want

„Al is een Hotnot nog zoo ooliek,
 Een zoopie maak hem net nou vrolijk;
 Steek hij maar net een dop of drie,
 Dan stuit hij voor geen d-v-l nie."

Maar skielik is die verwagte spoke daar en Klaas se bloed begin kook. 'n Skitterende stukkie fantasie volg nou:

„Daar speel de d-v-l op een tromp,
 Voor veertig spooke in een klomp;
 Hul dans daar rond, dat dit zoo gons,
 Geen ouderwetse cottijlons.
 Maar eers „Alexander Klipsalmander'
 Trap hulle algaar met malkander,
 Toe was dit weer die „honde krap,'
 Tot dat die zweet zoo van hul tap."

Klaas het wel „naar gelijk," maar hy was nog so oorlams om 'n aanmerking op een van die spoggerige spoke te maak, en toe moes hy laat spat, want die hele klomp agtervolg hom.

'n Vreeslike wedloop vind plaas tussen hulle en ou Kol na die drif, want

„Een spook is nets een bok kapater,
Hij loop nie zomaar in die water.”

Met uiterste kraginspanning ontloop ou Kol die spoke, en as toegif kry die leser 'n waarskuwing:

„Voor die wat lus het om te draai,
Wil ik maar net één woortje raai:
Gedenk aan Klaas Gezwint zijn paert
En vraag jou zelf: waar is haar staert?

Gert Beyers („Laird o'Cockpen") is 'n vrystorie, en die eerste verse is gaaf met die tekening van die spoggerige vryer:

„Gert Beijers het geld en Gert Beijers het vee,
En al wat hij aanvat daar maak hij geld meê,
Maar 'n vrouw moet hij hebben — dat's sekerlijk waar,
Want sonder 'n vrouw gaat 'n huis door makkaar.”

Hy ry dan ook ewe swierig na Kaatje Rasmus van Matjesfontein, maar sy behandel hom baie koel en hy was verplig om om te draai, maar mompel: „Dat sal haar berouw van die woortje van „nee”!”

Behoorliker is 'n ander vrystorie, want hier is die digter in 'n vrolike stemming en sy woorde vloei soos water oor 'n afdraande: *Die Steweltjes van Sannie* (*Het Volksblad*, 29 Nov. 1873). So populêr het hierdie sangerige gediggie geword, dat dit vandag 'n volksliedjie is. Die motief is ook in 'n ander volksliedjie verwerk: *Môre oompie! Môre tannie!* „Die kunsliedjie van Oud-President F. W. Reitz het o.i. die voordeel van groter *uitwerking* en *afwerking*, maar die volksliedjie het weer die voordeel van groter konsentrasie of direktheid, of wat ons miskien sou kan noem *inwerking*.” (Boshoff en du Plessis: *Afrikaanse Minneliedjies*, 1921, bl. 104).

Reitz begin sy gediggie met 'n tipiese waarskuwing, en gebruik weer sy boerebeelde:

„Pas altijd voor een vrouwensch op;
Dit help jou net gen stuk nie,
Steek jij jou nek eens in die strop,
Dan kan jij nooit los ruk nie.”

Heel geestig vertel hy dan hoe dit gebeur het dat hy so skielik aan Sannie geknoop is: hy was nog maar 'n bog toe hy na haar gaan vry het, maar natuurlik was hy baie astrant:

„Mij zak-oorlosie was van goud,
En 'k gee pad ver geen man nie.”

Hy sien haar mos een nag in sy droom voor hom staan met splinternuwe stewels — spottend voeg hy daaraan toe:

„Hul mag van kleine voetjes praat,
Mar Sannie het twee knewels.”

Die volgende môre laat hy vat reguit Sannie-toe, en daar sien hy haar met dieselfde stewels aan. Hy vra haar sommer dadelik en kry ook die jawoord daar en dan.

Nou, na die verkoeling wat die jare gebring het, kan hy nie begryp waarom 'n mens nooit tevrede is nie. Die aanmerking is wel nie vleierend vir sy vrou nie, maar tog so menslik:

„Dat help nou weinig om te huil,
Al het ik spijt van Sannie,
Kon ik die oû ding maar verruil,
Dan zou ik — maar ik kan nie!”

Jan Jurgens (Cape Monthly Magazine, Okt. 1875), 'n uitstekende vertaling van Cowper se John Gilpin; het pres. Reitz op een van die „Winter Avond Voorstellingen” in Bloemfontein voorgedra: „Het onophoudelijk schaterend gelach dat door de zaal weergalmde, bewijst genoeg voor de talentvolle vertaling en voordracht,” skryf De Express van 27 Mei 1875.

Uit hierdie periode noem ons ten slotte nog 'n gedig wat in die *O.F.S. Monthly Magazine* (Nov. 1877) verskyn het: *Ter Nagedachtenis van Kommandant Louw Wippenaar*. Hier is hy die trotse vaderlander, wat sy helde wil eer:

„Zal vreemde dichters ons verhaal
Van hulle groote Helde,
En zal ik in mij eige taal
Van Wippenaar nie vermelde?”

En dan die klassiek-geworde koeplet, omdat die digter se verbeelding hier 'n vlug neem bo die alledaagse uit:

„Hy leg op Thaba Bo-si-go,
Geen grafsteen zal hij verge,
Zijn monument het God gebouw,
Die Bouwheer van die Berge.”

In April 1899 verskyn in *De Nieuwe Republikein* 'n vertaling van A. Brodrich se gedig deur F. W. Reitz onder die titel: *O! waar is mijn Gezoute Paert*. Hy het vir hom 'n gesoute perd gekoop, en die dier een nag nie op stal gesit nie, maar die volgende dag lê hy dood. Hy het 'n hofsak gemaak, maar die koper beweer toe dat die perd papies gehad het, en hy verloor die saak. Nooit weer het hy vir hom 'n gesoute perd gekoop nie,

„Want wil jy werk trek uit zoo'n dier
Geef hem op stal zyn plek,
En leef hy — dan het jy plezier
En vrek hy — laat hem vrek.”

In 1910 dan verskyn pres. Reitz se *Oorlogs en andere Gedichten* — gedigte wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog ontstaan het. Hierdie oorlog het die Afrikaners hulle gemeenskaplike leed laat besef; nà die oorlog is hulle moedeloos, maar dan staan daar digters op om uiting te gee aan die lyding en smart van die oorlog, of hoopvol na die toekoms te wys, die herryenis van die Afrikanernasie te voorspel. Meteens het die kuns ontluk. Dit was of niemand kon praat nie totdat Eugène Marais en Jan Celliers opstaan. Met tere weemoed besing Totius die oorlogsmart, en by Leipoldt brand die oorlogspyn in sy eerste gedigte. Maar terwyl hierdie nuwe geslag kuns skep, plant pres. Reitz nog die ou tradisie van die *Patriot-digters* voort, hoewel ook hy oor die oorlog dig.

In die voorwoord erken hy self dat dit maar *rympies* is, maar dat hulle tog kultuurhistoriese waarde besit: „Als daar in dit boekje, hier en daar, iets voorkomt dat de lezer wat scherp vindt, verzoek ik hem niet te vergeten dat de meesten van deze 'rijmpies' geschreven waren gedurende een tijdperk van strijd, en meestal dadelik na de gebeurtenissen waarover

zij handelen. Al hebben zij dus geen bizondere waarde als gedichten zijn zij toch histories, en als de geschiedenis alles zou verzwijgen wat aanstoot kon geven, dan zou er maar weinig geschiedenis bestaan."

Ook in sy taalvorm sluit Reitz hom nog aan by die ou garde. Sommige gedigte het hy in Engels vertaal, sommige in suiwer Nederlands geskryf; ander in 'n tussenvorm.

De „*Lady Roberts*” het eers in *Ons Klyntji* verskyn, al het die redakteur (ds S. J. du Toit) die plasing daarvan verontskuldig as 'n herinnering aan die oorlog en om die digterlike waarde van die gedig — nie om die oorlogsvuur weer aan te blaas nie. Dis 'n spotdig, want die „*Lady Roberts*” is 'n skeeps-kanon wat die Boere in Desember 1900 buitgemaak het, en nou jubel en spot pres. Reitz saam met die burgers, maar hy gesel ook:

„Die Trekboer en Boslanser
Die kom haar hier beskouw,
Dan zeg hulle „alle wereld!”
Waar krij jul hierdie vrouw? . . .

Lord Roberts is al huis toe
Die Veldheer het getrap
Maar d'ou vrouw het hij hier laat blij,
Sij hou van „Mieliepap.”

Lewendig vertel hy hoe hulle die „*Lady*” in die hande gekry het, en dan begin hy die Engelse gésel wat roem hoe maklik hulle die Kaffers afgemaai het, maar padgee as hulle teen witmense en mousers moet veg.

„Ja, Roberts van „*Kandaar*”
Is nie Roberts van „*Kanhier*,”
En dat Tommy hier moet blijwe
Is nie enkel voor plesier.”

Ten slotte spoor die digter die Afrikaners aan om vol te hou, want „onze zaak is *reg*.”

Hoe heerlik sarkasties is die digter nie in *Die Proclamatie of Papieren Bom*. Lord Kitchener het naamlik in Augustus 1901 'n proklamasie uitgevaardig dat die burgers hulle voor 15

September moet oorgee as hulle nie vir altyd verban wil wees nie. Spottend noem pres. Reitz nou die redes op waarom Kitchener dié proklamasie uitvaardig.. Hy gebruik die tipiese proklamasie-styl:

„Ik Lord Kitchener van Karthoem
 (Om andere titels niet te noem)
 Krachtens machtiging gegee
 Door mij Koning, *Etwart zeve'*
 Maak bekend en proklameer
 — D'is nou voor di laaste keer!
Aangezien mij kwart millioen
 Kakis jul nog nix kan doen,
 En mij vliegende kolomme,
 Nix meer baat dan Lyddiet bomme,”

en aangesien dit niks baat om die plase te verbrand en die vrouens saam te hok nie, en weens nog baie ander „aangesiens” vaardig hy die proklamasie uit. Dan kan hy hulle „voor die grap” op die nekke trap en die Afrikaanse lam deur die Britse leeu laat insluk!

Maar in *De Vrouwenkampen* word Reitz bitterder, en vlymend-skerp is sy sarkasme, veral deurdat hy die angel van die Engelse argumente waarom die vrouens opgesluit moet word, op die Engelse self keer. Die gedurige herhaling: *Dit zeg hij zelf — dus is dit waar!* verskerp die effek — was hy hier by Shakespeare in die leer (*Julius-Caesar*)?

„Lord Roberts is zoo hoogst beschaafd
 Met alle deugde ruim begaafd,
 Zijn goedheid is zoo wonderbaar
Dit zeg hij zelf — dus is dit waar!

Weduwe en weeze, laat hij vang
 Maar hul's *vrijwillig* onder dwang
 In zijn pest-kampe opgegaar,
Dit zeg hij zelf — dus is dit waar!

In die tweede gedeelte van die gedig roem pres. Reitz die Boervrou, en hou haar voor as voorbeeld aan die mans om te volhard in die stryd — God sal die dwingeland self verslaan!

Heeltemal van 'n ander aard is *De Mielie Pit*, wat geroem word vir die nut wat hy in die oorlogstyd vir die burger is: die mielie is goed vir drank en voedsel, tabak, kooigoed, seep en perdevoer!

Verder is daar nog gedigte oor *De Wet's Krismis-Box*, 'n Nederlandse klaagsang op die dood van *Commandant Danie Theron*, en een op veggeneraal Cornelis Spruyt. Hierdie laaste gedig het in Afrikaans in *Ons Klyntji* (Febr. 1904) verskyn. Op *Colenso* het hy 'n oorwinningslied gedig, maar daar lê 'n ondertoon van droefheid in *Die Handsupper*: met spyt en weemoed noem hy die verskillende soorte van hensoppers op, en dan sug hy:

„Ja! dierbaar ou Moeder Zuid-Afrika
Di's die zwaarste ramp wat jij moet dra
Dat jou eie-é kinders tegen jou draai,
En burger zijn mede-burger verraai.”

'n Ongekende hoogte bereik pres. Reitz in die treursang *Vaarwel aan de Vierkleur*. Hier is hy kunstenaar, hier is die diepe smart oor 'n verlore skat, wat na uiting soek. Dit is in Nederlands gestel, maar waarskynlik pres. Reitz se beste digterlike skepping, omdat hy diep ontroerd was:

„Niet langer mag de vierkleur wapperen,
Met tranen gaven wij haar af.
Zij is met onze dode dapperen
Verdwenen in een eervol graf.

Gelukkiger zijn zij die vielen,
Toen nog die vlag werd opgebeurd,
Dan wij die met bedroefde zielen
Haar zagen in het stof gesleurd . . .”

Reitz het dus veral gedig oor alledaagse sake uit die lewe, soos vryery, haastigheid om te trou, die ryk oujongkêrel, spoke. Hier het ons meestal verwerings in 'n lugtige, geestige trant. 'n Tweede bron van inspirasie is sy vaderlandsliefde en die oorlog. Hier was sy gevoel so fel dat hy nie na voorbeelde gesoek het om sy gedagtes aan vas te knoop nie, maar heeltemal selfstandig sy stof verwerk het. En tog het hulle nie altyd

dieselfde populariteit geniet as die eerste liedjies nie. Want die eerstes was veral liedjies wat hulle deur 'n groot sangerigheid en gladheid onderskei. Hierdie liedjies is organies goed gebou en die eenheid uitstekend bewaar. Die gedigte (of soos pres. Reitz sê „rympies”) daarenteen besit nie dié afgerondheid nie en mis ook die hoë mate van musikaliteit. As ons hierdie gedigte plaas langs die van die *Patriot*-digters, dan val die afwesigheid van die gelowige, godsdienstige toon, op: trouens dit is opmerklik dat al drie die digters (Reitz, Maskew en Melt Brink) wat buite die Genootskap staan, vir hulle in hierdie opsig afsonder.

Hy is 'n egte volksdigter in die goeie sin van die woord: eenvoudig, sonder hoë vlugte van die verbeelding, met 'n maklike gesteltoon, soms sterk-dramaties, bv. deur die gebruikmaking van die dialoog; hy beeld baie maklik uit en lewendig personifikasie — die kanon word voorgestel as Lady Roberts); sy beelde ontleen hy aan die onmiddellike boerelewe, en verder stel hy die gedig altyd teen 'n volkse agtergrond en omwaas dit met 'n familiêre, volkse toon en huislikheid, wat selfs verskoning maak vir die skerpheid van sy oorlogsverse. Dit is hierdie nederige menslikheid wat soveel bekoring aan sy werk verleen.

(b) *C. P. Hoogenhout* (1843-1922).

Die belangrikste figuur in die Afrikaanse letterkunde vóór 1900 was ongetwyfeld C. P. Hoogenhout. Ongelukkig weet ons nie te veel van sy lewe af nie, want in sy verregaande beskeidenheid wou hy nooit oor homself praat nie.

Wat ons wel weet is dat hy op 11 Maart 1843 in Amsterdam gebore is. Hy het sy moeder vroeg verloor, en deur die onsimpatieke behandeling van sy stiefmoeder het hy teen 1860 besluit om na Suid-Afrika te kom. 'n Tydlank was hy klerk op die kantoor van die Nederlandse konsul in Kaapstad. Kort na Pannevis se aankoms in Julie 1866 het hulle twee bevriend geraak en Pannevis het 'n groot invloed op Hoogenhout uitgeoefen, veral wat sy godsdienstige lewe betref. Onder Pannevis se leiding het Hoogenhout sy studies, wat in Holland onderbreek is, voortgesit sodat hy kort voor 1870 onderwyser geword het op Groenberg naby Wellington. Daar het hy gebly

totdat hy in 1908 met pensioen afgetree het. Op 13 Januarie 1922 is hy oorlede.

Van die begin af was Hoogenhout 'n voorstander en voorvegter vir Afrikaans, en hy het 'n groter aandeel in die Genootskap van Regte Afrikaners geneem as wat algemeen erken word. Hy was 'n getroue medewerker van die *Patriot* en ook redakteur van die letterkundige afdeling.

POESIE.

„Die Jacob van Maerlant van die digters in die Afrikaanse taal,” het pres. F. W. Reitz C. P. Hoogenhout genoem, en hierdie uitspraak bevat baie waarheid, want in baie opsigte is hy die vader van die Afrikaanse digkuns. Van al die digters uit die Eerste Taalbeweging het hy die meeste gedigte gemaak, en sommige van hulle is werklik juweeltjies van volkskuns. Maar wat Hoogenhout se betekenis besonder verhoog, is die feit dat hy as letterkundige redakteur van die *Patriot* 'n ontsaglike invloed uitgeoefen het op ons eerste digters, want baie van hulle het hy geleer dig, en gedurig maar moes hy die ingesonde gedigte „regmaak” en die digters van raad bedien.

C. P. Hoogenhout is by uitstek die vaderlandse digter wat al die nasionale gebeurtenisse na die hart van sy volk besing het. Hy was hulle tolk. Hoe mooi het hy die ideale van die „regte” Afrikaners nie verwoord in sy bekende volkslied:

„Waar Tafelberg begin tot vēr in di Transvaal
Woon een verenig volk, — een algemene taal . . .”

En dan het hy die leeue-aandeel geneem in die opstel van *Die Afrikaanse Volkslied*:

„'n Ider nasi het syn LAND,
Ons woon op Afrikaanse strand.
Vir ons is daar gen beter grond
Op al di wy'e wêreld rond.
Trots is ons om di naam te dra
Van kinders van Suid Afrika.”

Hoe juis het hy nie die toestand in die Kaap-Kolonie gekarakteriseer gedurende die verengelsingsproses onder die Afrikaners:

„Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jy sien en hoor;
In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal vermoor...”

Daar is weinig gedigte uit die Eerste Taalbeweging wat so dikwels aangehaal word as juis hierdie een.

Al die politieke gebeurtenisse in ons land na 1875 is deur Hoogenhout berym en soms besing. Die verskriklike ramp wat die Britse troepe te Isandlwana op 22 Januarie 1879 getref het, het Hoogenhout diep ontroer in 'n gedig, wat hy eers in Nederlands geskryf en toe in Afrikaans vertaal het: *Di Yselike Neerlaag*. As ons die twee lesings met mekaar vergelyk, dan vind ons weinig verskil, behalwe wat die taalvorm betref:

„Vreeselike tyding,
Droefheid, gen verblyding.
Kom uit Sululand.
Laat di klaagstem hore,
In 'n iders ore,
Tot di verste strand.
Oweral.”

Drie jaar vroeër, op 28 Junie 1876, het 'n sekere Badenhorst gesneuwel in die oorlog teen Sekoekoeni. Toe die tyding sy vrou bereik, het sy van verdriet gesterf, en dit het Hoogenhout so aangegryp dat hy 'n gedig gemaak het *An die Nagedagtenis van Badenhorst* (*P.*, 14 Jan. 1881), waarin hy Badenhorst se dapperheid roem. Die maat is vloeiend en die lied kan gesing word op die wysie van: *Aan den oevers van een snellen vliet*. Die gebeurtenisse volg mekaar vinnig op sodat ons met spanning lees. Heel tipies is dit dat Hoogenhout met 'n gebed eindig:

„Skenk vrede, Heer! in ons Transvaal,
Dit bid ons al te saam:
Verhoor, o Vader ons gebed
Ter ere van Uw Naam!”

Die Transvaalse Vryheidsoorlog het Hoogenhout saam deurleef, en die hele geskiedenis kan ons in sy gedigte volg. Op elke veldslag het hy 'n gedig gemaak:

Bronkers Spruit (P., 4 Febr. 1881); *Die Slag van Lange Nek* (P., 4 Maart 1881); *Die Slag by Schuinshoogte (Ingogo)* (P., 8 April 1881) en *Die Slag van Magubaberg (Spitskop)* (P., 8 April 1881).

Ons neem net *Die Slag van Lange Nek* as voorbeeld. Hoogenhout is erg wydlopieg sodat verskillende koeplette uitgeskakel kan word sonder om skade aan die geheel te doen. Eers kry ons 'n bespieëlende inleiding oor Britse „dapperheid” en leuens, dan die voorbereiding in die verskillende kampe vir die kryg: Britse grootpraterigheid teenoor Afrikaanse nederigheid en Godsvertroue. Nou volg 'n lewendige, aanskoulike beskrywing van die veldslag waarin die Boere die oorwinning behaal, en dan roem Hoogenhout die dapperheid van die burgers, en eindelik nooi hy die Britte uit om *nou* hulle leuens en lasterpraatjies te versprei:

Hoewel stoplappe sommige verse ontsier, gebruik die digter soms tog 'n mooi beeld:

„Soos in die herfs die blare val,
En wegwaai voor die wind,
Val ruim twee honderd Britte daar
Heel spoedig en geswind.”

Met sobere woorde skep hy in 'n goeie oomblik 'n pragtige atmosfeer. Piet Joubert spreek sy manne toe, en dan:

„Die oge naar omhoog geslaan,
En met die hoofde kaal,
Staat daar die helde in 'n kring,
Die strydere van Transvaal.”

Die digter waardeer veral die ootmoed by die Boere. Nadat hy al die Europese helde opgesom het, kom die nederige woorde:

„Ons wys bedwaard op Piet Joubert,
Wat met 'n kleine mag
Die Britse leger het verslaan,
In Lange Nek syn slag.”

En tog was Piet Joubert net so'n held as Napoleon of Wellington!

Dit is waar, Hoogenhout is bitsig, sy toorn is ontstoke en hy is vlymend-skerp as hy die Britte hulle leuens voor die kop gooi, maar hy, as troue vaderlander, het genoeg rede daartoe gehad:

„Bloos nou, als jul nog skaamte het!
Bloos, vulge lasteraars, bloos!
Praat nou van moord en van verraad,
Of swyg tog ver altoos.”

Oorlog bring altyd ellende mee, ook vir die winnende party, en daarom rig Hoogenhout in 'n *Smeekstem ver Transvaal* (P., 4 Maart 1881) 'n hartstogtelike versoek aan die Afrikaners in die Kaapkolonie om die Transvalers met geldelike gifte te help. Hy speel op hulle gevoel en herinner hulle aan die gewondes wat nie verpleeg kan word nie weens gebrek aan medisyne, of vra aandag vir die kinders wat hulle moeders om 'n stukkie brood smeek. God sien alles en sal hulle beloon:

„Leef daar één Afrikan
nog sonder medely?
Is daar één enkel hart,
wat ongeroerd kan bly?
Ag, siet hoe word ons bloed
in strome snood vergote...
Bid, bid met ons tot God,
geliefde Landgenote.”

An Oom Piet Joubert (P., 25 Maart 1881) is dié tipe rymelary, wat ons nie by Hoogenhout verwag nie. Hy hekel weer die Britse riemtelegramme en noem verskillende voorbeelde vir Oom Piet „hoe Jingoës kan lieg.” By elke geveg

„Dan word daar vertel:
Jul is na die hel,
Vyf honderd gelyk
Sal nooit weer kom kyk.”

Toe die vrede gesluit is en Transvaal sy vryheid teruggekry het, het Hoogenhout 'n *Vredeliëd* (P., 1 April 1881)

gedig, vol opregte dankbaarheid, ook teenoor God, en in klanke wat aan die Psalms en Gesange laat dink :

„Vredel vrede in Transvaal!

Kniel neer.

Loof en dank tienduisendmaal

Roem en prys Syn groote Naam,

Man en vrou en kind te saam;

Spreek met eerbied en ontsag,

Van Syn wondre dag an dag.”

Die *Transvaalse Volkslied* (P., 5 Aug. 1881) is gedig op die wysie van „Wij leven vrij,” en is weer 'n vreugde-uiting oor die herwonne vryheid :

„Transvaal is vry!

Geen dwinglandy

Kan ons tot slawe maak.”

Hoogenhout gee 'n vlugtige oorsig van die geskiedenis, en verheug hom dan daarin dat die Vierkleur weer oor die Republiek waai :

„Geen mag, gen lis, geen politiek

Van Kaffer, Brit, of Jingo-kliek,

Haal ooit die vlag weer neer.” (bis).

Daar was egter mense in Suid-Afrika wat hulle nie verheug het oor die oorwinning van die Transvalers nie, en daarom maak Hoogenhout ook vir hulle 'n gedig: *An Jingo's* (P., 9 Sept. 1881). Ongelukkig verval hy so maklik in rymelary wanneer hy die kortreëlige, haas eenlettergrepige verse skryf, miskien op die voorbeeld van Herholdt wat hiermee begin het. Hoogenhout maan die „Jingo's” aan om hulle stil te gedra :

„Wees liewers soet,

Gedraag jul goed.

Blyf nou mar stil

En sluk die pil,

Jul het geen wil.

Lank was ons Klaas,

En jul was baas

Hou op met raas!”

Daar is iets in die lewe van die Afrikaners wat Hoogenhout al baie gekwel het, en daarom rig hy 'n woord *An alle Ware Afrikaners* (P., 3 Junie 1881):

„Ek rym maar weer op ouwe trant,
Dan klink dit beter deur die land.”

Hy wil graag weet waarom die Afrikaners tog so verskriklik verdeeld is. Waarom ondersteun hulle nie hulle eie besighede in plaas van om by 'n Jingo te gaan koop nie? En dit terwyl die Jingo's hulle verag! As hulle verryk is,

„Dan trek hul weer na Jingoland,
Bespot die domme Boer;
En roep hom op die koop nog toe:
,Loop nou mar na jou ...!’”

Het ons dan vergeet al die ellende wat hulle Transvaal aangedoen het? Die fout lê uitsluitlik by die Afrikaners, want sonder hulle ondersteuning kan die Jingo's geen besigheid doen nie.

In *Ons Klyntji* moes politiek geweer word, maar Hoogenhout kon nie swyg oor die gemeenheid van die Jameson-strooptog in 1896 nie; daarom gryp die vaderlander na die pen, en soos vroeër in die *Patriot* gee hy nou (Maart 1896) weer 'n getroue oorsig van die gebeure. In die inleiding moet die „Jingoes” dit ontgeld, soos gewoonlik:

„Het jy ooit van selewe van so wat gehoor,
Van so'n listige, duiwels Komplot?
As di plan van di Jingoes en Chartered-gespuis?
Mar goe, hul is nou eers verspot!”

„Die plan stink na whisky, dis dronkmens syn werk,” sê Hoogenhout, en die samesweerders kan van geluk praat dat Oom Paul so genadig was. Hoogenhout rig die woord direk tot Rhodes en klim hom in:

„Ja, Rhodes! nes 'n ster het jy hoog in di lug
Gestaan, en ons oge verblind.
En nou is jy stil na Europa gevlug,
A né Rhodes, jy was *ni* ons vrind!

Jy het lank genoeg hiir geraap en geskraap,
 En vals met ons nasi gespeel;
 Ons het lank genoeg an di skyn ons vergaap:
 Die wond word ni lig weer geheel."

Soos ons eerste skrywers in prosa stories vertel het, so het ook ons digters verskillende vertellings voorgedra, want die Afrikaner luister graag na 'n „storie," veral as dit van heldemoed en liefdetrou vertel. Baie van die volksverhale is deur Hoogenhout berym, soos *Di Besemstok*, „'n Stori onder ons, Afrikaners, goed bekend." *Willem Tell* bevat „'n Oue Storie op nuw berym vir Afrikaanse Kinders." Dan is daar nog die sarkasties-geestige vertelling *Di Piekni*, die verhaal van *Hendrik en Lettie*, wat ook deur ds S. J. du Toit berym is, en verder die oulike ballade *Hendrik en Fidelia*, een van die eerste ballades in Afrikaans.

Die verhaal is so lewendig gestel en vlot vertel dat dit maklik voorgedra kan word, en ons kan ons voorstel hoe aandagtig die gehoor moes geluister het. Die onderwerp het ook erg in die smaak geval, want *Hendrik en Fidelia* het as ondertitel: „'n Vuurproef, of trouwe liefde word beloon."

In die inleiding wel die digter eers uit oor liefde en rykdom:

„Kan geld-of goed gelukkig maak?
 Nee, liefde en liefde alleen:
 Dit is die eenige ware band,
 Die maak twee harten een."

Daar was 'n dogter, Fidelia, wat 'n navolgingswaardige voorbeeld gestel het. Haar ouers was arm, maar sy was 'n baie goeie kind, en het ywerig geleer. Toe sy groter word, het sy egter gemerk dat die jongkêrels haar verbygaan, en as sy miskien op 'n dans was, het hulle haar kamme gladnie raakgesien nie. Tog was daar „'n arm maar flukse jonkman," Hendrik, wat haar liefgehad het en gereeld vir haar kom kuier het.

„En toen hy denk, nou sal ek vra,
 Toen draai die sake om."

Met hierdie mooi wending in die verhaal, vind Hoogenhout die oorgang tot die volgende gebeurtenis. Een oggend

vroeg het Fidelia langs die spruit gestap en onder 'n boom gaan rus. Nou vind ons een van die weinige brokkies mooi natuurbeskrywing uit dié tydperk:

„Die son was net pas opgegaan,
Die dauw was op die gras,
Die druppels blink so fraai daaran,
As of dit pêrels was.

Die vogels sing hul morgelied,
Daar ginter bleêr die vee,
Die vissies in die water spring,
Fidelia sing mee.”

Toevallig val haar oog op 'n klippie wat soos 'n diamant lyk; sy tel dit op en toon dit aan haar moeder, wat dit maar 'n kristal noem. Haar vader neem dit dorp-toe, hoewel die moeder bang is dat hy 'n gek van hom sal maak en die mense met hom sal spot. Tog is dit werklik 'n diamant en Fidelia kry daar £8,000 voor. Besoekers stroom toe en

„Nes vliege by 'n suikerpot,
Kom nou die vryers an;
Jy siet daar an die bome saans
'n Mag van perde staan.

Die grond is glad al stuk gegraaf,
So's al die hengste trap;
Die kerels vind dit nou eers uit:
Fidelia is knap!”

Uit vrees dat Fidelia sal dink dat hy na haar geld vry, bly Hendrik nou weg, hoewel dit hom swaar val. Sy is erg teleurgesteld oor sy afwesigheid, want sy het hom innig lief. Nou maak sy 'n plan: sy strooi die praatjie rond dat daar niks van waar is omtrent die diamant nie.

„En na 'n week was daar geen een,
Wat meer na haar kom kyk;
,Sy is mar arm,' so praat hul weer,
,Ons dag sy was so ryk!'"

Toe Hendrik dit hoor, kom hy Fidelia weer besoek en verklaar haar sy liefde, maar as beloning vir sy trou, vertel sy hom dat hy ook haar geld kon kry.

„Nou vrinde, leer uit die verhaal:
Dat liefde word beloon,
So's Hendrik en Fidelia
Jul duidlik het getoon.”

In die *Patriot* het C. P. Hoogenhout ook 'n paar liefvallige minnediggies gepubliseer; sonder diepgang, maar innig en opgeruimd. Daar is die bekoorlike liedjie *Uitnodiging an Annie* (*P.*, 14 Okt. 1876), en dan die spoggerige minnedig van „Cupido” in *Ons Klyntji* (April 1898):

„Daar kom Jan op syn hengsperd an!
Hoe lag Betti nou!
Ower 'n maand gan sy en Jan
Same netjies trou.”

Pronk-pronk ry hy na haar toe en windmakerig gooi hy sy toom vir die Kaffer.

„Betti geef hy mar 'n hand,
Solang hul dit siin,
Mar is hul eers om 'n kant,
Dan 'n soen of tiin.”

In sy gryse ouderdom het Hoogenhout nog 'n hele reeks minnediggies geskryf, gewoonlik heel lugtig van toon, sonder om diep aangedaan te wees of die wese van die liefde te peil. Soms deel hy net 'n anekdote mee, soos in *Effentjies gehaak* (17 Mei 1894) of anders vertel die vryer hoe gelukkig hy is, soos in *Martje en Ik* (Aug. 1897).

„Oom Piet zijn dochter Martje
Is net die nooi voor mij;
Ik vroeg haar om haar hartje
En ik het dit gekry.”

Aan Annie (Sept. 1897) het in *Ons Volk* verskyn en gee die smeekgebed van 'n verliefde jonkman vir die jawoord. Annie is blykbaar hardhorend:

„Kyk toch in myn oogen,
Lees wat daarin staat;
Zal jy dan gedoogen
My *alleen* te laat?”

Een van Hoogenhout se mooiste minnedigte uit hierdie tyd is wel die stemmingsvolle *Avondwandeling*, waarin die jonkman sy verloofde uitnooi om met hom te gaan wandel:

„Zoetlief, kyk, die volle maan
Is zoo flussies opgegaan . . .
Laat ons langs die waterzoom
Van geluk en liefde droom.”

Hierdie laaste paar gedigte is gehaal uit Hoogenhout se manuskripboeke, want al sy gedigte is nie gepubliseer nie. Nadat hy met ds S. J. du Toit en die *Patriot* gebreek het in 1891, het hy sy gedigte na *Ons Volk* (Krugersdorp) en die *Express* (Bloemfontein) gestuur. Sy skuilnaam was nou nie meer altyd Oom Jan nie, maar soms Cupido, B.J.V.*), Pro Bono Publico, of net sy voorletter H.

Talryk is sy geleenthendsgedigte oor familiefeste: verjaring, trou, geboorte, en dan ook lykklagte. Dikwels moes hy hierdie gedigte op versoek skrywe, en altyd het hy iets nuuts te sê gehad. Hy was besonder lief vir naamdigte, en hulle het ongetwyfeld in die smaak geval van die betrokke persone. Hierdie geleenthedsgedigte is byna almal in Nederlands geskryf. Hoogenhout het ook in Duits en Engels gedig.

Ons noem één Nederlandse gedig wat onder Hoogenhout se nagelate papiere gevind is. Dit kan met veiligheid aange-

*) B.J.V. staan vir genl. B. J. Viljoen, die redakteur van *Ons Volk* (Krugersdorp, orgaan van genl. Joubert). Hy het die gedigte onderteken met hierdie voorletters, maar Hoogenhout het dit later deurgehaal en dit self onderteken. Die oorspronklike handskrifte is ook Hoogenhout syne.

neem word dat dit betrekking het op sy eertydse vriend, ds S. J. du Toit:

„Ik had een vriend, een kerel naar mijn hart;
Ik ben hem kwijt, en schrijf dit neer met smart.
Hij is niet dood — neen, 't blinkend, aardsche slijk
Ontstal hem aan mijn hart; mijn vriend werd rijk!

Op 'n smartvolle, nie-sentimentele wyse, vertel Hoogenhout hoe die verwydering tussen hulle plaasgevind het, en eindig dan:

„Nu zwerft hij rond — verdween uit mijn gezicht . . .
Maar, lezer! van dit kreupele gedicht,
Als gij hem ziet, of waar gij hem ook vindt:
Doe aan hem wel! — hy *was* en *blijft* mijn vriend!

Die gedig is gedateer 13 Januarie 1892.

Hoogenhout se belangstelling vir Transvaal was nog steeds onverminderd, soos die gedigte in *Ons Volk* bewys. Baie gedigte is aan Oom Paul gewy. So vra hy op 14 November 1896: *Sal hy weer kom?*

„Oom Paul is nou na England toe,
Hul sal hom ,goed' ontvang;
Mar reg, as ek Oom Paul moet wees,
Dan was ek daarom bang!

Daar's baing goeje mense daar,
Mar Jingoos is daar meer : . .
Ek kan ni help, ek is bevrees
Oom Paul kom nooit ni weer!”

Die afloop van die Tweede Vryheidsoorlog het Hoogenhout diep in die hart gegryp, maar hy het nie geklae nie, want hy het geweet dat sy volk nie sal ondergaan nie. Nee, hy bespot die vyand, soos hy reeds by die aanvang van die oorlog gedoen het. Toe moes die „dappere Moneypenny, die held

van die Star, met 3,000 per jaar" dit ontgeld. Genietend tergspot Hoogenhout:

„Moneypenny, Pennymoney
Was jy dan zoo bang?
Het jou broekie al gebeef,
Dat ons jou zou hang?

Is hom hartje dan zoo klein?
Eerst praat jy zoo groot.
Nou jou maters al kom help,
Raak jy in die nood?

.....
Wie het meer dan jy geraas
En die vuur gestook?
Nou dit pas begin te brand,
Vlucht jy voor die rook!

Trek jou rokke toch niet uit,
Want hull' pas jou goed, —
Sies, jou lafhart schaam jou wat,
Toon jy zoo jou moed?

In 1903 deel Hoogenhout in 'n sarkastiese gediggie mee dat lord Milner, of soos hy hom noem: Baas Meulnaar, na Engeland toe is, dog net om te rus, want „zyn werk is nog niet klaar." Grootpraterig, maar spottend sê hy, dat ons hom „graag" weer terug wil hê:

„Australia jy kryg hom niet;
Ja, huil maar India!
Jou opperbakker word't hy niet,
Nog min van Canada."

In 'n Nederlandse gediggie *Krokodilletranen*, „simpatiseer" Hoogenhout met Hoggenheimer en die „Judasburgers gespuis" oor hulle vriendjie hulle verlaat het:

„Laat hem gaan,
Naar de maan
Mijnheren,
En zoo daar Republieken zijn,
Kan hij ze ook annekseren."

Gedurende die laaste jare van sy leeftyd het Hoogenhout nog net huislike gediggies gemaak. Hy was nou die goeie oupa wat gedurig gereed moes wees met 'n verjaarsdagrympie as een van die kinders of jonger vriendjies verjaar. Die gees het nou uit sy gedigte verdwyn en nog slegs die rymwoorde het oorgebly. Daar is 'n definitiewe daling in sy digwerk, en hoewel hy gedurende die Tweede Taalbeweging nog geskryf het, het dit geen vooruitgang beteken nie. Hy bly die Genootskapper in sy poësie, net soos Von Wielligh dit in sy prosa gebly het.

Hoogenhout het self gevoel dat sy digterskap ten einde geloop het, want op 13 Augustus 1915 skryf hy *Aan Katie* op haar verjaarsdag:

„Aan de wilgen hangt mijn luit
En er komt geen klank meer uit.
Hoe ik vlei of klaag en zucht,
Maar de Muze is op de vlucht.
„Oude man! gij klaagt voor niet,”
Zegt ze, „hoe 't u ook verdriet,
Laat het aan een jong geslacht,
Dat de vreugd nog tegenlacht.
Wens net Katie net geluk,
Heil en zegen zonder druk;
Daarmee kunt ge wel volstaan,
Want uw rijmen is gedaan!”

Dit is die einde van 'n vrugbare lewe, van iemand wat sy volk in sy kinderjare leer dig het, wat elke nasionale gebeurtenis self berijm en na aan die hart van sy volk geleef het. Die vernaamste en produktiefste digter uit die Eerste Taalbeweging was C. P. Hoogenhout.

PROSA.

Jan Lion Cachet uitgesonderd, is C. P. Hoogenhout die belangrikste prosaskrywer in die *Patriot*. En nog belangriker: die tweede Afrikaanse prosaboek is deur hom geskryf: *Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huissou-*

wens (1873), en die eerste Afrikaanse novelle: *Catharina, die dogter van die Advokaat* (1879). Die kultuurhistoriese betekenis van hierdie boeke is groter as hulle letterkundige betekenis.

Sy skrywersloopbaan het Hoogenhout begin met 'n brief in *De Zuid-Afrikaan* (12 April 1873) oor *Die Bybel in Afrikaans*, waarin hy 'n verafrikaansing van die Bybel bepleit het. Talryke briewe van hom het in hierdie koerant verskyn, briewe wat 'n groot stoot aan die Afrikaanse Beweging gegee het, net soos sy *Gesprekke tusse oom Jan Vasvat en neef Daantje Loslaat* in *De Zuid-Afrikaan* tussen 1873 en 1875. Die eerste proewe van 'n Afrikaanse Bybelvertaling is ook van die hand van Hoogenhout, naamlik *Matteus 28*. Die handskrif bestaan nog.

Maar Hoogenhout het vir goed sy naam gevestig in die Afrikaanse letterkunde met *Die Geskiedenis van Josef*, 'n klein maar belangrike boekie, want in die Afrikaanse Beweging het hy ook 'n rol gespeel, soos ds S. J. du Toit self getuig in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, 1880, bl. 42: „Ons noem die boekie ook as 'n voorbereiding, en wel in die sin dat dit eintlik die sondebok was wat al die vyandskap moes dra, daar dit die eerste Afrikaanse boekie was.” In sy voorwoord by die tweede druk (1883) getuig Hoogenhout ook: „Dit was di eerste proef in Afrikaans. Ag, wat het di arme Josef oek in Suid-Afrika moet uitstaan; amper net so veul as die held van ons geskiedenis valselewe in Noord-Afrika! Wat 'n haat en nijd, wat 'n koerantgeskryf teen di Afrikaanse Josef. En tog, hij leef nog!”

Met die *Geskiedenis van Josef* wou Hoogenhout die weg oopmaak vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Hy was pynlik bewus van die feit dat die Afrikaanse kinders die Nederlandse Bybel nie verstaan nie, Daarom het hy een van die mooiste Bybelverhale geneem en dit in eenvoudige Afrikaans vir hulle oortel. Weinig mense kon so gemoedelik met hulle gesels as juis Hoogenhout. Baie gou het hy hulle simpatie en belangstelling gewen, en dan luister hulle met oop mondjies. Ook hulle voel jammer vir Josef in die kuil, want hoor hoe speel Hoogenhout op die gevoel: „Nou kan julle self begryp hoe of hy daar gehuil het; hoe of hy gesoebat het om tog daaruit te

kom; en hoe of hy syn hande seer gemaak het om teun die kant op te klim — maar hy kon nie uit nie.” Af-en-toe neem hy die geleentheid waar om ’n lessie aan die verhaal vas te knoop: „Laat ons tog voor die drie sondes van die goddeloose broers van Josef oppas, dat is voor nyt, haat en leuëntaal.”

Die geskiedenis van Josef het vir die kinders ’n lewende werklikheid geword, want in sy entoesiasme het Hoogenhout hulle blywende liefde vir hierdie Bybelheld gewen. Eenvoudige taal het hy gebruik, en die verhaal omwaas met ’n Afrikaanse atmosfeer.

Met *Catharina, die dogter van die Advokaat*, het Hoogenhout die prys verower wat deur die G.R.A. uitgeskryf is vir die beste prosaverhaal. Die „Woordjie Vooraf” is so tipies vir die skrywer, dat ons dit graag hier in sy geheel laat volg:

„An myn waarde en seer geagte neef Lokomotief.

Ou Neef!

Van tyd tot tyd het jy gevraag: „Waar is Klaas tog? Waarom laat hy syn stof nie sien nie?” Hier is ik! Toen jy ’n Prysvraag uitgeskrywe het, het ik maar die plan gemaak om te perbeer of ik nog kan skrywe.

„So,” seg jy dalk, „neef Klaas wil *geld* verdien, hy wil *betaling* hê.”

Ne, foei, ou neef! dis nie myn bedoeling nie! Om jou te o’ertuig dat ik nie om jou £5 of £10 geskrywe het nie, maak ik jou bekend, as jy myn storie ’n prys mog toeken, dat ik dit dan persent maak an die Afrikaanse saak; — maar ik denk wel dat daar beter stories as myne op jou Prysvraag uitgekom is. Die moet jy dan eerlik betaal; en as myn storie nie na jou sin is nie, stuur hom dan maar terug. As ik miskien hier of daar ’n , of ’n . uitgelaat het, maak dit dan bietjie reg; ook waar ik eenmaal *nie* in plaas van tweemaal geskrywe het.

Beste groetenis an jou vrou en kinders, en verder an al die ooms en tantes, neefs en niggies; wees ook self gegroet van jou steeds andenkende neef,

Klaas Waarsegger.”

So gemoedelik as die voorwoord is die verhaal self nie. Intendeel, dit is ernstig, want Hoogenhout maak sterk propa-

ganda vir die „Afrikaanse saak.” Hy hekel die verengelste Afrikaner, hy haat hom en dryf die spot met hom; die „ware” Afrikaner daarteenoor verheerlik hy en hou hom as ideaal voor vir die lesers van die novelle. Hy is die troue vaderlander wat die renegaat verag. In die gedigte oor die Transvaalse Vryheidsoorlog het ons Hoogenhout leer ken as ’n vurige patriot; in *Catharina* openbaar hy hom as ’n vurige propagandis.

Dit spreek vanself dat hierdie tendens afbreuk doen aan die letterkundige waarde van die boek, maar daaroor het die skrywer hom nie bekommer nie — as hy maar sy volk ’n diens kon bewys, as hy hulle oë maar kon oopmaak vir die nasionale gevare wat hulle bedreig, dan was hy tevrede. As een van die grootste gevare wat sy volk met algehele ondergang bedreig het, het hy die toenemende verengelsing beskou. Daarom laat hy ’n verengelste advokaat optree in sy novelle, en stel teenoor hom sy eie dogter wat die tradisies van haar volk nie vir ’n pot lensiesoep wou verruil nie.

Die verhaal is heel eenvoudig: Advokaat X wat homself as ’n Engelsman voordoen, voer ’n rojale lewe en hou gedurig feeste om sy Engelse vriende te onthaal. Sy dogter Catharina gaan by Oom Jan M. op die plaas kuier, en hy met sy familie word vir ons voorgestel as die ideale Afrikaners wat hulle taal en tradisies respekteer. Sy seun David raak verlief op Catharina en hulle verloof hulle aan mekaar. Maar nou kom die moeilikhede. Toe Catharina terug is by haar ouers, onderskep die advokaat David se briewe en belet die verhouding. Hulle korrespondeer nou skelmpies. David gaan op ’n smoustog na die Noorde, en terwyl hy weg was, speel die advokaat bankrot. Sy mootweervriende verlaat hom en heeltemal versag, gee hy sy toestemming tot Catharina se huwelik met David.

Dit is ’n liefdesverhaal, maar die liefdesgeskiedenis word net deur die skrywer gebruik om die kontras daar te stel tussen die verengelste en die ware Afrikaner. Sy gedagtes omtrent die Afrikaanse kultuurstryd knoop Hoogenhout vas aan hierdie liefdesgeskiedenis. Breedvoerig beskryf hy ons die huishouding van die advokaat, wat trots daarop was dat hy deur vername Engelse as ’n Engelsman beskou is. „Stellig was dit meer as eens syn wens dat hy waarlik Engelsman was; maar syn naam

kon nie goed verengels worde nie." Na aanleiding van die feit dat Catharina haar op die plaas soms 'n Engelse woord laat ontglip, roep die skrywer uit: „Helaas! hoe die gees al meer en meer in ons land begin te heers dat Engels te ken, die toppunt van geleerdheid is!” Oor die Engelsgesinde predikant in die Vrystaat wat die hele dorp probeer verengels, wei Hoogenhout omslagtig uit en stel hom so veragtluk voor dat die leser nie anders kan as om 'n afsku in die predikant te kry nie.

Ds S. J. du Toit het die novelle dus goed gekarakteriseer in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, 1880, bl. 75: „Die verhaal op sig self is nie besonder boeiend nie; maar dis deurdronge van so'n eg patriottise Afrikaanse gees, dat dit al 'n dojerlige Afrikaner moet wees wat dit nie met smaak lees nie.”

Soos reeds aangestip, die dikgesmeerde tendens het *Catharina, die dogter van die Advokaat*, as letterkundige werk verongeluk. Die advokaat is 'n slegte persoon, David 'n waardige Afrikaner en Catharina 'n skat. Ons het hier geen mense van vlees en bloed nie; hulle innerlike bly vaag en vreemd, want ons leer hulle net na die uiterlike ken. Romanties is die beskrywing van Catharina met haar „helder blouwe, sielvolle oge.” Die lang uitweidings versteur die objektiwiteit van die verhaal en verbreek die eenheid, sodat die bou nie heg is nie. Waar ons op hierdie letterkundige gebreke wys, is dit nie om ons eerste novelle te verkleineer nie, maar om duideliker te toon dat ons die betekenis van hierdie boek veral in die kultuur-historiese moet soek.

'n Derde boek van Hoogenhout kenmerk hom weer as die ware kindervriend: *Eerste Afrikaanse Printjies Boeki ver Soet Kinders* (1879). Hier tree hy op as die goeie onderwyser wat aan die jeug kosbare raad wil gee op hul lewensweg. Hy doen dit nie doelbewus nie, want dan weet hy, sal hy hulle afstoot. By elke „prentjie” het hy 'n verduideliking en stilletjies knoop hy dan 'n nuttige lessie daaraan vas. Hy waarsku hulle teen 'n reeks „Skadelike Dinge,” waaronder biljartspel: „Né, kinders! pas op ver biljart tafels in die hotels! Van die soort vrolikheid kom olikheid.” Maar hy vertel hulle ook van mooi

dinge in die lewe, dinge wat die mens veredel, soos musiek en blomme.

In 1885 het 'n tweede uitgaaf van hierdie *Printjies Boeki* verskyn, en in die inleiding maak Hoogenhout die geestige opmerking: „Daar moet glo regte baing soet kinders in ons land wees; want di eerste uitgawe... was een, twe, dri uit-verkog.”

Aan verskeie boeke deur ds S. J. du Toit uitgegee, het Hoogenhout meegewerk, maar die vernaamste is wel: *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk* (1877). Hoogenhout het ook verskillende boeke vertaal, waarvan die meeste van godsdienstige aard is, soos *Die Wege des Heeren met George Muller* (1882), en *Di Vinger Gods en sewe andere verhale* (1884), — die laaste in samewerking met E. J. du Toit, volgens 'n aantekening van C. P. Hoogenhout self. Ons noem nog *De Watergeneeskunde* (1882) en sy rekenkundeboekie: *Uw en mijn Cyferboekje* (1882).

Hoogenhout is 'n skrywer wat by voorkeur vaderlandse stof behandel, maar hy het ook huislike geleentheidsgedigte geskryf. In almal kom 'n sterk godsdienstige (Calvinistiese) lewensgevoel uit, en 'n klein aantal gedigte behandel ook godsdienstige temas. Uit hierdie nasionaal-Christelike houding is al sy werk te verstaan.

Hoogenhout is ook opvoeder, nie net van die jeug nie, maar ook van grootmense. Hy lig graag voor, en dit gee aan al sy werk 'n didaktiese en stigtelike kleuring. 'n Mens kan nie help om dikwels die stem van die onderwyser uit sy werk op te vang nie, net asof hy onbewus aan kinders dink. *Josef* en sy *Printjies Boeki* is ook uitsluitlik vir kinders bedoel. In sy geskiedkundige gedigte vermeld hy graag alle historiese besonderhede, net soos iemand in 'n les sal doen, en wanneer hy sy aanklagstukke skryf, wend hy hom direk tot die persone en spreek hulle gebiedend-bevelend aan: „Hou op met raas!” Tog bly hy 'n liefdevolle leermeester, wat met simpatie bestraf, wanneer hy die woord tot sy eie volk rig.

Hierdie Afrikaanse Jacob van Maerlant is veral 'n praktiese man, wat nie na hoë kuns gestrewe het nie, maar op eenvoudige, heldere manier sy gedagtes uitgedruk het, op 'n

baie onpersoonlike, ongeïndividualiseerde wyse. Eintlik is sy taalgebruik, hoewel suiwer en sober, tog die minste deurtrek met die gees van die Afrikaanse veld.

(c) *S. J. du Toit* (1847-1911).

Ná Hoogenhout is die belangrikste en gaafste digter en skrywer uit die Eerste Periode, ds S. J. du Toit, „die eensame Ismael.” Hy was sonder twyfel ’n buitengewone mens. Uit sy hele persoonlikheid blyk dit dat hy ’n gebore leier was. Hy het ’n merkwaardige insig besit in die omstandighede rondom hom, maar hy was nie soos die Nederlandse digters wat hy so vurig bewonder het, naamlik Bilderdyk en da Costa nie: hy was die praktiese mens. Die Hollandse digters was boetprofete wat vae ideale op teatrale wyse verkondig het, terwyl ds Du Toit die vermoë besit het om sy ideale in praktiese werke om te vorm. Hy was die leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, maar ook op die gebied van die belletrie het hy in baie opsigte die leiding geneem.

Ds S. J. du Toit is op 9 Oktober 1847 in Daljosafat gebore en hy het sy eerste opleiding aan die Paarlse Gymnasium ontvang. Sy leermeesters, ds G. W. A. van der Lingen, en ook dr Arnoldus Pannevis, het feitlik vir ds Du Toit gevorm en hom voorberei vir die werk wat hy later so suksesvol sou aanpak. Na ’n vierjarige kursus aan die Kweekskool op Stellenbosch, is hy as predikant in die Ned. Geref. Kerk toegelaat. Vanaf 1875 tot 1881 was hy in die gemeente Noorder-Paarl werksaam. Hier het hy die G.R.A. gestig met die *Patriot* as orgaan, en vanaf 1879 het hy hom beywer vir die oprigting van die Afrikanerbond. In 1882 is hy deur die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek aangestel as Superintendent van Onderwys. Saam met genl. Smit en pres. Kruger het hy in 1883 deel uitgemaak van die Transvaalse Deputasie na Engeland. In 1890 keer hy weer terug na die Paarl nadat hy al sy besittings in goudspekulasies verloor het — ongeveer £140,000. Hy tree nou openlik op as redakteur van die *Patriot*, en later van *Ons Klyntji* (1896-1906), *Ons Taal* (1907-1909), en van godsdienstige tydskrifte. Hy wy ook baie aandag aan die Afrikaanse Bybelvertaling. Op 28

Mei 1911 is hy oorlede. Dit vorm net 'n paar uiterlike besonderhede uit ds Du Toit se veelbewoë loopbaan.

Totius sê in die biografie van sy vader dat ds S. J. du Toit die rus en tyd nie gehad het om goeie gedigte te skryf nie, want sy lewe was te bedrywig. Maar 'n uitleg soos hierdie sê nie veel nie, want al sou ds Du Toit die tyd gehad het, dan glo ons nie dat hy belangrike woordkuns sou gelewer het nie, want hy en sy hele geslag het, wat poësie betref, o.a. nog te sterk gestaan onder die invloed van Bilderdyk en Da Costa. Van die vernuwing wat die Tagtigers gebring het, het hulle niks geweet nie.

Dr G. Dekker het die letterkundige werk van ds S. J. du Toit mooi gekarakteriseer met 'n aanhaling uit Huet oor Bosboom-Toussaint: „(Zijn) geest is grooter dan (zijne) kunst, zijn fantasie magtiger dan zijne pen, zijn raadvermogen sterker ontwikkeld dan zijn talent van boetseeren.” En in mindere mate voel ons ook hier dat „(hij) in niets doet denken aan eene middelmatigheid’.”

POËSIE.

Een van ds Du Toit se eerste gedigte in Afrikaans is *Die Afrikaanse Taal*. Dit het verskyn voor in *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* en ook in die *Patriot* (15 April 1876). As gedig is dit miskien sy swakste, omdat die verbeelding ontbreek en die verstand spreek — die rymwoord gee die deurslag. Sy doel is om Afrikaans aan te prys. Mooi vir die inhoud en die kinderlikheid is die volgende rympie van ds Du Toit oor Afrikaans: *Sonder ons taal kom ons nie klaar* (P., 25 Sept. 1885).

Vir die Transvaalse saak het hy 'n daadwerklike belangstelling gehad. In die *Patriot* van 9 Febr. 1877 het hy reeds gewaarsku teen die konfederasie-voorstelle van Engeland:

„Daar kom 'n stem uit Engeland.

Pas op!

„Transvaal, geeft ons die broederhand!’

Pas op! Pas op!

Die stem klink mooi en soet;

Dis alles wel en goed;
 Mar pas op wat jul doet.
 Let jul nie op,
 Dan's jul gefop."

Na die oorwinning by Langnek tydens die Eerste Vryheidsoorlog, skryf ds Du Toit 'n waarskuwende gedig vir Engeland: *Dit is Gods Vinger* (P., 4 Maart 1881), want God stry aan die kant van die Transvalers, sê hy.

Toe in 1881 die vrede gesluit is, was daar 'n stroom van vryheids- en volksliedere, maar die beste gedig is waarskynlik die *Transvaalse Vryheidslied* (P., 6 Mei 1881) van ds S. J. du Toit, omdat hier werklike digterlike besieling spreek, omdat ontroerde gevoel hier aanwesig is, omdat dit nie rymelary nie maar suiwer poësie is. Eg is die vreugde van die digter oor die vrede. Dr Lydia van Niekerk loop in die wolke oor hierdie lied „dat als nationaal lied in vele opzichten de voorkeur had kunnen verdienen boven ‚Kent gij dat Volk‘ van Catharina van Rees" (t.a.p., 1916, bl. 91).

„Die vierkleur van ons dierbaar land,
 Die waai weer o'er Transvaal,
 En wee die Godvergeten hand,
 Wat dit weer neer wil haal!

Waai hoog nou in ons heldre lug,
 Transvaalse Vryheidsvlag!
 Ons vyande is weg gevlug;
 Nou blink 'n blyer dag."

In *Ver Moeders* is S. J. du Toit die predikant wat die moeders waarsku om die ontwikkeling van hulle kindertjies in die regte rigting te stuur. 'n Paar minnediggies het ds Du Toit ook vervaardig. Die eerste een is wel 'n vertaling van Longfellow se *Beware!*, wat op sy beurt weer 'n vertaling is van *Hüt' du dich*, 'n volksliedjie uit *Des Knaben Wunderhorn*. Du Toit noem sy vertaling *Kerels, pas op!* Dit het eers in die *Patriot* verskyn en ook in Th. M. Tromp se *Herinneringen uit Zuid-Afrika*. Dit is op musiek geset deur P. A. van Ant-

werpen. Die vertaling het heeltemal 'n Afrikaanse kleur aangeneem. Guitig is die toon:

„Ek ken 'n mysie, mooi en klein,
Pas op!
Nou is sy grof, net nou weer fyn,
Pas op! pas op!
Betrou haar nou,
Dan fop jy jou.”

Die lugtige toon in *Janni, trou gen vreemde Vrou* (P., 13 Junie 1884), is bekoorlik, al speel die rymwoord 'n te grote rol.

Hendrik en Letti is 'n verhaal uit die Transvaalse Vryheidsoorlog, en is ook berym deur C. P. Hoogenhout. Oor die geheel moet ds Du Toit se beryming seker onderdoen vir die sobere vertelling van Hoogenhout, maar aan die ander kant maak Du Toit gebruik van 'n groot metriese verskeidenheid, wat die afwisseling in die verhaal-trant besorg. Ook gee Du Toit 'n breër agtergrondskildering, wat tref deur mooi digterlike segging:

„Na Langnek! Na Langnek!' so klink deur Transfaal...”
Die galop van die perde klink duidelik uit die ritme van die strofe op.

Van jongs af het Hendrik en Lettie mekaar bemin, maar skaars was hulle getroud of die Eerste Vryheidsoorlog breek uit. Hendrik voeg hom by genl Smit. Die aand voor die slag versoek hy sy neef om sy lyk te gaan haal as hy miskien sneuwel, en om sy vrou te vra om hulle kind, wat nog gebore moet word, „reg” op te voed:

„So moet Letti ook myn kind
By syn faders graf dit leer:
Teen di Britte haat inprint;
Laat hom op myn graf dit sweer:
Nooit di Britse mag te eer.”

Dit gebeur dan so dat Hendrik die volgende dag sneuwel en sy neef voldoen aan die versoek.

Die verhaal is op waarheid gebaseer. Letti was 'n suster van genl Nic. Smit, en haar man 'n sekere Hendrik Pretorius.

Tevergeefs het ds Du Toit Hendrik se weduwee die hof gemaak:

„Fele minnaars is gekome,
Om haar liefde weer te win;
Mar tot nogtoe was s' onfatbaar
Fer 'n tweede huweliksmin:
In haar faders huis begeer,
Sy haar jongske en niks meer . . .
Min 'n trouwe hart één keer,
En dan hiir op aard nooit weer? . . .”

In *Sambesia* (1895) het daar van ds Du Toit 'n hele paar Afrikaanse gedigte verskyn, soos die *Litji van 'n Voortrekker*, *Di Klaaglitji van di Os*, en dan een van ds Du Toit se mees verdienstelike gedigte: *Nag en Dageraad in Matabeleland*. Hoe sterk is sy verbeeldingskrag nie hier nie, al is hy nie by magte om sy visioen te verwoord nie; die woorde het sy magtige siening ontwyk. Dis belangrik dat so'n gedig vóór 1900 geskryf is, want dit was iets anders as die rympies uit dié tyd.

Ds Du Toit het op 'n heel grappige wyse vertel *Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het* (O.K., Des. 1897). Die selfde realisme en vlotheid wat die kenmerk is van die inboorling se verhaalwyse, vind ons terug in hierdie gedig. Ds Du Toit het hom in die plek gestel van Ou Danster, die Griekwa. Ook die Griekwataal het hy nageboots. Die geskiedenis is natuurlik nie korrek nie, maar daaroor maak 'n Griekwa hom nie moeg nie; hy is selfs gewillig om te sweer „so waar as waar di waarhyd is” dat hulle vroeër by die see gebly het. Lewendig en vlug van handeling is die vertelling. Hoe kostelik is die beskrywing nie van die seilskip wat sy bootjies laat afsak:

„Toen fou di ding syn flerke op,
En hy ge' klyntjiis af, een kant;
En ons hou toen fer hom mar dop,
Hy ge' meer klyntjiis, ander kant,
Hul sak af o'er di rant.”

Die Afrikaanse Almanak.

BURGERLIK EN KERKELIK

VER 1877.



UITGEGE DEUR DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

KAAPSTAD:

VERKRIJGBAAR BIJ J. M. BELINFANTE, BOEKHANDELAAR

No 26, BURGSTRAAT.

1877

PROSA.

Die eerste proewe van ons prosakuns staan op 'n hoër plan as die poësie, al is die meeste werke heeltemal in die gees van die verteller geskrywe, soos *Die Geskiedenis van Josef* deur Hoogenhout. Maar op prosagebied blink ds Du Toit uit, nie as 'n groot kunstenaar nie, maar as 'n besonder bekwame joernalis wat sy lesers boei deur 'n persoonlike styl en 'n vaardigheid in uitdrukking.

Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk is die derde boek wat deur die G.R.A. uitgegee is (1877), maar ds S. J. du Toit, C. P. Hoogenhout en Gideon Malherbe het reeds vóór die stigting van die G.R.A. daaraan begin skryf. Ons weet nie wie almal aan hierdie boek meegewerk het nie, maar die hoofbewerker was ongetwyfeld ds S. J. du Toit.* In 1895 het 'n tweede druk verskyn wat tot daardie jaar bygewerk is deur dr J. D. du Toit; die spelling is „gemoderniseer.”

Die doel met hierdie geskiedenisboek, deel ds Du Toit ons mee (*Geskiedenis van die Afr. Taalbeweging*, 1880, bl. 67-68), was om 'n nasionaliteitsgevoel op te wek by die Afrikaanse volk, waarin hulle dan ook grotendeels geslaag het blykens die menigte van getuienisse. Hy het gehoop dat 'n goedkoop uitgawe moontlik sou wees „om ons kinders van jongs af bekend te maak wat hul vaders al deurgestaan en gely het in die land waar vreemdelinge ons nou wil vertrap.”

Die skrywers probeer gedurig die bronne aangee, ook as hulle lang gedeeltes aanhaal uit een of ander boek of dokument, bv. die Dagverhaal van Jan van Riebeeck, die *Berichten* van Kitchener, die *Dutch Reformed Church in South Africa* van John McCarter; Wilmot en Chase, Tancred, ens. Na die beskrywing van die slag van Boomplaas, laat die skrywer volg: „Die berig wat ons gegee het is van een *wat daarby was*, wat as kommandant geageer het, en wat die beste in staat was van enigeen om een verslag te ge” (bl. 196). Telkens weer lê hulle die bewerings van Engelse geskiedskrywers, veral waar dit die eer van die Afrikaners geld. Dit is duidelik dat hierdie *Geskiedenis* nie 'n wetenskaplike werk is wat objektief ge-

*) Oor die ontstaansgeskiedenis van hierdie boek, sien Ds S. J. du Toit, *die eensame Ismael*, 1940, blss. 39-44.

skrywe is nie, maar meer bedoel was as 'n volksboek. Daarom is dié toon gemeensaam, gesels die skrywers op 'n onderhoudende wyse met hulle lesers, en gee hulle telkens hulle persoonlike opinies omtrent 'n sekere saak. Die Afrikaanse gees straal deur die hele werk. As 'n stuk letterkunde is daar baie in dié geskiedenisboek wat ons kan waardeer.

As ds Du Toit se belangrikste boek in baie opsigte kan ons beskou die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vrind en vyand uit publieke en private bronne, bewerk deur 'n lid van die Genootskap van Regte Afrikaners*. Dit is oorgedruk uit die *Patriot* in 1880. In 1909 het 'n tweede druk gevolg met 'n waardevolle lys van Afrikaanse boeke wat in die Paarl uitgegee is tussen 1876 en 1895, hoewel hier heelwat foute is met betrekking tot die datums en skrywers.

Soos die titel reeds aandui, is dit in baie opsigte propagandisties, want dit moes vir die „vrind” dien tot 'n verdere spoorslag, en dit moes ook probeer om die „vyand” tot oortuiging te bring van die deugdelikheid van Afrikaans as spreek- en skryftaal van die Afrikaners. Die hele boek is in 'n optimistiese toon geskrywe, want in 1879 het dit nog baie voorspoedig gegaan met die Afrikaanse Taalbeweging, het ds Du Toit nog die vertroue en agting van die „ware” Afrikaners geniet. Wat hierdie *Geskiedenis* veral sy waarde gee, is dat ons hierin afgedruk vind die vernaamste dokumente wat betrekking het op die voorgeschiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging.

In *Alweer op Reis* (1886) het ds Du Toit 'n noukeurige verslag gegee van al sy ervarings as lid van die Transvaalse Deputasie na Europa in 1883-1884. Hy doen dit in so'n opgewekte gees dat ons al genietende lees. Spelenderwyse het ds Du Toit sy volk baie omtrent Europa geleer.

Ds S. J. du Toit het in alles belanggestel. Toe hy die Kersfees- en Nuwejaarsnommers van mnr Stead se *Review of Reviews* in die hande kry, wat net gewy was aan „Real Ghost Stories,” het hy dadelik besluit om dié stories in Afrikaans te vertaal vir die lesers van die *Patriot*, en daarna verhale te gee van verskynings in ons eie land. Verder as die vertalings het dit nie gekom nie. In 1892 is die verhale in 'n

aparte boekie uitgegee onder die titel *Werklike Geesverskynings*.

Di Koningin fan Skeba, die eerste Afrikaanse historiese roman, het in *Ons Klyntji* verskyn vanaf Maart 1896 tot Mei 1898. Die plan om 'n historiese roman te skryf, is egter reeds in 1894 gebore toe ds Du Toit saam met mnr Gideon Malherbe 'n reis na Rhodesië gemaak het. Daarom moet ons eers *Sambesia*, of *Salomo's Goudmijnen Bezocht in 1894* (Paarl, 1895) lees om *Di Koningin fan Skeba* ten volle te verstaan.

Die eerste deel is 'n verslag van die reisgeselskap se ondervindings, en hierdie deel is belangrik vir spanning, want ons is gejaagd om te weet of hulle by die berg Afoer sal uitkom, en wat in dié berg is. Hulle het reeds moeilik aan die dood ontsnap toe die Kaffers die ingang tot die Simbabwe-ruïnes toegestop het. In die eerste deel kry ons ook suiwer realisme — die voortsetting van 'n letterkundige stroming wat met die nouvelles oor die verskillende „Duiwels” van Jan Lion Cachet begin het.

Die tweede deel bevat die inhoud van die geskiedrolle wat in die berg ontdek is, en hiermee begin dan eintlik die historiese roman, wat egter voortdurend afgewissel word deur die geselskap se ervarings en verdere ontdekkings.

Ds Du Toit se roman het 'n geweldige opset, waarmee hy groot situasies omspan. Die bou is helder, maar eienaardig — dis tweeledig, want dit omvat 'n reisbeskrywing wat die verhaal se realisme gee, en 'n historiese roman wat die romantiek bring. Die verband tussen die twee verhale is die vertaler se rol. Die skrywer gee telkens net genoeg van elke verhaal om ons belangstelling gaande te hou, en dan is die oorgang van die een verhaal na die ander so natuurlik dat ons dit nouliks merk. Hulle word ook saamgeveg deurdat die geselskap elke keer die voorgelese deel bespreek en toets aan die Bybel en die uitkomst van die wetenskap. Die wetenskaplike idee maak die roman soms wel ongenietbaar.

Waar ds Du Toit hom op sy verbeelding verlaat, skryf hy vlotweg en soms streef hy na digterlikheid, bv. as hy die Sonfees beskryf. Dit is wel die mooiste episode in die boek. Hy probeer nie om „mooi” te skrywe nie, maar as hy soms 'n beeld gebruik, tref dit ons om die juistheid daarvan. Sy taal

is deurgaans suiwer en natuurlik, terwyl die dialoog ons boei omdat dit lewendig is en spontaan kom.

In sy strewe om „die oude tye te doen herlewen,” soos ons dan ook van ’n historiese romanskrywer verwag, het ds Du Toit sekerlik nie geslaag nie, want ons weet heel weinig van die maatskaplike lewe van daardie tyd, behalwe wat hy ons bewus vertel. Ook sy tweede doel het hy nie bereik nie: „en vooral hopen we u dan te doen beseffen, dat in die ouden ook *mensen* waren, die leefden, gevoelden, beminden, haatten, vreugde en smart kenden evenals wij.” Hy vertel ons van hulle liefde en angs, maar nêrens is daar ’n poging om enige emosie te vertolk nie. Selfs die Koningin van Skeba is niks meer as ’n figurant nie — ons hoor net van haar uiterlike lewenservarings, haar sielelewe ken ons nie. Ook die karakters van die reisgeselskap bly vaag, hoe ons ook al probeer om elkeen as ’n aparte persoonlikheid voor te stel.

In 1898 is *Di Koningin fan Skeba* in boekvorm uitgegee deur die firma D. F. du Toit en Co., Paarl. Die tweede druk het in 1921 verskyn by die Nasionale Pers, Kaapstad, en die baie herdrukke daarna bewys die gewildheid van die eerste Afrikaanse historiese roman.

Ds S. J. du Toit is die eerste Afrikaanse skrywer wat al drie genres beoefen het: prosa, poësie en drama. Die eerste gespeelde en gedrukte Afrikaanse toneelstuk vóór 1900 is geskryf deur ds Du Toit: *Magrita Prinslo of Liefde getrou tot in di Dood* (1896). Dit is vir die eerste maal opgevoer in die Paarlse stadsaal in Januarie 1897 tydens die Afrikaanse Taalkongres. In 1919 is *Magrita Prinslo* in ’n nuwe verwerkte vorm deur dr S. P. E. Boshoff in die lig gegee.

Dis ’n historiese toneelstuk uit die tyd van die Groot Trek, maar ’n drama in die eintlike sin van die woord is dit nie. Dit bestaan uit dertien verskillende taferele wat nie logies aangeskakel is tot ’n hegte eenheid nie, maar mekaar gewoon opvolg sonder enige verwikkeling. Die toneel word van die een plek verplaas na die ander. Die skrywer gee ons wel ’n oorsig van die geskiedenis, maar dis nog onverwerkte stof.

Die persoon wat al die taferele tot ’n mate saambind is Magrita Prinslo, want haar ervarings op Trek word vir ons voorgestel. Natuurlik is die vernaamste motief ’n liefdesge-

skiedenis, wat egter ook nie tot 'n dramatiese verwickeling voer nie.

Ds Du Toit gee heel weinig karakterskildering. Hy het die skoonste geleentheid gehad om Magrita Prinslo se sielelewe aan ons te openbaar, maar hy het sy geleentheid laat verbygaan. Die ander karakters is ook blote figurante wat die skrywer af-en-toe nodig het vir sy historiese agtergrond. Die toeval vergemaklik die skrywer se taak, want die toeval is tot alles in staat, en juis op die kritieke moment verskyn die *deus ex machina*, Pieter Botha.

Magrita Prinslo ontroer ons nie deur letterkundige skoonheid nie, maar toe dit vir die eerste keer opgevoer is, moes dit die Afrikaners met trots vervul het. So skryf dr J. D. du Toit (*Ds S. J. du Toit in Weg en Werk*) na aanleiding van die eerste opvoering in die Paarl: „Dit was 'n heerlike aand. Die stadsaal was propvol en g'n een het onbewoog vandaar gegaan nie.”

Na sy terugkeer uit Transvaal het ds S. J. du Toit onnasionale politieke beskouings begin huldig, en hy het hulle ook gedurig in die *Patriot* en *De Getuige* verkondig. Hy het baie vyande gemaak, en moes veel smaad verduur. Dat dit vir hom, die leier, bitter moes gewees het om te sien dat hy nie gevolg word nie, kan ons begryp. Dat hy ontlasting moes soek vir sy opgekropte gevoelens, is verstaanbaar, en daarom het hy 'n roman in *Ons Klyntji* (Mei 1900 tot Jan. 1902) geskryf waarin hy sy politieke idees verkondig het. Hy het karakters geskep om namens hom die woord te voer; hy het die roman tot 'n slot gevoer soos hy die einde van die oorlog voorsien het: van dapper republikeine het hy lamsakkige, maar lojale onderdane van die koning gemaak. Die liefdesgeskiedenis is maar iets bykomstigs — dit dien slegs as kapstok vir ds Du Toit om sy politieke beskouings daaraan op te hang. Dit is dus 'n tendensroman en alles word aan die tendens ondergeskik gemaak. Die skrywer het geen beswaar om met lang uitweidings die gang van die verhaal te onderbreek nie.

Liefde in Oorlog is die naam van die roman. Waarskynlik om vooroordeel te vermy, het ds du Toit dit nie met sy naam onderteken nie, maar dit ly geen twyfel dat hy die skrywer is nie.

Die tendens het die roman verongeluk, maar die tendens het sigself ook vernietig, want selfs die „lojale” leser is nie blind vir ds Du Toit se bedoeling nie, en in plaas dat hy simpatie wek, stoot hy af. Danie se skielike verworping *kon* die skrywer nie regplooi nie: die hele handeling is ongemotiveerd.

Ook uit 'n kunsoogpunt staan hierdie roman vër benede *Di Koningin fan Skeba*. Die objektiwiteit van die verhaal word telkens versteur; daar is geen indringing in die karakters se sielelewe nie, want hy „trek liewers 'n sluier” oor 'n gebeurtenis wat hom die geleentheid gee om hulle innerlike lewe te openbaar. Al die gebreke van 'n tendensroman kleef aan *Liïfde in Oorlog*.

As sy groot lewenswerk het ds Du Toit beskou: die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Tot aan sy dood was hy daarmee besig. As voorarbeid het hy in 1889 uitgegee: *Di Bybel in Afrikaans. Dri Proewe*. In 1893 volg *Genesis*, 1895 *Matteus*, 1898 *Di Openbaring fan Jesus Gristus* en in 1907 *Di Psalme. Hooglied en Handeling* is nooit in aparte boeke gepubliseer nadat hulle in *Stemmen des Tijds* verskyn het nie.

Algemeen gesproke kan ons sê dat ds Du Toit se vertalings van Bybelboeke nie groot ingang gevind het by die Afrikaansgesindes nie. Die vernaamste oorsaak hiervan is wel dat die volk nie die behoefte gevoel het aan 'n Afrikaanse Bybel nie. Dan was daar 'n neiging by ds Du Toit om te na te kom aan die gewone volkstaal. Hy besig woorde en uitdrukkings wat 'n mens in die begin, totdat jy eers daaraan gewoon is, geweldig sal hinder. Psalm 23 vers 4 is bepaald plat: „... want U is met my; uwe *knopkiri* en wandelstok fertoos my.”

Maar afgesien van die plathede het ds Du Toit tog dikwels daarin geslaag om in die gees te kom van die Statevertaling; hy het die verhewe eenvoud van styl oor die algemeen behou.

Ds Du Toit het 'n groot aantal godsdienstige werke in Nederlands geskryf, maar ook twee in Afrikaans: *Bybelse Vrage en Antwoorde* (1897) en *Handboek ver Godsdiens Onderwys op di Skool, in di Katkesasie, by di huis* (1892).

(d) *Arnoldus Pannevis* (1838-1884).

Pannevis se groot betekenis lê in die aandeel wat hy neem het in die Afrikaanse Beweging, en tog het hy ook gedigte in Afrikaans geskryf.

Arnoldus Pannevis is op 16 Februarie 1838 in Ouderkerk, Holland, uit 'n deftige burgerfamilie gebore. Sy vader was 'n mediese dokter en ook hy het in die medisyne gaan studeer aan die „School voor Rijks Zeemacht,” en op 1 Augustus 1859 is hy aangestel tot „Officier van Gezondheid der 3de klasse bij de Koninklijke Nederlandsche Zeemacht.” Hy het dit nie lank volgehou as skeepsdokter nie, want op 31 Oktober 1861 het hy eervol ontslag gekry „op grond dat zijn ziels-toestand hem ongeschikt maakt, om in zijne betrekking aan boord van Schepen te dienen.” Nou het hy in die lettere gaan studeer en op 13 Januarie 1864 sy kandidaatseksamen afgelê. Hy het 'n deeglike kennis van die klassieke tale gehad en was verder goed bekend met die vernaamste Europese tale.

Reeds as sestienjarige seun het hy plan gemaak om na Suid-Afrika te kom toe hy gehoor het van die gebeurtenisse in die Vrystaat tussen 1848 en 1854. Hy kon dit nie veel dat die Hollandse nasionaliteit daar so verdring is nie. „Hij was trouwens zijn leven lang afkerig van zulke Afrikaners, die zich hun afkomst en moedertaal schaamden.”*

Op 11 Julie 1866 het hy in Kaapstad geland. In 'n losies-huis aan die strand sou hy 'n soort van Nederlands gehoor het wat tog nie Nederlands is nie, maar vloeiend klink en doeltreffend werk. Later het hy in die *Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* op grappige wyse vertel hoe hy die Afrikaanssprekendes dikwels verkeerd verstaan het.

Van die Kaap is hy na die Paarl waar hy bevriend geraak het met ds G. W. A. van der Lingen. Hy is aangestel as leraar in die klassieke tale aan die Gymnasium, waar die latere ds S. J. du Toit een van sy leerlinge was. Op hom het hy in baie opsigte groot invloed uitgeoefen en o.m. sy oë geopen vir die bruikbaarheid en bestaansregverdiging van Afrikaans. Hy het Afrikaans bekleed met die volle waardigheid van 'n self-

*) C. P. Hoogenhout: *In Memoriam in Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*, Sept. 1884.

standige taal, 'n splinternuwe taal, wat onder besondere omstandighede uit die oorspronklike vorm ontwikkel het. So oortuig was hy in sy opvatting oor die bestaansreg van Afrikaans, dat hy in privaat gesprekke en ook in sy klasse hierdie opinies gelug het, baie persone oortuig het en in sy beskouings gaandeweg meer helderleid verkry het. In sy 71 *Theses* beskou ds Du Toit sy leermeester as waarskynlik die grootste taalkundige wat Suid-Afrika gehad het (1891). Dieselfde bewering herhaal hy in die inleiding tot sy studie *Afrikaanse Taalskat in Ons Taal*.

Maar Pannevis was nie juis net gangmaker vir nuwe en juistere opvattinge oor Afrikaans as taal nie, hy het ook gegloei van liefde vir sy God en die Bybelwoord. Daarom wou hy graag die Bybel in Afrikaans vertaal hê, en het hom sterk daarvoor beywer. Toe sy brief in *De Zuid-Afrikaan* van 7 Sept. 1872 nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het hy in 1874 aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap geskryf en dit het indirek gelei tot die stigting van die G.R.A.

Pannevis was egter te veel idealis en te min praktikus om die groot leier van sy liefliksaak te word. Hy was bowendien 'n senuweelyer en kon hom nie altyd met die nodige kalme besadigheid en durende volharding aan 'n saak wy nie. Von Wielligh vertel ons 'n paar interessante gevalle in dié opsig. Een dag stuur hy in die middel van 'n werk die klas huis-toe omdat hy 'n blink ster in die solder sien skitter het; 'n steil opdraande loop hy agterstevoor uit, want dan kan hy kammig makliker vorentoe gaan; hy wil van Kaapstad na Kaïro te voet loop, maar weier om soms na 'n vriend te voet te gaan kuier, want die woon 'n paar honderd tree weg, en, sê hy, „wil je hebben dat ik daarheen moet vliegen? Je weet ik ben een slechte looper!” Een nag sou hy ook in sy kamer 'n gedaanteverskyning van sy broer wat in Java oorlede is, gesien het, en dié voorval het 'n baie nadelige uitwerking op sy gesondheid gehad.

Dit is nodig om hierdie omstandigheid van sy swak senuweegestel en rare doen in die oog te hou, want dit wil voorkom asof die onbestendigheid en fanatieke oorywer verantwoordelik is vir die agteruitstelling van Pannevis deur sommige Genootskappers; hulle was bevrees vir sy oorywer. Eers op

die derde vergadering van die G.R.A. het hy as lid toegetree en op 15 September 1877 het hy weer bedank. Sy laaste lewensjare het hy stil op 'n boereplaas deurgebring as onderwyser. Op 14 Augustus 1884 is hy oorlede en lê in ds Van der Lingen se grafkelder in die Paarl begrawe.

Hoewel so'n sterk voorstander van Afrikaans, was Pannevis se meeste geskrifte in Nederlands. Hy was 'n getroue medewerker van die *Z.A. Tijdschrift*. Onder sy nagelate papiere is daar 'n groot aantal opstelle en gedigte, maar byna almal in Nederlands. Oor *De Schotsche Volksdichter Burns* het hy in April 1867 'n skitterende lesing in die Paarl gehou.* Vir Bilderdyk het hy 'n hartstogtelike bewondering gekoester, soos die groot gedeeltes wat hy uit Bilderdyk oorgeskryf het, duidelik toon.

„Een teder Christen, die zijn God in alle ootmoedigheid en nederigheid kinderlik diende,” het Hoogenhout van sy „dierbaarste vriend en broeder” verklaar. Die waarheid hiervan blyk maar te duidelik as ons sy nagelate Nederlandse, maar ook sy Afrikaanse gedigte deurlees. Hy was diep ontroerd deur die besef van sy sonde, en daarom klae hy sy nood by God in *Vertrou op di Heer*. Treffend is die gebedstoon:

„O Heer, al myn ellend
En nood is U bekend.
Geen mensch wat dit verstaat,
En hulp geef vir die kwaad.
Nee! U alleen, o Heer!
Ek leg dit aan uw voete neer!
By U alleen is raad.”

Vroeër het hy in sy verdriet en stryd op mensehulp vertrou, maar dit het hom nog dieper in die sonde gesleep. Die enigste hulp is by God self:

„As jy Hem so gedenk,
Sal Hy jou eer en vreugde skenk
En tot geluk volmaak.”

*) Sien ook 'n brief van hom oor Burns in *De Volksvriend* van 4 Sept. 1867. Dit is gedeeltelik gepubliseer in die *A.S.B.-Gedenkboek*, bl. 69 ev.

In sommige van sy godsdienstige gedigte is hy sterk didakties, soos *Die Vyfde Gebod* (P., Junie 1876):

„Die welvaart van die vaderland,
 Gaat hand in hand
 Met eerbied voor voorgeslag;
 Als hul die voorgeslag onteer,
 Wat hul perbeer,
 Geen se'en is daarop te wag.
 En hul sal merke aan die slot,
 Die Woord van God
 Blyf eeuwig waar en hou syn krag.”

Ook in *Groothyd* wil hy leer. Eers vertel hy hoe die reisiger, na hy verskillende Europese stede besoek het, Kaapstad 'n klein plekkie noem. Maar as hy van Stellenbosch na Kaapstad gaan, praat hy glad andersom.

„Denk na nou, mense: jul sal sien,
 Die grootheid hier op aard
 Is enkel een betreklik ding.
 En op homself niks waard.

Een is maar groot, en dit is God
Hy slegts het die bestaan,
 So werp jou en jou afgod neer,
 En bid alleen Hem aan!”

Uit die Frans van La Fontaine het Pannevis ook twee didaktiese gedigte vertaal: *Die Gebarste Parra* en *Die Kraai en die Jakkals*. Die padda was jaloers op 'n os en wou hom opblaas totdat hy net so groot was, maar uiteindelik bars hy. Nou die toepassing:

„In onse tyd is daar so baie mense,
 Wat groote staat en pragtig lewe wense,
 Dit raak hul nie, as hul tog maar hul sin kryg;
 Mar hul's gedaan, eer hul regt die begin kryg.”

Pannevis het 'n sterkontwikkelde nasionaliteitsgevoel gehad, en ons weet reeds hoe 'n vurige voorvegter hy vir Afrikaans was. Engels het hy as die grootste vyand van Afrikaans

beskou, en hy het die verengelste Afrikaners diep in sy siel verag. Fel en bitter is hy in *Rasende Afgodery* (van Engels) (*P.*, 15 April 1876), wat geskryf is in „Afrikaanse Trippelmaat”:

„Ons leef in die da'e van taalraserny,
 En daarvan kom Afrika oek nie meer vry,
 Mar van die elend het dit bitter te ly,
 Hoor hier die geskré van die Engelse gekke:
 Ver Engels moet all' ander tale mar trekke,
 Hul seg, hulle taal moet die wêreld o'er dekke
 En waar hul die mag het, moet Engels die baas,
 Die landstaal kry daadlik die agterste plaas,
 En dood moet hij gaan by die Engels geraas;
 En wie hom nog ophou, die is nes een stomme,
 Hij mag in geen raad of bediening meer komme,
 Een vreemdeling is hy in syn erfei'endomme.
 Die Engelse taal wort als afgod vereer,
 Die reg wort vertrap waar die afgod regeer,
 Maar eens sal syn end kom, WANT GOD BLYF DIE
 HEER!”

Pannevis en Hoogenhout het 'n hele paar gedigte saam geskryf, maar volgens 'n verklaring van Hoogenhout het Pannevis die grootste aandeel gehad in die ballade *Helena en Eduard* (*P.*, 15 Mei 1876). Die gesmeerde digtrant is egter sonder twyfel Hoogenhout s'n.

Die verhaal is heel eenvoudig, maar werk tog geleidelik op na 'n klimaks. Helena en Eduard is verloof, en sodra hy terugkeer van sy tog, sal hulle trou. Met moeite neem hulle afskeid van mekaar toe die hoenders kraai, want

„Die wa'ens staat al voor die deur;
 Die pêrde graaf die grond;
 Die jong sit op die bak en wag;
 Die daglig skyn al rond.”

Die jare het verbygegaan, maar Lenie hoor niks van Eduard nie. Een aand het sy vol droefheid by 'n fontein gaan sit toe daar 'n man by haar kom. Uitstekend is die wyse waarop die digters haar angs suggereer, en eg-vroulik probeer

Lenie die man huis-toe dwing. Maar hy vra haar uit na die
oorsaak van haar leed, en dan vertel hy haar dat Eduard
gevang is, maar dat hy ontsnap het. Toe hoor hy dat Lenie
getroud is en „nou swerf hy o'eral rond.”

„Sy huil en seg: „Dis lastertaal!
Ons liewe Heer die weet,
Ek was an Eduard getrou,
En sal hom nooit vergeet!’ ”

„Goddank!’ so roep hy, aangedaan,
„Ek is jou Eduard!
Myn Lenie! God het ons behoed!’
Hy druk haar an syn hart.”

(e) A. J. Herholdt (1831-1902).

Die poësie van die Eerste Taalbeweging word gewoonlik
minagtend as rymelary uitgeskel, en waarskynlik dink die
kritici dan altyd aan die rympies van A. J. Herholdt. Ons
kan hulle nie kwalik neem dat hulle so dink nie, want Herholdt
het inderdaad niks meer as rympies geskryf nie. Maar as ons
let op die inhoud van hierdie rympies, dan word hierdie plaas-
boer vir ons 'n interessante persoonlikheid. Sy rympies as sulks
was nie altyd onverdienstelik nie en hulle het „gladweg” ge-
lees; daar was altyd 'n rymwoord, hoe onvanpas soms ook al.
Boonop kan ons altyd sy rympies herken, wat toon dat hy 'n
eie „digtrant” gehad het, en dit is nogal belangrik, want die
naamlose digters uit die Eerste Taalbeweging het almal op
dieselfde manier gerym.

Albertus Johannes Herholdt is gebore op 15 Augustus
1831 in die distrik Philipstown waar hy sy hele lewe as boer
deurgebring het. In Februarie 1902 is hy op Petrusville oorlede.
Hy was Gereformeerde en baie streng in sy lewenswyse: mooi
klere en geurwater was 'n gruwel in sy oë; 'n portret van hom
wou hy nooit laat neem nie. En tog was hy nie bekrompe nie,
want hy het gou begryp dat Afrikaans die taal van Suid-Afrika
moet wees. Gedurig het hy vir Afrikaans propaganda gemaak
en vyandiggesindes probeer bekeer. Hy was wel nie lid van
die G.R.A. nie, want hy het te ver van die Paarl weg gewoon.

Tog het hy ywerig meegewerk in belang van die Afrikaanse saak, soos die volgende brief toon (P., 15 Maart 1876):

„Meneer, — Ek het jou kranten, die jy my gestuur het, gekry, ek is regte bly om te hoor, dat in die wereld mense is die voel dat dit nodig is, dat ons Afferkaanders hulle eie taal moet hê om te lees en te skrywe. Ek ken nie *Hollans* nie, ek ken ook nie *Engels* nie, en as daar een Afferkaanse taal is, dan kan ek dit tog gou leer skrywe, dan hoef ek nie ver my te skaam nie om jou een brief te skrywe nie.

„Ek neem an om agent te wees op Philipstown ver jou blad. Ek stuur ver jou twe intekenaars; as ek eers meer intekenaars kry, sal ek ver jou die geld stuur. Die mense wil eers die boekie sien. Ek het regte spyt dat ek so ver woon anders word, ek ook lid . . . Ek stuur same een liedjie ver die krant; as jy wil kan jy het ook in ander krant zit, myn brief ook.

„Nou Meneer Lokomotief en die ander lede, druk tog maar op, al bars die boel ook; maar ons taal moet ons hê.”

In dieselfde *Patriot* het Herholdt se *Afrikaanse Liedjie* verskyn, waarin hy Oom Lokomotief weer aanspoor om vol te hou met die stryd vir Afrikaans. Die aanvangsreëls moes 'n diep indruk op die lesers gemaak het, want baie van die toekomstige digters het hulle gedigte ook so begin:

Oom Lokomotief!
Jy is my so lief.”

Dit is hierdie „liedjie” wat so dikwels aangehaal is en so goed bekend is — maar nie altyd in 'n goeie sin nie. Die vyande het die gedig nie in sy geheel geles om die bedoeling van Herholdt te begryp nie, naamlik propaganda vir Afrikaans. Ds. S. J. du Toit het die strekking gesnap toe hy na hierdie gediggie verwys het „as 'n staaltjie van die gees wat die beweging onder die bevolking opgewek het.”

Die gewraakte vers is die tweede:

„Set Engels op sy,
Ons taal sal jy kry.
Werk *Hollans* mar uit,
Stuur weg met die skuit!

Ja, stuur hom mar weg
 Na Holland — dis reg,
 Ja, stuur hom na huis!
 Hier hoort hy nie tuis."

Verderop herhaal hy dit weer met ander woorde, want Herholdt was daarvan oortuig dat Hollands en Engels die vyande van Afrikaans is:

„Laat Hollans mar staan
 Hy's amper gedaan.
 Vat Holland, jou taal!
 Dit het ons bepaal.
 Die Engels kan bly;
 Mar hou hom opsy!"

Dit was egter nooit die bedoeling van die Genootskap van Regte Afrikaners om met Hollands te breek nie, en daarom skryf die redakteur in 'n voetnoot: „Ons wens dat Meneer Herholdt vir ons meer gedigte wil stuur. Ons het nog geen gedig gekry wat so deur-en-deur Afrikaans is in taal en gees nie. Net mar, ons stem nog nie met hom same dat die Hollans nou met die skuif moet weggestuur worde na Holland toe nie. Ons het Hollans vereers nog nodig."

Om krag by sy argumente te lê waarom Afrikaans die landstaal moet wees, noem hy al die goeie eienskappe van ons taal op, al glimlag ons so'n bietjie oor die bewoording:

„Afrikaans is vol gees,
 Om gladweg te lees,
 Afrikaans is so plat,
 Dat ons dit kan vat.
 Afrikaans is net lig
 Om lietjies te dig,
 Afrikaans is oek mooi
 Om woorde te gooi."

Die wyse waarop hy sy liedjie eindig, het ook baie byval gevind, en deur baie ander rymelaars is hy nagevolg:

„Myn lietji is uit,
 Nou sal ek mar sluit.
 Myn lietji is klaar,

begrafnislijst van de overleden Stephanus
Nicolaas Venter hij is overleden den 22. Maart 1892
na een ongesteldheid van 11 jaaren en 22 dagen
en wordt te aarde bestelt op den 24. Maart 1892

Als dragers der trog
Dovr Sijn Johannes Sijn Jvan Piek
David Venter Lucas van Buren. Nicolaas
du Plessis Jant du Plessis Jacobus Bester

De lijf gangers als volg
Nicolaas Venter. Stephanus Venter
David Venter. H. Venter. David Venter. Albertus
Venter Stephanus Venter. Johannes Venter
Willem Besteren. Luit du Plessis. J. J. J. J.
van der Venter. Daniel Venter. Besteren &c
Morne. Frans Josten. Andrus Josten
Daniel Schab. Regiel. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J.
Regiel. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J.
Piet du Plessis. Daniel &c. M. J. J. J. J. J. J. J. J. J.
Kouwe Jan. M. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J.
du Plessis. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J.
Jant du Plessis. Jacobus. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J.
Hendrik. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J. J.
Christiaan Josten

Handskrif van A. J. Herholdt.

Di braaibout is gaar,
 Nou gaat ek mar eet,
 Di kos is gereed."

Hier is dus niks van die vlammeende verontwaardiging oor die onderdrukking van ons taal nie, niks van die granietblok-argumente van die leiers van die Tweede Taalbeweging nie. Gemoedelik hemel Herholdt Afrikaans op, en smaaklik gesels hy oor die deugde van ons taal. Daarmee doen 'n mens egter nog geen bekeringswerk nie.

In *Ons Parlement* vertel Herholdt ons dat die Engelse ons land geruil het „vir land oerkant di kuil,” en dat hulle ons vanuit Engeland regeer. Maar toe gee hulle ons selfregering, en

„Ag, wat was ons tog bly,
 Ons het ons sin gekry!
 Kom nou, lat ons begin!
 Nou wette na ons sin!"

Maar wat was die ontnugtering groot toe hulle geen kandidaat in die Parlement kon kry nie.

„Ons vraag: ,Wat is di rede,
 Dat Afrikaanse lede
 . Ni na di raad kan gaan
 Om vir ons land te staan?'
 Toen seg hulle: ,Joubert
 Ken Engels ni so vêr'."

Toe ontdek hulle eers dat Engels die land regeer, en dit het niks gehelp dat hulle kwaad was nie. Maar gelukkig het die Afrikaners nou hulle eie taal en eie koerant gekry, en weet hulle ook

„Al wat daar aldag word gepraat'
 Deur di onnutte Britse Raad."

Een van Herholdt se gedigte staan in verband met die Transvaalse Vryheidsoorlog: '*n Spotter Bespot* (P., 25 Maart 1881). In *The Lantern* het hy 'n spotprent gesien van 'n leeu met 'n Boer in sy bek, en op die voorgrond staan geskrywe:

„Rebellie.” Die leeu is dan die Engelse wat na Langnek opruk en

„Die Boer in syn bek
'n Rebel wat moet vrek.”

Die slag by Langnek verloop egter ten gunste van die Boere. Herholdt sien die leeu die berg ewe parmantig uithardloop, maar die Boere pak hom en trek sy tande uit. Herholdt beskik nie oor Hoogenhout se rymvaardigheid en plastiese vermoë om alles aanskoulik voor te stel nie, maar ons merk tog die egtheid van sy gevoel, en sarkasties is hy ook in die laaste verse, maar dan bring hy die eer aan God:

„Die Boere is mar sleg,
Mar die Heere doet reg;
Hul bid en Hy hoor,
En leeu moet verloor.”

Daar het verskillende gedigte van Herholdt in die *Patriot* verskyn oor die godsdiens, en veral na aanleiding van sekere leerstellings. Dit het ontwikkel in 'n twisgeskryf tussen hom en ds W. A. J. Venter, waarin Herholdt di. Snyman en Venter „liberale” noem. Hierdie rympies is egter nie baie belangrik nie.

Didakties is hy in die rympies *'n Lamp* (P., 3 Junie 1881) en *Ver dopstekers* (P., 15 Aug. 1876). In laasgenoemde rymjie gee hy 'n noukeurige beskrywing van die druiwestok, en wat ons alles met die druiwe self doen. Ons stook ook brandewyn daarvan:

„Nou, mense, word bang.
Dis nou ni meer mos,
Dis nou ni meer kos;
Hy is nou sterk,
Hy sal met jou werk . . .
Dan mors jy jou geld,
Jy verarm met geweld;
Jou klere is vuil,
Jou vroutji di huil.”

Hy raai die mans aan om maar liewers koffie en tee te drink, en sluit dan soos gewoonlik:

„A— is myn naam,
H— is myn van;
Raai dit as jy kan!”

(f) *J. Carel Voigt* (1854).

Dit is dikwels dié digters wat maar 'n paar gedigte geskryf het, wie se roem voortleef, en dit is die geval met dr J. Carel Voigt. Sy gedigte staan almal in verband met die Transvaalse Anneksasie — geleentheidsgedigte dus, en tog, behoort hulle tot die beste wat die Eerste Taalbeweging opgelewer het, eenvoudig omdat hulle diep uit die verontwaardigde siel van die digter gekom het, en ook omdat hulle na die vorm nie gemeedelike, sagvloeiende rympies is nie. Toe Voigt hierdie gedigte geskryf het, was dit vir hom 'n ernstige saak, en suiwer het hy die Afrikaanse volksgevoel vertolk — 'n gevoel van verontwaardiging en verset teen die onreg van die Transvaalse anneksasie.

Dr Carel Voigt is die enigste van die *Patriot*-digters wat nog in lewe is. Hy is een van ons oudste digters, want in die eerste jaargange van die *Patriot* het sy gedigte verskyn, en wel onder die skuilname „Republikein” en „Karel.” Hy is in 1854 gebore op die plaas Parys naby die Paarl. Na hy sy studies in Kaapstad voltooi het, is hy na Edinburg, Skotland, om verder in die medisyne te studeer. Verskillende universiteite op die Vasteland het hy ook besoek. Hy was skeepsdokter op 'n Hollandse boot totdat hy hom in Southport, Engeland, gevestig het, waar hy in die huwelik getree het met mej. D. Dearden.

Toe die Transvaalse Vryheidsoorlog uitbreek het, het hy dadelik gehoor gegee aan 'n oproep van die Paarlse Hulpkomitee om na Transvaal te kom en die gewondes van die Boere te verpleeg. Hoewel die oorlog reeds verby was toe hy hier aankom, het sy daad van offervaardigheid groot bewondering gewek en die *Patriot* het 'n paar hoofartikels aan Voigt en Ewald Esselen, wat saam met hom gekom het, gewy. By hulle vertrek na Engeland in September 1881 is 'n adres met

4,000 handtekeninge aan hulle oorhandig. Met 'n Nederlandse naamdig het C. P. Hoogenhout hulle bewierook in die *Patriot* van 25 Maart 1881:

VOIGT EN ESSELEN.

Mer in het koude Noord, in Schotlands oude stad,
Ontvingt ge een bliksemschrift, dat men u noodig had
— 'n 't dierbaar Vaderland; om magen en om vrinden,
Gewond in vryheidskamp, te helpen, te verbinden.
— Herzelfder stond gereed, aanvaardet gy de reis,

En vaardig op 's Lands stem, voldeedt gy aan den eisch.
Ziets achtet gy te groot: uw studien liet gy varen, —

Men dankbaar volk blyft trotsch op zulk een voorbeeld staren:
Spreekt van en roemt alom uw patriotisme en moed! . . .
Stroomde op het veld van eer 't Transvaalsche heldenbloed,
En was er niemand om dien levensstroom te stelpen? . . .
Riep u! ter hulp gesneld, om in den nood te helpen.
Wald en Carel! die uw Volk dat offer bracht:
Zog worde uw naam genoemd door 't verre nageslacht."

Voigt se eerste gedig, bitter in sy sarkasme, is 'n vertaling van 'n gedig wat in *Punch* verskyn het: *The Jingo-Englishman*. Voigt noem dit *Die Windmaker Engelsman*, en begin sommer dadelik spot:

„Daar is 'n land wat koning kraai,
Di's mar 'n kleine bog,
Mar 'n mens die lag jou sommer slap
As jy hoor hoe hy kan spog."

Vir al die goeie dinge gee hy homself die krediet, en as hy sê 'n ding is reg, dan help dit niks om te stry nie. En nou kom die bytende vraag en antwoord wat na elke koeplet volg:

„Watter land is dit, raai as jy kan?
Di's die land van die wintmaker Engelsman."

Op die see speel hy ook baas, en sy vlag waai oor al die branders

„Di's onse see,' se al syn tars,
 ,Ons vlag waai heen en weër,
 En lat die volk mar goed passop
 Wat hierteun objekteer.”

Die Engelsman is 'n vyand of 'n vriend nadat dit hom betaal, en sy leuse is maar steeds: „Sorg goed ver nommer EEN.” Hy is alreeds baie ryk, soos hy self erken, maar soek nog altyd meer grond.

„Hy annekseer somar links en regs,
 Al moet hy jou bedrie,
 En vra jy hem ,Wie geef jou reg?’
 Dan seg hy, ,Traak jou nie.’
 Wie praat so groot, raai as jy kan?
 Di's niemand as die wintmaker Engelsman.”

(*Patriot*, 11 Julie 1879).

In die gedig *An Jan Boel, Wat die brief in die Eastern Star geskrywe het* (*P.*, 1 Aug. 1879), gee hy in elke koeplet die versekering:

„Ons land die is ons eije!
 Gen dwingland sal dit krye!”

Met onwrikbare vasberadenheid sal die Afrikaners hulle land verdedig, en met argumente vol spot, probeer die digter dit vir Jan Boel aan die verstand bring dat sy lawaai en geskreeu niks sal baat nie, want

„Ons voet staan op ons vaders strand,
 Ons Afrikaanse Vaderland.”

Die tweede koeplet bevat 'n venynige steek vir Jan Boel, wat so graag spog met die „Magtig Ryk” (wat nooit ver Sulus hoef te wyk?),” want het die Engelse soldate nie vir Prins Napoleon in die steek gelaat nie? Nee, ons land kry Jan Boel nie,

„Al raas en skre Jan Boel: „Jou Hond!”
 Al slinger hy syn donders rond,
 Al kom hy oek met vuur en lond,
 Al skeur en bars nou oek die grond.”

En nà hierdie klimaks die pragtige beeld:

„Ons staan ver ons land, soos die eikeboom self,
 Hier onder ons heldere hemelgewelf.”

Die titel van die volgende gedig: *Die Dood van Prins Napoleon, En die veilige Terugkoms van syn heldhaftige Wapenbroeders* (P., 1 Aug. 1879), toon alreeds dat Voigt weer tergend-sarkasties gaan wees. Maar elegies is die toon van die eerste koeplet:

„Pluk takke van die Mirte af!
 En plant Treurwilge om syn graf!
 Beklaag, beweën die jonge held,
 Wat dapper stierf op 't oorlogsveld;
 Wyl ver o'er se syn moeder treur”

Maar waarom treur oor „Loe-Loe” se dood, vra die digter ewe skielik en hees-spottend volg dit:

„Kyk, jonge Napoleon leg dood op die veld,
 Mar veilig terug is elk Engelse held!”

En daar bars sy haat en geslypte sarkasme los soos donderslae na die eerste skrikmaker-blitse:

„Die Brit is bo, in alles bo!
 In Afrika moet elk dit glo.
 In hardloop is die Brit oek bo!
 Dit sal nou Afrika wel glo.
 Want veilig is die Britse held,
 Wat spat geset het uit die veld;
 Syn gas, syn wapenbroer, die bly
 Daar agter om syn dood te kry.
 Ja, selfs Napoleons kan nie, soos dit lyk,
 So hardloop soos Luitnants van Englands ryk;
 Of so gepas en so betyds lat stryk,
 Om hulp te haal en aans weer te kom kyk.”

Eindelik kom ons by die Transvaalse anneksasie self. Toe Voigt die verslag van die vergadering op Kleinfontein in Mei 1878, gelees het, het hy drie gedigte gemaak onder die titel *Transvaalse Stemme* (P., 4 Julie 1879). As teks gebruik hy die klinkende woorde wat genl P. J. Joubert gebesig het op die vergadering: „Maar ik zie op eene Hoogere Hand boven ons, en indien Engeland zoo sterk was dat het mij tot stof kon vermorzelen, dan zou ik, met Hare hulp, liever vermorzeld worden dan mijne vrijheid op te geven.”

As dit so moet kom? is die eerste gedig, en hierin verwoord dr Voigt die beslistheid van die Transvalers om weer hulle vryheid ten koste van wat ook al, te herower. Soos 'n getergde leeu, wys die Transvalers hulle tande, en waarsku die vyand:

„Ons hys nou weer ons vaders vlag;
Verpletter ons deur julle krag,
Verniel, vertrap ons arme land,
Bring julle dwinglandy tot stand,
Verbreek, verskeur ons Vryheidsband . . .”

dit alles sal julle niks baat nie, want die reg is aan ons kant, „en dus sal ons o'erwinnaars bly.” Bitter laat die Transvalers hulle die woorde ontval:

„Jul is o'erwinnaars deur jul krag,
Mar tog, die nakroos sal ons eer . . .
Dan is daar gen tiranne meer.”

Soos ons vaders sal ons ook ons bloed vandag gee, en daarom hys ons weer die vlag:

„Ons kan ons vaders nie onteer,
Soo vraag ons dan hul erfband weer.”

Hoe suiwer het dr Voigt nie die vasberadenheid van die burgers vertolk nie. Dis 'n sterk en manlike gedig.

Uit die tweede gedig: *P. J. Joubert op Kleinfontein*, spreek daar dieselfde beslistheid. Genl Joubert is hier self aan die woord, en soos hamerslae op die aanbeeld klink sy woorde:

„Myn Reg en myn Vryheid die ge ek nooit op;
Ek kan en ek mag ver gen onreg ooit wyk;
Myn plig an myn volk sal als burger ek doen,
Al moet ek in diens van die Vryheid beswyk.”

In die derde gedig: *Ons wil weer vry!* kom dr Voigt dan tot die gevolgtrekking dat dit baie duidelik geblyk het op Kleinfontein „Dat Vryheids gees nie gou beswyk” — en dat die vyand tog sal moet padgee:

„Ons wil weer vry
Daar bly ons by.”

Die digter se voorspelling was juis, soos die afloop van die Transvaalse Vryheidsoorlog getoon het.

„Dr Carel Voigt se gedigte is nie net van kultuurhistoriese betekenis nie — nee, hul literêre waarde is groter, want hy het kuns geskep. Hy is 'n digter, nie 'n rymelaar nie, hy is besied en beskik oor 'n eie styl en 'n oorspronklike uitingsvermoë. Hy is een van die weinige *digters* uit hierdie periode, en hoewel hy slegs 'n paar gedigte gemaak het, sal ons altyd sy naam in ons letterkundige geskiedenisboeke vermeld.” (*Ons Eerste Digers*, bl. 81).

(g) J. D. Cilliers (1854-1922).

Die produktiefste digter in die *Patriot* na C. P. Hoogenhout, was J. D. Cilliers. Maar in teenstelling met Hoogenhout wat oor verskillende onderwerpe gedig het, het hy byna uitsluitlik godsdienstige verse gemaak. Dan mis ons by Cilliers daardie vlugheid van gees en daardie tinteling in die oë — hy is te ernstig met sy gepeins oor die hiernamaals. Hoogenhout se blik is gerig op die hede, hy is bekommerd oor die welsyn van sy volk, Cilliers se blik is op die hiernamaals en hy is bekommerd oor die welsyn van die siel.

Jan Daniel Cilliers het baie min onderwys gehad, behalwe wat hy die paar jaar geleer het in die skool van die alombekende mnr M. J. Stucki. Sy vader kon hom ook nie laat leer nie, aangesien drie van sy broers al op Stellenbosch was en hulle baie geld gekos het. Hy het dus skrynwerker geword.

Op 16 Februarie 1854 is hy gebore op die plaas Optenhorst naby Wellington as die derde seun uit 'n gesin van dertien. In 1877 is hy getroud met mej. Margaretha Retief, en toe die goud in Transvaal ontdek is, het hy ook daarheen gegaan (1886) om sy geluk te begroef. In 'n gedig, *Di Goudland*,

het hy ons sy ervarings as goudgrawer meegedeel, en eindig as volg:

„So bring ons ons tyd op
Di goudvelde deur,
Wi sal nog di lot van
'n ‚Digger‘ betreur?

O Goudland! o Goudland!
Wat ander oek praat:
Ons sal jou getrou bly,
Jou nimmer virlaat.

Ons ken jou genoeg al,
Om an jou te glo,
Ons leus is: ‚Di Goudland!
Di Goudland is bo.“

Na twee jaar het Cilliers sy familie in Wellington gaan haal en in 1889 het hy hom op Potchefstroom gevestig. Hier was hy eers pagter van die Masonic-Hotel en later bou-aannemer. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is hy naby Paardeberg saam met genl Cronje gevange geneem en moes hy die res van die oorlog op St. Helena in ballingskap deurbring. Sy oorlogservarings het hy volledig beskrywe in 'n dagboek wat uitgegee behoort te word. Op St. Helena het hy die beri-berisiekte opgedoen wat hom eindelik na sy graf gesleep het op 28 Mei 1922.

Die grootste aantal van Cilliers se gedigte is in Nederlands geskryf en sommige van sy Afrikaanse gedigte is uit Nederlands vertaal. Hy het verskillende skuilname in die *Patriot* gehad, soos „Neef Jan,” „Neef Jan wat versies maak,” „Jan die Versiesmaker, Junior,” of slegs sy voorletter C. Die feit dat prof. Jan Lion Cachet ook gedigte geskryf het onder die skuilnaam „Neef Jan,” het groot verwarring veroorsaak, maar gelukkig het ons albei se manuskripte in die hande gekry, en die moeilikheid is uit die weg geruim!

Hoewel 'n produktiewe digter, is Cilliers seker nie een van die beste digters uit die Eerste Taalbeweging nie: sy gedigte is mat, openbaar weinig oorspronklikheid, en die taal is erg konvensioneel, veral in sy godsdienstige verse. Hy wou

stig en sy medemens van nut wees met sy gedigte, wat dikwels net rympies is. Maar die maat en rym is onberispelik, en volgens die eise van sy tyd, was hy 'n „goeie” digter. Sommige van die godsdienstige gedigte is so vloeiend en sangerig dat hulle maklik kan diens doen as gesange in die kerk.

In sy eerste manuskrip-boek het Cilliers 'n woord *Aan den Lezer* gerig, waarin hy 'n uitstekende karakteristiek van sy poësie gee:

„Geachte lezer 'k bied u thans,
 Hierbij mijn eerste deel;
 'k Ben overtuigd aan taal en stijl,
 Ontbreekt oneindig veel;
 Dus, waar zulks ook uwe aandacht trekt,
 Het worde in liefde toegedekt.
 Uw oordeel zij dus niet te streng,
 Maar worde steeds verzacht,
 Als ge in gedachte houdt dat hij,
 „De schrijver,” in der dichtren rij,
 Geen plaats zich waardig acht.
 't Geheel is slechts een mengeling,
 Gedachten saamgebracht,
 En opgesteld van tijd tot tijd,
 Naar tijd en naar de omstandigheid,
 Zulks noodig heeft geacht;
 Van daar dat alles is doormengd,
 Waar 't dichtgevoel zich uit,
 De geest vér boven 't aardsche zweeft,
 Wel 't Afrikaans zijn aandeel geeft,
 Doch 't Hollands mee insluit.
 Ontvang dit werkje en liefd'rik zij,
 Het zwakke er in verschoond,
 Het doel is slechts van nut te zijn,
 En blijke zulks, schoon nog zoo klein,
 'k Ben rijk'lik dan beloond,
 Voor die uren aan dit werk besteed,
 Als zulks in waarheid blijkt,
 Dan is het innigst zelfgevoel
 Bevredigd, en het groote doel,
 Het groote doel bereikt.”

Ons het Cilliers die godsdienstige digter van die Eerste Periode genoem, maar hy het tog ook 'n paar grappige en 'n klompie geleentheidsgedigte gemaak. Vol speelse humor is *Ou Boet's Alleenspraak*, waarin hy hom beklaag oor die geboorte van 'n dogter, terwyl hy baie graag 'n seun wou gehad het. Komies is die vertelling *Uit di Put in di Klitsgras*, wat glo 'n ware gebeurtenis is. Die vryer is 'n parmantige kêrel en bewus van sy eie voortreflikhede:

„Al woon 'k in 'n rooi huis,
'k Is daarom 'n man;
Ek drink oek myn sopi,
En 'k skink uit myn kan.

Al blyf ek by Oom Henni,
Ek 't daarom nog geld;
'k Drink vry uit myn glasi,
En 'k klop op myn belt.

Al draag ek oek velskoen,
Geloof my ou Boet!
Al drink ek myn glasi
„Ek veg vir myn bloed.”

Langer wil hy nie meer alleen bly nie en gaan nou vir hom 'n maat soek, „wat geld, het en vee.” Hy is omtrent seker dat Sanni hom sal vat, want hulle het al een aand „opgesit,” en sy het gesê hy moet volgende keer na haar kamer kom as haar ouers slaap. Toe dit donker was en stil op straat het hy dan ook nader gesluip:

„Myn oog was naar bowe
Op d' venster gerig;
En waarlik, sy wag nog,
Daar brand nog di lig.”

Maar hy wis nie van die put in die agterplaas nie, en verdwyn daarin. Met die grootste gesukkel klim hy uit, papnat, en daar kom die oubaas kyk. Gou kruip die vryer in die klitsgras en lê daar doodstil. Sanni het alles gesien en stuur haar vader terug met die storie dat dit 'n klip is wat in die put geval het.

„Di noi'entji gelukkig,
 Di was op myn hand,
 Jy weet di soort nasi
 Is lank in di land.”

Talryk is die geleentheidsgedigte, veral die groep getitel:
By die wisseling van die jaar. Sy sterk godsdienstsin tree in
 hierdie gedigte ook op die voorgrond, want God word gedank
 vir Sy seëninge in die afgelope jaar en Sy bystand vir die nuwe
 jaar afgesmeek. Al die vernaamte gebeurtenisse van die jaar
 wat verby is, word weer in herinnering geroep en dan die
 gebruikelike vraag gestel: wat sal die nuwe jaar oplewer? Hy
 begin sy oorpeinsings gewoonlik as volg:

„Alweer is ons genader an
 Di einde van 'n jaar;
 Waardeur di Heer ons het geleid,
 En in Syn goedertierenheid,
 En liefde het bewaar.”

Steeds was God getrou en het Hy ons uit menigvuldige
 moeilikhede gered. Ons lewe het Hy nog gespaar:

„Hoe vele rus reeds in di graf,
 Di hier onmisbaar was?
 Wyl vele hier is o'ergebly,
 Onnuttig vir di maatskappy,
 En di aarde tot 'n las.”

Die ou jaar word dan vaarwel toegeroep en die nuwe jaar
 verwelkom:

„Wees welkom, welkom nuwe jaar!
 Wees hartelik gegroet!
 Als gawe van di Heer ontvang,
 styg tot Syn eer en lofgesang,
 Omhoog uit ons gemoed.”

Daar is 'n hele reeks van hierdie soort gedigte, maar hulle
 is almal ongeveer dieselfde, behalwe dat hy in 1892 ook vir die
 digters 'n seënwenis het:

„Heil en seën digters van
 Heel Suid Afrika!
 Mog di nuwe jaar vir ons
 Skone vrugte dra.”

Oor die taal het Cilliers ook 'n gedig gemaak. Heel omslagtig en met veel omhaal van woorde bespreek hy in *Ons Landstaal*, die vraag watter taal die toekomstige landstaal van Suid-Afrika sal wees: Hollands, Engels of Afrikaans.

„Di een partij sê di Engels
Wil ons als landstaal hê;
Di laatste een virstaat dit,
Dit kan jy ni weerlê.”

Hollands weer is moeilik en klink alte grof en die Afrikaanse „gebrabbel” is net goed vir die Hottentotte. Bowendien is Engels die handelstaal en almal probeer dit praat „hoe gebroke” ook al. Ouers gee hulle kinders reeds Engelse name, soos Meggie, Endro, Jon en Herrie.

Die voorstander van Afrikaans kom aan die woord en vind dat al die argumente skeef staan, want dit is gebruik deur 'n uitlander wat geen gevoel vir Afrikaans het nie.

In 'n hele reeks gedigte onder die titel *Gesellig Onderhoud*, gesels Neef Jan oor allerhande kerklike en godsdienstige sake. Hy is nie suinig met sy woorde en stopwoorde nie, en nooit sy vriende uit om na hom te kom luister en hom 'n antwoord vir sy vrae te vind.

Die eerste ding wat hy nie kan verstaan nie, is hoe iemand twee poste gelyktydig kan beklee: die van diaken in die kerk en bestuurder in die bank. Sondag vra hy 'n aalmoes vir die arme, maar Maandag ken hy hulle nie — dan verdruk hy hulle liefwer en laat hulle duur rente betaal. Nou klae die banke nog dat hulle nie kan bestaan nie, maar hoe is dit moontlik?

„En nou myn vriend ek denk dit is,
Ja 'k denk vereers genoeg.”

Oom Jan het hierop geantwoord (*P.* 7 Sept. '83) dat hy geen opolssing vir Neef Jan se vrae kan gee nie. 'n Wyse koning het eens gesê dat hy 'n krom saak nie kan regmaak nie.

„Kon hy dat ni, sou ik dan kan?
Ik sal dus liwers ni perbeer,
En sluit mar weer.”

In 'n tweede „onderhoud” (P. 12 Okt. '83) kom Neef Jan met 'n derde vraag:

„Dit geld alweer ons kerk
So dierbaar tog in naam;
Dog gaat ons dit noukeurig na,
Hoeveul vind ons dan ni, ag ja!
Waaroor ons ons moet skaam.”

Hy wil weet waarom daar by die nagmaalstafel altyd geld op die tafel moet neergelê word. Dit is onstigtelik en buitendien Rooms. Neef Jan is pynlik omslagtig, want om hierdie vraag te stel, het hy 27 versies nodig van vier reëls elk!

In die derde onderhoud, wat nog langer is (P. 22 Febr. '84), maak hy eers verskoning dat hy so lank gewag het om voort te gaan met sy vrae. Sy vierde vraag staan ook in verband met die Kerk, en dit is 'n vraag wat hom al van sy jeug af kwel:

„Verleen my slegs nog dese keer,
Gehoor, en 'k leg myn skryfpen neer.”

Hy wil naamlik weet:

„Is ni di wereld diep genoeg
Ons Kerk al ingedring?”

en bewys dan hoeveel wêreldsheid daar in die Kerk is.

Neef Jan het egter nie woord gehou nie, want in die *Patriot* van 26 Junie 1885 kom hy met nog 'n *Gesellig Onderhoud*, dié keer darem die laaste, hoewel die mense al verneem het wat van hom geword, het:

„Of had oek hy syn hande vol,
Om met di wereld saam te rol,
En nogtans te bly staan?”

Hy peins dié keer oor die skynheiligheid van die mense wat die godsdienst as dekmantel gebruik om allerhande skelmstreke aan te vang. So vertel hy van 'n dronkaard wat hy langs die pad ontmoet het — dié man het 'n gesangversie gesing

„Op so'n toon wat met syn gang,
Heel goed was saam te bring.”

Na heelwat gepeins hieroor, het die rede vir hom duidelik geword:

„Want sing ek 'n gesang, so dink
Lig die arme sukkelaar,
So word dit ni gemerk gewis,
Dat ek 'n arme dronkaard is;
Al lyk ek oek daarnaar.”

En nou sal ons 'n paar van Cilliers se suiwer godsdienstige gedigte bespreek. Hulle verras ons nie deur oorspronklikheid nie, ook nie deur 'n nuwe segging en siening nie, want met die geykte Bybeltaal en Bybelse beelde is hy nie suinig nie. Maar sy gedigte lees „glad” en sy godsdienstige gevoel is eg. Die kruisdood van Christus het 'n diep indruk op hom gemaak, en in baie gedigte bepeins hy die betekenis van die gebeure op Golgotha:

„Na Golgotha, na Golgotha!
So klink die engele koor
Van uit die hoge hemel tot
Ons overtreders van d' gebod,
Op d' lage aardryk door.”

Ander gedigte met dieselfde tema is: *Dit is Volbrag; Het Bloed van Jezus Christus; Jezus Hemelvaart. Di Liefde van Jezus; Omhoog mijn siel, en Heilig Lewe.*

Kon ons maar begryp, sê die digter, wat Christus vir ons opgeoffer het, dan sal ons beter Christene wees, sal ons 'n lewe vol dankbaarheid voer. As die sondaars maar hulle sondes aan Sy voete wou lê, dan wag daar vir hulle 'n heerlike lewe hiernamaals

„Waar ons nooit weer skeide sal,
Mar ver ewig sal verkeer
In gemeenskap met di Heer.”

'n Eenvoudige, maar mooi gediggie is *Di Lewe van di Gristen*, hoewel die gedagtegang weer dieselfde is as in die vorige gedigte:

„Jesús leef, en ek sal lewe,
Heerlik hartverkwikkend woord,
In Syn eie woord beskrewe,
Uit Syn eie mond gehoord.”

Omdat Jesus leef, vrees hy niks nie, nie eens die dood nie.
Niks verskaf hom soveel vreugde as die gedagte: Jesus leef!

Ontwaakt gij die slaapt is 'n opwekkingslied, want die Christen moet gedurig waak in hierdie wêreld waar geen rus vir hom te vind is nie — elke oomblik moet hy gereed wees om sy Heer te ontmoet. Anders

„Laat Hom ni langer wag ni, neen,
Mar spoed jou daadlik tot Hem heen:
Jou Hoop, jou Heil, jou Lewe.”

In *Die Gristens Roem* (P. 9 Sept. 1881) word die ydelheid van die wêreldling se lewe gestel teenoor die volheid van die lewe van die Christen:

„Die wereldling roem op syn plaas,
Mar ek roem nog veul meer
Toen Jezus roep, „Dit is volbrag!”
Kreeg ek oneindig meer.”

Dit is waar, die wêreldling het 'n mooi plaas, maar as hy sterf dan kan hy dit nie saamneem nie, terwyl die Christen 'n ewige erfenis in die hemel deelagtig word.

„In ewigheid bewoon ek dit,
Gekog deur Godlik bloed.”

In elke vers, wat presies eenders gebou is, word iets anders genoem wat die wêreldling besit: 'n tuin, 'n huis, goud, vriende, ens., maar die Christen besit hulle ook, en nog veel meer: 'n skat in die hemel wat nie verganklik is nie: die ewige lewe.

„Ek weet in watter krag ek stry,
En daarom hou ek moed;
Ek loop tot ek die einde kry,
En dan 'n kroon, 'n kroon ver my,
Gekog deur Godlik bloed.”

Een van Cilliers se langste gedigte is *Die Lydensgeschiedenis* (P. 25 Maart 1881). Daarin gee hy 'n breedvoerige oorsig van wat met Christus gebeur het nadat Hy in die Hof van Gethsemane ingegaan het totdat hy aan die kruis op Gol-

gotha uitgeroep het: „Het is volbragt.” Nadat Cilliers die sewe lydensweke berym het, gee hy nog 'n toepassing:

„Myns Heilands kruis is al myn lus;
Syn kruis myn hoop, Syn kruis myn rus;
Myn troos, myn heil, myn lewe.”

'n Tweede omvangryke gedig heet: *'n Peinzende Gedagte oor die Woord: Geluk* (P. 9 Des. 1881). Almal slaaf om geluk, maar niemand ken die oorsprong nie. Ook die digter kon geen antwoord op sy vrae kry nie, totdat hy een nag lig kry en vier groot strome sien, wat saam die geluk vorm. Toe wou hy die oorsprong van die geluk ontdek, en ook daarin het hy geslaag.

„Want duidlik sag ek om my heen,
Wat eers ver my so donker skeen,
In 't lig te voorskyn kome.”

Die vier strome onspring aan vier bronne, wat genoem word: des Heeren segen, Tevrede Lot, 'n Vergenoegde Lewe en Gemeenskap met die Heer.

In 'n voetnoot het Oom Jan gevra of dié gedig „origineel” is. Miskien het die baie Hollandse werkwoordsvorme hom laat vermoed dat dit uit Nederlands vertaal is. Dit is wel die geval, maar die Nederlandse gedig is deur Cilliers self geskryf en toe vertaal. 'n Groot aantal van sy Nederlandse gedigte is nooit in Afrikaans verwerk nie, en sover my bekend, ook nooit gepubliseer nie.

As al Cilliers se gedigte uitgegee moet word, sal dit 'n paar boekdele moet vul, want hy het ontsaglik baie geskrywe — feitlik tot aan sy dood in 1922.

(h) *Jan Lion Cachet* (1838-1912).

Jan Lion Cachet was een van die eerste voorstanders van die Afrikaanse taal en 'n getroue medewerker aan die *Patriot* en *Ons Klyntji*. Hy het vir hom blywende roem verwerf met sy *novelles*: *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het*, sodat hy as een van ons eerste en beste prosaskrywers bekend staan.

Hy is gebore op 29 November 1838 in Amsterdam uit Joodse ouers, maar in 1849 het sy vader met sy hele familie

onder invloed van Da Costa oorgegaan tot die Christelike geloof. Jan het ook sy opvoeding in die skool van Da Costa ontvang, en hy het dikwels by „deze vurige zoon uit het Oosten” (Beets) aan huis gekom, wat dan ook ’n blywende invloed op hom uitgeoefen het. Steeds het Cachet gedweep met die groot Bybelse lierdigter en die enigste portret van ’n digter wat in later jare aan die muur van sy studeerkamer gehang het, was die van Da Costa.

Nadat Cachet ’n paar jaar onderwys gegee het in Amsterdam, het hy teen die einde van die jaar 1860 met ’n seilskip na Suid-Afrika vertrek, waarheen sy broer Frans hom reeds vooruitgegaan het. In Kaapstad het hy ongeveer ’n jaar lank onderwys gegee en toe is hy na Natal (Ladysmith). Hier het hy besluit om uit die Ned. Geref. Kerk oor te gaan tot die Geref. Kerk en by wyle ds D. Postma te gaan studeer om predikant te word by die toe nog kleine en veragte Geref. Kerk. In 1869 is hy aangestel as dosent aan die pasgestigte Teologiese Skool op Burgersdorp. Daarna was hy werksaam as predikant op Philipstown (1875-1883) en Steynsburg (1883-1892). In 1892 is hy weer terug na Burgersdorp as waarnemende professor in die teologie totdat hy, in 1894 sy vaste aanstelling gekry het. Hy is in 1912 oorlede op Potchefstroom.

Op politieke gebied het Cachet sy invloed kragtig laat geld in die Kaapkolonie. Hy was een van die oprigters van die Afrikanerbond, ’n party na sy hart. Sy politieke sienswyses het hy gelug in sy rubriek in die *Patriot* onder die hoof *Zwarte Pilletjes*, en hierdie pilletjies het vir meer as een pasiënt gehelp. Op onderwysgebied was hy ’n sterk voorstander van die Vrye Christelike Skool.

Cachet het in Nederlands, Afrikaans en Engels geskryf, maar heel spoedig al het hy besef dat as hy die hart van sy volk wil bereik dan moet hy tot hulle in hulle eie taal spreek, en gevolglik was hy een van die „eerste skrywers” in die volkstaal.

Daar is baie gedigte oor die Afrikaanse taal gemaak, maar een van die mooiste is geskryf deur Cachet: *Di Afrikaanse Taal* (O.K., April 1896). Dis bekoorlik om die kinderlik-opregte toon, om die gees van ware nasieliefde wat daaruit

spreek. Dis een van die weinig gedigte wat destyds onder besieling geskryf is. Die ritme is vloeiend, die rym bysaak.

Cachet gee ons 'n allegoriese beskouing oor die afkoms en ook die toekoms van die Afrikaanse taal, en hierdie allegorie hou hy dwarsdeur vol:

„Ek is 'n arme boerenooi,
By vele min geag;
Mar tog is ek van edel bloed,
En van 'n hoog geslag.
Uit Holland het myn pa gekom,
Na sonnig Afrika;
Uit Frankryk, waar di druiftros swel,
Myn liwe mooie ma.”

Dan vertel die Afrikaanse taal dat hulle haar vir 'n „Hotnots myd” uitskel, maar sy gee nie om nie, want almal kan sien uit watter geslag sy kom. Hollands probeer verniet om baas te speel, want sy sal tog nie in Suid-Afrika bly lewe nie. Engels hou haar astant en lok baie jongkêrels, maar saans kom hulle na die Afrikaanse taal:

„Dis, hartji' voor en ,hartji' na:
„Laat ons 'n bitji vry'.”

As die ware digter maar eers kom, word hy nog koning van die land, want as Afrikaans, die moedertaal, algemeen erken sal word,

„Dan volg di land my na;
En ek is net nou koningin
Van heel Suid-Afrika.”

Die eerste lesing van hierdie gedig kom voor in 'n manuskripboek wat gedateer is 10 Junie 1869. Daar is nog 'n lesing, 'n verbeterde, wat egter ook aanmerklik verskil van die *Ons Klyntji*-lesing.

Sangerig en innig van toon is *Di Afrikaanse Liedjies Singer* (O.K., Junie 1896). Die digter is trots om in sy eie taal

te kan sing, en al klink sy liedjie eenvoudig, hy voel gelukkig.
Laat ander digters maar oor konings sing met veel swier:

„Ek sou oek so sing as ek kon,
Mar het net 'n akkordeon,
En daarop speel ek nou myn liid;
Find jy dit swak, dit raak my niit.”

Pragtig karakteriseer Cachet sy eie poësie na inhoud en styl in die tweede koeplet:

„Ek sing fireers di lof en eer
Fan God, di trouwe Opperheer,
En dan fan wat myn oog anskou,
Fan huis en kinders en fan frou.
Ek sing fan freugde en fan smart,
Fan alles wat my kom in d' hart,
En dit in 'n eenfoudig liid,
Find jy dit swak, dit raak my niit.”

So het hulle in die oue tyd gesing, en daarvan hou hy: hy is bang vir die nuwe liedjies (Engelse?) wat nou in die land kom. Hy gaan van huis tot huis, en as hy welkom is, dan sing hy met nuwe moed.

„Mar as jy deur en fensters sluit,
Omdat jy frees fer myn geluid,
En jy ni luister na myn liid,
Dan sing ek tog, dit deer my niit.”

Dit is waar, hy het gesing tot eer van God, soos sy *Morge Liid* (O.K., Julie 1896) getuig. Hier is hy die predikant wat aanspoor tot werk en stryd in die krag van God, die egte predikant-digter:

„Op! Op! di dag breek aan
Fryf di faak nou uit je ooge,
Si di nag is al ferfloge,
En Fiktori kraai di haan.
Op! Op! di dag breek aan.

Op! Op! mar buig di kni.
 Di met God di dag beginne
 Sal geen fyand oferwinne;
 Want di Heere help fer di.
 Op! Op! mar buig di kni."

Op Die Nuwe Jaar is ook sterk godsdienstig, soos die teks bo-aan wel aandui. Die digter peins oor die jaar wat verby is met sy „blydschap, droefheid, smart en druk." Hy dink aan hulle wat hierdie lewe verlaat het,

„En weldra roep oek ons die tyd,
 Van hier weg na die ewigheid."

Maar nou is daar 'n nuwe jaar voor die deur:

„O! saligheid! O groot gewin!
 Ons stap 'n ander tydkring in,
 En o myn siel, wie sê, ja wie,
 Is dit nie dalk jou laaste nie?"

Daar is gelukkig dié troos: in die hiernamaals is daar geen tydsduur nie, daar sal ons ewig sing: „Halleluja!"

Cachet het een minnediggie geskryf, wat sterk herinner aan Hoogenhout se *Uitnodiging an Anni*, maar wel oorspronklik sal wees. Dit kom voor in 'n aantekeningboek van 1877. Hierdie lesing, wat afgedruk is in *Jan Lion Cachet met sy Sewe Duiwels*, bl. 36, (1940), verskil aanmerklik van die lesing van die *Patriot*. Ook die titel het verander van *Jonkman's Klagte* in *Willem's Klagte*.

Willem is ernstig, maar gebruik dan weer sulke banale woorde dat ons, in plaas van met hom te simpatiseer, glimlag. Die maat is soetvloeiend.

Willem klae sy nood by ons omdat die niggie nie met hom wil trou nie.

„Og life siiltji mooie blom!
 Seg tog fer my, seg tog waarom
 Jy ni wil luister na myn klag,
 En daarby altyd my uit-lag."

Hy het alreeds 'n pragtige plekkie uitgesoek waar hy hulle huisie sal bou; vee en geld is volop, en sy sal geen gebrek ly

nie. Soms droom hy in sy slaap dat Jan Modder haar kry, en dan skrik hy wakker met 'n skreeu, „en brul dan nes 'n jonge leeu.” Sy ma dwing al om hom kasterolie te gee! As die niggie tog maar net wil ja sê:

„Jy stap dan flink net langes my,
En ek stap frolik an jou sy
Dan loop ons sing-sing, en ons praat,
Na huis toe fan di kerk o'er straat.”

Hoewel Cachet dan nie baie gedigte geskryf het nie, is hy tog een van ons beste digters uit die vorige eeu, omdat hy dikwels onder inspirasie geskryf het, die tegniek taamlik goed beheers het en nie altyd op soek was na 'n gepaste rymwoord nie.

PROSA.

Cachet word gewoonlik onthou om sy *Sewe Duiwels*, maar tog het hy ook twee Nederlandse historiese romans geskryf: *Het Huisgezin van den Hugenoot*, en *Getrouw tot den Dood*. Met die laaste twee boeke is hy 'n tipiese verteenwoordiger van die ou historiese romankuns.

Vir die Hugenote het Cachet 'n besondere belangstelling gehad. Hy het dan ook 'n diepgaande studie van hulle geskiedenis gemaak en dit te boek gestel. Dit het eers in die *Patriot* van 1885 verskyn, en die volgende jaar in boekvorm met 'n oplaag van duisend eksemplare. Die boekie het egter ook in Nederlands verskyn (1886) — die handskrif wat nog bestaan is juis in Nederlands gestel. As skuilnaam vir *Die Geskiedenis van die Hugenote van die jare 1521 tot 1698*, het Cachet gebruik „Pastor.”

Die boekie is populêr geskrywe en moes dien tot opwekking en ook tot waarskuwing. Die skrywer skroom nie om sy lesers direk aan te spreek soos 'n predikant sou doen nie, maar soms kan hy so lewendig vertel dat hy ons ademloos boei. Tussenin verstrek hy ook leersame kennis omtrent die toestande in Frankryk eeue gelede, maar is altyd onderhoudend, want hoe simpatiek en ywerig vertel hy ons nie van die vervolging wat die Hugenote ter wille van hulle geloof moes verduur nie.

Cachet se hoofwerk is *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het*, 'n werk wat sy naam vir altyd gevestig het in die Afrikaanse letterkunde, en 'n werk wat sal bly lewe, ook om sy letterkundige verdienstes.

Die novelles het apart verskyn in die *Patriot* onder die skuilnaam „Neef Jan wat Versies maak.” Die eerste novelle heet *Di Geldduiwel* (1882), en is gevolg deur *Di Drankduiwel* (1882), *Di Liegduiwel* (16 Maart tot 24 Mei 1883), *Di Praatduiwel* (1884) en *Di Spogduiwel* (1892). As herdrukke het hulle ook afsonderlik verskyn. In *Ons Klyntji* het nog twee „duiwels” die lig gesien: *Di Afgunsduiwel* in die jaargang 1897 en *Di Baasduiwel*, 1898 tot 1899. In 1907 is hulle almal gebundel onder die naam: *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het*, deur Ou Oom Jan. Sindsdien het die boek al baie herdrukke belewe.

In die *Sewe Duiwels* het ons die begin van die realisme in die Afrikaanse letterkunde — al kan ons dit nog nie suiwer realisme noem nie. Die novelles is realisties in dié sin dat hulle toneeltjies uit die werklike lewe skets. Ou Oom Jan het 'n oog gehad vir die tipiese in die lewe van die boer en die dorpsbewoner, want hoe treffend beskryf hy nie die nagmaalsdrukte op Praatville, en veral in ou Telheim se winkel nie. Hierdie realisme vind ons in ongeveer al die novelles, bv. die beskrywing van die fortuinsoekers in *Di Liegduiwel*, die lawaai op die werf as blank en gekleur besope is in *Di Drankduiwel*. Kleurig beskrywe in hierdie novelle is ook die toneeltjie in die kantien as die drinkebroers feesvier en Hendrik 'n dronkemansliedjie sing:

„Ons plesier verdroog nes gras,
Daarom wag ni, vul jou glas.”

Ou Oom Jan gebruik suiwer Afrikaans, maar dis tog van belang om daarop te wys dat sommige van hierdie novelles eers in Nederlands geskrywe is, volgens die manuskripte, en daarna vertaal is. Dit is bv. die geval met *Di Drankduiwel* — ook die liedjies is oorspronklik in Nederlands gedig. Hierdie verhaal is meer as eenkeer oorgeskrywe, want daar bestaan twee Nederlandse handskrifte daarvan, hoewel hulle weinig van

mekaar verskil. Ook *Di Geldduiwel* is eers in Nederlands gestel.

Di Spogduiwel en *Di Afgunsduiwel* is wel in Afrikaans geskrywe, maar as ons die handskrifte met die gedrukte uitgawes vergelyk, sal ons merk dat daar nog baie aan die taal gedokter is, omdat die handskrifte vol storende foute in Nederlands-Afrikaans was. Dit is waarskynlik die rede waarom die taal van die *Duiwels* nie altyd ewe fris is nie.

Ook die styl, alhoewel sober, is tog te slaë om die indruk te maak dat dit die werk van 'n groot kunstenaar is, maar die beeldspraak wortel in eie Afrikaanse bodem en is deur-en-deur Afrikaans. Dit is die beeldspraak wat dié novelles ophef bo die alledaagse prosa van die meeste *Patriot*-skrywers. So lees ons omtrent Oom Jan in *Di Geldduiwel*: „Sijn mond was toe als zijn geldtrommel.”

Ons het die styl *sober* genoem, want met weinig omhaal van woorde plaas die skrywer ons direk in die midde van 'n toneeltjie — met 'n paar woorde sê hy alles. Ook die dialoog is fris en sprankelend, bv. die gesprek tussen Oom Andries en Willem op die kar oor Willem se groeiende liefde vir die drank.

Ou Oom Jan skryf sober, maar met al sy soberheid wek hy dikwels 'n intense spanning by sy lesers, byvoorbeeld Willem se laaste en byna bomenslike stryd teen die drankduiwel, die ongeluk in die drif, en as Oom Jan weer agter sy baadjie aan in die water spring, of as Oom Diederik vir Lieg Hans met die sambok agtervolg.

Die droë humor en geestigheid van die skrywer is verkwiklik. Die mense kom terug van Oom Jan se begrafnis, en as Oom Hendrik se dogtertjie die predikant sien, roep sy uit: „Ons is nou ryk, meneer; Witbooi seg so. Al oom Jan se goed is nou ver ons. Ik is bly dat hy dood is.” Toe Oom Jan nog gelewe het, wou Morris by hom osse koop, maar „Oom Jan het eers ni gehad ni; toen het hy 'n paar en eindelijk 'n hele klomp.” En dan is daar nog die kostelike gesprek tussen Oom Karel en die dominee oor mej. Wilson, as geen van beide die voortou wil neem nie.

Wat die novelles besonder verdienstelik maak, is dat die skrywer daarin slaag om met skynbaar nietige dinge 'n stem-

ming te wek en 'n atmosfeer te skep. Hy sou egter 'n veel hoër kunspeil bereik het as hy al hierdie novelles in een besondere omgewing laat wortel het. Dan sou die werk as geheel 'n veel groter nasionale karakter gedra het. Nou hang hulle te lossies saam.

Die opset van elke verhaal is taamlik breed; van elkeen kon die skrywer 'n roman gemaak het, en hier lê die swakheid. Daar is 'n menigte besonderhede, en nog kom die karakters nie tot hulle reg nie. Daar is 'n dunheid van gang sodat dit net by 'n verhaal bly.

Ou Oom Jan het 'n vooropgestelde doel gehad met sy *Sewe Duiwels*. Hy het hom verdiep in die daaglikse lewe, maar die lewe het hy betrag deur die bril van die evangeliedienaar, wat wil leiding gee. Daarom tree by hom op die voorgrond 'n bewuste strewe na „nutte lering,” en hiermee staan hy direk onder invloed van die Nederlandse moralis Cremer.

Die gevolg van hierdie strekking is dat Ou Oom Jan nie werklik „lewende” mense skep nie. Die mens as geheel word verwaarloos, en daar word net op één (slegte) eienskap gehamer totdat ons oplaas 'n sekere voorstelling kry — 'n gevoel dat ons met tipes, met beliggaamde eienskappe, te doen het. Dié gebrek is 'n direkte uitvloeisel van die skrywer se strewe na „nutte lering.”

Die novelles is dan „preken, waaraan alleen de preektoon ontbreekt,” want nooit is die skrywer dringerig-prekerig nie. Dit is tendenswerk, en kuns en tendens is selde vriende, maar „tendenz of geen tendenz, de grote vraag is maar of het leven er in klopt en trilt en zich kleurt in het oog van de kunstenaar.”

Daar is geen diepgaande psigologiese karakterskildering nie, het ons gesê, maar ons kry duidelike tipes. Dis belangrik dat die nadruk gelê word op hulle gebreke. Dis 'n hekeling van die menslike gebreke waarmee die skrywer verbetering nastrewe. Huigelary stel hy aan die kaak en omwaas sy storie met geestigheid en selfs humor.

Die *Sewe Duiwels* is van letterkundige, maar van groter kultuur-historiese betekenis, en eendag as die „beskawing” baie van die Afrikaanse volkskarakter sal verander het, dan

sal die nageslag hierdie boek ter hand neem om 'n blik te kry „in de deugden en gebreken van zijn voorgeslacht.”*

(i) *P. D. Rossouw* (1844-1896).

Ds Rossouw is in 1844 gebore en het as jongeling op Burgersdorp gewoon. Sy vader is hom vroeg ontval en hy moes in winkels werk om in die onderhoud van sy moeder te voorsien. Hy het egter 'n groot begeerte gehad om te leer en is deur dr Brebner gehelp, wat 'n groot inspirasie was vir die jongmense op Burgersdorp. Later is hy na Kaapstad met karige middels. Hy het dikwels vertel hoe hy 'n klein kamertjie gehuur en by die lig van 'n walvisolielampie tot laat in die nag gestudeer het. Gedurende vakansietye het hy werk van allerlei aard gedoen om geld te vind vir verdere studie. Toe hy na die kweekskool op Stellenbosch is, het dit beter gegaan met sy geldelike sake, hoewel hy nog altyd suinig moes leef.

Ds Rossouw is op 22 Januarie 1870 te Uniondale georden. In 1878 is hy na Steynsburg, in 1881 na Franschhoek en in 1883 na Fraserburg, waar hy op 12 Oktober 1896 oorlede is in die ouderdom van 52 jaar.

De Zuid-Afrikaan (15 Okt. 1896) sê: „Hy was 'n Evangeliedienaar wat oorfloei het van 'n diepe erns, 'n heilige vuur en 'n onuitputbare arbeidskrag. Hy was nie alleen prediker nie, maar 'n deelnemende vriend in die beste sin van die woord van armes en beproefdes.” As prediker was hy altyd boeiend en dikwels ryk aan treffende gesegdes. Hy het aanleg gehad vir spesiale evangelieprediking en was as sodanig in verskeie gemeentes werksaam, hoewel hy 'n afkeer gehad het van onnodige opwinding en geestesdrywery. Ds De Beer sê (in *De Vereeniging*): „Hij was een prediker van ongewone zalving.” Vir hulle wat hom as student in Kaapstad geken het, was sy sukses op die preekstoel 'n groot verrassing, omdat hy in sy jongelingsjare baie gehakkel het.

Ds Rossouw was ook begaafd met 'n fyn humorsin. So vertel ds De Beer dat hy tydens 'n Sinodesitting 'n swaar ver-

*) Vir hierdie hoofstuk het ek ruim gebruik gemaak van my monografie: *Jan Lion Cachet met sy Sewe Duiwels*, J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1940.

koue gehad het en dikwels die sakdoek moes gebruik met 'n luidrugtigheid wat hinderlik was. Ds Rossouw buk toe voor-oor en sê vir hom: „Broeder u moet toch niet zoveel uw eigen trompet blazen.”

Die eerste preke in Afrikaans is geskrywe deur ds Rossouw, en wel in die *Patriot* van 1879 onder die skuilnaam Cefas. „Ons skryf in di Afrikaanse taal,” verduidelik hy vyf jaar later (26 Sept. 1884), „omdat ons weet dat dit werklik 'n taal is, en dat di argumente van di voorstanders daarvan, nog nooit weerleg is ni, en nooit weerleg kan word ni. 'n Ander rede is, omdat 'n mens ver hom in di Afrikaanse taal kragtiger kan uitdruk dan in Hollands, en omdat daar 'n seggingskrag, 'n direktheid, 'n onnoembare iets is, wat in baing tale nie word gevonde ni. Ook verstaan di meeste van onse mense dit beter dan iets anders, en word die veragterste van ons landgenote daardeur in di gelegenheid gesteld om omtrent di dinge wat di saligheid van sy siel aangaan te hoor lees in 'n taal wat hy alle dage spreek en hoor.”

Ds Rossouw het van hart tot hart gepraat met sy lesers en ook nie geskroom om hulle naas die versoeningsdood van Christus die vreeslikheid van die hel voor te hou nie. Ek gee slegs een of twee voorbeelde: „O hoe verskriklik sal dit nie wees nie, als daar onder die lesers van die *Patriot* 'n vader of moeder is wat 'n onsedelike lewe ly, wat ver hulle skuldig maak aan sonde wat ons liever nie kan noem nie! Ouers wat drink!! Ons verseker u of u jong of oud is, dat daar 'n hel is, 'n ewewige verdoemenis, 'n skrikkelike plaas der pyniging, voor hulle wat die saligheid uit die hand van die Heere Jesus nie aanneem nie. Laat dus vir u geseg, en kom nie in die verdoemenis.”

Op 12 Desember 1879 preek ds Rossouw oor die vraag: *Wat die sonde is?* en aan die einde van sy preek vra hy aan die sondaar: „Het jy nog nooit gebeeft by die gesig van jou sonde, of gesidder by die gedachte aan die hel en die ewewige verdoemnis? Beeft dan vandag, sidder dan vandag!!”

Hierdie preke van ds Rossouw was baie populêr en is met graagte gelees, al sal die „moderne” lesers minder-gelowig glimlag. Van oral het hy briewe van waardering gekry en getuienisse van lesers wat tot bekering gekom het. Deur die

Patriot het hy mense bereik wat nooit in 'n kerk gekom het nie, wat nooit hul Bybel gelees het of nooit deur 'n predikant besoek is nie. Ongelukkig is die preke op 31 Oktober 1884 gestaak.

Aan die *Bybelsch Dagboek* (1880) het ds Rossouw saam met ds S. J. du Toit en ander predikante meegewerk. Die doel van dié boek was om die Nuwe Testament in een jaar se tyd deur die huisgesin te laat deurlees. By die verskillende Skrifafdelings was daar 'n toepaslike verklaring en psalmverse om te sing.

Sy laaste werk wat hy geskrywe het, was *Het Nieuwe Martelaarsboek. Eene Geschiedenis van de vervolgingen der Christelijke Kerk* (1896). Die verskriklike martelinge waaraan die Christene onderhewig was vanaf die marteldood van die eerste Martelaar, Jesus Christus, word vir ons uitvoerig en besonder boeiend verhaal.

Maar ds Rossouw was ook digter. Hy was tuis in die werke van die beste Hollandse en Engelse digters. Daar het baie oorspronklike gedigte uit sy pen gevloei in Nederlands, Afrikaans en Engels, en hulle het getuig van die warme gevoel waarmee aangrypende gebeurtenisse in die geskiedenis van sy land hom vervul het. Sy Engelse gedigte het hy gepubliseer in die *South African News*, sy Hollandse gedigte in die *Zuid Afrikaan* onder sy voorletters P.D.R., en sy Afrikaanse gedigte in die *Patriot* onder die skuilnaam Petrus. Toe hy nog op Uniondale was, het hy soms geskryf as „P.D.R. van Uiendal.”

In een van sy Engelse gedigte beskryf hy die slag van Majuba gedurende die Eerste Vryheidsoorlog. Sir George Colley het die Boere onderskat:

„But he despised the daring of his foe;
Their courage which turned dangers into trifles,
Until they stood upon the mountain's brow
And dealt out death with their unerring rifles.”

Te laat het sir George Colley die gevaar beseef en tevergeefs het hy sy manskappe probeer aanspoor, want hulle het gou op die vlug geslaan.

„In heaps they fall like ripe fruit from a tree
That by the hurricane is fiercely shaken.”

'n Gedig waarmee ds Rossouw sy naam gevestig het en wat onder die volk ook baie bekend is, is *An di adres van John MacKenzie*, wat in die *Patriot* van 29 Augustus 1884 verskyn het. Dit het betrekking op die republiekies Stellaland en Goosen, wat in 1882 deur blankes gestig is in die gebied van die Kafferkapteins Montsioa en Mankoroane, wat oorwin is deur Moshette en Massouw met behulp van hierdie blankes. By die Konvensie van Londen in 1884 is die republiekies tussen Engeland en Transvaal verdeel. Die Engelse gedeelte het direk onder ryksbeheer gestaan en eerw. John Mackenzie is aangestel as kommissaris daarvan.

John Mackenzie was miskien 'n goeie sendeling, maar geen staatsman nie, veral wat sy naturellepolitiek betref. Sir Hercules Robinson het self ingesien dat sy aanstelling 'n fout was en het hom daarom teruggeroep.*)

Nou gryp ds Rossouw na die pen en begin John Mackenzie met stoutseun-spotterny te troos in 'n kostelike hekeldig: *An di adres van John Mackenzie*. Tergend vang elke versie aan met die volgende reëls:

„John Mackenzie,
Moe nie grens nie . . .”

Die hele geskiedenis word oorvertel en John Mackenzie word verseker „ons het medely,” maar tog ook die raad gegee: „Word ni stapel gek,” en „hou jou by jou lees.” Die digter maak hom vrolik oor Johnnie se leed in pragtig-vloeiende verse. Ons skryf die hele gedig hier af:

John MacKenzie,
Moe ni grens ni,
Ja jou tyd was kort,
Jy het ni kan toon ni
Wat daar in jou woon ni;
Sonder seremoni
Moes jy so maar vort.

*) Sien dr Lydia van Niekerk: *De Eerste Afr. Taalbeweging . . .*, bl. 69.

John MacKenzie,
 Moe ni grens ni,
 Jy moes gou laat vat.
 Ach, di swarte brawe,
 Moet nou goud gaan grawe,
 Als di „Boers” hul slawe,
 En jy in di pad!

John MacKenzie,
 Moe ni grens ni —
 Word ni stapel gek.
 Van jou fraaie drome
 Is daar niks gekome,
 Hulle bly maar drome —
 En jy moet maar trek.

John MacKenzie,
 Moe ni grens ni,
 Ons het medely.
 Jy het nie gebrom ni,
 Om so ver te kom ni.
 Wi was ni verstom ni —
 En nou moet jy gly.

John MacKenzie,
 Moe ni grens ni,
 Ons doen niks as sug.
 Wi kon dit voorspelle
 Dat hul jou sou kwelle,
 Tot jy heen moes snelle
 Bondel op di rug.

John MacKenzie,
 Moe ni grens ni,
 Hou jou by jou lees.
 Want dit hou geen stuk ni
 Om di wet te preek ni
 As jy self dit breëk ni,
 Jy is daar gewees.

(j) *J. W. v. d. Rijst* (16 Jan. 1828—13 Des. 1904).

Oom Willem (eerw. J. W. van der Rijst) het 'n belangrike rol gespeel in die geskiedenis van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, ook as skrywer, en tog kon ons geen lewensbesonderhede omtrent hom kry nie, hoe ywerig ons ook al probeer het. Hier en daar het ons iets raakgeloop.

Net soos Pannevis en C. P. Hoogenhout was hy 'n Hollander van geboorte. Hy is as sendeling in die Ned. Geref. Kerk toegelaat in 1861, en was werksaam in Calvinia vir 'n kort tydjie, want in Februarie 1862 is hy as onderwyser en sendeling in die gemeente Wynberg aangestel. In 1863 het hy die Ned. Geref. Kerk verlaat en nou was hy voorganger onder die Plymouth Brethern, en het as reisende prediker oral opgetree. So lees ons in die *Patriot* dat hy op 14 September 1877 op Claremont was, en op 15 Augustus 1879 het hy in die Paarl godsdienst gehou by mnr McMillan. Volgens 'n mededeling van dr J. D. du Toit was hy 'n vriend van ds S. J. du Toit. „Ek het hom dikwels ontmoet. 'n Baie beminlike man.”

Aanvanklik was Oom Willem 'n teenstander van Afrikaans, maar Oom Lokomotief (D. F. du Toit) het hom tot bekering gebring volgens 'n mededeling van Oom Loko in *Die Huisgenoot* (Desember 1919).

Op die tweede vergadering van die Genootskap van Regte Afrikaners (25 September 1875) was eerw. V. d. Rijst dan ook teenwoordig, en van nou af beywer hy hom met hart en siel vir Afrikaans. Hy het dadelik begin om 'n Afrikaanse spraakkuns op te stel, maar volgens Oom Lokomotief, het hy slegs 'n Hollandse spraakkuns verafrikanees. Nou pak hy die eerste *Spel- en Leesboek ver Afrikaanse Kinders* aan. Hierdie boekie het geen liefdevolle ontvangs te beurt geval nie! „Mar dit het ook 'n vreselike storm van vyandskap lat losbreek by die teenstanders,” skryf ds S. J. du Toit (*Geskiedenis van die Afr. Taalbeweging*, 1880 bl. 75), (*Die Brandwag* III nr 5). Dit is dan ook nie vreemd dat die eerste oplaag van duisend binne twee maande van die hand gesit is nie.

By die *Spel- en Leesboekie* (1878) sluit aan die *Samesprake in Afrikaans en Engels* deur Oom Willem, waarvan daar drie nommers verskyn het: nommer 2 in 1885 en nommer 3 in 1891.

In 1897 is al die nommers saam uitgegee. Hierdie *Samesprake* is by die duisende verkoop.

Die doel was om die Afrikaners sowel as die Engelse in staat te stel om mekaar se tale te leer. In die inleiding word eers 'n oorsig gegee van die Afrikaanse klanke en hulle waardes, en dan begin Oom Willem weer onder met eenvoudige samesprakies, daarna word dit al moeiliker. Die eerste samespraak begin as volg:

Afrikaans.

English.

Goeie mor'e, meneer!

Good morning, sir!

Hoe gaan dit nog?

How do you do?

Naderhand word die name van die dae en maande geleer, 'n besoek gebring aan 'n winkel, en eindelik word gebeurtenisse van die dag behandel, ook politieke kwessies. Godsdienstige sake word ook nie vergeet nie. Teen die einde is die sinne en samesprake al so lank dat dit duidelik is dat die leerling nou volkome tweetalig moet wees.

Die ontvangs van die *Samesprake* was besonder gunstig, soos herhaaldelik uit briewe in die *Patriot* blyk. So skryf 'n korrespondent op 15 Januarie 1886 nà die ontvangs van die tweede *Samespraak*: „Waarlik, as 'n man nou nog onbekend bly met die twee hoof tale van Suid-Afrika dan is dit syn eie skuld, en dan is dit ook onverskoonlik. Ek hoop mar dat Oom Willem syn groot werk ni daar sal laat nie, mar 'n derde en vermeerderde uitgawe binne kort sal verskyn. Hy moet so reken hy doet meer as wat nog di beste skoolmeester in ons land gedaan het.”

Oom Willem was in die eerste plaas prediker, en vir ons is hy hier belangrik omdat hy nà ds P. D. Rossouw van die eerste preke in Afrikaans geskryf het. Hierdie preke het eers in die *Patriot* verskyn en is later in aparte boekies uitgegee onder die titel: *Evangelii in di Volkstaal* Nr 1 (1884) en Nr 2 (1885).

Sy preke, eintlik toesprake, Bybellesinge, was in die mees eenvoudige taal. In Nommer 1 is dit as 't ware geen preke nie, maar verhale wat hy vertel van mense wat tot bekering gekom het. Hy doen dit op so'n eenvoudige wyse dat dit sy lesers

moes boei, hy hou dan ook gedurig kontak met hulle. Hy het die verhaal so geskryf dat elke leser(es) hom of haar daaraan kon spieël. Die evangelie het die harte van sy lesers geraak. „[Ek] moet ook as 'n dienende priester van God myn medemensse op di Lam wys, en dat ook in di taal van ons volk. Ons volk het 'n reg om in ons eie taal di Evangelie te hoor, en al te lank word hulle di reg onthou en al te onverskillig is ons volk omtrent hulle reg.”

Soms is die prediker-skrywer darem te plat in sy taalgebruik. Geen wonder dat ds S. J. du Toit en Oom Lokomotief gelag het toe hulle hom vir die eerste keer in Afrikaans hoor preek het nie. So dreig hy die sondaar: „Jy wandel van jou jeugd af in jou bloedroot kleed van jou sonde; di hel is jou voorland”

In *Di Skarlaken Snoer* vertel eerw. V. d. Rijst op 'n heel interessante wyse hoe Anna en haar suster een aand na die nuwe predikant gaan luister het. Hy het die sondaars aangemaan om hulle te bekeer, en „Anna het di aand di skoot gekry so dwars deur di kol van haar hart.” Sy kon die nag nie slaap nie, want sy het gevoel sy is verlore. Haar onrus skets die skrywer vir ons uitstekend, want hy ken die hart van die sondaar. Haar familieleden is bang dat sy in 'n stryd sal raak en laat die prediker roep. Hy wens haar geluk dat sy die afmetings van haar sonde begryp, want nou kan sy Christus ontmoet!

Dit was eerw. V. d. Rijst veral te doen om aan mense hulle sondes te openbaar, en veral aan dié mense wat hulle verbeel dat hulle hemel-toe gaan. Dit was bv. die geval met Tant Leni in *Issakar, di Sterk Gebeende Esel* (P. 5 en 12 Sept. 1884). Sy het gedag sy kon deur haar goeie werke vir haar 'n plekkie in die hemel loskoop, en het ook daarop geroem dat sy goeie daade gedoen het. Sy neem dit Tant Kris-i kwalik dat sy haar op die valsheid van haar godsdiens wys. Ook Oom Karel kan sy nie bra veel nie: „Hy lol te veul van geloof, geloof.”

Hulle gaan almal na 'n diens by een van die bure, en die predikant preek eintlik net vir haar en die „eselgristene.” „Di esels lê tusse twee pakke: op di linkerhand lê di pak van sonde, op di regterhand di pak van goeie werke. Hulle kan ni verstaan ni, dat di dood in di goeie werke sit, en dat di sonde in di

bloed van di Lam van God doodgemaak is . . . Verwerp julle goeie werke as 'n grond van saligheid."

Doodongelukkig keer Tant Leni terug van die diens, want haar oë het oopgegaan. Ook haar stryd word met veel noukeurigheid beskrywe totdat sy tot bekering kom, en toe kon „'n mens so di vrede op haar gesig lees."

In *Liew en Lam* (P., 10 Okt. 1884) ondervra eerw. V. d. Rijst iemand om uit te vind of sy siel veilig is.

„Is jy bang vir 'n lam?

„Né, waarom sal ek ver 'n lam bang wees? So'n diertji kan mos vir myn gen kwaad doen ni."

„Is jy bang ver 'n lew?"

„Natuurlik! . . ."

Hierdie inleiding moet dan dien om aan die ondervraagde te toon dat sy regverdigheid sy sonde is, en so word vir hom die weg aangetoon tot saligheid.

Jesus is di Gristus (P., 31 Okt. 1884) is die eerste werklike preek, want dis geskryf in die vorm en die gees van 'n preek. Eerw. V. d. Rijst bewys met talryke voorbeelde dat Jesus die Christus is.

Gewoonlik gebruik hy 'n beeld om een of ander waarheid te bewys, bv. *Root of Wit*, waar rooi die kleur van die sonde is en wit die kleur van die saligheid. Alle sondaars dra 'n rooi kleed, en nou bewys die prediker dat alle onbekeerdes sondaars is en verlore gaan. Hulle sondig bv. deur hulle gedagtes, want hoe baie is daar wat in die kerk sit en aan ander dinge dink. Hy ondervra sy toehoorders of lesers direk: „En wi was di ander aand op di dansparty, en ni heeltemal nugter tuis gekom ni? Was dit ni jy, jong kêrel! wat God ni vrees, en gen mens ontsien . . . En moet ek jou wys op di ligsinnige manier, waarmé jy met die jong meisies omgaat . . . Jy moet tog begin nadink. So kan jy ni aangaan ni."

Dis nie nodig om al die preke te behandel nie, want baie het dieselfde opset. Gewoonlik noem eerw. V. d. Rijst sy lesers hulle sondes by hulle name, laat hy hulle besef dat hulle verlore is. Ons sal 'n paar voorbeelde gee: „Di toorn van God bly nog op jou, en sterwe jy in jou sonde, dan lê jy in di helse vuur, net so seker as di ryke man in di gelykenis. Lukas 16: 19—31." (Nr 1, bl. 51). „Jy is in gevaar, jy loop op di brede

weg, wat na di verderf gaat." (Nr 1, bl. 53). „Wil jy dan mar so vir dood slaap totdat jy in di helse vuur wakker skrik? Kan jy dan so gerus na di verdoemenis stap? Julle, wat di stukki lees, julle gaat ni ongewaarskuw na di hel toe." (Nr 2, bl. 6).

Maar na hierdie dreigemente wys die prediker sy toehoorders die weg aan tot saligheid, wys hy hulle op die versoeningsdood van Christus, en vra hy hulle om in Christus te glo. „Daarom lezers, as daar onder julle is, wat Jesus nog ni besit ni, en dus di Vader ni ken ni; neem dan di Soon an, kus Hem; onderwerp julle an Hem; glo Syn Evangeli..." (Nr 1, bl. 47) „'n Mens moet di stem van di Here Jesus hoor, anders kom di saak ni reg ni" (Nr 2, bl. 7). „Gaat, lê jouself voor God neer, erken jou skuld en jou sonde." (Nr 2, bl. 14).

Volgens getuienisse het hierdie preeksetse, net soos dié van ds Rossouw, meer as een leser tot bekering gebring.

So *gaat dit* is 'n lang verhaal wat in 1885 gedeeltelik in *Di Afrikaanse Almanak* verskyn het, en die volgende jaar apart met 'n oplaag van duisend. Dit herinner sterk aan eerw. V. d. Rijst se preeksetse, want ook hier is die godsdienstige strekking op die voorgrond. Die gegewe is nie belangrik nie: Oom Koos gaan Kaap-toe om inkopies te doen en terselfdertyd 'n blanke meisie en twee seuns te soek om op die plaas te kom help met die boerdery. Alles gaan voor die wind: sonder moeite kry hy die dogter en twee seuns, sodat Oom Jan verruk uitroep: „Ek staan verbaas o'er di dade van God; mar so *gaat dit*; as di Liwe Here 'n ding wil doen, dan gaat dit tog al te maklik."

Na hierdie breedvoerige inleiding vertel die skrywer die lotgevalle van die kinders op die plaas.

Eerw. Van der Rijst het gereeld Bybelraaisels ingestuur vir die lesers van die *Almanak* en die *Patriot* „met die belofte van 'n mooie Bybel" vir die oplosser van dié raaisels.

(k) *M. H. Nesar* (1874-1932).

Michiel Hendrik Nesar is 'n direkte afstammeling van die stamvader van die Nesar-familie in Suid-Afrika: Augustus Tiberius Neeser, wat sy naam nog met twee e's geskrywe het. Hy was werksaam aan die Hollandse hof as geneesheer, maar

in 1795 het hy na die Kaap gekom. M. H. Nesor is op 28 Julie 1874 op die plaas Lukaskop, naby Philipstown, gebore.

Hier op die vlaktes van die Karoo het Nesor opgegroeï tot 'n jong man. Sy enigste onderwys het hy saans van sy vader ontvang, en bedags agter die skape het hy verskillende soorte boeke gelees — boeke wat hy met sy wolgeldjies gekoop het. Die romans van sir Walter Scott en Jacob van Lennep was sy liefslingsboeke, en groot was hulle invloed op sy eie letterkundige vorming. Maar ook boeke oor natuurwetenskaplike onderwerpe het hy met gretigheid onder hande geneem. Charles Darwin se *Origin of Species* het hy met besondere belangstelling bestudeer. Sy leeslus was onversadigbaar. Maar sy leergierigheid is hom dikwels kwalik geneem deur vriende en verwante, want hoe kon hy 'n goeie veeboer word as hy altyd „ingedagte” was?

Spoedig het Nesor self begin dig en sy eerste pogings aan *Ons Klyntji* gestuur. Ds S. J. du Toit het dadelik gemerk dat hier iemand is met talent, en hy het hom in 1899 uitgenooi om toe te tree tot die redaksie van *Ons Klyntji* en *Die Patriot*. Hy het egter nie langer as 'n paar maande in die Paarl uitgehou nie, want hy kon hom nie vereenselwig met ds Du Toit se politieke beskouings nie. Toe maar weer terug plaas-toe, en in 1907 is hy getroud met mej. H. G. Jooste, 'n dogter van een van die bure.

Hy het hom nou toegelê op die boerdery en ook probeer tred hou met die nuutste ontwikkelings op die gebied van landbou en veeteelt, maar ongelukkig het hy nie altyd rekening gehou met die praktyk nie. Saans was hy in sy studeerkamer om die gediggie wat hy vandag in die veld geskryf het, reg te skaaf. Maar hy het gou besef dat met die bloei van die Afrikaanse digkuns ná 1900, sy werk uit die mode was en nie meer in aanvraag nie. Dit is half tragies om te sien hoe hy Jan Celliers probeer navolg het, veral in sy lang, ongepubliseerde gedig *Daardie Nuwejaar*. Sy swanesang is *Die Reuse van Ouds* in *Die Huisgenoot* van 12 November 1926.

Dit is 'n lang storie om al Nesor se ervarings na 1907 op te teken, maar hoofsaak is dat dit nie goed gegaan het met sy boerdery nie, veral na 1928 toe hy 'n plaas in Griekwaland-Wes gekoop het. Die depressie het hom gebreek, na liggaam en

siel. Ideale het onvervuld gebly. Hy was pynlik bewus daarvan dat sy lewe 'n mislukking was. „Op 22 Julie 1932, terwyl Afrikaners in rou gedompel was oor 'n geliefde Langenhoven, het 'n onbekende kunstenaar en vergete taalstryer alleen en gebroke heengegaan.”

Neser behoort dan tot die tweede geslag van Afrikaanse digters wat hulle rondom *Ons Klyntji* geskaar het. Hy het vaardigheid geleer by sy voorgangers van die *Patriot*, en het oor 'n sterk verbeelding beskik, maar hy kon geen nuwe bane oopbreek nie — hy het nog vasgekleef aan die reëls vir die digkuns wat destyds in die mode was. Daar het groot moontlikhede in Neser geskuil, maar hy was nog te veel kind van sy tyd. So wou hy in sy gedigte en prosawerke vermaak en die leeslus opskerp: grappies het hy vertel, en vir die jongmense hope gedigte gemaak oor die liefde, sy vernaamste tema. Hierdie liefdesgedigte was sangerig en dikwels sentimenteel, maar vir die jeugdige lesers van *Ons Klyntji* „mooi.”

Van sy eerste gedigte is *Di Klaaglied fan di laaste Boesman* (Mei 1896); die ballade *Stoffel en Leni* (Junie 1896); die uitmuntende vertelling: *Di Fryer fan nig Betti* (Julie 1896), wat duidelik invloed van Hoogenhout toon; die bekoorlike natuurgedig *Ons Sonlige Afrika* (Sept. 1896):

„Hoerê! fir so'n mooie land
So lieflik en so fry,
Waar je alles wat jou hart begeer
In owerfloed kan kry,
Waar wild fan alle soorte
Syn felde nog bewoon,
En ongediërte skuilplek soek,
In berge wonderskoon.”

Kostelik is die dramaties-vertelde gedig: *Di Afgeslaande Fryer* (Junie 1897), waarin die jonkman heel realisties sy ervarings verhaal met 'n Engelsgesinde Boerenooi. Hy vertel alles kaalkop, vol geesdrif, en kan 'n stout glimlag nie onderdruk nie, omdat hy ook volgens die „lady” „'n niksnutse boer” is.

Sy vriend wou weet waarom hy so bedruk lyk en dan borrel dit uit: verlede Saterdagavond wou hy na Sannitji van ou tant Maria gaan vry; hy het sy-mooi ryperd laat opsaal, sy

beste pakkie klere aangetrek, en sy goue ring uitgehaal, want dan sou Sannitji sekerlik ja sê. Maar wat was hy tog nie teleurgesteld met „so'n trotse wyfiis diir” nie,

„Want toen ek so frinlik myn hand fer haar ryk,
Toen lat sy fer my mos haar ruggi bekyk.

En toen ek met 'n glimlag fra
Hoe lat dit tog met haar gaan,
Sê sy: „Ag loop! dit traak jou ni!
Wat gaan myn welstand fer jou aan?”
Ek sê: „mar myn niggi, kom hoor eers na my:
Ek het mos gekom, om na jou te kom fry.”
„Wat!” roep sy en trek 'n bek
Dat ek nog skaars myn lag kon hou,
„Loop fry fer myn part na di myd!
„Di is 'n mooi portuur fer jou.
„Fer myn part kan jy na di hoenders gaan;
„Gen boer wil ek hê, mar 'n mooi Engelsman.

„Jul, boere is te dom en sleg,
„Te lomp, niks wêrd en ongeleer.
„Gen mysi fan fatsoen, soos ek,
„Sal ooit 'n boer tot man begeer.
„Ek dank jou dus hartelik; jy kan mar ferkas;
„'n Engelsman, dis net wat fer my sal pas’.”

Sy vriend troos hom dan en raai hom aan om die „opding” te laat staan, want goeie nooientjies is nog volop „met hartjiis, suiwer ryn en goed.” Sannitji sal haar tog vasloop met haar „Lunsriim.”

Hoe Oom Sarel gespook het (Julie 1897) is 'n grappige anekdote omtrent 'n ou man wat graag 'n kwaaijongstreek uitgehaal het met 'n kopbeen. Een aand span 'n smous op sy plaas uit, en toe dit donker was, kom hy met die kopbeen aangestap wa-toe, en

„Toen saai di spul di donker in:
Jy hoor net fœete klap.”

Stemmingsvol is die gedig met 'n tragiese ondertoon: *Kortstondige Lentelus* (Okt. 1897). In digterlike prosa wat 'n verrassende ooreenkoms vertoon met hierdie gedig, het Nesor dieselfde verhaal oorvertel in *Ons Klyntji* onder die titel: *Lente Liefde*.

Mooi is die eerste vers met sy kalme ritme, eenvoudig en sonder woordgetooi:

„As di liwe Lentetyd
 Ferskyn met frisse jeug,
 En di aarde haar tooi nes 'n blosende bruid,
 Dan is al wat leef ferblyd,
 Fol le'wenslus en freug,
 En ferheug sig di plante, di gras en die kruid.”

In so'n blye tyd het die digter en sy nooientjie hulle op die gras neergevlei en stil oor hulle liefde gemymmer. Ongelukkig word hierdie mooi stemming verbreek deur die stroperigheid, die trane en die „engelagtige toon” waarop sy praat, „met haar ogies, hemels skoon.”

Swygend het hulle huiswaarts gekeer, maar min wiss hulle dat dit die laaste keer was, want daardie nag het sy skielik gesterf. Dis reeds lank gelede, en nog kan die digter haar nie vergeet nie. As Nesor die stemming kon volgehou het tot aan die einde en nie sentimenteel geword het nie, sou dit 'n mooi gedig kon geword het.

Heel middelmatig is die vertelling: *Op di Dood fan Klasi Venter* (Sept. 1898). Selfs die verhaal is onbelangrik. Op 'n handige wyse is die geskiedenis berym. Klasi Venter was verloof aan Maria Potgieter, „'n liwe skone bloem,” en hulle het reeds op troue gestaan toe hy skielik op 'n smoustog oorlede is. Pateties is Maria se gekerm oor haar verloofde se dood. Die handelwyse van Klasi se broer wek ook nie ons simpatie nie — om dit nie onvriendeliker te sê nie.

Nesor kry weer koers in sy geskiedkundige gedig: *Di Moord by Moordspruit* (Des. 1898), waarmee hy eerste gekom het vir 'n prysvraag wat uitgeskryf is oor 'n onderwerp uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die tweede prys is aan B. R. Buys toegeken vir sy gedig *Dapper Dirki Uys*.

Di Moord by Moordspruit getuig van 'n sterk verbeelding en 'n inlewing in die onderwerp. In die inleiding gee hy ons 'n beeld van die rustigheid in die laer:

„Di aand is so helder en lieflik en skoon;
Natuur spry haar heerlikste luister ten toon;
Di harte is almal so frolik en bly:
Want morre word Pieter Retief weer ferweg
En dan siin hul seker di saligste dag
Fan heel hul lêwe: dan's alles ferby.”

Tevergeefs het Retief hulle gewaarsku om daar te bly, hulle het orals langs die rivier uitgekamp. Die jong mans het gaan jag sodat die vrouens alleen by die waens was.

„En morre . . . ja morre gewis fiir hul fees!
Want morre kom Piet Retief tuis fan Dingaan
Dan kan hulle fertrek na di heerlike land,
Om daar hulle nasi fer ewig te plant,
En nooit weer gen nood of verdriit uit te staan.”

Nou loop Nesor sy verhaal vooruit, en nadat hy die Natalse natuurskoon geroem het, roep hy uit: hulle wis nie watter ellende die dag van môre sou bring nie! Die digter merk reeds onraad:

„Wat was dit fan fêr, di gestadig gedruis?
Dalk water wat in di rifire so ruis?
Of stormwind straks, wat di lug so laat tril?”

Soos Malherbe in sy gedig: „Dis donker, donker midder-nag. . .” vertoef Nesor nou eers by die slapendes in die waens (die meisie droom van 'n held wat haar teen kwaad en geweld beskerm:

„Sy droom fan syn liefde, so innig en trou;
Sy droom fan 'n lêwe fol soete geluk.”

Daar lê 'n moeder met haar suigling in haar arms, wat sag aan haar bors rus . . .

Maar na hierdie vredige stemming, die ruwe kontras, en daar klink die uitroep: „Help! Kaffers! Op! moord!!”

Taamlik realisties beskrywe Nesor nou die barbaarse rumoer en die verskriklike gruweldade deur die Kaffers gepleeg:

„Ferskeurende krête . . . — o skriklike nag!”

Tog gevoel Nesor hom magteloos om alles na waarheid te beskryf:

„Waar is di ferbeelding en waar is di taal
Instaat di ontsettende skouspel te maal...?”

Graag wil hy ons 'n beeld gee van die smart van die mans toe hulle die verminkte lyke van die vrouens aanskou, maar hy is nie daartoe bevoeg nie,

„Want wi kan 'n denkbeeld maak wat of dit meen
Waar kragtige mans nes klyn kindertjies ween?”

Dit was die laaste gedig van Nesor wat in *Ons Klyntji* verskyn het; nadat hy met ds Du Toit gebreek het in September 1899, het hy geen bydrae vir sy tydskrif meer gelewer nie. Vir etlike jare swyg hy nou, maar as *De Goede Hoop* in 1903 opgerig word onder redaksie van adv. J. H. H. de Waal, word sy pen weer vaardig en kan die redakteur moeilik voorbly om al sy bydraes te plaas.

As ons Nesor se gedigte wat in *De Goede Hoop* verskyn het, ontleed, dan merk ons haas geen vooruitgang op sy gedigte in *Ons Klyntji* nie, nóg wat inhoud nóg wat vorm betref. Hy is nog steeds besig met temas soos die liefde of 'n grappige gebeurtenis, hy streef nog steeds na 'n onberispelike maat en goeie rym, soos dit vóór die oorlog in die mode was.

PROSA.

As prosaskrywer is Nesor nie so goed bekend nie, en eintlik ten onregte, want hier het hy van sy beste werk gelewer. Benewens die los verhale wat in *Ons Klyntji* en *De Goede Hoop* verskyn het, is twee novelles uit eersgenoemde tydskrif oorgedruk: *Wat Geld kan doen* (1898) en *Deur Hoogmoed Misly* (1899). Kortverhale soos ons dit vandag verstaan, het hy nie geskryf nie, slegs sketse, maar sommige van hulle getuig

van talent, veral deur sy natuurbeskrywing en die gebruik van digterlike prosa, wat iets ongekends was in sy tyd.

Ons moenie vergeet dat Nesar tot die eerste Afrikaanse prosaskrywers behoort nie, hoewel nie tot die allereerstes nie. Hierdie prosaskrywers was nie skoonheidsoekers nie, maar mense wat met 'n bepaalde doel geskrywe het: om te vermaak, te stig en leeslus op te wek. Dit was ook die doel van Nesar soos blyk uit 'n brief aan die firma D. F. du Toit & Co., in 1898: „Aangesiën daar so totaal gebrek is an Afrikaanse lektuur wat so nodig is tot befordering fan ons liwe moedertaal, het ek 'n poging gedoen om in genoemde taal 'n boeki te skrywe (*Wat Geld kan doen*) fan 'n aard wat ek dink best geskik is om leeslus by ons jong mense op te wek.”

Nesar se eerste poging in prosa was 'n dierverhaal (Sept. 1896) in antwoord op 'n prysvraag uitgeskryf deur *Ons Klyntji* vir die drie beste dierestories. Daar is twaalf insendings ontvang, en Nesar het die eerste prys verower.

Hierdie verhale van jakkals se sluideit het Nesar uit die volksmond opgeteken. Hulle speel in die sprokiestyd toe die diere nog kon praat soos mense. Die realistiese wyse waarop Nesar die verhale oorvertel het, is verdienstelik. Ons sien hoe jakkals en krap resies hardloop, of hoe jakkals tier bedrieg deur hom na sy eie beeld in die water te laat kyk; so natuurlik is die dialoog.

Nesar se eerste skets het in *Ons Tijdschrift* verskyn, (deel I, bl. 202), maar in suiwer Nederlands. Dis 'n grappige verhaaltjie onder die titel: *Gaat nooit in den regen vrijen*. Dat Nesar 'n sterk fantasie gehad het, bewys die allegorie 'n *Droom* (O.K., Des. 1897).

Na hierdie voorarbeid kon hy hom nou aan 'n novelle waag, en so verskyn *Wat Geld kan doen* in *Ons Klyntji* vanaf Februarie tot Junie 1898. Dit word gevolg deur 'n tweede novelle, *Deur Hoogmoed Misly*, wat vanaf Oktober 1898 tot Mei 1899 geloop het. Albei is in boekvorm oorgedruk.

Met hierdie novelles is Nesar 'n verteenwoordiger van die ou romantiese romankuns deur sy gebrek aan objektiwiteit, die baie verrassingsmomente en toevalsgebeure, en die onvermoë om innerlike karakteruitbeelding te gee. Die romantiek het goed by Nesar se karakter gepas, en ons kan hom ook die eerste

werklike Afrikaanse romantikus noem. Hierdie novelles toon duidelik wie sy leermeesters was: Scott en Van Lennep.

Eduard Bester het 'n beeldskone dame in die kerk gesien, maar deur sy vriend, Frans Joubert, se laksheid kon hy haar nie tot by haar huis volg nie. Bester is besonder opgewonde en loop die strate op-en-af, maar die vabondjie het verdwyn. Die gesprek tussen die twee vriende oor haar besondere hoe-danighede is opgeskroef en oordrewe, maar gelukkig bespaar die skrywer ons gou hulle geselskap. Hy maak van Van Lennep se handige metode gebruik: „Terwyl di twé frinde besig is om koffi te drink, sal ons di geleendhyd waarneem om met hulle nader kennis te maak.” Nog meer as een keer sal hy op dié wyse van die een situasie op die ander spring.

Bester en Joubert word dan aan ons voorgestel volgens die gebruik van die romantiese skrywers: ons leer hulle van buite ken, die skrywer vertel ons baie omtrent hulle, maar van hulle sielelewe weet ons niks nie. Uit sy gedrag merk ons egter dat Bester 'n willose swakkeling is, sonder enige spoor van manlikheid.

Op 'n verjaarsdagfees ontmoet Bester sy ou vriend Frikki Naude, en *toevallig* is die mooi nooi sy niggie. Hy is net gretig om haar en sy suster aan Bester en Joubert voor te stel, maar ook aan ons. Maria Pienaar — so was haar naam — was 'n ware hemelling, „want imand wat ni geweet het dat sy 'n mens is ni, kon haar maklik fer 'n baster engeltji aangesiën hê twé blou oge, nes twé lewende diamante; oge, so sagsinnig, en tog so lewendig en betékenisfol . . . Haar wangetjiis was soos twé rosies . . . en haar lippies nes 'n twéling roosknoppi.”

Hoe kan 'n man die blik van so'n waspoppie weerstaan? Bester speel dan ook sommer vinnig met haar, en die tweede aand na hulle ontmoeting is hulle verloof!

Maar nou kom die moeilikhede. Maria gaan terug na haar ouerhuis, en die skrywer het hom reeds al nie baie simpatiek oor hulle uitgelaat nie, want hulle kyk net na rykdom. En nou wil die toeval dit so hê dat die bank waarin Bester se geld belê is, bankrot raak. Terwyl Maria se vader eers sy toestemming gegee het vir hulle verlouwing, belet hy nou Bester sy huis. Tog waag Bester dit om Maria te gaan opsoek toe hy van haar siekte verneem. Maar die moeder steek hom onder

die besemstok, en Maria kwyn weg van verdriet. Pateties is dit as Bester uitroep: „Ek wil sterwe, sterwe fer haar! o Maria! denk tog altyd an my; ek gaan sterwe fer jou; fergeet my ni!”

„Ons spring dri maande o'er, en slaan dan di blik terug,” sê die skrywer. Bester doen niks anders as treur nie, „en di algemene gedagte was, dat hy froeger of later sou mal worde, of selfmoord pleeg.” Dit gebeur egter nie. Die toeval bewerk dit so dat sy ryk oom sterf en alles aan hom bemaak. Maria se skurkagtige ouers hoor dit en skryf 'n skynheilige brief aan Bester waarin hulle hom om vergifnis vra. Hy merk die lis nie, en jaag dadelik na Maria om haar in 'n uitgeteerde toestand terug te vind. Maar sy knap gou op, en as Bester en Joubert saam na die predikant stap om hulle gebooe op te gee, dan merk Bester op: „Wat kan geld tog ni doen nie!”

Ons mag glimlag oor die stroperigheid van die verhaal, ons mag klae oor gebrek aan agtergronduitbeelding, aan karaktertekening, omdat die kontras te skerp is tussen die engeltjies en die skurke, ons mag verwonderd wees oor die rol van die toeval, en tog in 1898 het geen leser hom oor hierdie dinge bekommer nie, het hy nooit kon droom dat 'n later letterkundige mode daarmee die spot sou dryf, soos die moderne dogtertjie as sy 'n portret van die swaargerokte ouma sien nie. Die lesers vir wie die novelle bedoel was, het dit geniet van begin tot einde; hulle was vol bewondering vir die lieflike Maria, hulle harte het week geword oor die smart van Bester, hulle het Maria se ouers met 'n vreeslike haat gehaat. In ademlose spanning het hulle die een bladsy na die ander „verslind” om tog te sien of Bester en Maria mekaar „kry” aan die einde, en hoe groot was hulle vreugde nie toe hulle merk dat dit werklik die geval was nie! Wat 'n *pragtige* boek was dit nie vir hulle nie! Neser was tevrede: hy het hierdie mense 'n paar aangename uurtjies verskaf, hy het hulle weggevoer uit hulle daaglikse lewe, hy het hulle leer lees, omdat hy vir hulle 'n „storie” in hulle eie taal vertel het. En toe Neser geskryf het, was daar nie baie dergelyke „stories” in Afrikaans verkrygbaar nie.

Is die letterkundige waarde van *Wat Geld kan doen* dan heel gering, soos dit vandag ook nog die geval met ontspanningsleesstof is, die kultuurhistoriese waarde is soveel groter.

Agter hierdie novelle het Nesor 'n klompie van sy gedigte afgedruk, wat ons reeds ken, en ook 'n paar sketse uit *Ons Klyntji*. *Lente Liefde* wat hy ook in digvorm verwerk het, is 'n juweeltjie in sy prosaliteratuur. Hier skryf hy digterlike prosa, soms miskien onsuiver, maar soos vóór 1898 nog nooit in Afrikaans geskryf nie. Die natuur is nog nooit voorheen só gesien in die Afrikaanse prosaletterkunde nie. Die hele skets is omwaas met 'n fyn stemming, is deurdronge met egte gevoel. Dis 'n stille droom. Hoe pragtig werk hy die eerste paragraaf nie op na 'n klimaks nie!

Die skets *Troue Liefde* (Sept. 1898) is heel goed gebou. Dit begin met 'n vraag: „Weet julle wat opregte, onferbreekbare liefde is? As julle dit ni weet ni, dan gaan ek julle daar nou iits fan fertel.” Die verhaal eindig treurig, en daarom is dit in 'n donker toon geskrywe met traagvloeiende sinne. Oorspronklik is die verhaal wel nie, maar oorvertel uit die Engelse letterkunde.

'n *Fryery an di Strand* (Sept. 1898) begin mooi met 'n digterlike beskrywing van twee verliefdes een aand op die strand, maar die slot val heeltemal buite die toon as die kêrel wil begin eet, en dan skielik daardie nag verdwyn sonder enige rede. Die „engeltjie” raak heeltemal onaards en oneg wanneer Nesor se gevoel vals word en sy taal retories.

Groot Geskrik (Aug. 1899) vertel op luimige wyse van 'n paar grootpraters wat gaan jag het, maar toe 'n leeu werklik op hulle afstorm, hulle boeglam skrik. Die een byt die stuk braaivleis vas in sy mond, en „party spring sommar op di geknelterde perde, en slaan en skop net an om weg te kom.”

Deur Hoogmoed Misly (1899), Nesor se tweede novelle, toon groot vooruitgang op *Wat Geld kan doen*. Hier is geld en liefde weer in die spel, maar nou met noodlottige gevolge. Sou *Catharina, die dogter van die Advokaat* van Hoogenhout invloed op hom uitgeoefen het? Daar is veel ooreenkoms tussen dié twee novelles, behalwe dat Nesor die romantikus is. Aan die eerste hoofstuk laat die skrywer 'n versie van Hoogenhout voorafgaan:

„Kan geld of goed gelukkig maak?
 Né liefde en liefde alleen:
 Dit is di eenge ware band,
 Di maak twé harte een;
 Mar waar di liefde ni bestaan,
 En geld di dryffeer is,
 Daar kan gen waar geluk ooit wees,
 Dis seker en gewis.”

Die waarheid van hierdie versie sal Nesar ons met sy verhaal bewys.

Die begin van die verhaal is uitstekend, want Nesar ken die dorpslewe, maar as die gebeure na Johannesburg verplaas word, word die beskrywing karikatuuragtig. Trouens, ons weet heel veel van die Bolandse dorpie waar Oom Willem en sy kinders bly, maar Johannesburg bestaan net uit 'n sinkhuisie en is bevolk met boewe.

Die begin is 'n ware dorpsidille, want Oom Willem woon daar heel gelukkig, en langsamerhand ontwikkel daar 'n liefde tussen sy dogtertjie Helena en haar nefie, ook Willem genoem. Maar Nesar loop sy verhaal vooruit: „Mar wat di ou in *di* da'e ni sou gedroom hê ni, was, dat syn liwe Leentji ~~hom~~ di dood sou feroorsaak sonder om *haar* dood te laat vooraf gaan.” Die skrywer kry egter spyt dat hy ons nou al op sulke onaangenaamhede traktee, en na 'n praatjie met die leser „keer (ons) dus liwer tot di aangenamer werkelykhyd terug,” en hy belowe 'n bietjie later om „'n meer onderhoudende toon aan te slaan.”

Ses jaar lank het Willem en Helena saam skoolgegaan, maar toe besluit haar vader om haar na die Wellingtonse Seminarie te stuur. Swaar was die afskeid, want „dit was of haar hart wegsmelt (sic!) en die tranes floei in stroompijs (sic!) o'er haar wangetjijs.” Maar soveel aangenamer was die ontmoeting na ses maande weer. Tog was daar iets wat vir Willem gehinder het in haar: „di Engelse woordjijs wat sy daar gedurig in meng,” en die gedurige gepraat van die Engelse studentjie, Smart.

Op 'n oulike wyse laat die skrywer dit deurstraal hoe Helena telkens as sy vir die vakansie huis-toe kom, meer en meer vervreemd raak van haar familie, omdat sy langsamer-

hand aan die verengels was. Na agtien maande merk haar vader maar te duidelik dat haar siel aangetas was „deur di ergste graad fan Engelse pes; sy was ontaard en ferbasterd; al haar goeie, lieflike antreklike hoedanighede, wat haar so geliïfd en bemind gemaak het in haar omgewing, was ferniil, ferwoes, fersmoor.” Met veragting sien sy neer op haar kennisse, ja selfs op Willem — sy wil ’n Engelsman vir ’n man hê, want haar eie mense is te ru en onopgevoed, en Afrikaans is ’n Hotnotstaal. Haar vader se berisping maak haar eintlik net nog meer hardkoppig.

Vreemd is dit nie dat sy Willem werklik in die pad steek nie. Die skrywer gun ons nie juis ’n blik in sy siel nie, maar vertel ons net dat Willem se droefheid hom laat vrees het dat hy „fan syn ferstand sal raak en sal mal worde.”

Nou word die verhaal karikatuuragtig, want „Mister” Smart moet natuurlik in die swartste kleure afgeskilder word om van hom ’n ware skurk te maak. Die skrywer is so sterk bevooroordeeld teenoor „Mr.” Smart dat hy hom bespotlik voorstel: „Di mannetji was na di nuutste mode gedres; syn foorpootjiis — in een waarfan ’n swart kiritji met ’n silwer koppi geklem was — was in sakkiis fan bruine leer gestee; op syn dunne aasfo’el snuitji, was twé goudgerande fêrkykertjiis fasgeknyp; syn kopwol wat onder ’n keppe ferberg was, was wit; en so was di twé horingskiis, tussen syn neus en bolip; hy was brandma’er en bleek fan kleur, met gryse oge, en an di kleur fan syn nek kon ’n mens dadelik bemerk dat hy ’n seun was fan John of Jack.”

Kostelik is in ieder geval die beskrywing van die ontmoeting tussen hom en Oom Willem, want hulle kon mekaar se taal nie praat nie: „... Praat dat ek jou kan ferstaan, of loop na jou mai toe!” roep Oom Willem vererg uit. Hy is skoon oorbluf as Helena uitkom en die twee mekaar begin „vasklou.” Oom Willem steek hom onder die kiere en ’n vegparty ontstaan.

Nou ontwikkel sake vinnig. Smart en Helena loop weg en steel nog £5.000 van Oom Willem. Hy het Helena verskriklik belieg en bedrieg, want in plaas van ’n paleis met onderdanige bediendes, stop hy haar in ’n krot in een van die agterbuurtes van Johannesburg, en suip haar geld uit en ver-

smyt hom met straatmeide. As hy dronk tuis kom, mishandel hy haar nog boonop. Die donker wolke wat sy die nag van haar ontvlugting gesien het, het dus 'n simboliese betekenis gehad, soos die skrywer gesuggereer het. Daar val harde woorde tussen hulle en Helena se liefde het natuurlik omgeslaan in haat. Maar dit was te laat, want Smart was moeg vir haar en het Helena aan haar lot oorgelaat. Onder moeilike omstandighede is haar kind gebore.

Helena het diepe berou gehad oor haar sonde; sy het tot haarself ingekeer en begryp dat sy „deur hoogmoed misly is.” Huiwerig het sy na haar vader terugkeer. Sy het haar suster se dood, veroorsaak, en haar vader was reeds sterwende. Die beskrywing van die ontmoeting tussen vader en dogter is erg melodramaties. Hy vergewe haar egter alles en word saam met haar kind op één dag begrawe. Die skrywer is nie in staat om Helena se sielelewe te ontbloot nie; daarom maak hy hom handig los van haar in 'n paar banale sinnetjies. „'n Freeslike beproewing was dit fer Helena! Dog di hart fan 'n frou is sterk in so'n leed! dit foel wel diip, maar breek ni:” Sy is gou oor die „beproewing” heen, want 'n paar maande later is sy en Willem getroud, en hulle is met 'n ryke kroos geseën geword. Smart, die skurk, het ook sy verdiende loon gekry: hy het bandiet geword.

Die les van die verhaal lê opgesluit in Helena se bieg aan Willem: „'n Hoger mag het my myn dwaasheid laat insiin en my geleer wat dit sê om hoogmoedig en ongehoorsaam te wees, jou nasi, jou stand en jou famili te ferag, en ek wil di Foor-sinighyd altyd daarfoor dank, dat Hy my, myn dwaling het laat insiin en my geredde het.”

Terwyl Nesper in 1899 in die Paarl was, het hy aan 'n historiese roman begin skryf, gebaseer op die *Gedenkskrif* van Anna Elizabeth Steencamp. 'n Afstammeling van haar sou hom gevra het om dit te doen. Verder as die eerste hoofstuk het Nesper egter nie gekom nie.


Deur sy sterk verbeelding was Nesper uitstekend in staat om intrige-romans te skryf vol van avonture en gelaai met spanning. Dit is bv. die geval met twee onuitgegewe romans wat nog onder sy nagelate papiere gevind is: *Di Niggi* en *Mietji*. Waarom hulle nooit die lig gesien het nie, is onbegryp-



Ds P. D. Rossouw.



M. H. NERER.



B. R. Buys.



G. R. von Wielligh.

lik. Volgens die spelling is albei vóór 1907 geskryf, en toe was daar sekerlik 'n groot aanvraag vir dergelike leesstof, te oordeel na die ontvangs wat *Johannes van Wyk* van De Waal te beurt geval het. Met 'n bietjie verandering en in 'n papierbandjie sal hulle vandag nog as ontspanningsleesstof uitstekende diens kan doen.

Di Niggi vertel ons van twee neefs wat albei verlief geraak het op hulle niggie, en die driehoekstryd wat daaruit ontwikkel. Bêrend is die skurk en Aderjan die held. Na 'n mislukte aanslag op Aderjan se lewe, probeer Bêrend 'n tweede keer. Dit misluk weer en hy skiet self die lewe in. Die held en heldin kry mekaar en na twee jaar is daar 'n babá. Die knoop is goed gelê en die gebeurtenisse volg mekaar met 'n verrassende snelheid op. As Nesar nie nodig het om die sielelewe van sy karakters bloot te lê nie, soos dit hier die geval is, dan is hy 'n meester, maar telkens as hy sielkundige ontledings wil gee soos in sy laaste sketse in *De Goede Hoop*, dan maak hy 'n hopelose mislukking van sy saak.

Ewe boeiend is *Mietji*: die lotgevalle van 'n vondeling-kind wat deur kleurlinge opgevoed word. Sy word later 'n diensmeisie by 'n welgestelde vrou, en soos ons reeds vermoed het, haar seun raak verlief op Mietji. Die moeder bied teenstand, maar later blyk dit dat Mietji die dogter van 'n ryk Jood is wat alles aan haar nalaat. Nou trou sy en Willem „and they lived happily ever afterwards.”

(1) *B. R. Buys* (1876).

B. R. Buys is die enigste van die vooraanstaande skrywers in *Ons Klyntji*, wat nog leef. Hy is gebore op 10 April 1876 op die plaas Krompoort in die distrik Albert; hy is 'n direkte afstammeling van die Buys-familie wat omstreeks 1720 uit Duitsland na Suid-Afrika verhuis het. Sy eerste onderrig het hy aan die knie van sy moeder ontvang met behulp van 'n spel- en leesboek, en toe in 'n privaatskool op 'n naburige plaas. In 1888 is hy na mnr Philip Snyman se Vrye Christelike Skool op Burgersdorp. In 1892 is hy oorgeplaas na die Gereformeerde Teologiese skool, waar hy in 1894 die skoolhoër-eksamen afgelê het. Intussen het sy vader sy besittings verloor

en moes B. R. Buys na Aliwal-Noord gaan waar hy in 1895 die matrikulasie-eksamen afgelê het.

Hy moes nou in die onderhoud van sy familie voorsien, en daarom het hy in September 1895 begin onderwys gee. Intussen het hy nog steeds gestudeer en in 1897 'n derdeklas-onderwysersertifikaat met lof behaal. Nou kon hy ook trouplanne maak en in die begin van 1899 het hy 'n skool in die distrik Waterberg (Transvaal) gekry, toe hy met 'n mej. De Beer getroud is. Hulle het 'n gelukkige huwelikslewe gehad totdat sy in 1912 aan die koors oorlede is.

Met die uitbreek van die oorlog het Buys sy lot ingewerp met die Transvaalse burgers en end-uit geveg totdat hy in 1901 gevange geneem en na Bermuda gestuur is. Nà die oorlog het hy weer 'n jaar lank in Transvaal skoolgehou toe hy 'n aanstelling by D. F. du Toit & Co. in die Paarl aanvaar het. Hy was nou onderredakteur van *Ons Klyntji* en die *Patriot*. Dié besigheid het egter in 1904 tot niet gegaan, en hy het weer gaan skoolhou, dié keer in die Vrystaat.

In 1913 is Buys weer getroud, maar dié huwelik was nie gelukkig nie. Vanaf 1928 het dit begin afdraande gaan met hom. Sy onderwyspos het hy verloor, en nà privaat-onderwys in 1933 moes hy op die wapad gaan werk met graaf en pik. Hy woon tans in Johannesburg, maar onder baie moeilike omstandighede.

Buys se eerste bydrae aan *Ons Klyntji* is 'n oplossing van Bybelse raaisels (Julie 1897). In Desember 1898 het hy die tweede prys verower vir die beste gedig oor ons geskiedenis, met *Dapper Dirki Uys*. Dit is die enigste gedig wat hy met sy eie naam onderteken het, want hy het hom gewoonlik van die skuilname Darius Bendolf en Barbu bedien.

Dapper Dirki Uys is 'n kunstige gedig: elke vers bevat vyf reëls: gekruisde rym bepaal die bou van die eerste vier, terwyl die vyfde los staan soos 'n koor en deur binnerym sy eie karakter besit. Nou spreek dit vanself dat hierdie rym-skema dikwels tot geforseerdheid aanleiding moes gee. So rym teken op *doodsteken, ferbouwereer op wanneer*, ens.

Kalm begin die gedig:

„Toen Piet Uys di droefe tyding
Hoor fan Bloukrans moordgekryt,
Trek hy foorwaarts tot befryding
Fan syn frinde, naar di stryd,—
Ja, as straffer, teen di kaffer.”

Met veel omhaal van woorde word die geskiedenis verhaal, maar geleidelik word die digter meer opgewonde totdat hy 'n dramatiese hoogtepunt bereik as die kommando deur die Zoeloes oorval word, en Piet Uys die bevel gee:

„Toe nou! storm nou o'er di lyke,
Deur di pad wat jul daar siin!
Nou moet jul gen frees laat blyke!
Nou fer lewe — dood miskiin!”

Vol bewondering is die digter vir die dapper daad van Dirki Uys wat onder die Zoeloes injaag om sy vader te hulp te snel:

„Dirki Uys? gen édler jonge
Kry jy op di wereld rond!”

In Buys se tyd was daar 'n Engelse geskiedenisboekie op rym (hy het die naam vergeet), wat hy nageboots het. Maar waar die Engelse rymboekie die geskiedenis volgens Wilmot opdis, sien Buys ons geskiedenis uit 'n Afrikaanse oogpunt.

Hy het met *Ons Geskiedenis op Rym* in Junie 1899 'n begin gemaak — hy volg dieselfde rymskema van *Dapper Dirki Uys*. Op die duur werk dit baie eentonig. Na 'n inleiding waarin hy sy plan uiteensit, gee hy 'n beskrywing van *Suid Afrika Froeger*, vol verbeelding en af-en-toe met 'n mooi siening. Dan volg die ontdekkingstogte en eindelik kom Diaz by die Kaap uit:

„Toen Johan di blyde tyding
Hoor fan Dias, kry hy hoop;
En noem Stormkaap uit ferblyding
Toen weer ‚Kaap di Goede Hoop,’
Welk naam dit tot nou besit nog.”

Deur die oorlog is die *Geskiedenis op Rym* onderbreek, maar weer voortgesit in Julie en Oktober 1904, en Desember 1905. Hy het dit egter nie verder gebring as die sewende hoofstuk nie: *Di Hollanse Oos-Indise Kompeni*.

Oor *Di Mossi* (Mei 1903) het Buys 'n innige gediggie gemaak:

„Waar find men 'n eed'ler footje
As di mossie fan ons land!”

Die redakteur het egter beswaar gemaak teen die verheerliking van dié klein kwaaddoenertjie!

Sanderig is Buys se groot aantal *Oujaarsdag Gedagtes* (Julie, Des., 1903) waarin hy die oorlogsgebeurtenisse in herinnering roep en die Afrikaners aanmaan om die sonde te laat en met moed die toekoms tegemoet te gaan:

„Want God sal ni ons o'ersal ni
Met ferdrukking, dwang, gebrek:
As Hy ni daarmé 'n doel het
Wat tot onse beswil strek.”

Hier is hy die moralis, net soos aan die slot van die geestige gediggie op *Ons Klyntji: Was Hy Een of Sewe Jaar?* (Julie 1904):

„As ons steeds by ons pret en grap
Onthou dat ware Wysheid,
Di frese Gods is, sal ons stap
Reg padlangs tot ons gryshyd.”

Droewig en rou is die sentimentele liefdesgediggie: *'n Teleurgestelde Minnaar* (Aug. 1904). Die rymwoorde maak die liedjie soms banaal. Gelukkig vergoed die soetvloeiendheid vir baie gebreke. Dit kon gesing word op die wysie van *Juanita*. Die koor is nie sleg nie:

„Liefde, ware liefde!
Wi begryp jou krag geheel?
Liefde, ryne liefde!
Blyf tog steeds myn deel!”

Net soos Nesor, het Buys sy beste werk gelewer op die gebied van die prosa, en ook hy is die egte romantikus, hoewel hy seker nie Nesor se gelyke as skrywer is nie. Buys het twee novelles in *Ons Klyntji* gepubliseer, waarvan een, 'n *Haastige Huwelik*, afsonderlik gedruk is. Dit het verskyn onder die skuilnaam Barbu, maar dié verhaal is baie swakker as dié van Darius Bendolf: *Terug in Lewe*. Dit is romantiese verhale, vol toevallighede en onwaarskynlikhede, maar spannend soos weinig romans uit dié tyd. 'n *Haastige Huwelik* het egter 'n martelaarsgeskiedenis gehad as ons onthou dat dit in Augustus 1899 in *Ons Klyntji* begin het en eers in Desember 1909 in *Ons Taal* voltooi is — dus oor 'n periode van tien jaar.

Buys is baie omslagtig, hy kon die hele geskiedenis met die helfte minder woorde vertel het: soms vertel hy 'n voorval tweekeer, en spreek dan nog die hoop uit dat die lesers alles mooi volg! 'n *Haastige Huwelik* is 'n tipiese intrigeroman met 'n groot aantal drade wat met moeilik-ontwarbare knope vasgekoppel word. Daar is 'n geheime kisse in die spel wat 'n groot erfenis aan die engel-meisie besorg. Die toeval is baie druk besig om die spanningsmomente te skep. Moord en doodslag ontbreek nie, maar uiteindelik volg die gelukkige huwelik. Die skurk is die gemeenste van alle skurke, maar die skrywer raak ontslae van hom as die skurk sy duistere rol vervul het. Ook in sy prosa is Buys didakties; sy verhaal eindig as volg:

„Dat Annie en Ben 'n gelukkige man en vrou was behoef geen verder betoog, en dus sluit ons met die bede dat ons almal steeds op God mog vertrou hoe duister ons weg ook sy, dan kan ons ook lig en rus verwag gelyk Annie.”

Die verhaal begin met 'n fris natuurbeskrywing: „Dit was 'n lieflike agtermiddag in Juni. Die lug was blou en onbewolk, en die son skyn glinsterend op di pad wat van Jamestown na Burgersdorp gaan.” Jan Immelman verongeluk juis voor die huis van mev. Albertz, wat hom saam met haar pleegdogter, Anni Albertz (in werklikheid Jansen) verpleeg. Anni is een van daardie mooi wasoppies, „ni 'n blom ni, mar 'n mysi om bemin te worde.” Soos ons verwag, raak sy en Jan verlief op mekaar, maar mev. Albertz belet die vryery. Hulle twee besluit om stilletjies te trou, en Jan gaan Kaap-toe om sy sake in

orde te bring. Daar is 'n treinongeluk en hoewel hy as dood opgegee word, het hy weer gesond geword. Hy kry 'n brief van 'n oom in Johannesburg wat hom sy erfgenaam maak op voorwaarde dat hy met sy pleegdogter trou. Jan doen dit.

Annie verkeer onder die indruk dat Jan dood is. Haar pleegmoeder is aan hartverlamming oorlede en nou gaan sy by Lili Henning as metgesel in die distrik Sterkstroom bly. Hier ontdek sy dat sy die erfgename is van die plaas wat in besit is van die Hennings. Spannende oomblikke volg as die Hennings haar uit die weg probeer ruim, maar elke keer misluk dit. Intussen het Anni en Ben Briers op mekaar verlief geraak. Maar toevallig kom woon Jan Immelman en sy vrou ook in die distrik en dan volg weer moeilikhede as Jan en Anni mekaar ontmoet. Hulle ontmoet mekaar op 'n geheime plek. Jan wil hê Anni moet swyg, maar sy weier. Lili luister die gesprek af en gaan vertel dit aan Jan se vrou. Sy skiet hom dood en Anni word van die moord beskuldig. Maar Jan se vrou pleeg selfmoord en openbaar die ware toedrag van sake net voor haar dood, in 'n brief. Nou kon Ben en Anni trou.

Buyts is omslagtig, maar beskik tog oor 'n vlot styl en werk die spanning gedurig op na 'n klimaks. Hy is egter nie altyd in staat om 'n grootse moment aanskoulik voor te stel nie, bv. „Og wi beskryf di skouspel wat toen daar plaas had! ... Dit was amper onbeskryflik! ja onmoelik om 'n mens dit voor te stel en terug te gé!”

As die drade van die verhaal verward raak, versoek hy die leser om die een karakter maar eers met rus te laat. „Dog laat ons Anni nou eers fer 'n rukki mar op haar rysi in stilligheid laat fortry en laat ons Jan eers bitji ferder volg en siin hoe dat dit met hom toegegaan het dan kom ons straks terug na di heldin fan dese ferhaal.” Soms loop Buys sy verhaal weer vooruit: „Als Anni wis wie sy die dag daar sou ontmoet hê dan het sy gewis nooit daarheen gegaan ...”

In sy karaktertekening bly die skrywer slegs by uiterlike sake: sielskonflikte en oortuigende mensbeelding, kry ons nie by hom nie. Dit is natuurlik die gebrek by alle intrige-romans.

Terug in Lewe (O.K., Maart 1903—O.T., Jan. 1909), is van dieselfde geaardheid as 'n *Haastige Huwelik*, maar dis

veel beter geskrywe, veral teen die einde wanneer die skrywer sy pen maklik begin hanteer. Selfs sy karakters word byna lewende mense, en dit geluk die skrywer „ook aandoeningen beter weer te geven dan meestal gebeurt in 't oudere Afrikaanse proza, dat daarby vaak in overdrijving vervalt” (dr L. v. Niekerk, t.a.p., bl. 143). Die verhaal boei ons, gryp ons so vas dat ons nie kan ophou met lees voordat ons by die gelukkige slot aanland, en weet dat die skurk sy verdiende loon ontvang het nie.

Die fabels van Aesopus het Buys uit Engels vertaal, en hy het ook 'n begin gemaak met *Ben Bos syn Kaskenades* (O.K., Okt. 1904), wat werklik kostelik is. Hier was Buys in sy element.

(m) J. P. Toerien (oorlede 1920).

„Jepete” is die skuilnaam van J. P. Toerien. Toerien, in 1920 oorlede op Middelburg, Transvaal, is in die Paarl gebore en het later opgetree as redakteur van die *Republikein* in Pretoria, en van die *Barberton and Middelburg Herald*. Verder was hy 'n groot vriend van ds S. J. du Toit, destyds redakteur van *Ons Klyntji* waarvan hy 'n getroue medewerker was. In 1885 is hy getroud met mej. Sarie M. Maré, en het hulle in Potchefstroom gaan woon.

Volgens getuienisse van verskillende persone wat Toerien geken het, het hy kort vóór die Engelse Oorlog, toe hy in die Kolonie was, *Sarie Maré* op haar gedig. Die drukker het per abuis die spelling verander. Mev. Toerien het egter beslis ontken dat sy die Sarie Marais van die lied is, en miskien om een of ander rede.

In *Ons Klyntji* is nog 'n paar van J. P. Toerien se gedigte gepubliseer, hoewel hulle ons nie juis ontroer as kuns nie. Die maat is egter vloeiend, sodat o.a. *Afrikaner Liid* (Nov. 1897) getoonset is deur mej. Janetta Toerien. Die digter is trots op sy eie land en volk, en probeer sy emosies verwoord, maar deurdat hy dikwels na 'n rymwoord moet soek, val die gedig soms uit die toon; so rym „verstrooi” op „mooi” en „hout” op „goud”:

„Ons Land is groot, ons Land is mooi
 Ons Folk is klyn, dog erg verstrooi,
 Ons Land is ryk an ruwe goud,
 Diamant en silwer, oek an hout.”

Ons woon hier stil en tevrede, en wil met ander lande niks
 te doen hê nie. Ons praat ook ons eie taal:

„Di Hollans seg ons nou *faarwel*,
 Fer Engels het ons *skip bestel*.”

Die gedagtegang van hierdie vers herinner ons wel sterk
 aan die *Lietjie* van A. J. Herholdt in die *Patriot* van 1876.

Die slotkoeplette van Toerien se gedig roem die gods-
 dienstigheid van die Afrikaner. Gemeensaam praat die digter
 van „Ou Kalvyn syn leer.”

„So leef ons voort tot ons eendag,
 In d'Hemelhuis word ingewag,
 Dan kry ons *Kroon* in ruil vir *Kruis*,
 En loon na werk, dan is ons tuis!”

Waarom? Daarom! Want (Nov. 1897) en *Dag en Nag*
 (Febr. 1899) is twee stigtelike gediggies. Waarom moet die
 mens steeds stry en verdrukking verduur? Omdat dit God
 behaag en omdat Jesus moes ly.

„Want *an* Kruis daar hang 'n kroon,
 Want *na* stryd ontfang ons loon!”

Dag en Nag is werklik 'n fyn gediggie deur die stille stem-
 ming wat dit wek en die ryke inhoud. Uit die nag word die
 dag gebore, uit kwaad goed. Die slotkoeplet vat die les saam:

„Seg nooit di „hoop' faarwel ni,
 Hoe donker ook di nag;
 Laat nooit gen frees jou kwel ni,
 Al staan 'n ramp te wag.
 Straks breek di heldre strale
 Weer an di hemel deur,
 Dan siin ons blydschap dale
 Als di neef'le skeur.”

'n Stigtelike strekking dra ook *Folg My* (Nov. 1897) op die wysie van Gesang 13: die mens moet nie op sy eie kragte vertrou nie, maar hom steeds op Christus verlaat:

„Di les sal ek ni lig fergeet,
Ek volg nou mar voortaan,
Di les sal ek wis *nooit fergeet*,
En *nooit* weer vooruit gaan!”

Die Rollende Wiël (Nov. 1897) is 'n onbeduidende politieke gediggie waarin Toerien vir Oom Paul beskuldig dat hy vals handel het teenoor die Kolonie.

Dit is wel opmerklik dat byna al „Jepete” se digterlike uittings in dieselfde nommer van *Ons Klyntji* verskyn. Daarna waag hy sy pen aan die prosa, en hier openbaar hy werklik talent, hoewel sy prosa ook dieselfde ongelykheid van waarde vertoon as sy poësie.

Pieter Leseur of Di Gefalle Staatsman (O.K., Nov. 1897 tot Julie 1898) is 'n novelle wat eintlik tot 'n roman uitgewerk moes gewees het, want dit het die opset van 'n roman, maar teen die einde word die drade skielik afgeknip. Die laaste helfte val ook heeltemal buite die toon — nou is die skrywer nie meer meester van sy stof nie en begin hy ly aan 'n preek-siekte, want die ondertitel van die novelle moet bewaarheid word: hoogmoed kom tot 'n val.

Die rustige plaasatmosfeer word miskien vir die eerste keer deur Jepete op so'n kunstige wyse in die Afrikaanse novelle-kuns ingevoer. Hy as boer het die plaaslewe geken, maar ook die gawe gehad om dit in woorde te bring. Dit bly nog hoofsaaklik by 'n uiterlike beskrywing, maar nie sonder verdienste nie, want hy gee ons tog 'n beeld van die plaas en die swoegende ouers van Pieter Leseur, wat hulle bes doen om liggaam en siel aanmekeer te hou, totdat die dae van voorspoed aanbreek.

„Pieter is opgegroeï onder druk en foorspoed en niks bysonders het in syn vroegste jeug foorgefal nie.” Op elfjarige leeftyd was hy volleerd, maar toe sterf sy moeder, en sy vader se tweede vrou het die wêreld vir hom so warm gemaak dat hy maar moes padgee. Dog hy was 'n gelukskind, want hy boer gou vooruit op mnr Kotsé se plaas. Hy is verlief op Anna

Kotsê, maar sy trou met Van der Spuy. Die skrywer weet egter raad: hy laat Van der Spuy gou sterf! Na heelwat liefdesmart en „bittere jaloesi,” kry Pieter vir Anna en nou is sy beker oorvloeiende van vreugde. Ons het egter die skrywer se magteloosheid gemerk om in te dring in die sielelewe van sy karakters aan die wyse waarop hy Pieter se liefdesleed wou openbaar.

„Eenige jare is as 'n gedagte ferbygeflieg” en Pieter het ryk geword aan wêreldse goedere, aan kinders en aan invloed. Dis 'n handige manier om die moeilikhede te ontduik en te vertel hoe Pieter se invloed toegeneem het. Nou word die skrywer dan ook erg onoortuigend en sy verhaal brokkelrig: hy laat Pieter op 'n skiettog gaan en dapper dade verrig. Dan sien ons vir Pieter weer by die goewerneur en nou het hy 'n kruiwastoter wat hom met allerhande possies vereer. Hy voer 'n suksesvolle oorlog teen die Kaffers en die goewerneur beloon hom en die burgers met 'n tweehonderd plase. Sy deel staan Pieter egter af aan die agtergeblewenes van die gesneuwelde burgers, en dit verhoog sy invloed nog meer. „So werd Pieter al meer en meer 'n staatsman fan belang, ni alleen onder syn burgers ni, mar oek by di Gouwerneur en Regering.”

Die skrywer het Pieter nou tot die hoogtepunt opgevoer, en dit lyk of hy byna 'n sataniese behae daarin skep om hom weer van sy troon af te stoot. Vol wysheid redeneer hy: „Di heuningkwas smaak altyd soet en daar is gen gefaarliker fyand ni as di fly'er. So ongemerk neem di fly'er met syn flytaal di deug fan di hart weg en sit di *Ferwaandhyd* en *Hoogmoed* op di troon fan di hart, en dan staat di fal foor di deur!”

Na hierdie uitweiding weet ons wat om te verwag: die skrywer maak die vleitaal nou ook so dik aan, dat Pieter die leisels in sy eie hande neem en 'n strafekspedisie teen die Kaffers organiseer sonder opdrag van die goewerneur. Dit misluk natuurlik, die vleiers word nou sy bitterste vyande, en die goewerneur ontslaan hom uit sy pos. Moraliserend besluit Jepete sy verhaal, want dit moes tot stigting vir die lesers dien: „Met gefaar fan syn lewe was hy tot di hoogte met eer opgeklim, dog is deur hoogmoed geprikkeld met skande neergestort.”

Di Dri Broers (O.K., Febr. 1904 tot Des. 1904) is 'n novelle waarop die tendens ook baie dik lê. Dit ly ook aan 'n gebrekkige bou, net soos *Pieter Leseur*, deurdat die skrywer geen eenheid in sy verhaal kan bring nie. Die verskillende episodes staan los van mekaar. In sy karaktertekening kom hy nie verder as 'n uiterlike beskrywing nie, en ook hier verval hy in die neiging om te oordryf. Die gegewe is nie baie belangrik nie, hoewel die novelle in die hand van 'n kunstenaar tot iets groots kon uitgroeï het.

Die skrywer stel ons eers voor aan die vader van die drie broers, en terwyl hy in sy leuningstoel sit, „had ons di geleend-hyd om hom flak in syn gesig te kan siin.” Die skrywer is egter geen gedagteleser nie, en ons moet tevrede wees met 'n portret. So sien ons die drie broers: „Tomas di oudste seun, 'n mooie, flinke jonge kerel, met blond hare en 'n heldere uitsig, sowat 20 jaar oud . . . Karel is iitwat blas fan kleur met swart hare en sware wenkbroue en lyk feel op di ou baas. Hy kan ni ou'er wees ni as 18 jaar. Frederik is nog 'n knapi fan sowat 12 of 13 jaar, oek nes Tomas 'n blondkop, en uit syn lewendige oge straal reeds 'n fasberadenhyd deur, terwyl syn jeugdig gesig reeds ernstige trekke in sig opgeneem het.”

Dit vereis geen profeet om te voorspel dat die skrywer se simpatie by Frederik lê nie.

Nou los Jepete die verhaal en vra die leser 'n guns: „Di leser gelief met my sestig jare terug te gaan, en wel na Sweden, waar meneer Krol gebore is.” Die lewensgeskiedenis van die oubaas is wel interessant, maar dit staan buite verhouding met die res van die verhaal, wat ons tog iets omtrent die drie broers wil vertel. Realisties is die beskrywing van die geveg met die rowerskip, maar dan hensop Jepete skielik as hy die lyke aanskou, want sê hy, dit kan beter „gefoel worde as dat imand dit kan beskrywe.” Die uiteinde van die geskiedenis is dat mnr Krol hom in die Kaap vestig en baie gou sy fortuin maak. Hy is baie gelukkig met sy Afrikaanse vrou, maar omdat sy nooit kinders sal hê nie, laat die skrywer haar doodgaan, en Krol se tweede vrou skenk hom drie seuns. Sy is egter ook spoedig oorlede.

Nou kom ons uiteindelik weer by die drie broers uit, maar die skrywer is haastig om van hulle ontslae te raak! Op sy

21ste verjaarsdag kry Tomas £2,000 van sy vader saam met 'n vermaning. Die skrywer wil van Tomas 'n sedelike wrak maak en daarom neem hy hom na Kaapstad en bring hom in aanraking met 'n klomp skurke wat heel gou daarin slaag om die £2,000 uit te suip en uit te dobbel. Die hele geskiedenis word erg oordrywe en aangedik. „In lompe gekleed en as 'n smeerlap slenter hy nou op di Kaapse strate; snags slaap hy an di strand in een fan die skuite.” Eindelik besluit hy om soos die verlore seun terug te keer na sy vader, maar hy sterf die nag van sy aankoms in die kafhok, en die skrywer hou Tomas voor „tot waarskuwing fer alle jong mense.”

Karel kry ook £2,000 op sy verjaarsdag en 'n ernstige waarskuwing. Maar spoedig blyk dit dat hy net die teenoorgestelde van Tomas is: hy eet net rogbrood; skoene dra hy nie, en vir die Kerk gee hy slegs 'n sjieling. Hy sterf dan ook letterlik van honger.

Nou bly daar nog één broer oor: Frederik. Hy kry ook £2,000, maar gaan daarmee studeer vir mediese dokter. Hy het hom gespieël aan sy broers, en word die beliggaming van die deug, sodat hy sy oue vader se hart verbly, „en ook syn ynde was *Frede!*”

So het hierdie avontuurverhaal uitloop op 'n dikgesmeerde tendenswerk met weinig verdienstes.

(n) G. R. von Wielligh (1859-1932).

Op 9 Augustus 1932 is Gideon Retief von Wielligh in sy 74ste jaar naby Hendrina aan die huis van sy jongste broer oorlede. Met sy heengaan het „die laaste stem van die Genootskap van Regte Afrikaners” verdwyn. Hy het stil gesterwe, stil soos sy lewe was. Byna niemand het oor sy dood gepraat nie. Aan Langenhoven is talle artikels in tydskrifte en koerante gewy — aan Von Wielligh 'n enkele. In die A.S.B. se *Gedenkboek* is die meeste *Patriot*-manne herdenk — „en ou oom Gideon, wat met sy gesig vlak op die papier, deur twee stelle brilglase en 'n vergrootglas iedere letter moes uitsukkel, word gevra om dese en gene te gedenk, maar daar is niemand wat dink hoe hyself verdien om gedenk te word nie.” (G. S. Preller in *Die Huisgenoot*, 3 Sept. 1932).

Von Wielligh is gebore op 1 April 1859 op die plaas Vryeguns naby die Paarl, en is genoem na sy grootvader, Gideon Retief, broer van die Voortrekkerheld, Piet Retief. Die stamvader het uit Hamburg, Duitsland, gekom, en hy was offisier in diens van die N.O.I.K. Gideon behoort aan die sesde geslag wat op Afrikaanse grond gebore is.

Sy eerste skoolonderrig het hy van Jan Balt, 'n Hollandse matroos, ontvang. En toe kom die groot avontuur in sy lewe: in sy elfde jaar is hy saam met sy vader op 'n tog na Boesmanland. Baie van sy ervarings op hierdie reis vind ons terug in *Jakob Platjie*. Deur bemiddeling van verskeie vriende kon hy nou aan die Paarlse Gymnasium gaan studeer en op agtienjarige leeftyd lê hy sy landmeterseksamen af. In 1884 is hy aangestel as Landmeter-Generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Al die ondervindings en ervarings wat Von Wielligh op sy landmetersreise deur ons land opgedoen het, het daartoe gestrek om van hom 'n onuitputlike skrywer te maak. Hy was sestien jaar toe hy lid geword het van die Genootskap van Regte Afrikaners, en vanaf 1876 het hy bygedra tot die *Patriot* waarvan hy hom in 1891 onttrek het. Van *Ons Klyntji* en veral van *Ons Taal*, was hy een van die getrouste medewerkers.

In ons letterkunde neem Von Wielligh 'n heel besondere plek in: hy oorspan die Eerste en Tweede Periode. Sy sketse het gedurende die Eerste Tydperk verskyn, sy romans gedurende die Tweede. In sy kunsopvattinge kom daar egter geen verandering nie: hy bly 'n egte Patriotskrywer wat al gesélsende sy lesers wil vermaak, stig en onderrig. Hy het hom veral tot die minderbevoorregte deel van ons volk gerig, en dat hy in sy doel geslaag het, blyk daaruit dat sy boeke by die duisende gelees en geniet is.

Sy eie standpunt het hy herhaaldelik verdedig, so in 'n privaatbrief aan dr P. C. Schoonees (3 Junie 1922): „Die kunstenaar lewer 'n kosbaar monument om sy volk onder ander volke te laat uitblink; maar die volksskrywer saai die sade wat voedsel vir sy eie volk lewer om in hul eie behoeftes te voorsien.” Later (29 Jan. 1924): „Ek ken ons volk grondig en weet waarin hulle 'n behae skeep en wat hulle verwag, en so het ek die volkssmaak gevolg en onderwerpe gekies waarin hulle belang stel. Ek het my verhaalstyl gekies soos hulle hul

verhale vertel en dit sê baie in my oordeel. Ek het my onwys gehou om die wat onwys is te wen." 'n Maand later (22 Febr.) verklaar hy: „Ek weet my geskifte is nie vir kuns bedoel nie, derhalwe kan hulle die toets van kuns nie deurstaan nie.”

Hierdie briewe wat goedgunstiglik deur dr Schoonees aan my geleen is, gee ons 'n pragtige insig in die doel en strewe van ons eerste skrywers. Ons volstaan met 'n laaste aanhaling (12 Febr. 1925): „Ek het 'n ander klas lesers onder hande wat van kuns geen besef het nie en ek gee my ook nie uit as kunstenaar nie. En stop hul my eendag onder die grond, dan is die kers van die ou Taalbeweging meteens uitgeblaas; maar ons ou garde se elenaardighede sal voort bly bestaan solank daar 'n Afrikaanse letterkunde is, want ons volg die idioom en vertel 'n verhaal in die woorde soos ons volk praat. Terwyl die nuwe rigting is om iets *voor te stel* en nie *te vertel* nie. En deurdat ons die geselstaal volg, skryf ons soos die mense praat en bedien ons nie van kuns nie.”

Hoewel Von Wielligh dieselfde roeping gedurende die Tweede Periode gehoorsaam het, bepaal ons ons hier net by sy geskifte wat tot 1909 verskyn het.

Von Weilligh was 'n aangename geselser en die geselstoon tref ons ook in sy geskifte aan. Hy kon so gemoedelik-onderhoudend en persoonlik met sy lesers praat, dat hy ons selde verveel, selfs as hy afdwaal van sy eintlike onderwerp. Hoe 'n ryke skat van herinnerings het hy ^{nie} bewaar nie! Soms moes dit stellig moeilik gewees het vir hom om 'n keuse daaruit te doen, veral as hy van die gewoontes van die Boesmans of Hottentotte vertel. Hoe het hy hom nie vergryp om hulle komieklieke staaltjies op te dis nie, dikwels ten koste van die eenheid van sy verhaal. Soms skep hy opsetlik 'n situasie net om so'n staaltjie, deurspek met kleurige uitdrukings, aan ons te vertel. Hy kon die inboorlingrasse se gebroke Afrikaans meesterlik naboots, en het veral die geestige na vore gebring. Von Wielligh gebruik die sappige volkstaal. In sy latere werke het hy soms probeer om „mool” te skrywe, maar dan het hy in onegtheid verval. Hy was nie in die wieg gelê vir „praalskrif,” soos hy dit self noem nie.

In *Ons Klyntji* het onder die skuilnaam Hans Kaapnaar sy eerste en miskien belangrikste werk die lig gesien: *Jakob Platji of Sketse van Hotnots en Boesmans Lewe in Suid-Afrika*. Met heelwat onderbrekings is die verhaal in die volgende nommers van *Ons Klyntji* afgedruk: Junie, Julie, Aug., en Okt., 1896; Aug. en Des., 1905; April, Mei, Junie en Julie 1906 — dus oor 'n periode van tien jaar. In *Die Brandwag* van 1912 tot 1914 is *Jakob Platji* in 'n enigszins gewysigde vorm herdruk, en in 1918 het dit uiteindelik by De Bussy in boekvorm verskyn. Die omwerking en uitbreiding mag oor die geheel 'n verbetering genoem word. Ons sal ons egter bepaal by die verhaal soos dit in *Ons Klyntji* verskyn het. Tussen hakies mag ons daarop wys dat dr Lydia van Niekerk 'n verkeerde voorstelling van die verhaal gee, omdat sy nie die slothoofstukke in die jaargang van 1906 gesien het nie. Sy noem *Jakob Platji* 'n fragment, maar dis 'n afgeronde verhaal.

Ons het reeds vroeër aangetoon dat die meeste verhale in *Ons Klyntji* taamlik swak is vanuit 'n letterkundige oogpunt beskou — net geselsery. En 'n werk soos *Jakob Platji* kry feitlik ook alleen betekenis deur die voorliefde om anekdoties te vertel. Die skrywer het fyn geluister na die eienaardige spreekwyse van die Bolandse volk, en hoewel hy dit 'n bietjie aandik vir die snaaksigheid, bly sy beeld tog getrou. Watter kostelike situasies teken hy nie as hy die Hottentotte self aan die woord stel! Ou Idries wil maar liewers in die hemel sit as hy oor die moeilikhede van die wêreld begin peins, maar ou Sina verkies om smoordronk in die kantien van Bob te lê. „Idries staan toen bot stil, slaan fer Sina op di skouer, en kyk haar sterk in di gesig an en sê: „Sina, waarom moet jy altyd meer beter wens as ek?”

En wie vergeet ooit die komieklike toneeltjie in die hof as ou Sina nie haar „bek” kan hou nie, maar kort-kort vir ou Idries raad gee wat om die magistraat te antwoord. Verontwaardig protesteer sy as die konstabel haar verwyder: „Wag maar, daar kom oek 'n ynde an as dit te laat is, as ons ammal een dag dood is.” En as die konstabel haar tot bedaring wil bring, berispe sy hom: „Jy moet ni myn arm so ruk en pluk ni, ek ferdra dit ni.”

Daar is nog die windmaker-Hotnot Tys Bokkies, en veral die karakteristieke preek van Kleopas Kipi, met ou Samel en Karools wat wil keer as sy eerwaarde na hulle kant toe preek. Kleopas Kipi wy uit oor die vreeslike dronkenskap onder sy gemeentelede, maar as Koos Fonk hom 'n sopie aanbied ná die diens, slaan hy dit gulsig weg. Meesterlik beskrywe en deurkruie is die Griekwa-oorlog, wat beëindig word met 'n sopie op die dood van hulle „meerbeterste broer,” Soul Damon.

Volgens die titel van die verhaal moes Jakob Platji die hoofkarakter gewees het. Dit is egter nie die geval nie. Die skrywer gebruik hom maar net om sy stories omtrent die inboorlingrasse aan die man te bring. Tereg noem hy daarom die ondertitel van sy werk: *Sketse fan Hotnots en Boesmans Lewe in Suid Afrika*. Hierdie sketse word aan Jakob vasgekoppel, hoewel soms baie lossies en sonder innerlike verband. Die grootste tekortkoming van die werk is juis die gebrek aan eenheid en innerlike noodsaak. Soos Von Wielligh self erken, is dit grootliks te wyte aan die lang onderbrekings waarmee daaraan gewerk is. Dit verklaar ook die volop herhalings en oorlappings.

In die eerste hoofstuk maak ons kennis met die Hottentotte in vrolike stemming, maar dan laat die skrywer ou Idries en ou Sina opsluit en neem Platji saam met Koos Fonk na die binneland sodat hy meer inboorlingstaaltjies aan ons kan vertel. Onderweg trakteer Platji Koos Fonk op dierestories. As die skrywer self voel dat hy Jakob Platji darem te erg verwaarloos het, probeer hy die posisie red met 'n opmerking soos die volgende: „Dit alles het Platji bygewoon, gesiën, gehoor...”

Ons hoor ook wel af-en-toe van die Hotnotjie se skelmstreke, maar dis eintlik bysaak. Die slothoofstuk word darem net aan hom gewy, en ons word vertel van sy liefdesgeskiedenis en trouery. As Klara egter die paljas onskadelik maak, verdwyn haar liefde ook vir Platji, en na 'n swaar siekte sterf hy. „Dit was di ynde fan Jakob Platji syn loopbaan,” sê die skrywer. „Dog as di tyd en geleendhyd dit toelaat dan kan dit gebeur dat ons later nog enige sketse sal médeel fan syn anekdote wat hy in syn lewe deurgemaak het.”

Aan die anekdotes knoop Von Wielligh af-en-toe didaktiese oorwegings vas. Hoewel dit die bou lossies maak en die

eenheid versteur, is hierdie opmerkinge deur sy lesers van daardie tyd seker nie as kinderlik gevoel nie, en het hulle ongetwyfeld instemmend geknik as Von Wielligh na aanleiding van Koos Fonk en Gert Buurman se oneerlikheid opmerk: „O, as di wêreld durf syn ware kleure toon en idere ding by syn regte naam noem, wat fir 'n ferspotte boel sal di sogenaamde beste mense wees, om ni eens fan di gemene boel te praat ni! 'n Dekmantel word ni alleen gebruik om koue uit te hou ni, mar ook om sonde te bdek.”

Von Wielligh probeer ook mooi natuurbeskrywings gee, maar begrypklikerwyse bly hy nog net by die uiterlike wat in geen organiese verband met die innerlike gebeure staan nie. Waar hy beskryf, is hy op sy swakste, waar hy die Hottentotte en Koranna's laat praat en handel, is hy op sy beste in hierdie belangrike erfstuk van die ou Patriotmanne.

Smookkossius fan Oom Kool (O.K., Mei, Julie, Aug. 1906) toon weer ten duidelikste oor watter smaaklike verteltrant Von Wielligh hier beskik. Droogweg laat hy Oom Kool aan ons sy onmoontlike ervarings verhaal, maar net soos Baron von Münchhausen doen Oom Kool dit so oortuigend dat ons hom ampertjies glo. En oor wat 'n onuitputlike skat van ervarings het Oom Kool nie beskik nie! Natuurlik is hy 'n held in sy eie oë en so dapper soos die dapperste!

Dit is vreemd dat Von Wielligh hierdie *Smookkossius* nie apart opgedis het nie, want hulle bevat meesterlike vertellinkies, en Oom Kool is 'n karakter wat lewe.

In *Abi Oufoet, 'n Stori fan 'n Malbaar uit di Slawe Tyd* (O.K., Sept., Okt., Nov. 1906; O.T., 15 Des. 1908), probeer Von Wielligh ons laglus wek vir die wonderlike en snaakse kaskenades van die Malbaar. Soms slaag hy daarin, maar meestal nie, want sommige van die streke van die slaaf is darem baie flou. Terloops gee Von Wielligh ons 'n beeld van die slawetyd en die wyse waarop die slawe deur hulle base behandel is.

Hy noem 'n string van die kaskenades op wat die kinders met Abi aangevang het. Ongelukkig bereik hy nie die effek waarna hy gesoek het nie — selde slaag hy daarin om ons te laat glimlag, eenvoudig omdat hy Abi Oufoet te belaglik voorstel sodat die Malbaar nie ons simpatie het nie. Dit was

waarskynlik Von Wielligh se plan om 'n uitgebreide verhaal van *Abi Oufoet* te maak; hy het egter nie verder gekom as die vierde hoofstuk nie.

Sy kennis omtrent Hotttentot-bygelowe het Von Wielligh verhalenderwyse meegedeel in *Ponti, di Gif-Dokter* (O.T., 15 Mei, 15 Junie en 15 Julie 1907). *Ponti* is die spreekbuis en is glad nie suinig met sy verhale omtrent al hulle bygelowe nie. Hy was self 'n toor- of gifdokter en het daarom oor eerste-handse kennis beskik. Met dolosse kon hy praat en speelkaarte kon hy ook lees. Die interessantste verhale is ongetwyfeld die wat in verband staan met die slangsteen. Hierdie verhale het Von Wielligh later verwerk vir sy *Boesmanstories*.

In *Ons Klyntji* (November en Desember 1906) het Von Wielligh se eerste *Dire Storiis*, „soos deur Hottentots fertel,” verskyn. Die volgende jaar (1907) het hy hulle apart uitgegee by die Paarlse Drukpersmaatskappy in 'n boekie van 54 bladsye. Tussen 1917 en 1921 het hy sy dierestories in vier bundels die lig laat sien.

Na die animistiese tydperk en met die geestelike ontwikkeling by die mens, het sy godsdienstige vrees vir verskillende diere verdwyn. Nou neem hy 'n teenoorgestelde houding in en begin hy met die dier spot. Ook probeer hy om sekere eienaardighede en kenmerke van die diere te verklaar. Op hierdie trap staan die *Dire Storiis* van Von Wielligh, want hoe heerlik spot die Hottentot bv. nie met Uil, omdat hy Tinktinkie laat ontsnap het nie. Vir die eienaardighede van die diere het die Hottentot ook altyd 'n verklaring, bv. waarom jakkals sy stert sleep. Verder speel Von Wielligh se verhale in die sprokiestyd toe die diere nog kon praat.

Wat die oorsprong van Von Wielligh se verhale betref, sê hy in die voorrede tot sy bundel *Dire Storiis* (1907): „Di Storiis lyk deur di Hottentots opgemaak te wees nà hulle in anraking met di Wit Mense gekom het, want daarin word fry gebruik gemaak fan dinge deur di Blanke Befolking gebruik en ingevoer, soos gewere, pistole, sawels, slagysters en so fort. Ook di woord, Boer kom dikwels foor in di fertellings.”

Hierdie teorie staan skeef, want ons dierestories is nie Hottentots van oorsprong nie, maar Germaans. Net soos in die Germaanse Vos-verhale, en veral in die beroemde *Reinart-*

epos, is jakkals die held, die aartsskelm en die poetsbakker. 'n Ander ooreenkoms is die verhouding tussen jakkals en wolf: wolf is die onnosele wat gedurig deur die slim jakkals uitoorlê word. En wat meer is, beide in die *Dire Storiis* en die Reinart-epos is jakkals die gehate dier wat gedurig in botsing kom met die ander diere. Baie voorvalle stem ook letterlik ooreen, en veral die feit dat jakkals van die ander diere se lieflingskos gebruik maak om hulle uit te oorlê. Veral die vraatsugtige wolf moet dit ontgeld.

Die *Dire Storiis* van Von Wielligh is dus sonder twyfel Germaans van oorsprong. Die Hollandse en Duitse Koloniste het die dierverhale uit Europa saamgebring, en aan die Hottentotte vertel, wat hulle baie verander het om hulle te laat aanpas by die Suid-Afrikaanse omstandighede. Elke geslag het sy eie veranderings aangebring, want die verhale is mondelings oorgelewer.

Von Wielligh het dan hierdie dierestories uit die mond van die Hottentotte opgeteken om hulle aan die vergeetelheid te ontruk, om ons volkskundige studie van nut te wees — 'n wetenskaplike doel dus. Maar sy belangrikste oogmerk was miskien „tot onskuldig fermaak fan oud en jong.” En daarin het hy uitstekend geslaag, selfs tot so'n mate dat ons die optekening van die *Dire Storiis* as een van Von Wielligh se belangrikste en beste werk moet beskou.

Die vertelkuns van die Hottentot het hy meesterlik nageboots, en sy verhale is deurspek met kleurige gesegdes en uitdrukkings. Dikwels word 'n gebeurtenis so realisties beskryf dat ons alles saam belewe. „Daarop volg toen wanorde; di een fluit, di ander skré en hulle maak 'n beestelike rumoer en lawaai” (bl. 6). „Seker, dis ni om te hoe nie of te altemit ni” (bl. 25). „Ek fliig kort om en loop dat dit so bars” (bl. 26). „Wolf gaan ook reg staan, met di grootste andag, met staande ore, syn voorfoete forentoe en syn stert so reguit as 'n lat” (bl. 39).

En dan die pragtige dialoog en beskrywing van eie krag as jakkals aan wolf meedeel dat leeu homself tot koning uitgeroep het.

In die voorrede sê Von Wielligh: „Iits wat di leser fan di storiis sal tref is dat hulle (die Hottentotte) altyd seek om

al di y'enaardighede wat in dire foorkom 'n oorsaak voor te soek." Sommige van hierdie verklarings is werklik komielik, maar hulle bewys tog hoe deeglik die Hottentotte die diere en hulle gewoontes geken het. Dit is hierdie verklarings wat 'n ongeforseerde geestigheid in die verhale bring.*

Von Wielligh wou so graag sy volk kennis bybring. Daarom het hy hulle op 'n heel populêre wyse 'n uiteensetting gegee van die *Verskillende Godsdienste* (O.T., 15 Okt., 15 Des. 1907 en 15 Jan. 1908), soos „Budisme,” die Christelike en die Slamse geloof. Oor bye het hy 'n lang verhandeling gepubliseer in *Ons Taal* (vanaf 15 Junie 1907 tot 15 Junie 1908): *By'e Teelt*. Dit is ook apart in boekvorm deur die Paarlse Drukpersmaatskappy uitgegee. Dit is geen wetenskaplike verhandeling nie, maar slegs bedoel as 'n inleiding vir byetelers omtrent die behandeling van bye.

'n *Kly Huis* of *Selfs woon Geluk in 'n nedrig Hut* (O.T., 1908), is na die lengte 'n roman, maar na die bou slegs 'n aanenskakeling van snaakse gebeurtenisse uit die lewe van eenvoudige mense. 'n Hollander word gebruik om dié snaaksighede op die voorgrond te bring, hoewel baie taamlik souteloos is. Tog toon die *Kly Huis* weer duidelik dat Von Wielligh vir die eenvoudiges van gees geskrywe het.

Twe Wonder Dokters (O.T., 1909) is 'n spanningsverhaal met groot moontlikhede, wat egter nie ten volle deur die skrywer uitgebuit is nie. Daar is te veel geraamte en te min vlees in sy verhaal. Tot op sekere hoogte is Von Wielligh hier weer in sy element, want een van die „wonderdokters” is 'n Kafferdokter en daarom kon hy so gaandeweg opnuut baie van sy kennis omtrent die Kafferdokters aan ons meedeel.

Eintlik het Von Wielligh net die aantekeninge gemaak vir 'n roman. Daarom is die *Twe Wonder Dokters* so fragmentaries. Die indruk wat dit maak, is mat. Maar hierdie verhale was die vooroefening vir sy latere romans.

Von Wielligh het 'n ongekompliseerde, kinderlike natuur, en om dié rede kon hy so smaaklik vir kinders en onontwikkelde skrywe. Hy was 'n praktiese mens met sterk sosiale neigings,

* Vgl. ook die bespreking van dr J. R. L. van Bruggen van *Dire Storiis* as uitstekende kinderlektuur (*Lektuurvoorsiening* ..., bl. 85 e.v.)



W. H. MASKEU.

iemand wat sy publiek met spannende en nuttige sake wou vermaak. Op een of ander manier het hy altyd probeer nuttig wees, soos met sy voorligting oor *By'e Teelt* of sy volks- en volkerekundige optekeninge in storievorm verwerk. Miskien is dit sy praktiese sin en die nuttigheidsprinsiep wat verklaar waarom hy werklik selde ontroerd raak deur die skoonheid van die dinge. Die natuur, of die menslike hart, is vir hom nooit 'n bron van estetiese genot nie. Miskien kan ons ook in hierdie beperkthede die rede vind waarom hy as een van die jongstes onder die G.R.A.-lede nooit gedigte oor liefde of dergelike sake geskryf het nie. Tog het hy met sy talente en na die beste van sy vermoë, sy volk gedien.

(o) *Die Buitestaanders* W. H. Maskew en M. J. Brink.

Ons is te dikwels geneig om die Eerste Afrikaanse Beweging net te verbind met die Genootskap van Regte Afrikaners. Maar dit is heeltemal foutief: ons het reeds gesien dat in die koerante en tydskrifte lank vóór 1875 etlike Afrikaanse samesprake, briewe en gedigte verskyn het. As die *Patriot* sy glorietydperk reeds bereik het, is daar verskillende Hollandse koerante en tydskrifte wat hulle kolomme oopstel vir Afrikaanse bydraes. Dit is waar, die meeste van die boekies wat in Afrikaans verskyn het tussen 1875 en 1900, kom op rekening van die Patriot-beweging, maar daar is ook buitekant die Beweging om gewerk. Om maar net twee name te noem: W. H. Maskew en Melt Brink.

W. H. Maskew (1861-1903).

Ons moet egter dadelik konstateer dat geeneen van die buitestaanders se werk bo die kunspeil van die Patriotwerk uitstyg nie. En wat veral by Maskew opvallend is: hy gebruik Afrikaans met die uitsluitlike doel om grapperig te wees, om veral deur platheid en banaliteit te vermaak en sy lesers se lagspiere te prikkel. Hy het geen oomblik daaraan gedink om Afrikaans as skryftaal te bevorder nie. So verklaar adv. J. H. H. de Waal: „Ook advokaat Willie Maskew, wat by geleentheid van gesellige partytjies op 'n paar konserte sy gehoor getrakteer het met komiese Afrikaanse resitasies wat hy self opgestel en waarvan hy sommige in die koerant geplaas

het, wou daardeur allesbehalwe vir die verhoging van die taal ywer. Sy huistaal was dan ook Engels." (*My Herinnerings van ons Taalstryd*, bl. 31).

W. H. Maskew is in 1861 op Somerset-Oos gebore as seun van 'n magistraat. Hy het sy opvoeding ontvang aan die Victoria-Kollege op Stellenbosch en aan die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad. Daarna is hy na die Inner Temple in Londen om in die regte te studeer. In 1885 het hy hom in Kaapstad gevestig as advokaat. Hy is in 1903 in die bloei van sy lewe weggeruk, terwyl hy na Engeland met vakansie was.

Toe die Patriotbeweging begin kwyn het, het Maskew in 1890 'n bundel gediggies gepubliseer onder die titel: *'n Jolly Hotnot en andere snaakse Versies uit di ouwe doos met 'n nuwe vertaling in Afrikaans* (te Kaapstad, Gebroeders Darter en Walton).

In die voorwoord sê die digter-vertaler: „Op di dringende besoek van verskiedende van mijn vriende het ik di volgende versies bij makkaar gemaak, en in di boekie laat druk.”

Byna al die gedigte het in die *Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* verskyn, en die meeste is vertalings uit Engels — 'n paar uit Duits (Heine). Die titel toon reeds aan dat die digter-vertaler wil „snaaks” wees, en daarom het hy hoofsaaklik gedigte gekies waarmee hy 'n komiese effek kon bereik, soos spookstories of grapperige vertellings. Maskew het geen oomblik daaraan gedink om kuns te probeer skep nie. Sy vertalings ontroer ons dan ook nie deur skoonheid of bekoorlikheid nie, maar wek 'n glimlag deur 'n komiese wending of 'n plat woord wat op 'n onverwagte plek ingevoeg word.

Die titelgedig: *'n Jolly Hotnot* (Z.A.T., Junie 1888) is heel bekend vandag as 'n volksliedjie. Die uitstaande kenmerk van hierdie liedjie is die sangerigheid en vrolikheid. Die digter skroom nie om 'n Engelse woord te gebruik waar die rym dit verlang nie. Die Hotnot was waarlik 'n vrolike knaap en tog so in sy skik met sy jong „master,” want die is net so'n „jolly chap.”

„Ek is 'n jolly Hotnot,
 En het 'n jolly Baas;
 Ons leef 'n jolly lewe,
 Op di ou zijn jolly plaas.”

Die „Missies” is ook 'n flukse vrou, al maak sy die „jolly” Hotnot soms skrik! Sonder om te blik of te bloos, vertel hy hoe lekker dronk hy hom drink as die oubaas dorp-toe gaan, want hy glo aan die spreekwoord: „Ons is mar eenmaal jonk!” As die oubaas miskien met hom raas, dan maak hy net gou 'n grap:

„Dan lag hij en zijn vet ou vrou
 Lat di sweet so van hul tap.”

Omdat hy so „glad is met sy bek,” wil die oubaas hom Parlement-toe stuur om van die lastige wette omver te gooi.

Die digter is van oordeel dat hy nou genoeg vertel het, en daarom neem hy afskeid van sy lesers:

„Ik zal dus gou-gou huistoe gaan,
 En ‚bid’ jul ‚all goodbye’;
 En ik hoop jul sal ni vind ni
 Di versies al te ‚dry.’
 of
 Di Hotnot al te ‚sly’.”

Jan Lolpot (Z.A.T., Aug. 1889) is 'n vertaling van „John Grumlie” en bevat die verhaal van die man wat gedurig geklae het oor sy werk, totdat hy en die vrou omruil met werk. Sy doen alles uitstekend, maar hy verbrou al die huiswerk, en belowe om nie weer te klae nie.

„Ek hou mij voortaan bij di ploeg,
 En vroutjie blij jij thuis!”

Llewellyn en syn Hond (Gelert) (Z.A.T., Nov. 1889) is die aandoenlike verhaal van 'n getroue hond wat weens misverstand deur sy baas doodgemaak is. Hoe 'n uitstekende verteller toon Maskew hom nie hier nie, al is dit dan weer 'n vertaling. Hy boei die leser en wen sy volle simpatie vir Gelert, die edele dier. 'n Dergelyke verhaal was natuurlik bedoel om op die lesers se gevoel te werk, want Maskew doen gedurig

'n beroep op die primêre emosies van die mens: daarom is sy gediggies komies, pateties of sentimenteel.

Cassabianca (Z.A.T., Juli 1889) vertel van die heldedaad van 'n dertienjarige seun op 'n Franse oorlogskip.

The Fakenham Ghost vertaal Maskew as 'n *Spook Storie* (Z.A.T., Maart 1890), en hier munt hy weer uit as die geestige, gemoedelike verteller, wat graag spot met 'n gebrek van sy medemens. Hy het 'n oog vir die besonderheid en die gawe om dit in woorde vas te lê. So sien ons die „Ou-vrouw” na sononder op pad huis-toe nadat sy haar tyd verpraat het by Dolf Jurgen:

„Haar tong di rus, haar voetjies werk,
Sy's gën trapsoetjies nou.”

Kostelik suggereer hy die toenemende angs by die ou vrou deur op die naggeluide te wys: die kraaie begin kras, en die voëltjies vlieg deur die bos.

„Jy kon di Jakals duidlik hoor,
En ook di wilde-kat;
En mag, daar spring 'n haasie ook
Net langs haar uit di pad.”

Sy hoor iets agter haar loop, en benoud kyk sy om, maar sien niks nie. Net soos sy loop, hoor sy hom weer. Sy word vreeslik bang en dink aan 'n gebed. Intussen kom die spook nader. Uiteindelik bereik sy die werfhek:

„Dit spring nou toe met groot geraas,
Haar hart is in haar mond,
Sy dog di nare spook di sou
Haar neerslaan op di grond.”

Voor die huis val sy flou neer. En wat moes haar man sien — die spook was 'n donkie!

'n Volgende spookstorie is die vertaling van *The Spectre Pig* as *Di Vark-Spook* (Z.A.T., Junie 1889). Dit is egter lank nie so gaaf as die vorige een nie.

Iij is oud, Vader Willem (Z.A.T., Febr. 1889) is na die Engels van Lewis Carrol, en taamlik verspot. Die seun wil

verskillende dinge weet, en ten slotte wys die gryse vader hom op onkiese wyse maar in eg volkse gees tereg:

„Voetsek nou van hier, anders skop ek vir jou,
Vat jou goed nou, Perreira, en trek!”

Kostelik is *Di Wyter by mijn Stoel* (Z.A.T., Jan. 1889), want vir die digter is die „wijter” ’n ware nagmerrie. Hy gaan graag by sy vriend eet, want by sy eie huis kry hy nie sulke lekker kos nie, maar agter hom staan altyd die „wijter” met sy uitgestrykte gesig. Hy maak soms ’n grap en almal lag heerlijk saam,

„Mar een ellendige gevreet
Di word toch nooit ni slap.”

Op die digter se kop is daar ’n kaal kolletjie, en hy is baie geovelig daaroor — gelukkig sien niemand dit raak nie, behalwe „di wyter by mijn stoel.” Eendag as hy ryk is, sal hy ook groot feeste gee,

„Mar as dit ooit so ver mog kom,
Ek sweer dit as mijn doel,
Di wijter, met zijn fraaie pak,
Jā ek ver van mijn stoel.”

In ’n *Paar Procureurs versies uit die ouwe Doos met ’n nieuwe vertaling* (Z.A.T., Junie 1888) steek Maskew die draak met die mense wat die prokureurs van bedrog beskuldig en dan self bedrieg. Eers stel die kliënt ’n vraag, en dan antwoord hy self daarop. Om te wys hoe gemeensaam die toon van die vertaling word, lê ons dit naas die oorspronklike.

„Who taught me first to litigate,
My neighbour and my brother hate,
And my own rights to overrate?
My Lawyer.”

„Ag wie het tog ver mijn geleer
om teën mijn buurman fals te sweer,
En mij verbeel ik was „Mynheer?”
Mijn Procureur.”

Nog 'n Dop (Z.A.T., Nov. 1888) is na 'n Engelse parodie, en 'n vrolike gespot met 'n dronkaard, wat maar steeds om „nog 'n dop” roep. Maskew neem weer sy toevlug tot plat woorde om so laag by die grond as moontlik te kom.

Uit Heine het Maskew heelwat vertaal, meestal kort gediggies, maar natuurlik weer baie geestige dingetjies, wat hy dan nog geestiger probeer maak deur plat woorde te gebruik. Beter tref sy vertalings as hy 'n minnediggie aandurf, soos die volgende:

„Jij's nes 'n soete bloemie
So skoon en fraai en rein;
Nogtans as ik vir jou sien,
Dan word mijn hart vol pijn.

't Is as of ik mijn hande.
Op jou koppie legge wou,
Biddend dat God jou altijd
So skoon en fraai mog hou.”

Sou Maskew geweet het dat minnediggies baie in die smaak val en is dit daarom dat hy heelwat vertalings gemaak het, soos o.a. „Drink to me only” van Ben Jonson? Hy noem dit 'n *Liedjie* (Z.A.T., Febr. 1888). In Maskew se vertaling mis ons egter die innigheid van toon en tere stemming van die oorspronklike. Die atmosfeer het verlore gegaan.

Ook in ander tydskrifte en koerante het Maskew sy gedigte gepubliseer. So kry ons in die eerste jaargang van *Ons Klyntji* 'n gediggie: *Di Watermeloen*. Hy vertel hoe 'n jong seun, Jan Viljoen, allerlei strawwe trotseer terwille van 'n lekker skyf. Die meester soek na Jan, maar hy gee voor asof hy hom nie hoor roep nie, want hy is besig om te eet:

„Ag, watermeloen — so sag as 'n soen,
Jij smelt sommer weg in mijn mond,
So wit en so rooi; jij is amper te mooi,
Mij tijd d'pitte spring rond!”

Die digter gee self ook geen duit om vir die Rand nie, „lê jy op d' land.”



M. J. BRINK.

In *Ons Land* het 'n hele aantal van Maskew se gedigte verskyn, waarvan die meeste egter weer vertalings was. Ons noem 'n paar: *Die Reen* (1 Jan. 1898); *Onse Kitty haar Eed* („Nora's Vow") (3 Febr. 1898) en *Ik kan nie verstaan* (5 Sept. 1899), 'n vertaling van 'n Franse gedig: „Je ne vous comprendes." Hulle toon hoegenaamd geen verbetering op sy vroeër gedigte en vertalings nie.

MELT JACOBUS BRINK (1842—1925).

Melt Brink is op 16 Mei 1842 in Kaapstad gebore. Van sy sewende tot sy vyftiende jaar het die familie op die plaas Oostenwal, naby Saldanabaai, gewoon; hier het hy vir ruim 'n jaar van 'n Hollandse stuurman, Jan Jansen, onderrig ontvang, o.m. in die Hollandse taal. Met die terugkeer van die gesin in Kaapstad (1856) het hy gedurende daardie jaar weer kon skoolgaan, nou in die bekende Tot Nut van 't Algemeen. Daarop het hy sy vader op hulle plaas naby Houtbaai ses jaar lank met die wynboerdery gehelp, en toe, van 1864 af, het hy in die bakkerij en slaghuys van sy vader in Kaapstad gewerk, waarheen die familie weer verhuis het.

Nou kry hy 'n nuwe geleentheid. Deur die tussenkoms van sy stiefbroer kon Brink weer 'n jaar op die skoolbanke deurbring, dié keer aan die Suid-Afrikaanse Kollege. In 1867 kry hy 'n aanstelling in die kantoor van die Landmeter-Generaal, waar hy as tekenaar van kaarte werksaam was. In 1908 het hy op ses-en-sestigjarige ouderdom met pensioen afgetree. Sy vrou het hom sewe jaar later ontpval. Stil en eensaam (die huwelik was kinderloos) het hy in sy huis, Pretoria-villa, in Kloofstraat, tot aan sy dood in 1925 bly woon.

Brink is aan ons vandag nog veral bekend as die besielende leier van die Kaapstadse rederykerskamer „Aurora," en as die skrywer van verskeie grappige versebundsels en toneelwerkies. „Aurora" is in 1866 gestig en gedurende die een-en-twintig jaar van sy bestaan het Brink, met uitsondering van die eerste jaar, as sekretaris daarvan opgetree. Baie van sy toneelstukkies is deur die kamer opgevoer en 'n klomp van sy gedigte hierin deur homself voorgedra. Die kamer het hom sterk vir die bevordering van die Nederlandse taal beywer, 'n

saak wat ook Brink na aan die hart gelê het en waarom hy hom dikwels in sy gedigte duidelik uitgespreek het. Maar hoewel hy hom, veral tot ongeveer 1893, tot die Nederlandse taal beken en daarvoor gestry en gely het, was daar in sy simpatieë ook 'n plekkie vir 'n soort Afrikaans, of, soos hy die nog noem, „Patriots” of „Kaaps-Hollands.”

Hy sê, hy hou nie van „Patriots” nie, „omdat ik het Patriots te overdreven acht, wij spreken zoo niet onder ons. Ik heb het Kaapsch Hollands, zoo als wij het gewoonlijk spreken, gevolgd . . .” (Voorwoord, *Grappige Stories . . . Eerste Bundel*). Die *wij* het duidelik betrekking op die opgevoede stadsbewoners, wat hulle „aan den middenweg tusschen goed Hollandsch en Patriots houden,” dus 'n soort beskaafde stads-Afrikaans praat, wat nouer by Nederlands aansluit.

Beide wat standpunt en taalaanwending betref, vind ons Brink op 'n „middenweg”; hy is konserwatief-liberaal. Aan die een kant is dit die Nederlandse taal wat sy liefde het, aan die ander kant wil hy vir sy volk skryf wat dié taal nie meer goed ken en kan praat nie, maar 'n volk wat hy desnieteenstaande lief het:

„Ik min mijn land, ik min mijn volk,
Ik min mijn eigen taal!
Zij zijn mij dierbaar, heilig, schoon,
Waar ook mijn voet ooit dwaal.”

Tydsomstandighede, beginnende by die Eerste Vryheidsoorlog, en aangeblaas deur die Jameson-strooptog in 1896, het hom al vuriger voorstander van die Afrikaanse volksgedagte gemaak, en sy bundels dra 'n nog sterker nasionale kleuring sedert die Tweede Vryheidsoorlog. Maar heeltemal het hy nooit tot die Afrikaanse taalkamp oorgekom nie, behalwe dan dat hy die uiterlike toegewing gedoen en in die herdrukke van 1920 en 1921 die Akademiespelling toegepas het.

Dit is duidelik dat Brink net maar half tot die Afrikaanse Letterkunde gereken kan word, maar nie te ontkenne is dit egter ook dat die taal van sy „grappige” stukke so na aan Afrikaans is, dat ons hom 'n plekkie ook nie kan weier nie.

Sy eie digwerk verdeel hyself in twee groepe. „Even als in die (de twee voorgaande bundels) zult gij ook in dezen

enkele ernstige en in beter Hollandsch geschreven stukjes aantreffen" naas die „grapjes" in Kaaps-Hollands, sê hy voor in sy derde versameling gedigte. Hierdie onderskeiding hou hy taamlik konsekwent vol. Die ernstige en meer liries-gestemde stukke, meestal geleentheidswerk, is in eenvoudige Nederlands; die ligte, klugtige, lagwekkende stukke is meer epies en episodies van aard en in Brink-Afrikaans gestel. Albei soorte het die strewe na eenvoud gemeen; die digter wil graag deur die eenvoudiges van hart verstaan word en skryf vir hulle. Net soos die Patriotters het hy nie die oog op die meer ontwikkeldes nie. Dit verklaar dadelik waarom ons so weinig fynheid en beskawing by hom gaan aantref, waarom die toon van sy grappige gedigte so grof is, die voorstelling burlesk en karikaatuuragtig.

Brink wou sy lesers vermaak en stig. „Mijn doel was slechts om uw lachlust op te wekken, en om die „Oue stories" aan de vergetelheid te ontrukken" (Voorwoord, Eerste Bundel). „Mocht ook dit bundeltje . . . u eenige uren van aangename verpozing verschaffen, wees verzekerd dat ik dan mijn moeite meer dan beloond zal achten" (Tweede Bundel).

Eers in die vierde bundel (1898), wat na die Jameson-strooptog kom, verneem ons 'n nuwe klank: „mijn doel is slechts de liefde voor onze taal en de leeslust bij mijne landgenooten er mede aan te wakkeren."

Brink is prakties aangelê. In 'n tyd van nasionale agteruitgang in die Suide het hy gewerk en gedig. Die volk wou hy bereik en het hulle kos na smaak opgedis. Tussen die grappies, anekdotes, oorleweringe en „oue stories" heen het hy sy wyse lesse oor gesonde sedes; liefde vir land, volk en taal en afkeur van valse skyn ten beste gegee. Terwyl hy vermaak, wou hy stig.

Maar die begeerte om 'n lag, 'n gulle, skaterende, diep lag te veroorsaak, was groter as die wens om te stig. Aan die begeerte het hy groot offers gebring, maar sy doel dan ook bereik. Brink is gelees. *Die Reis naar Kaapstad van Oom Gijsbert van Graan* het 'n egte volksboek geword, en dat daar sewe bundels van sy verse verskyn het, waarvan party 'n vyfde druk beleef het, getuig eweneens sydelings van die sukses wat die Kaapstadse Vader Cats ten deel geval het.

Hierdie sukses is aan verskeie faktore te wyte. Sy grappige stories is oor die algemeen lewendig vertel, het baie afwisseling en 'n vinnige gang. Brink is 'n persoon wat self goed kon voordra en geweet het hoe om effek te bereik.

Maar op die duur kon die digter nie bevredig nie. Hy was maar 'n noodhulp, sy populariteit grootliks die gevolg van ons volk se armoede aan iets beters.

Die ernstige en vroom gedigte het iets van die deur Brink so bewonderde De Genestet, maar die huisbakkenheid en kleinburgerlike opvattinge van sy stukke het saai geword en verveel. En die ander groep, die „grappige stories,” was meer plat en skewe-bek as grappig, sodat die ontwikkelingspeil van die lesende publiek hulle laat agterraak het. Werklike geestigheid het hy by wyse van hoë uitsondering bereik. Ook sy taalvermoë was klein. Wel het hy vlot, ja, te vlot kon rym en voete tel en besit sy stukke voldoende afwisseling in taalaanwending, maar dit bly die onbesielde beeld, die eentonige gedreun van 'n onpersoonlike manier van segging, arm aan plastiek en sonder die suggestiwiteit wat die atmosfeer met moontlikhede laai. Per slot van sake is Brink 'n gesellige, onderhoudende, maar tog prosaïese en langdradige rederyker.

„Doch ik heb ook niet geschreven
Met de wens naar roem of eer,
Maar om droefheid te verzachten
En de vreugde te vermeer.”

Let daarop hoe die rymdwang die infinitiefvorm bepaal. Solank as dit rym, sal alle ander reëls, behalwe die maat, daaraan ondergeskik gestel word.

Alles is uiterlik, uitgenome die begeerte om die oppervlakkige, kortstondige vreugde van 'n ondiep grap te bring. Onmiddellike effek is die hoofdoel.

In die eerste bundel hou die meeste grappige stories — baie uit die ou doos — verband met die liefde en die huwelikslewe, en daarom het die versameling 'n beroep op die jongmense gedoen.

„Liefde zal die lust ons geve
 En die eendrag dubble krach.
 Kies jou 'n meissie met een plaas dan,
 Daar bekreun ik mij nie om,
 Ik weet, dat ik met zóó 'n arme
 Deur die wêreld óók zal kom"

(*Een Meissie zonder 'n Plaas.*)

Op heel gemoedelike wyse, kalm en doodbedaard, gee hy, wat al 'n veertien jaar lank die huwelikslewe geniet, sy raad aan die troulustige jongmense. Alles word prakties gesien — luister na ons Vader Cats:

„Trouwe, is nie voor een uurtjie,
 Want, is eerst die band geknoop;
 Zal jul tot jul leverseinde,
 Zame in een halter loop.
 Slaat die raad, jul hier gegee,
 Toch nie luchtig in die wind;
 Maar kyk goed eerst uit jul ooge,
En bezint, voor jul begint." (*Een Goeie Raad*).

Nee, Brink is geen romantikus nie, en weinig van 'n idealis ook; net genoeg om 'n didaktikus te wees en te glo aan die toekoms. As hy lessies uitdeel, is hy in sy element.

Oor die huislike lewe 'n voorbeeld nog. *Neef Klaas* vertel van 'n doodgoeie man, „geduldig als een schaap ... hij speelt zoowel voor meid als kok."

„Al wat zij zeg, dit moet hy doen;
 En ook maar gauw en vlug,
 Want anders dans die bezemstok
 Kadrielje op zijn rug.

Die heel dag hoor jly Trijntje raas,
 Haar stem klink als een klok,
 En Klaas moet in die rondte spring
 Als 'n kapaterbok.

Een man kan wel geduldig wees,
 Maar ook nie al te veel,
 Hij is niks nie werd, als hij zijn vrouw
 Die baas oor hom laat speel."

In die rympies oor huislike aangeleenthede verneem ons 'n ligte spot, en selfs iets van leedvermaak by die kinderlose Brink in daardie stukke wat oor die moeilikheid met grootmaak of kry van kinders handel. *Jan wat naar kinders gewens het*, kry dit swaar:

„Dan moet Jan wel opstaan, maar brom als 'n kat,
 En wens dat sij seun nie so'n keelgat besat . . .
 Jy kan doen wat jy wil, vrouw, één ding kan ik sê,
 Dis 'n duiwelse las maar, om kinders te hê;
 Ik hoop dus dat jij bij die ene sal bly,
 En so lang als ik leef geen tweede sal kry."

Duidelike leedvermaak klink op uit *Toe Jan Koker se Vrouw Tweelinge gekry het*.

Die „stories" behandel verskillende sake; daar is, om 'n paar bekendes te noem, *Die Verstrooidheid van 'n Koster*, toe oom Floris eers van die wyn by 'n troue gaan nuttig het en daarop die begrafnisstoet moes lei maar in die verkeerde straat uitgedraai het en alleen verder moes loop; *Die Verlore Bril* wat twee jaar lank weg was en die dag met die dominee se huisbesoek in die Bybel ontdek word; *Pasop vir Nouwe Stewels* toe die vrome Oom Daantjie sy nou stewels onder die gebed in die kerk uitgetrek het maar hulle nie weer kon aankry nie, en *Jan Dempers en die Bul*, wat verhaal hoe Jan op die rug van 'n verwoede bul te lande gekom het en oor berge en deur valleie in rasende vaart voortgedra is sodat hy op Piet Koen se vraag „wáár loop jy heen?" terugskeek:

„Og mense, help, ik weet dit nie
 Ik weet dit nie, og neen!
 Dit weet maar net die Liewe Heer!
 En hierdie bul alleen."

In die eerste bundel verskyn nog 'n lang gedig oor sy geboortestad en die sieraad daarvan, *Tafelberg*, waarin 'n paar

mooi, gevoelige strofes voorkom. Oor die algemeen gee hierdie versameling die meeste verskeidenheid en bevat dit van Brink se mees tipiese werk.

Die ander „papieren kinderen” bring weinig nuuts, en geen groter verheffing nie. Tot die beste uit die tweede bundel *Grappige Stories en Andere Versies* (1894) behoort die openingsgedig in Nederlands: *Mijn Vaderland*:

„Ik min u, mijn Zuid-Afrika!
Ik min u boven al.
Ik zal u minnen tot de tijd,
Mijn werkkring hier, en al mijn strijd
Voor eeuwig enden zal.”

Die aantal gedigte oor die veranderlike tyd en die verganklikheid van die lewe, neem sterk toe, en daarmee die lerende toon, maar die vermaaklike het die oorhand in die „Derde Bundel” (1896). Eers met die „Vierde Bundel” (1898) vang ons ’n nuwe klank op: ’n uitgesprokener volksgevoel, wat soms in uitskellery van die bedreigende magte oorslaan.

„Maar wie wordt deur elk’ Patriot,
Of Afrikaander, slechts bespot,
En uit gelach als gek en zot? . . .
Jameson! . . .”

Of, op die vraag *Wat is een Jingo* die sarkastiese antwoord:

„In ’t kort, een Jingo! lieve Neef;
Is wel een mense-kind,
Doch een, waar één-kwart mens van is.
Maar drie-kwart niks als wind!”

Teen Afrikaners wat aan die volksaak ontrou word, tree hy striemend op:

„Maar hij, die bij verraderij
Ook lastertaal nog paart,
En leugens van zijn volk vertel:
Hij is een monster uit de hel!
Den naam van mensch onwaard!”

Nog skerper is sy donkere doemwoorde oor hulle in die „Vyfde Bundel” (1903), wat ’n groot aantal versies oor die vryheidsoorlog bevat. Die helde bewierook Brink, Koningin Wilhelmina vereer hy met ’n lofsang, en aan Steyn en Kruger bring hy hulde, maar sy toorn en sarkasme stoot hy nou nog vlymender uit oor vyand en „National Scout.” Sy verse is „slechts de taal van een hart, dat ook in de afgelopen droevige oorlog mee heeft gevoeld en geleden.” Die oorlogsgedigte is egter byna sonder uitsondering in Nederlands gestel. Die grappige stories, vir die jeug bedoel, in Afrikaans, om hulle te laat lag, want ’n lag is „een danklied in het leven.” (Voorwoord).

Brink se volgende twee bundels (die Sesde in 1906; die sewende in 1909) is net ’n gewone voortsetting, met dié voorbehoud dat hy, nou ’n ou man van naby die sewentig, baie vriende en bekendes aan die dood moes afgee en daar so met die baie lyksange en treurdigte ’n elegiese toon in sy rustige werk opklink. Die lerende strekking van sy tydsange word in toenemende mate sterker. Hy voel die dood is ook van hom nie meer ver nie, en met berusting en oorgawe getuig hy gevoelvol:

MIJN DAG GAAT OM.

„De tijd vloog heen, mijn dag gaat om,
Wijl de avondsonde nadert;
En d’oude boom op ’s levens veld
Wordt zachtjes aan ontbladerd.”

Van sy ander werk noem ons nog *Die Reis naar Kaapstad van Oom Gijsbert van Graan* (1904), ’n oordrewe en ongelooflike verhaal van die reisondervindings soos beleef deur ’n ryk maar eenvoudige Boer in die moederstad; *Die Storie van Klaas Windvoël die ou Hotnot*, in 1910 in Kaapstad gedruk; dit bring die verhaal van ou Klaas wat met sy vreemde en ongeloofwaardige vertellings vir hom as ’n held in die oë van sy stamgenote wil voordoen, en eindelik sy drie bundels: *Nationale en Afrikaanse Gedigte*.

As ons Melt Brink se een-en-twintig toneelwerkies nog in aanmerking neem en die baie ongepubliseerde stukke in gedagte

hou, dan blyk dit hoe produktief hy was. Voor hom het geen Afrikaner so vlytig geskryf nie, al was 'n jonger persoon, t.w. D'Arbez, besig om vir hom 'n soortgelyke reputasie op te bou.

Brink was nederig en beskeie, en het sy eie werk se waarde nie oorskat nie. „Ikzelf beschouw het (sy werk) bij andere boeken vergeleken, als een rivier-klipje onder paarlen en diamanten; maar dat klipje heeft toch ook zijn nut.” (Vyfde Bundel). Sy harlekyntoertjies het werklik groot byval gevind en dus nut gestig; maar tog het Brink seer gevoel toe die volk hom begin verbygaan. Hy wou nuttig *bly*. Pateties klink dit in sy laaste bundel: „als gij echter mijn verzoek te stout vindt, dan vraag ik, lees ze (die ernstige en luimige versies) altemaal; want gij zult er uw ouden vriend een groot genoeg en mee doen!” (Voorwoord).

Met sy gawes wou Melt Brink sy volk dien en het hy ook gedien — Al was die talent nie groot nie, het hy sy beste met graagte gegee om sy tuintjie te vermooi.

HOOFSTUK IV.

MINDER BELANGRIKE *PATRIOT*-DIGTERS.

(a) *D. J. van Niekerk.*

Hy begin met 'n godsdienstige rympie: *'n Gedig* (*P.*, 18 Mei 1883):

„Dis 'n alte mooi'e saak,
Rympies ver Oom Jan te maak;
Ook strek dit ver ons tot eer,
Raaisels van Oom Jan te leer.”

Dan wei hy uit oor die seëninge van die Bybel, maar hy gebruik die afgesaagde Bybelse taal en beelde.

Na aanleiding van die Bybelse raaisels het hy 'n *Naamvers* (*P.*, 7 Sept. 1883) op sy eie naam gemaak. Dit is egter sonder besieling — Rederykers-knutselary, en sterk gekruie met godsdiens-terme.

Die *Krismis Lied* (*P.*, 8 Januarie 1886) is 'n beryming van Luk. 2:11: „Namelyk dat heden geboren is de zaligmaker.” Die beginletters spel hierdie teks uit. Dié knutselvers is erg geforseerd. Dit het egter sterk korrespondensie uitgelok in *Die Patriot* (2 April, 25 Junie, 2 Julie, 13 Aug. 1886) na aanleiding van die volgende passaat:

„Nou kan ons moedig voorwaarts gaan,
Gods Soon neem ons natuurstaat aan
En treed di wy'e wereld in.
Beslote om ons te herwin,
Ons vir di hemel te bekwaam.”

Die korrespondensie het heeltemal dogmaties geword: naamlik of Jesus die menslike „natuurstaat” aangeneem het of nie.

Die digter het van sy volle naam, Diederik Johannes van Niekerk, 'n *Nuwe Jaars Lied* (P., 8 Jan. 1886) gemaak. Ook hier is niks wat ons verras nie — soos gewoonlik, 'n konstatering van die feit: „Di ou'e jaar, di is nou klaar,” verder 'n danksegging aan God vir Sy menigvuldige seëninge, en die hoop dat die nuwe jaar voorspoedig sal wees.

Geluk en Se'enwens (P., 8 Januarie 1886) het ook betrekking op die nuwe jaar: almal, groot en klein, word gelukgewens.

(b) A.S.

Een van die beste gedigte oor die Eerste Vryheidsoorlog is geskryf deur A.S.: *Ons Broers in Transvaal*. Dit dein voort op 'n marsritme en elke koeplet word afgerond met sy eie refrein. Dit kan heerlik gesing word deur 'n marserende kommando. Fors begin die gedig:

„Kom manne van Transvaal! wat goed
en reg gekog het met jull' bloed,
Daar julle onvermoeide krag,
Beproof is deur 'n Englands mag.

Korus

Hoereh! hoereh! Transvaalse boer
Te lank het England jull' beroer.”

Dit is nou nie meer Slagtersnek of Boomplaas nie,

„Ja self di Brit van hoogmoed styf,
Van Amajuba afgedryf.”

Hy weet dis sonde om dit te sê, maar „ek is om Colleys dood tog bly.”

Korus:

„Hoereh! hoereh! 'n enkel skoot,
En Natals Gouverneur is dood.”

Wi is di Oproermakers? vra A.S. in 'n gedig in die *Patriot* van 31 Oktober 1884. Hy volg dieselfde metode as Klein Jan wat telkens op 'n vraag antwoord: Jan Boell

„Wi is dit tog wat so veel leuns
 Hier in di ronte saai?
 En dan nog seg dat jy by hul
 Altyd kan waarheid maai?
 Dit is di Jingo blaaije.”

Wie kweek rassehaat, en beskuldig die *Patriot* daarvan?
 „Dit is di Jingo blaaije.” Op 'n hele reeks van vrae en beskuldigings is die antwoord steeds dieselfde. In 'n tweede afdeling is die antwoord weer: „Di Kaffer met di kieri,” maar in die derde afdeling word vrae gestel wat „Die Afrikaner Bond” verantwoordelik hou vir baie goeie dinge wat in ons land gebeur:

„Wi is di krag hier in ons land?
 Di nati'naal party,
 Wat sonder kieri in di hand
 Ver reg en waarheid stry?
 Di Afrikaner Bond”

Op die *Huwelik* (P., 16 Julie 1886) van J. J. Kruger en J. C. Henning het A.S. 'n geleentheidsrympie gemaak op die gebruikelike wyse en met die gebruikelike beelde:

„Di dag gaat jull' di wereld in,
 Di wereld, o! so vol,
 Van allerhande leed en smart
 wat altyd same rol.”

Goeie raad ontbreek ook nie: eensgesindheid is die sleutel vir 'n gelukkige huwelikslewe.

Byterig-spottend, maar ook diep verontwaardig oor die sedelike agteruitgang van sy volk is A.S. in *Di Dress Improver*,* want

„Hoe kan 'n gristen mens tog ooit
 Haar liggaam so mismaak,
 Deur 'dress improver' an te trek?
 Dit is 'n sondig saak.

*) 'n Los opgestopte kussinkie met 'n groot strik versier en wat bo die heupe vasgebind word.

Is dan di mens ni goed gemaak?
 So as di Bybel seg?
 Of moet Parys di boude gé?
 Is dan di mens eers reg?"

Hy vertel van 'n vrou wat met so'n „dress improver" kerk-toe gegaan het, maar toe sy uit kom, het die ding geskuif en sit dit op haar sy, tot groot vermaak van die mense. Hoe menig Afrikaanse vrou het nie haar nasionaliteit verloor deur dié naāperry nie! Waarom moet die Afrikaanse dogters dan

„'n Bondel semels, strooi, of staal,
 Van agter op nog dra?"

(c) *Ewald Esselen.*

Esselen is die vriend van dr Carel Voigt en het saam met hom na Suid-Afrika uitgekom om die gewonde burgers van Transvaal te help verpleeg. Hy was die seun van 'n sendeling van Worcester.

Toe die Transvaalse Deputasie in Europa was, het mnr Esselen opgetree as hulle sekretaris. By 'n feestelike ontvangs van die Deputasie in Holland (1884) het hy ook die woord gevoer en veral gewys op ds S. J. du Toit se aandeel in die Afrikaners se stryd vir hulle eie taal.

Later was hy in Pretoria werksaam as advokaat, waar hy 'n groot rol gespeel het.

In 1882 het hy twee gediggies in die *Patriot* gepubliseer onder die skuilnaam Georg: *Myn Pyp* en *Ver Vrstaters*. In die eerste gedig, waarin hy 'n ou motief op die gewone aanspreekwyse behandel, is hy vol lof vir sy pyp:

„Myn Pyp, myn Pyp, hy is myn maat,
 Hy's by my altyd vroeg of laat,
 Hy is myn troos en myn plesier,
 Wil ek hom hê dan is hy hier."

Vriende verlaat hom, maar sy pyp bly getrou en veroorsaak hom nooit verdriet nie — inteendeel, dit is sy grootste troos.

„En as ek van di wereld sky
 Dan moet ek jou laat agterbly.
 Kon ek jou saam neem doet ek dit,
 So seker as ek nou hier sit.”

In *Ver Vrystaters* roem hy hulle president Brand, al het hy die diamantvelde afgegee. Weer is pres. Brand op gevaarlike grond met die Bond, maar hy moet versigtig wees.

„Die Engelsman moet jy laat loop,
 Hy het jou net nou in di knoop
 En kom jy in, dan Vrystaat ook;
Mense, pas op! julle skoorsteen rook!”

Hy besit nóg die vuur, nóg die digterlike temperament en vermoë, nóg die oorspronklikheid van sy vriend, dr Voigt.

(d) *Dr Ysterbaard.*

Hy het die onmoontlike dade van 'n swaap vertel in *Die Sterke Swaab* (*P.*, 4 Febr. 1881) uit die tyd van die Kruistogte. Dit wil voorkom asof dié gedig 'n vertaling uit Nederlands kan wees.

Toe Keiser Roodbaard, van Duitsland na die heilige land op weg was, moes hulle deur 'n Turkse woestyn marseer. Hongersnood en dors het gedreig, ook onder die perde:

„Die perde voel so swak in d'maag,
 Die ruiter moet syn merri draag,
 Daar was een heer uit Swabeland,
 Van sewe voet, met sterke hand.”

Hy het 'n endjie agter gebly met sy perd, maar word skielik deur Turke oorval. Een raak hom met sy sabel, en toe word die Duitse swaap kwaad: hy kap die Turk in twee stukke:

„Ter regter sien hy so's ter link,
 'n Halwe Turk te aarde sink,
 Die ander Turk was verbaas,
 Hul vlug met dié grootste haas.”

Die Keiser wou weet waar hy so'n stryk geleer het, maar die swaap antwoord, dat dit net onder hulle bekend is.

Dr Ysterbaard se doel met die gedig is vervat in die slotvers:

„Kom digters, kom dan almal an,
En stuur jul stukkies ver oom Jan;
Dat ons kan lees, en ons kan lag,
Nou seg ek almal goejen dag.”

'n Volgende keer gebruik dr Ysterbaard die swaap om politieke gebeurtenisse van sy tyd te hekel in *Die Swaab syn Plan* (P., 9 Sept. 1881), hoewel die bedoeling nie altyd duidelik is nie. Hy verwys na Kaffers wat skape steel, en

„Nou denk ek weer om W tot N,
Wat A.B.C. van buite ken;
Die Boertaal wil hy versmoor,
Dit kan jy an syn prate hoor . . .
Die slimmigheid van die kalant
Kom seker ook uit Swabeland.
Slim, slim, al te waar,
Sal die Swaab ook net verklaar.”

Daar word nou 'n spoorweg gebou sonder om op die koste te let, maar die Swaab sal lekker ry. Vervolgens dink die digter aan die geveg in Zoeloeland waar prins Napoleon die lewe ingeskiet het — „daar was 'n Swabe kommandant.” En nou volg die anneksasie van Transvaal om

„Die landkaart in syn haak te kry,
Og denk, dit maak 'n Swaab so bly . . .
Siek, siek, al te siek,
Van so'n Swabe politiek.”

Oom Jan se kommentaar op hierdie gedig is: „Op *siek* en *politiek*, kon *Sprigg* mooi rym; want dit is alles in *syn* tyd gebeur. Die vers wag al omtrent twee jaar op plek. Ons vrind, die Dr, het geseg: „gooi tog nie weg,” en hy siet ons het dit bewaar — eendag is 'n dag!”

In die *Gedig van dr Eisterbaard* vertel hy ons dadelik:

„Ek het oek nou lus gekry,
Ver die rympies makery.
Om te skryf hoe dit hier staan,
En hoe 't met die mense gaan.”

In dieselfde gemoedelike toon lig hy ons in oor die politieke gebeurtenisse in 1879: konfederasie-planne is aan die gang en wette word gemaak; die boere moet hulle geweeers afgee, maar hierteen skop dr Eisterbaard, want

„Sonder roer lyk in myn gees,
Boer net as 'n stompstert bees.”

Die dokter bly nie agter met sy nuwejaarswens *An die Patriot* en Oom Lokomotief nie. Hy wens wel niks nuuts nie, maar die bedoeling is goed.

(e) *Genl P. J. Joubert.*

Die rymlus het so sterk posgevat onder die Afrikaners, dat die redakteur van die *Patriot* met trots uitgeroep het: almal wil rym, van genl Joubert tot die skaapwagter in die veld! Genl Joubert het sy rympies nie onderteken nie, maar één rympie van hom is nog onder Hoogenhout se nagelate papiere gevind: *Uit Transvaal.*

Die begeleidende brief (25 Okt. 1879) werp lig op die inhoud van die rympie, want daarin vertel hy van die toestande in Transvaal en die dreigende botsing tussen Boer en Brit. Hy klae, soos in die rympie, dat hy nie meer die *Patriot* gereeld kry nie. Hy wil sy naam nie by die „gedig” hê nie, „daar het dan een vamilij-kwaat kan veroorzaak als uw Agend van Stander ton zegt er dan moog ergeren want hy C. van den Berg met wie ik verzwagert ben es een der wijnege brets gezende boere op den wegt die zer bartel van Natál naar Pretoria moest gaan en natuurlyk een van die klagers over vreest of schrik aangejaag waar van ou zer Bartel zoo veel schryfen nu juis.”

Hy het die mode-aanhel gevolg:

„Oom Lokomotief,
Ik skryf jou die brief,
Om jou te vertel,
Hoe 't hier is gestel.”

Hy klae oor die ontvangs van die *Patriot* en dat die *Patriot* se agent (Van den Berg) hulle verlaat het, en verwys dan na Shepstone (Slypsteen) en Garnet (Granaat):

Alles

com la comatie
ik schrijf jou de brief
om jou te vertellen
Hoe dit hier is, en tel.
Hier heb ik geen spiegel
toe aan een raam, en tel
en ik heb een klein
om jou agenticie te
hij heeft ons verlaten.
en is van geslacht
van haar, en te dit
toe in de ijdelen, en
aan haar, en te dit
hij is een bijkant van
zijn water, en hij is ag
om jou, en nou, en
nou, en nou, en

Handskrif van genl Joubert.

„Hy hoor tot die leer,
 Waar Jingoos by sweer . . .
 Hy 't syn volk verag,
 Ons hou hom verdag . . .
 Ou Slypsteen kom aan,
 Hoe sal dit nog gaan?
 Granaat maak al haas,
 Neef Kesie syn baas.”

Genl Joubert sluit sy gedig ook op die gebruikelike wyse af :

„Oom Lokomotief,
 Ik vraag asseblief,
 Maak jy dit tog reg,
 Ik rym nog mar sleg.”

Dat Oom Lokomotief gehoor gegee het aan sy versoek, blyk daaruit dat die gepubliseerde teks aanmerklik verskil van die handskrif. Oom Loko het veral aan die maat gedokter, en sommige woorde deur ander vervang.

(f) *'n Boer van Steynsburg.*

Hy het 'n klompie geleentheidsrympies geskryf, wat meer om die inhoud as die vorm van belang is. Sommige van sy rympies is erg kruppel en mis alle besieling; die verstand het steeds na 'n gepaste rymwoord gesoek.

Die mode het 'n Boer van Steynsburg gevolg en 'n *Nuwe Jaars Wens ver Patriot* (P., 30 Des. 1881) gestuur vir die jaar 1882:

„Ik wens dat God jou mog versterk,
 In jou, van Hom geroepe werk:
 Om die „Basuin te blaas” as tolk
 Ver Kerk en Staat, ver Taal en Volk.”

Verder spreek hy die hoop uit dat God die koerant steeds op die regte pad sal lei, en hy sluit met die erkenning dat hy geen digter is nie:

„Ontvang die harte groete van
 'n Vrind wat wel nie *digte* kan,
 Mar tog nou ook het *lus* gekry
 Ver versies maak en *Rymery*.”

Op di Skeiding van die Jaar 1882 is 'n dergelike gedig, behalwe dat die digter nou terugkyk op die afgelope jaar: die Heer het hulle gespaar en geseën, maar ook kasty „met pokkies, masels, swaard daarby.” Die *Patriot* moet tog volhard op die ingeslae weg. Vir die nuwe jaar wens hy almal weer „veel heil en seën” toe.

In die *Opwekking ver di .Hugenote Gedenkskool'* maak hy propaganda vir hierdie skool, waar die jeug in die gees van die vrome Hugenote opgevoed word, en Afrikaans ook sy regmatige plek kry. Hy doen veral 'n beroep op die kommissie om al hulle kragte in te span vir die skool.

„En nog wens ik tot besluit,
Hierme is myn versi uit:
Dat di Here,
Jul mag lere,
Skenke: *Lig, Geloof en Moed*,
Ver di *Werk* wat jul nou doet.”

In 1882 is Hollands toegestaan aan lede van die Wetgewende Vergadering en Raad van die Kaapkolonie, en daarom moes ons digter hierdie gebeurtenis met jubelende klank besing:

„Triomf! triomf! ons taal is deur;
Nou het ons wat ons hart begeer,
En ons is net mar bly oek.
Triomf! triomf! di Parlement
Wil „konstitusie” so lat wend'
Dat ons kan „Hollans” kry oek.”

Hy het dit nooit verwag dat dié Afrikaners nog met hulle taal sou kan spog nie. Dit is nou die eerste stap „om dwinglands bande los te kap.” Loof die Heer!

Vir die Afrikanerbond dig 'n Boer van Steynsburg ook 'n *Bondslied*, want die Bond word elke dag sterker. Hy het klein begin

„Tot hy nes 'n boom,
By 'n waterstroom,
Sprei syn takke in di rond,
En syn wortels in di grond.”

Die *doel* van die Bond word ook in rym gebring.

„Leef dan, o Afrikaander Bond!
Laat waai jou vlag daar bowe rond!
Staat diep geplant in vasten grond.”

HOOFSTUK V.

GEDIGTE UIT *DIE PATRIOT*.

Die orige gedigte wat in die *Patriot* verskyn het, wil ons kortliks tematologies behandel, omdat ons hulle nie aan leidende persone kan vasknoop nie: hulle het meestal naamloos, of onder skuilname verskyn, of diegene wat ons wel by name ken, het gewoonlik net één gediggie geskryf. Hulle is ook egte volkskuns, maar met weinig verheffing. Soms word ons egter getref deur 'n frisheid van beeld of deur 'n lewendige gang, veral in die vertellinge en anekdotes.

1. VERTELLINGS EN ANEKDOTES.

Grapperig, maar taamlik plat, is die vertelling van *Die ou Predikant en Frits die Koster*. Smaaklik word verhaal, maar met weinig respek vir sy amp, hoe 'n predikant die koster van die preekstoel afgeskop het. Die verhaal is kleurig en aanskoulik voorgestel:

„Eens was daar 'n Eerwaarde heer,
Hy was nie al te slim geleer,
En dus gen man van groot verstand,
Syn ambag was 'n predikant ”

Hy het daarvan gehou om laat te slaap, en een Sondagmôre het hy nooit die kerkklok hoor lui nie. Skielik skrik hy wakker, en raap en skraap soveel van sy klere as wat hy in die hande kon kry. Sy vrou wou hom nie kos gee nie, omdat dit al te laat was, maar ru snou hy haar toe:

„Ag vrou, wees stil, en hou jou bek!
En praat nie as 'n malle gek.”

Maar daar volg die derde gelui, en hy spring weg kerk-toe met 'n stuk wors in sy sak.

„'n Hond laat vat en volg syn spoor,
 Om tog die saak eens uit te pluus,
 Of hy dit is, of 'n buurmans huis,
 Wat lekker worsreuk so versprei
 ('n Hond lat hom op ruik verlei)
 Di hond syn neus hoog in di lug,
 Loop om hom rond, heen en terug!”

Twee honde pak hom nou en verskeur sy klere om die wors by te kom. Uitasem en verflenterd kom hy die kerk ingewaai. Terwyl die gemeente sing wou die koster vir die predikant iets bring om te drink, maar die predikant het hom nie gesien nie, en dag dis weer die hond, en gee hom 'n verwoede skop.

„Met kop omlaag en voet in lug,
 So kom ons koster weer terug.”

Ten slotte spreek die digter die hoop uit dat die lesers tog wyser sal wees

„Om tog nie meer so laat te slaap, —
 Dink, an die grap met ons ou paap!”

Pitta Hauli het die *Morre- en Aand-Rede* (P., 13 Julie 1877) oorvertel van Wolf en sy vrou — nie diere nie, maar mense. Hulle is albei ontevrede oor hulle werk en besluit om dit om te ruil, maar met ongunstige afloop vir die man. Die les wat die digter ons wil leer, is: „'n Ider hou hom by syn roeping; en soek gen foute in 'n ander syn werk nie.”

Ongelyk van waarde, maar tog nie swak vertel, is die verhaal: *Begeerlikheid Beloond*. Die digter is wel taamlik omslagtig, sukkel om op koers te kom, en verloor kort-kort die draad van sy storie, hoewel hy ons aan die begin belowe het:

„Kort en saaklik sal ek wees,
 Op Engels „Short and Sweet.”

'n Koning het sy ring verloor en belowe toe 'n groot beloning vir die een wat dit optel.

„In rep en roer was toen di stad,
 Elkeen di breek syn hoof
 En denk mar an di grote skat,
 Deur di vors uitgeloof.”

Eindelik kry 'n boer die ring, en toe bewerk 'n Jood dit so dat die boer hom die helfte van die beloning moes gee. Die twee wagte by die poorte wou hom geen toegang tot die paleis verleen nie, tensy hy aan elkeen 'n kwart van sy beloning afstaan. Op die koning se vraag wat hy die boer skuldig is, antwoord hy honderd houe met die kats!

„En daarom geef, al is dit hard,
Een helf di Joodse man,
 En di twe wagte elk 'n *kwart*,
 Hul het daar brievies van . . .”

Dit gee die digter nou weer die geleentheid vir 'n prekie:

„Begeer tog nooit 'n anders goed:
 Duur, duur is soms di prys,
 Lig kry jy suur in plaas van soet,
 Hier is 'n klaar bewys.”

Hans die Leu'enaar (P., 18 Mei 1883) deur D. J. C. van die Gedenkskool is 'n lewendige en aanskoulike oorvertelling van die bekende geskiedenis van die seun wat „Wolf! Wolf!” geskreeu het.

C.S.J. is die digter van die bekende gedig op Swart Jasper: '*n Merkwaardige Gebeurtenis* (P., 1 Junie 1883), waarin op 'n komieklike wyse vertel word hoe Swart Jasper gaan vry het. Lewendig is die vertelling, vol afwisseling en so realisties dat ons Swart Jasper sien aangery kom op sy ryperd, „so vurig en heet.” Die digter kan moeilik sy lag bedwing as hy ons vertel hoe Swart Jasper, skaars sestien jaar oud, hom „regmaak” vir die kuiertjie. Katryn moet vir hom 'n stuk seep en 'n kom bring, en ook 'n klein stukkie vet om sy velskoene te smeer.

„Mar kyk toen Swart Jasper syn kamer uit kom,
 Toen staat al di volk en di meide verstom,”
 só mooi was hy aangetrek!

Geestig vertel die digter nou hoe Swart Jasper deuskant die bult eers kyk of alles in orde is, en ou Dapper dan goed uitlooi met sy dubbelgevlegte karwats:

En toen hy di werf na oom Stoffel op ry,
 Dans Dapper dan DI kant, dan DI kant syn sy.”

Toevallig het Jatji net in die deur gestaan, en hoe trots moes sy nie op so'n spoggerige vryer gewees het nie. Geen wonder dat hy somar dieselfde aand nog die jawoord kry nie!

Met klein veranderings (verbeterings) is dieselfde gedig oorgedruk in *Ons Klyntji* (Nov. 1897) onder die titel: *Jasper en Jatji*.

'n Ongenoemde het baie ruimte nodig vir 'n *Lewensskets* (P., 15 Aug. 1884) om te vertel hoe iemand 'n dronklap geword het, maar uiteindelik weer tot besinning gekom het. Wat wel waardeer moet word, is die meesterlike wyse waarop hy die sterkerwordende begeerte na drank suggereer — dis sielkundig juis.

Die soort verhaal waarvan die meeste *Patriot*-lesers gehou het, en by verskillende geleenthede seker smaaklik oorvertel het, is sulke ware anekdotes soos *Di Speenvark Jag* deur Y.Q. Dit is langademiq en plat, en in die plek van die karikatuuragtige kom dikwels mooi realistiese trekkies, soos waar Neef Ari vlei-toe stap:

„'n Sterloop op Skou'er, riim in di hand,
'n Pap hoed op één oor, met brede slap rand.”

In *Ver Jong Mense* het „'n Ander Jan wat Versies Maak” vrolik vertel hoe Oom Japie deur sy vrou gekul is elke keer as hy van huis gaan. Die digter het die tipiese volksspraak opgevang en daardeur gee hy 'n kleurigheid aan sy verhaal wat die stempel van egtheid daarop druk. Ons vind hier treffenderwyse 'n poging om enigszins 'n aanduiding van die gemoedstoestand van Oom Japie te gee. Dit is eintlik iets nuuts. Tom was weer by Oom Japie se vrou, en wou net wegsloop toe hulle Oom Japie sien aankom, wat hulle reeds gewaar het:

„Jaap skree: Pas op jou slegte man!
As ek ver jou in hande kry,
Dan vrek jy nes 'n bees by my! . . .

Hy raas, hy vloek, hy gaat te keer,
En neem partykeer syn geweer,
Hy wil, maar ne, hy kan oek niet,
Syn vrou daar nes 'n bok doodskiet.”

Op die kritieke moment kom daar kuiermense, en met die geselsery sak Oom Japie se bui.

Gough No. 4 gee 'n verspote relaas van die dronkemansvrolikheid wat gevolg het *Na die Vandusie* (P., 22 Aug. 1879) op die terugweg. Onderweg het hulle stilgehou en die bottel aangekyk. Oom Daantjie begin nou skielik na sy vrou verlang en dryf die perde aan: „Lat d'agtervoet die voorvoet vang.”

„Neef Koos begin toen iets te sing,
Dit was 'n regte snaakse ding,
Ek kon toen net mar sekondeer,
Want 'k had die liedjie nie geleer.”

Halfpad span hulle weer uit, want Oom Daantjie sê: „Hier is nog lewe in die kan.” Die vrolikheid neem toe en hy vertel hulle van „die nuw jellop” met die passies „skuins agter maak.”

„En dan is daar die nuw solté
Die dans tant Betjie oek al nié.
Eers twe tré hot, dan twe tré haar,
En dan weer alles deurmakaar.”

Neef Koos skree Oom Daantjie moet dit vir hulle wys, en

„Oom Daantjie spring toen ver die grap
So dat syn skoene somar klap . . .
Ek dink weer an myn jong gety
Toen ek nog na tant Betjie vry.”

Maar skielik slaan die ou neer met „'n knal” en al die pret is op 'n end.

2. TEMAS.

(a) TAAL EN PATRIOT.

(i) *Taal*.

Toe die Afrikaners tot die ontdekking gekom het dat hulle ook 'n taal besit, was hulle vreugde uitbundig, en moes hulle aan dié vreugde uiting gee in die vorm van rympies.

'n Patriot rig 'n *Oproeping* (P., 15 April 1876) aan alle Afrikaners om voorwaarts te tree in die stryd vir hulle taal:

„Ons Moedertaal dit moet ons kry,
Want God die Heer staat an ons sy;
Hy het ver ons die taal gegé,
Kom, Patriotte, werk nou mé!”

Kinderlik erken Stefanus du Plessis in sy *Skool Lietji* (P., 14 Okt. 1876):

„Oompi, Oompi, dis daarom waar,
Sonder ons taal kom ons nie klaar;
Ons taal die moet nou o’eral wees,
Ons wil ons eie taal nou lees.”

Tannie, Nefie en Niggie, word op dieselfde manier aangespreek. Hy kan geen redes gee nie, maar weet darem: „sonder ons taal kom ons nie klaar.” In ’n brief wat Stefanus du Plessis van Bitter Water, distrik Victoria-Wes, saam met die „liedjie” gestuur het, vertel hy dat hy vir sy bekendes uit die *Patriot* voorgelees het. „Ek kan ver jou sê, dat ons almal regte bly is om te sien dat die taal so goed vorder . . . Die skoolkinders het soemaar begin te sing:

„Oompie, Oompie, dis daarom waar . . .”

’n Ander persoon uit die distrik Victoria druk ook sy blydschap in ’n brief uit dat Afrikaans so vinnig vordering maak. Hy het nog net één teenstander gekry, en eindig met die versie:

Ons is so bly (P., 15 Nov. 1876):

„Ons is so bly, ons is so bly,
Ons sal ons eie taal nou kry;
Ons lees al nes ons praat.
Ons hoor partykeer nou al sê:
„Ons laat die Engels nou mar lê,
Wat sal dit ons tog baat.”

’n Ongenoemde sing sy vreugde uit in *Di Afrikaanse taal*, want nou het ons niks meer nodig van Hollands of Engels nie:

„Nou rym ons lekker, want nou kan
Gen Hollander of Engelsman
Ons met syn taal vermaak nie;
Ons Afrikaans klink net so mooi,
Lat hulle mar met woorde gooi,
Hul sal ons tog nie raak nie.”

Soos A. J. Herholdt verheerlik die digter Afrikaans bo alle tale. In die hitte van die stryd en in die vreugde oor die besitname van 'n eie taal, is die ophemeling te begrype.

Ten slotte word die Afrikaners aangespoor om „mar styf te hou,”

„En werk verenig hand an hand
Ver Moedertaal en Vaderland,
Ons hoop sal nie beskame.”

Nog 'n ongenoemde vertel in *Ons Skool*:

„Ons gaat nou perbeer,
Om ons taal te leer;
Pak an dan met moed!
Dat ons dit kan lees,
En skrywers kan wees:
Is dit nou nie goed?”

J.R., 'n vrind van Oom Jan, beantwoord aan homself die vraag in *Ontwaakte Diggees* (*P.*, 1 Aug. 1879) wat hom daartoe dryf om te rym, terwyl hy vroeër geen lus daartoe gevoel het nie:

„U had gen lus om veul te lees,
Minder om te dig,
Want dit moes goed Hollans wees;
Daarom was ek so bevrees
Imand te ontstig.

So was Afrikaners net
Vas als met 'n band;
Imand wat begaafdheid het
Word op so'n wys belet;
Wat baat dan verstand?”

Op skool word net Hollands en Engels geleer, maar ons bly Afrikaans praat. Nou word die digter gevoelvoller, veral in sy versugting, en hy vra:

„Wat maak al die tale hier?
Hul kom nie te pas.
'n Land werd met syn taal bestier;
Dis juis wat so'n land versier.
Og, of 't hier so was!”

Hy kan nie begryp dat daar so baie mense is wat teen die *Patriot* is nie:

„Elk is, die syn taal verag,
Erger as 'n sot.”

Maar die *Patriot* doen goeie werk!

'n Interessante groepie gedigte ontstaan nou in 1879 toe die eerste petisies ten gunste van Hollands aan die Parlement voorgelê is. Die saak is ook deur die Sinode van die Ned. Geref. Kerk ter sprake gebring op voorstel van ds A. Louw van Murraysburg. 'n Aantal predikante en ouderlinge het egter teen die resoluëie geprotesteer, en nou skryf Afrikaander dat dit jammer sal wees as hulle name vergeet moet word. „Ofschoon ik nu juist niet roemen kan op veel dichterlijk talent,” het hy tog besluit om dié name „in eenige dichtregelen” aan die vergetelheid te ontruk.

Hy het 'n kostelike spotrympie op hulle gemaak: *Verewigde Name* (P., 14 Januarie 1881) en aan elke naam kon hy 'n passende opmerking vasknoop. bv.

„OU SERVAAS staat bowe aan,
NEETHLING moes oek same gaan.
WILLIE STEGMANN staat bekend
As een anti-Hollands vent . . .
DE BEER van Zeepunt, o hoe gek!
Die het mar net 'n grote bek!
McGREGOR is en blyf 'n 'Mac,'
En BARRY, o myn tyd! hoe gek!
Dat hy oek met die klomp saam seil;
Syn vrou is tog 'n *Van der Byl* . . .
DE VOS, met skerpe neus en bek,
Het ook an dese lyn getrek . . .
Die Skotte, wat ons taal verkrag
Van die kan ons so iets verwag.”

Ten slotte versoek die digter sy lesers om die gedig op 'n prominente plek op te plak sodat almal kan sien watter predikante hulle skaam vir hulle taal,

„Want wie syn moedertaal onteer,
Die wag gen segen van die Heer.”

Letterkundige waarde besit hierdie spotrympie nie, maar wel geskiedkundige waarde, veral as ons die opheldering lees wat C. P. Hoogenhout gee van die gedig in 'n brief van 4 Junie 1908.

Die digter was ds J. van Niekerk, „een Afrikaner van 't eerste water. Hy was destyds self in die Synode en bracht ons aan de Paarl dat gedicht. Hij was leeraar van Smithfield en raadde zijn gemeente aan om toch voor 't Afrikaans in te gaan, voor de *Patriot* in te teekenen en moedigde de kinderen van de gemeente (van den preekstoel af) aan om de Bijbelraadsels op te lossen en hy zou self ook eenige prijzen geven. Hij stierf aan de koorts, terwijl hij met zijn familie aan Somerset Strand was.”

Op 5 Junie 1908 vertel Hoogenhout weer in 'n brief die een en ander van ds E. Z. de Beer wat ook in die gedig *Verewigde Name* genoem word. „Tijdens de oprichting van de *Patriot* was hy leeraar (ik meen) te Dordrecht. Hij werd een der eerste agenten van de *Patriot* en geregeld verscheen in de agenten lijst de naam: „Predikant de Beer, agent.” Toen hem dit door broeders in de H. bediening kwalijk genomen werd, was zijn antwoord: „Ik ben in de eerste plaats Afrikaner, in de tweede plaats predikant.” Lang duurde het niet, of hij werd (meen ik) leeraar van Simonstad, en wat zijn houding toen was, hebt gij uit de namen van de Synode van 1881 gezien. Hij was ook in die dagen Redacteur van een Kerkblad, „De Christen” geheeten, en dat 'n tydlang de plaats van de *Kerkbode* innam. De richting van dat blad is gegispt in het vers: „Engels, Engels, alles Engels,” waarin onder andere gezegd wordt:

„Maar die hooggeroemde CHRISTEN, *blad voor Kerk en Maatskappy*.

Had gen woortjie daarvoor ower; die alleen het stil gebly.”

„Stil gebly” over het bezoek van Pres. Kruger en Genl Piet Joubert bij 't Kaapsche Parlement om hulp, tijdens de Annexatie. Naar alle waarschijnlijkheid stond hij toen onder de plak der Eng.-gezinde Murrays. Later verwisselde hy van standplaats en werd leeraar te Zeepunt en toen was zijn „hobby” voorlezingen houden om te bewijzen, dat de Engel-

schen de verloren tien stammen Israëls waren. Eerst in later jaren ging hij naar Barberton en vandaar naar Maritzburg en thans is hij Redakteur van de *Vereeniging*. Naar ik versta is hij nu op z'n ouden dag van al de dwalingen genezen en net zoo'n Afrikaner als in de dagen toen hij agent van de *Patriot* was. Ik verblijd me, als 't zoo is. Dit weet ik hij was (is?) 'n flinke redenaar en iemand die 'n scherpe pen voeren kan."

Correspondent vertel op 'n spottende wyse in *Die Memorie ver die Hollanse Taal* (P., 8 Julie 1881) van watter flou ekskusies mense gebruik maak om nie die petisies te teken nie, wat in 1881 deur 'n kommissie van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk opgestel is. Oom Jan het 'n halfuur lank geles aan die petisie en toe het hy nog nie die moed gehad om te teken nie. Oom Stoffel wou weet wat die *Patriot* met die saak te doen het, en Oom Danie het weer sy bril nie by hom gehad nie. Correspondent het darem ook nie hulle handtekeninge nodig nie,

„Mar wat sal ons tog langer lol,
Die lys is daarom tog mos vol,
En was die lys nie al te klyn,
Dan was daar seker vyf dosyn."

A. J. Herholdt se *Afrikaanse Lietjie* (P., 15 Maart 1876) het blykbaar 'n groot invloed uitgeoefen op die eerste Afrikaanse digters, en veral die reëls:

„Afrikaans is vol gees,
Om gladweg te lees . . ."

Hy word in 1883 direk nagevolg deur Klein Afrikaner, beide wat inhoud en vorm betref, in *Di Afrikaanse Taal*:

„Afrikaans is mos lig
Nou wil ek oek dig;
Afrikaans is ons taal,
Tot in di Transvaal."

Hy glo dat Afrikaans sal wen „al kom daar gekyf," en op 'n kinderlike wyse noem hy die deugde van ons taal op:

Afrikaans is net glad,
Om rympies te vat.
Afrikaans, dit is waar,
Is tog glad ni swaar."

Waar Afrikaans beledig is, het die Afrikaners nie geswyg nie. So het Dokter Hahn hom spottend uitgelaat oor Afrikaans, en nou moes hy die bitsige aanvalle verduur van P.M.O. en Afrikaner.

Sarkasties is P.M.O. in 'n *Gedig op 'n Haan*, en spottend vergelyk hy die dokter met 'n hoenderhaan:

„Daar was 'n haan,
'n Haan was hy,
So goed as enig een;
Kon koning kraai,
Met groot lawaai,
Want kyk — hy was —alleen.”

Brutaalweg vra hy wie hom die reg gee om oor Afrikaans „te kraai,” en roep die Afrikaners op om hulle taal te verdedig. Sy veragting vir die dokter-haan kan die digter nie onderdruk nie:

„Hy is so trots,
En in syn skik,
As hy hom self gewaar;
Want hy is rooi,
Dis ver hom mooi,
Tog blyf dit vere maar.”

Afrikaner is ook verontwaardig, maar hy beskik nie oor die vlymskerpe woorde van P.M.O. om sy kokende gemoed te lug nie. Byna beleefd versoek hy hom:

„O gaat dan asseblief oor see,
En neem jou taal oek mee.”
Dit is die eerste keer dat hy dig
„Om ek dit langer ni kon hou
Dat hul ons taal so grou.”

(ii) *Die Patriot*.

Die *Patriot* was die mondstuk van die Genootskap van Regte Afrikaners, en daarom kry ons baie gedigte van lesers op hulle koerant, veral by die begin van elke nuwe jaar, waarin hulle hom prys vir gedane werk, voorspoed toewens, en aanmoediging om koers te hou. Met welgevalle het hulle sy vordering

steeds dopgehou. Hierdie verse is dus veral as lofliedere bedoel, en die grond vir die blydschap is die eenvoudige Afrikaans van die blad (wat die aanleiding tot baie gedigte is) en sy nasionale beleid.

Maar die inspirasie was baie flou en die verse is almal kreupele rymelary.

In die tweede aflewering van die *Patriot* (15 Febr. 1876) verskyn daar twee gedigte oor die koerant, die eerste 'n onbeduidende naamdig, en dan 'n oulike gediggie van C. P. Hoogenhout. Klaas Geswint gee sy gedagtes oor die koerant in 'n gelyknamige gedig in die uitgawe van 15 November 1876, en besluit:

„Ek wens jou voorspoed en geluk,
'n Lewe, goed en lang;
En hou, al word jy oek verdruk
Jou plan mar an di gang.”

Baie in sy skik is 'n ongenoemde met die *Patriot* toe hy sy derde jaar (1878) ingegaan het, want hy „doet die Afrikaanse hart van vrind en broeder goed.” Steeds gaat hy voort sonder om hom aan „hoon en skimp en smaad” te steur.

'n Brugwerker van Aliwal Noord wou ook 'n waarderingssympie maak op die *Patriot* (P., 1 Aug., 1879), en hy hoef nie agter te staan by geleerder digters uit sy tyd nie. Die beelde wat hy gebruik, het hy geneem uit sy ervaring en dit gee 'n frisheid aan sy gedig wat by so baie van sy kollegas ontbreek, omdat hulle volgens die mode gerym het:

„'n Transport os gelyk,
Sal hy nie lig beswyk;
Hoe meer hy teenstand kry,
Hy werk mar ewe bly.”

Na verskeie aanmoedigingsverse spreek die *Patriot* nou self tot sy lesers en bedank hulle vir hulle getroue ondersteuning. Hy ontleed die haatlike aanvalle van sy vyande, en maak hulle belaglik. Ook Oom *Lokomotief syn Nuwe jaarswens ver 1880* spreek van dank en waardering. Hy smeek God se seën af vir die regeerders van die land, die Kerk, skole,

en verenigings. Hy hoop dat die Afrikaner-Bond vanjaar tot stand mag kom, en

„Ons wens dat ons *Genootskap* veul
Mag doen ver land en taal
En onder smaad en onder spot,
Met hulle oog gerig op God,
Die sege mog behaal.”

Hartseer se rympte: *Uit Transvaal* (P., 8 Julie 1881) oor die *Patriot* moes drie jaar wag vir plasing, sê Oom Jan. Hy dig in dieselfde trant as A. J. Herholdt en gebruik soms ook 'n beeld!

„Maar Hollans is hoog,
So as die re'enboog.
Ik's *hier*, hy is *daar*,
So kom ons nie klaar.
In Engels is 'k dom,
En geef daar nie om.”

Nie net die *Patriot* nie maar ook die redakteur, Oom Lokomotief (D. F. du Toit), is met baie gedigte vereer, want die lesers van die *Patriot* het sy stryd vir „moedertaal en vaderland” waardeer. So vra Raaksien in sy *Gedig an Oom Lokomotief* om die rym in die haak te bring, en spreek sy waardering uit:

„Swaar tog het Oom ver ons gestry,
Om ons taal op papier te kry,
Ons weet dit, en erken dit vry,
En is dan oek van harte bly
Di Heer het Oom daartoe verwek,
Om ons tot Leidsman te verstrek.”

(b) NASIONALITEIT.

(i) *Geskiedenis*.

Onder al die temas wat deur die minderbekende digters behandel is, neem hierdie een die belangrikste plek in, nie net wat hoeveelheid nie, maar ook wat gehalte betref. Veral wanneer 'n onreg aan die Afrikaanse volk gepleeg is, kom

daar vuur en verander die toon tot sarkasme, vlammeende verontwaardiging en brandende spot. Dan word striemende houe geslaan en die vyand en verengelste Afrikaners word genadeloos gegésel. Maar na oorwinning van die volksaak, word die knie deemoedig gebuig en die eer aan God gebring. Dit geld in hoë mate van die gedigte oor die Eerste Vryheidsoorlog.

In hierdie volkskuns verneem ons dikwels dieselfde klanke as in die strydliedere van die Geuse.

Verskillende episodes uit ons geskiedenis is berym. C. Hatting het een van die weinige gedigte vóór 1900 oor die Voortrekkers geskryf: *Lied van die Voortrekkers*. Sy teks was in Nederlands maar is verafrikaans deur ds S. J. du Toit.

Die gedig is in 'n donker stemming geskryf, met volop Bybelse wendinge; die gebedstoon word dwarsdeur volgehou.

Die digter dink terug aan wat gebeur het: die Zoeloes is gestraf vir die moorde en vrede is gesluit met Panda. Hy bid God om Sy seën, en as hulle gesondig het, vra hy Hom om vergifnis, want hulle wil graag in vrede woon. Daar dreig egter 'n nuwe gevaar:

„Mar sie ons vyand kome,
Deur afguns angespoor;
Ons land word ons ontnome;
Ons vrede weer verstoor,
Hull' span al hull' vermoë,
En druk ons uit die land;
Al siet hull' voor hull' oge,
Ons is hier ingeplant.”

Hy roep die Afrikaners op om hulle vryheid met hulle bloed te verdedig, en die hulp van God word ootmoedig ingeroep, want hulle vertrou tog nie op mense of prinse nie:

„Ons roep mar tot die Here,
Die al ons sugte hoort,
Die wind en storm en mere
Lat luister na syn woord.”

God sal hulle red, en hulle sal steeds sy naam loof.

Die lied is geskrywe op die wysie van Psalm 130, en eindig ook met 'n vers wat byna woordelik dieselfde is as die slotvers van Psalm 130.

„Hoop op die Heer, jull' vrome!
 Is Afrika in nood,
 Daar sal verlossing kome;
 Syn goedheid is seer groot.
 Hy maak op ons gebede
 Heel Afrika eens vry
 Van hull', die ons vertrede,
 Dan leef ons vry en bly!"

Die Bekommerde Huisvrouw (P., 4 Maart 1881) is 'n mooi en verdienstelike samespraak tussen 'n man en sy gade uit die tyd van die Anti-Bandiete-beweging, 1849, toe die Britse Regering van die Kaap 'n strafkolonie wou maak.

'n Onmenslike Droom (P., 27 April 1877) deur 'n ongenoemde, het betrekking op die anneksasie van Transvaal deur Engeland. Die digter besit bepaalde taalvermoë en sy verse het 'n breër deining. Natuurgevoeligheid merk ons ook op. Hy sien 'n klompie mense op die oewers van die Sambesi

„Teen di aand en di son die versprei
 Nog so treurig syn laaste lig rond."

Op die vraag van 'n vreemdeling waarom hulle so treurig en moedeloos lyk, antwoord hulle dat hulle in die Kaapkolonie gewoon het, maar die Engelse Regering het die lewe vir hulle onmoontlik gemaak sodat hulle weggetrek en 'n nuwe land met bloed gekoop het. Lank het die rus nie geduur nie, want Transvaal was te ryk en 'n heerlike prooi vir „'n grypsugtige volk":

„O skandaal van di neëntiende eeu!
 Snode onreg, tirannie, geweld!
 Is 't Brittanjes beskawing en roem?
 Om deur steel syn gebied te vergroot?

„Sonder oorsaak, vrypostig, brutaal,
 Word ons land ons ontnem met geweld:
 Was di prys van ons bloed en nog meer
 Dan te min vir ons vryheid, geluk?

„Daarom swerf ons op nuw sonder land,
 Dis di rede myn vrind van ons smart,
 Want ons kan en ons mag ons ni plaas
 Onder juk van ons vyand gehaat.”

Dieselfde gedagtes word uitgespreek in die waterige *Transvaalse Liedjie* (1877), waarin die geskiedenis van die anneksasie tot aan die sending van die Deputasie behandel word. 'n Latere redaksie van dieselfde stuk word nou *Die Transvaalse Storie* (P., 4 Maart 1881) genoem, en vermeld die verdere gebeurtenisse. Gemoedelik praat hy van Oom Paul, Ou Langjan en Ou Tante Vic.

'n Anonieme digter het 'n *Afrikaanse Volkslied* gedig op die wysie van: „Wij leven vrij, wij leven blij,” as byvoegsel tot die boekie *Het Misdadig Engeland*. Hy is uitgesproke en noem Jan Boel-se sondes op hulle name. Daar is 'n ondertoon van bytende spot in hierdie gedig:

„Jan Boel het die Transvaal gejompt;
 Ons raak dit nou gewend.
 As hy iets neem kan sonder straf,
 Neem hy een anders goed mar af;
 Die vent is mar so lomp.”

Die tyd is egter nie meer ver nie, „o ja, o ja,” dat Suid-Afrika vry sal wees net soos die Amerikaners hulle vrygemaak het van Engeland.

Die digter gee nou 'n vlugtige oorsig van die geskiedenis tot aan die ontdekking van die diamante.

„Jan Boel die is daar weer geswind,
 „Jou klipplies of jou bloed!”

Natal is baie gou geannekseer, Transvaal in 1877, en nou is nog net die Vrystaat vry. Maar die Afrikaners moet bymekaar staan, en die voorbeeld van Amerika volg:

„Ons tyd die kom oek seker, ja,
 Die tyd is nie meer vér,
 Dan kom daar oek ver ons 'n dag,
 Dan waai die Afrikaanse vlag:
 VEREENIGD Afrika!”

Vrystater spreek sy vrees uit in *Oranje Vrystaat* (P., 1 Aug. 1879) dat sy land ook geannekseer kan word deur Engeland, net soos Transvaal.

Hoe die Vrystaters die saak ook al mag beskou, „die toekoms hang an 't swaard.” Wat egter moed gee, is die wyse waarop die Zoeloes 'n hele regiment Engelse afgemaak het in „Isandula's slag.” As die Vrystaters saamstaan, wat bly daar dan van die „Rojes” oor?

„Dus, Burgers, hou jul wapens klaar!
 Dan is ver Vrystaat gen gevaar
 Al is daar groot geskreuw,
 Van annexasie met geweld;
 Jan Boel word seker neergeveld
 Deur Vrystaats fiere Leuw.”

Hierdie vrees het nie net in die verbeelding bestaan nie, want spoedig moes hewige veldslae vir die vryheid gelewer word en hoog het die gevoelens opgeloopt. In *Di Held van Langenek, Ingogo en Majuba Berg* verheerlik J. H. O. genl Joubert as dapper krygsman. Maar al die eer vir die oorwinning kom God toe:

„Loof nou Transvalers! loof di Heer!
 Wat wil jul van Syn goedheid meer,
 Dan Hy jul het bewese?”

R.H.L.W. bring ook die eer aan God in sy *Transvaalse Volskied*:

„Ons roem ni op sterkte,
 Of dappere daan;
 Want an onse syde,
 Het die Heere gestaan.”

Hoe vrolik en uitbundig in sy vreugde en dankbaarheid is R.H.L.W. nie in hierdie sangerige lied wat ons so sterk aan die Geusepoësie herinner nie:

„Hoéré! ver Oom Paul,
 Hoéré! ver Oom Piet,
 Hoéré! ver Pretorius,
 So klink nou ons lied.”

Na elke vers klink die refrein :

„Laat wapper di vierkleur,
Rig op! di banier;
Wees vrolik en dankbaar,
Ver ei'e bestier.”

In *Vrede Lied* nooi Vrystaatse Digter ons uit om saam met hom 'n lofpsalm te sing, „met jublende klanke,” want God het die oorwinning aan die Transvalers gegee. Die gedig is klankryk, vloeiend, en getuig van talent :

„Di Heer sy di dank,
Di ook ons geklank,
Ver bokant di wolke wou hoore;
Want Hy het Syn krag,
In waarheid volbrag,
Di swakke is nou weer herbore.”

Weduwee du Toit het haar gedronge gevoel om ook uiting te gee aan haar dankbaarheid vir die oorwinning van die Transvalers. Haar *Vredelied* (P., 8 Julie 1881) begin kragtig, maar dan word sy week, waarskynlik gedagtig aan haar eie staat, as sy aan die weduwees en wese dink :

„Wedeweeuws, ik deel jul smart,
O ik ken 'n weduwshart!
Wie sal tröös en wie sal help,
As soms droefheid owerstelp?

In 'n naamdig *An Menere Kruger en Joubert* (P., 15 Julie 1881) het 'n ongenoemde hom kunstig van sy moeilike taak gekwyd, sodat ons nouliks die opsetlikheid merk om 'n sekere letter in 'n versreël in te forseer :

Kom vrinde kom, geen moed verloor,
Roep tot die Heer en hy sal hoor.
Uw Vader let op uw gebed.
God is een God die help en red.
En waarom sou ons dan verflouw?
Rys nie die heilson na die douw?

Na die Eerste Vryheidsoorlog het C. P. Hoogenhout 'n prysvraag uitgeskryf vir die beste Transvaalse volkslied. Hy

het agt proewe ontvang: vyf in Nederlands en drie in Afrikaans.

J. R. van Wellington het in Afrikaans meegeding met sy *Transvaalse Volkslied* (P., 5 Aug. 1881). Die toon is waardig en die inhoud gesond, hoewel die digter die tegniek nog nie meester is nie. Bondig gee hy 'n oorsig van die anneksasie en vrywording van Transvaal, en eindig dan met 'n loflied aan God:

„Die Heer regeer. Die Heer regeer
Hem sy die eer!
Loof, loof die Heer, o wereldrond.
Met hart en mond.
Hem sy die lof deur ons geslag
Nou en hiernamaals toegebrag!”

Die moeilikhede met die republiekies Goosen en Stellaland na die Konvensie van Londen in 1884 het ook weerklank in 'n paar minderwaardige rympies gevind, bv. die *Krygszang ver di tweede Transvaalse Oorlog* (P., 24 Okt. 1884). Die *Kaapse Jingoe Rympies* (P., 19 Des. 1884) pleit o.m. dat Engeland sy handelsbelange in hierdie republiekies moet beskerm. Sarkas-ties skryf hy:

„'n Land wat so veel kan spandeer
Is een wat ek altoos sal eer;
Ek is daarom 'n Jingo,
Hou van Kaffir en Fingo,
Want di geld kan ons maklik verteer.”

Ten slotte vermeld ons nog dat ook die Jameson-strooptog van 1896 die aanleiding was vir 'n enkele gediggie in nasionale gees (*Burgers Lied*, P., 6 Febr. 1896). Maar die redakteur, ds S. J. du Toit, was blykbaar nie geneë om langer hierdie soort digterlike uitings op te neem nie. Hiermee loop die geskiedkundige lyn dood.

(ii) *Anti-Engelsheid en Politiek.*

Uitjillery en spot van die felste soort, is dikwels aan die orde van die dag in hierdie uitskelverse.

Toekyker pers al sy verwoede spot, soms op onkiese, plat-suggestiewe wyse, uit sy hart in 'n *Feeslied by die Stigting van die Ryksbond* (P., 5 Des. 1884) na aanleiding van die stigting van die Imperiale Federasie-Ligue in 1884, waarvan artikel 9 van die program lui: „Het lidmaatschap van dezen Bond staat open voor elken kolonist, zonder onderscheid van . . kleur.”

Toekyker beveg hierdie Bond nie met allerhande geleerde of gegronde argumente nie, maar met vlymende spot en bitter haat openbaar hy die gevolge van dié Bond se beginsels:

„Ons nuwe Bond
is nou gegrond
Van jingoës en van Swartjies,
Uit saam vereende hartjies.

Een mooie set!
ô Watter pret!
Swartmeide met rooi-nekke
En kinders met geel-bekke!”

Die Rooies lag reeds as hulle dink aan die dag dat hulle gelyk sal wees en genees van kleurverskil. Daarom:

„Kom, Hottentot!
Kom, Kafferrot!
Sing same nou Hosannas,
Met Rooijes en Korannas!”

Klein Jan is ook besonder skerp in sy aanval op *Di Engelsman* (P., 21 Maart 1884), en hy noem al sy sondes op wat die Brit in Suid-Afrika gedoen het, hoewel sommige darem baie vergesog is. Elke keer word 'n slegte karaktertrek genoem, maar in die destyds geliefkoosde vorm van 'n vraag, waarop die antwoord dan naas en beskuldigend volg: Jan Boel.

„Wi annekseer net land en sand,
Al kom syn planne ni tot stand?
Ek seg dit is daar anderkant:
Jan Boel.

Wi onderdruk syn onderdaan,
 En steur hom bitter min daaraan,
 Al siet hy hom te gronde gaan?
 Jan Boel.

'n Anonieme digter sê geen liefdevolle dinge van die Engelse in sy politieke gedig nie: *Op Laats di Brit*. Vroeër was hier rus en vrede in ons land toe die Hollanders, Franse en Duitsers hulle hier kom vestig en tot één nasie saamgesmelt het. Maar

„Op laats hiir set di Brit hom neer
 En wil oek alles dan beheer,
 Ons taal verwerp, ons slawe los,
 En onderkruip ons nes 'n vos.”

Hy doen hom voor as ons beste vriend, maar kort-kort gryp hy na die wapens. Gelukkig het die Brit hom nog elke keer vasgeloop — die laaste keer by Doringkop.

„Daars één ding maak my sommer siek,
 Dit is di Brit syn Poletiek;
 So saggies of hy niks wil vang,
 Maar oh, so listig nes 'n slang!”

'n Trouwe Onderdaan word bitter as hy *Treurige Herinneringe* (P., 1 Aug. 1879) oproep van Engeland se sondes in Suid-Afrika gepleeg. Hy neem Engeland op fel-hekelende, lasterlike wyse onder kruisverhoor en vra hom o.m. skerp:

„Engelsman, jy Volksverleier!
 Het jy al vergeet ver Dreyer?
 Ek sal denk, hoe oud ek word,
 An syn bloed deur jou gestort.

Engelsman, jou Regverdraaier!
 Vryheidsmoorder! Landverraaier!
 Ons denk steeds aan Slagters Nek,
 Met ons broeders bloed beplek.”

A.F.R. vind weer geleentheid om in *Champanje Bottel* (P., 22 Aug. 1879) tergend met die duisende Engelse soldate te spot wat nie in staat is om die Zoeloes te oorwin nie.

Venynig is die parodie wat 'n ongenoemde op die Engelse lied *Rule Britannia* gemaak het. Dit moet in verband met die Transvaalse anneksasie begryp word. Die angel wat Engeland vir ander nasies bedoel het, keer die digter in verse twee en vier op homself terug:

2

The nations not so blest as thee,
Must in their turn to tyrants fall;
While thou shalt flourish great and free,
The dread and envy of them all.

Die volk is nie so knap as jy,
Moet beurt by beurt jou wette lees,
As jy sal bloeie groot en vry,
Dan sal die boere beef van vrees.

4

Thee haughty tyrants ne'er shall tame;
All their attempts to bend thee down
Will but arouse thy gen'rous flame,
To work *their* woe, and *thy* renown.

Jou dwinglandy sal gou verneer,
Die wat hulle land hul eige noem.
En die wat weiger jou te eer,
Verwoes hul self, en werk jou roem.

Vors Pluto loer oor die see, en in plaas van die „guardian angels” sing hy saam met die „Goudvelds skuim” die refrein, gelaai met sarkasme:

„Kom Britanje, jy beskaaf,
Maak die nasies tot jou slaaf.”

Die derde koeplet in die Engelse teks lui:
Still more majestic shalt thou rise,
More dreadful from each foreign stroke;
As the loud blast, that tears the skies,
Serves but to root thy native oak.”

Hierdie koeplet gebruik die digter om Engeland se skynredes aan te gee waarom hy Transvaal moes annekseer — om die land beter te regeer en te beskaaf:

„Dan kan jy met meer majesteit,
Die domme boer vertrap in d'sand,
Met staatsmanskuns, regtvêrdigheid,
Kom jy dan en beskaaf die land.”

'n Naamlose digter staan verskrik toe hy tot die ontdekking kom: *Alles is Engels*.

„Engels is alles; kyk hot of kyk haar!
Engels is alles; ek wort somar naar!”

Hierna som hy nog verskeie ander sake en feite op wat as bewys moet dien, dikwels so triviaal dat hy eerder amuseer as oortuig, en besluit:

„Engelse stewels, met Engels gekraak;
Engelse lekkers, na Engelse smaak;
Engelse seep, in 'n Engelse kas;
Engelse meide, wat op Engels wil was . . .
Engels is alles, so as jy hier siet;
Engels is alles, so eindig myn lied.”

Vrystater („myn naam is klein, myn van is die grootste in Suid Afrika”) het 'n dergelike opsommende, droë rympie, maar hy werp die blaam van die verengelsing op die Afrikaners self (*Ver Engelse Afrikaners*):

„Afrikaners hul plase op Engels bewerk,
Afrikaners gaat al na die Engelse Kerk,
Afrikaners wil hul nes Engelse hou,
Afrikaners hul huise op Engels gebou,
Afrikaners loop hier al nes Engelse here,
Afrikaners hul kinders met Engelse klere . . .
Afrikaners slaap al op syn Engels gerus,
Afrikaners laat hul van die Engelse sus . . .”

'n Kostelike karakterskets van die „Jek” op hulle dorp gee 'n korrespondent in 'n rymbrief: *St. Goar, Karnmelkstraat (P., 2 Okt., 1885)*:

„Hy praat gedurig van syn land,
 Want hy kom mos van anderkant.
 Hy seg: *„Di land wer ai kom vrom,
 Di piepel ies der ni sou dom;
 En ol wat ai vir joe ken sy,
 In ons land ken joe alles kry.’*
 Daar is gen beter land as syn,
 Wat seek hy dan in di van myn?”

Anti-Joodse en anti-Kafferse gedigte het ook 'n plekkie gevind — die Jood as 'n „skelm” besigheidsman (*P.*, 9 Des. 1881 en 13 Nov. 1885) en die Kaffer as 'n plaag (*P.*, 14 Des. 1883). Die vorm van die gedig oor laasgenoemde vertoon weer die vraag en antwoord, soos in *Di Engelsman* of *Wi is di Op-roermakers?* — 'n vorm wat blykbaar baie geliefd was:

„Wi steel myn skaap, myn bok, en klop
 Syn vrouwens dan nog bowen op,
 Waarvan hy het 'n groote trop—
 Di Kaffer.

As roes regeer, as plage val,
 Di sprinkhaan kom in groot getal,
 Wat's dan di grootste plaag van al?
 Di Kaffer.”

Net soos in die geval van die geskiedkundige gedigte, versand hierdie stroom gediggies in anti-Engelse gees in die negentiger-jare heeltemal. Ook dit moet aan dieselfde rede toegeskryf word.

(c) GODSDIENS.

Die G.R.A. het van die begin af op 'n suiwer godsdienstige standpunt gestaan. Om lid te word moes elkeen in die versoeningsdood van Jesus Christus glo, en vergaderings is met gebed geopen en gesluit. Dit is daarom te begrype dat dié gedigte wat uit die boesem van die G.R.A. self voortkom, of wat deur die G.R.A.-redaksie opgeneem is, godsdienstig van strekking sal wees. Met nasionale gebeurtenisse wanneer die volk 'n oorwinning behaal het, verskyn byna altyd 'n gedig

wat dan 'n sterk godsdienstige lewensgevoel openbaar, en waaruit blyk hoeseer die voormanne van Afrikaans hulle afhanklik gevoel het van Hoër Leiding.

Nie net gedigte met 'n godsdienstige strekking nie, maar ook suiwer religieuse poësie het verskyn. In hierdie gedigte is daar weinig oorspronklikheid: die beelde is ontleen aan die Bybel en stigtelike lektuur. Maar tog word ons geraak deur 'n diep verlange na heil en uitredding. By al hulle soberheid is daar 'n hartstog wat weliswaar nie fel oplaai nie, maar tog altyd agter die woorde gevoel word. Die stereotipe Bybeltaal (bv. hemelstad, goue strate, heilson, ondermaanse tranedal, ens.) bring dadelik die atmosfeer van aanbidding en afstand, die religieuse spanning. Die hele gedagtewêreld is die van sonde en straf aan die een kant, en van beloning en saligwording aan die ander kant. In alles word die doel van die aardse bestaan gesoek, en word die verganklikheid en ydelheid gestel teenoor die blywende geluksaligheid hiernamaals. Dit gee 'n pragmatiese karakter aan die gedigte, wat die tydelike en die ewige nut verlang. Dit is deur-en-deur Calvinisties.

Uit die aard van die saak vertoon hierdie digtertaal veel ooreenkoms met die taal van Bybel en kansel. Daarom is dit dat hierdie godsdienstige liedere met hulle gebruikmaking van die geknede Bybelwendinge, fyner en beskaafder klink as die van die meer praktiese, nasionale en sekulêre gedigte.

'n Naamlose digter het Prediker 1 vers 2 op rym geset: *Alles is Ydelheid* (P., 11 Julie 1879). Hy hou vas aan die teks, ook byna wat die taalvorm betref — miskien is die gediggie eers in Nederlands geskryf en toe in Afrikaans vertaal:

„Ydelheid der ydelheden,
Alles is maar ydelheid.
Verganklik goed van deuse wereld
Is aan de ydelheid gewyd.”

Kinderlik-bly is die tengerige gediggie *Blyskap in Jesus* (P., 14 Nov. 1879) van 'n ongenoemde. Sy het so pas tot bekering gekom:

„Ek is so bly, ek is so bly,
 Dat Jesus my bemint;
 Hy maak my eens van sonde vry,
 En Gods gelukkig kind.”

Dit berou haar dat sy soms nog struikel en val oor haar sonde, maar God kyk alleen in haar hart of hy Jesus se bloed daar sien.

Die digter van die *Vreemdelingslied uit Kalihara Woestyn* beklaag sy hopelose toestand en vra God om hulp:

„Vele is alreeds nie meer,
 Gy weet ons ellende, Heer!
 Onse Vader! o, erbarm
 Help tog met Uw sterke arm!”

Maria van Bruwershoek slaak 'n *Versugting* (P., 8 Julie 1881) tot Jesus en stort haar sondige hart voor Hom uit. Sy verlang na die hemel waar Jesus haar tranes sal droog:

„Daar stilt Jesus al myn klage,
 Elke klag en bitter sug,
 Ja, ik siet die heilson dage,
 En ik wil na Jesus vlug.”

Die hele gedig is 'n innige gebed, al word sy soms week. Haar voorstelling van die hemel is die tradisionele:

„Daar speel hul op goude snare,
 En verbly sig in die Naam,
 Die hul nietig stof beware,
 Met veul duisende te saam.”

Opmerker is baie pessimisties in sy gedig *Vervulling van 2 Tim. 3:1—5*, want dis vir hom duidelik dat al die sondes waarvan Paulus gepraat het, in sy tyd gedaan word, selfs deur die Kerk. In sukkelende verse noem hy dan al die sondes op: behaagsug, selfsug, wêreldsgesindheid, hoogmoed, ens.

„So is dan di tyde
 Deur Paulus voorspeld,
 Van kommer en lyde,
 In daglig gesteld;

Waar d' onskuld om sugte,
 Di armoe in kwyn,
 Waar godsvrug voor dugte,
 In waarheid verskyn."

Eenvoudige Gristen peins oor *Onse Bestemming* (P., 27 Julie 1883) in eentonigvoortdreunende verse, volgestop met gekke Bybelse terme, en druk dit sy lesers op die hart om tog voorbereid te wees om na die hemel te verhuis:

„Leef dan di mens ver ewig hier
 Op aarde, net ver syn plesier?
 Om hier te bly in ewigheid
 En nooit te skeide uit die tyd? ...
 'n Ider sterfling moet hier stry,
 Wil eenmal hy di kroon verkry."

An Afrikaneks (P., 21 Aug. 1885) deur J. de W. is 'n stigtelik-godsdienstige gedig. Net waar die digter kyk, sien hy sonde en ongeregtigheid, en al die strawwe wat daarop volg. Daar is gelukkig 'n oplossing:

„Di hoofsaak is ons moet terug,
 Ons is te ver gedwaal;
 Deur ei'e krag is ons verly,
 Om te'en di raad van God te stry,
 Di raad deur Hem bepaal."

In *Uit Grikwaland Wes* bleg 'n skrywer wat „te skaam” is om sy naam te tēkē, hoe hard die Here hom geslaan het, maar daarna weer liefdevol getroos het.

„Nou gaat ek voorwaarts op myn pad.
 Myn oge op di hemelsland,
 Myn hande het ek saam gevou,
 Mag ek myn pad mar reguit hou."

Oom Jan het „di versi enigsins omgewerk, maar meen di bedoeling van di skrywer weer gegew te hē."

Ds David Ross het verskeie Psalms berym, maar sy maat is stroef en stotterig, en sy taal dikwels onafrikaans. Soms egter het hy 'n sangerige vers getref, soos met Psalm 8:

„Here, Heer, hoe hoog verhewe,
 Bowe alle aardse lewe,
 Is di roem van uwe eer.
 Gloriryk tot bowe hemel,
 Bowe al di aards gewemel,
 Is uw majesteit, o Heer!”

Die *Patriot* het 'n vaste rubriek vir Bybelraaisels gehad, wat baie populêr was. Verskeie persone het na aanleiding hiervan rymplies ingestuur, maar hulle was werklik beroerd.

(d) *Liefde en Verliefderigheid.*

Hierdie gedigte is sonder erns of diepte. Vir die skrywers is liefde nie 'n lewensaak nie, maar 'n spel, of die geleentheid om 'n grappie of sedelessie na 'n storie kwyd te raak. Die aantal stukke is wel aansienlik, maar die gehalte swak. Ons volstaan met die vermelding van net die paar bestes, en selfs hierin is die opvatting van liefde van 'n primêre orde. Daar is ongeveer niks te bespeur van die fynheid en verheffende van die emosie nie. Egte minnepoësie kan ons dit nie noem nie. Die meeste is verspotte vertellings met kennelike leedvermaak oor die vryery van ander.

Die gunstigste uitsondering maak *Sannie Beyers* wat in die *Patriot* van 6 Februarie 1885 verskyn het. Dit is 'n vrye vertaling van Byron se *Maid of Athens*, maar wie die vertaler is, weet ons nie. Die lied is in die handskrif van pres. F. W. Reitz onder die nagelate geskrifte van C. P. Hoogenhout gevind, maar in *De Zuid-Afrikaan* van 20 Junie 1914 het hy self erken dat hy nie weet wie die vertaler is nie. W. H. Maskew het ook 'n vertaling van dieselfde gedig gemaak, wat in *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* van Julie 1889 afgedruk is. Sy vertaling haal egter nie by die van die *Patriot*-digter nie, hoewel sommige versreëls dieselfde is. Wat veral geprys moet word, is die gelukkige verafrikaansing van die slotreël „Zõe, mou, sas agapö” as „Hartjie, ek het lief ver jou!”

Die jonkman rig nog 'n laaste liefdeswoordjie aan Sannie:

„Voor ek weggaan sweer ek nou:
 Hartjie ek het lief vir jou!”

Veral die tweede koepel, waar die jonkman in vervoering raak oor haar skoonheid, is bekoorlik:

„Ag, die lokies ongebind,
Die heen en weer waai met die wind;
Ag, die wange rond en mooi
Nes 'n perske zag en rooi!
Ag, die oogies, hemelblou!
Hartjie ek het lief ver jou!”

Die maklike gang en soetvloeëndheid, die spontane, suiwer Afrikaanse beelde en die gesonde gees, het almal bygedra om dit een van dié liedjies te maak wat 'n groot bekendheid verworf het en dikwels by geleentheid van bruilof en dans, smaaklik gesing is (Vgl. ook *Afrikaanse Minnepoësie*, deel II, 1921, bl. 108).

Frank Hannan is baie trots op sy mooi nooi, soos hy ons op stereotipe wyse in 'n *Vry Lied* (P., 22 Febr. 1884) vertel. Hy is die romantiese minnaar wat net oë het vir haar utterlike skoonheid:

„Party di sing van perde,
Party van resiesbaan;
Mar ek sing van di mooiste noi,
Wat hier nog het bestaan.”

By elke bal of resies is sy die mooiste dame, en lyk sy soos 'n koningin:

„Met ligte blouwe oge,
Met hare soos satyn,
Haar voetjies net mar alte nou,
Haar hantjies wit en fyn.”

Die Treurige Liefdesgeskiedenis van Constant en Bertina (P., 11 Julie 1879) word deur 'n ongenoemde heel pateties verhaal. Die twee het mekaar innig bemin, maar die ouers belet Constant hulle huis, en nou word hy soldaat. Hy kon egter nie sy liefde te bowe kom nie, en pleeg daarom selfmoord. Bertina sien hom in sy bloed lê:

„Sy roep is jy deur liefde groot,
 So ver gekom tot in die dood?
 Ons liefde maak ons man en vrou,
 Ik blyf jou tot die dood getrouw.”

Daarop neem sy sy bajonet vol bloed” en deurboor haar hart. Die digter knoop ’n lessie hieraan vas vir ouers:

„O Ouwers spiegel jull’ en leer,
 Breek om die *geld* geen liefde meer;
 Daar *liefde* geld te bowe gaat
 En selfmoord is ’n yslik kwaad.”

J. M. voel baie neerslagtig in sy *Afskeidslied* (P., 22 Januarie 1886), want hy vind geen wederliefde by sy „soetlief” nie:

„Vaarwel myn liefste meisi,
 Vaarwel dan myn plesier.
 Vaarwel myn liefste minnares,
 Want ek vertrek van hier.”

Die laaste koepel val heeltemal uit die fyn stemming wat die voorafgaande koepelte geskep het, omdat hy opstandig raak en wil weet: „Wat drommel mog dit wese?”

Geestig is die anti-klimakse in P.H.S. se *Wanhoop van ’n Minnaar* (P., 9 Julie 1886). Hy klae oor die meisie se stuursheid, vlieg skielik op „En gaat — een pypi roke.” Toe sit hy weer en mymer aan tafel:

„Hy gryp ’n mes en siet eers neer,
 En met di yslik moordgeweer —
 Begin hy brood te snyde.”

Die volgende dag loop hy deur die huis en skreeu soos ’n besetene oor verlore liefde.

„Dus dol van drifte overmand,
 Loop hy naar d’stille waterkant,
 „Om — vir pliesier te visse.”

P.J.S. beskik nie oor die talent om sy emosies in sy gedig *Vaarwel* (P., 6 Januarie 1888) op ’n subtiële wyse te verwoord nie, en tog bereik hy ’n heerlike stemming deur die innigheid

waarmee hy sy liefste vaarwel toeroep. Hy is nie skaam vir sy gevoelens nie, en hoe primêr ook al, vertel hy tog wat hy voel:

„Vaarwel myn eigen soetelief!
 Ek gaat hier ver van daan.
 Beween my niet myn soetelief,
 As ek is weggegaan.

Ek sal jou nooit vergeet nie,
 Ek blyf myn soetlief trou;
 Waar ek op aard sal swerwe,
 Soetlief denk ek an jou.”

(e) *Huislike Aangeleenthede.*

Hieronder word verskillende aspekte van die huislike lewe saamgevat, soos geboorte, tandekry, dood en afskeid, skinderpraatjies, die drankewel, boereklagtes, armoede en selfs modes. Swak en banaal is die meeste van hierdie rympies, gewoonlik met die uitgesproke doel om vrolik of amusant te wees, behalwe in die geval van klaagliedere, wat egter selde elegies van toon is. Die minderwaardigheid van die meeste van hierdie rympies regverdig dit nie om al hierdie onderwerpe met voorbeelde te illustreer nie, en ons doen dus net 'n grepie uit die kafhoop.

Soos Tollens die belangrike gebeurtenis van die „geboorte” van 'n kind se tand besing het, het 'n anonieme Afrikaanse digter ook na die lier gegryp toe hy Klein Antji se *Eerste Tand* (P., Mei 1885) gesien het. Die hele gedig is banaal. Die Skepper word ook hier ingewerk:

„Haar Herder blyf haar verder,
 Genadiglik naby!
 Om moedig en voorspoedig,
 Haar tandjies deur te kry.”

Die inhoud van 'n *Skoolkwessi* (P., 23 Julie 1886) is nie belangrik nie, maar die karakterskildering van Ou Koppies is uitstekend. Hy is 'n skinderbek en weet van almal iets leliks te vertel:

„Dis hy wat altyd soetskeel kyk
Syn oge lyk soos doppies.

Kwaad stook is wat hy seer goed ken,
En om mense te bedrieg.
Dis onbeskryfbaar vir myn pen,
Hoe dat di ou kerel lieg.”

'n Onderwyser wou bv. studieverlof hê om verder te gaan studeer, en toe vertel Ou Knoppies dat die predikant hom in die pad gesteeke het omdat hy te ongeleerd is!

Tipiese boereklagtes hoor ons in *Di Arme Boer* (P., 24 Aug. 1883), 'n gediggie waarvan pres. Reitz baie gehou het, omdat dit sangerig is en ook die boer aan ons voorstel met sy gebruikelike jeremiades:

„Di sprinkhaan en di droogte
Is swaar op onse land
En wat van ons moet worde
Is bowe myn verstand.

Ons skape het die brandsiek
En ons koren het di roes,
Di beeste kry rooiwater
En di perde vrek van droes.”

Geld is skaars en die rente hoog, en niemand wil geld leen nie. Aan hierdie klagtes verbind die digter nog sy mislukking om Oom Kootji se dogter te kry, omdat hy so arm is, en sluit sy gedig soos 'n ring deur 'n herhaling van die eerste koeplet:

„Ja — di sprinkhaan en di droogte
Is swaar op onse land . . .

Dikwels het die klagtes betrekking op geldskaarste en armoede en dan word dit die Engelse Standaardbank (bv. P., 18 Julie 1884 en 9 Julie 1886) en die regering ten laste gelê.

Oor die modes kan hulle ook nie uitgepraat raak nie. R.N. het bv. 'n gedig gemaak op *Die Sleeprokke* waarin hy op 'n taamlik oordrewe wyse die spot dryf met die sleeprokke van

die vrouens. Hy neem 'n wandeling deur die strate na 'n buireën, en wat sal hy sien:

„Ik siet voor myn baing strepe,
Van die rokke met die slepe,
Takke, stokke, vullens, mis,
Deur die slepe saam gevis.

'k Dag in onse tyd terdege,
Hoef 'n mens geen straat te vege,
Want so's ik tereg bemerk,
Is dit nou die vrouws hul werk.”

Iemand anders is ook vol klagte oor *Polkahaar, Ottjieskoppe, of Boesmandrag* (P., 9 Julie 1886). Blanco, sê hy, is maar 'n klein plekkie waar die *Patriot* nie in aansien is nie; daar is min Afrikaners, maar hulle aap nog die Engelse modes na. Eers het die meisies gordyntjieskop gedra.

„Nou is daar mos weer iets anders
Iets afskuweliker nog:
Polkahaar of Ottjieskoppe,
Is waarme di nois nou spog.”

Lippetaal is al waartoe die smart oor die afsterwe van dierbares baie digters kan voer. Die beste is W. A. Pelser se poging in *Di Afsterwe van myn jongste Kindje* (P., 13 Julie 1883). Hy kan nie die woorde vind om sy droefheid te vertolk nie, maar onder daardie magteloosheid voel ons die diepte en egtheid van sy lyding:

„Siet myn hart is nou bewo'e,
En met trane in di o'e
Siet ek nog myn kleinste aan,
Di ver altyd weg moet gaan.”

Dit breek hom om sy lieflingskind so te sien ly, maar dan beroep hy hom op God se liefde en dit bring berusting, ook die gedagte dat sy by God veilig sal wees.

As 'n voorbeeld van hoe banaal en onelegies die vermeende klaagliedere soms kan wees, siteer ons ten slotte die aanhef

van *Op di Afsterwe van myn geliefde Vrou Alettha Jacoba Vermeulen* (P., 4 Julie 1884), waarin dit lyk asof die rymelaar God by ons aanklae:

„Kom vrinde, kom en hoor hier aan
Wat het di Heer an my gedaan.”

Op op rym *kop*, daarom heet dit:

„Myn troos is weg, myn goed is op,
Myn vrou is dood op Wolwekop.”

HOOFSTUK VI.

GEDIGTE UIT ONS KLYNTJI.

Hier word dié gedigte behandel wat oorgebly het nadat die digwerk van die hoofpersone bespreek is. Ons volg dieselfde manier van behandeling as by die oorgeblewe *Patriot*-gedigte, en om dieselfde redes.

1. VERTELLINGS.

Smaaklik vertel F. in *Oom Gert en Syn Graaf* (Okt. 1896) hoe Oom Gert een donker aand 'n graaf vir 'n Kaffer wat wou inbreek, aangesien het, en besluit sy ondeuende storie met 'n sangerige vers:

„'k Hou baie van oom Gert en syn dogter daarby,
Mar tog van syn hart en syn grappiis di mees;
En mog hy weer eens met 'n graaf gaan bakly,
Dan wens ek van harte daarby oek te wees.”

S. A. du Toit se verhaal van *Neef Gerri* (Febr. 1897) se ongeluk op 'n bruilof is maar taamlik flou. 'n Groot teenstelling daarmee vorm die geestige vertelling van A. G. Visser, wat reeds in *Ons Klyntji* sy eerste digproewe gelewer het: *Oom Fani Brink* (Junie 1897) — 'n poging wat heel tipies is van die latere werk van hierdie beminde digter.* Sy humoristiese aanleg kom reeds hierin tot uiting.

Oom Fani Brink was 'n wewenaar, en elke Sondag gaan hy gereeld kerk-toe. Terwyl die predikant die tien gebooe lees, maak hy allerlei aanmerkings in sy gedagtes, maar skielik sien hy Annie Smeer onderwyl die predikant die agste gebod lees:

*) A. G. Visser se gedigte uit *Ons Klyntji* is herdruk in *Afrikaanse Gedigte* (1876-1906). *Oom Fani Brink* is ook in *Die Huisgenoot*, 21 Junie 1929, herdruk.

„Jy moet ni steel ni,' — sê meneer
 Daar kyk oom Fani fir Anni Smeer,
 En trek syn oog so effe skeel
 As of te sê ,Jy het gesteel;
 Tog is jou sonde ni so swart ni
 Dit is niks meer ni as my hart ni!"

Die predikant preek oor die misbruik van drank, en dan val Oom Fani Brink in slaap en droom dat hy met Annie Smeer voor die preekstoel staan. Op die bruilof was daar volop drank:

„Drink, Kerels, drink! En wens my nog
 Goeie Rys! Dit is myn laaste tog!
 Di laaste maal wat jul oom Faan
 Di huweliks-botji siin ingaan;
 Toe, Kerels! di gesondhyd weer

Fan myn klyn froutji Anni Smeer!!'
 Dit sê hy net so hard hy kan;
 Di hele Kerk di dreun daarfan..."

Al die mense kyk verwonderd na hom, en dan begryp Oom Fani wat gebeur het:

„En Anni Smeer — ô eewig spyt!
 Di is hy nou fir altyd kwyt."

Ook die redakteur van *Ons Klyntji* was hoogs in sy skik met hierdie gediggie: „Di Nefi het anleg," sê hy, „en moet meer gedigte stuur asseblief."

J. v. W. se grappies wat hy met sy vriend aangevang het, volgens sy vertelling *Neef Frans en di Kraai* (Sept. 1897), is souteloos. Klugtig is die ervarings van Klaas in *Di Aandeelhouders* (Julie 1898) deur Hermingard. Klaas het 'n aandeel in 'n koei geneem, maar na die saak beklink is, moes hy ontdek dat hy die voorste helfte gekry het. Die ander aandeelhouer kry die melk, en Klaas moet die voorste deel voer gee. Sy deel beseer die ander aandeelhouer en hy moet skadevergoeding betaal:

„Klaas moes fyftig pond opdok,
Was daardeur ferlos,
Fan di koeiandeel en — Piit,
Mar dit 't geld gekos.”

'n Ongenoemde het in *Klaas Geswint* (Aug. 1898) 'n dergelike gedig van pres. Reitz op 'n afstand nagevolg. Dit is egter nie net 'n Hottentot wat van plesier hou nie, want in *Ons Nuwejaar* (April 1899) klae Willem Leonard van Heilbron dat die jongmense baie swaar kry:

„Di ou mense di is so froom,
En hou ons jonges in di toom . . .
Fans-lewe nog toen hul jonk was,
Toen dans hul op 'n stywe pas.”

Maar die jongspan het genoeg pret gehad daardie Nuwejaar, want die lewe is maar kort, sê die digter:

„As ons daar in di graf dan lê,
Dan kan ons nageslagte sê:
Daar leg hy in di dipe gat,
Mar tog hy het plesier gehad.”

2. TEMAS.

(a) *Taal*.

Die Afrikaners het nou nie meer so vurig gestry vir hulle taal nie — dit bewys die afwesigheid van die vlammende gedigte in *Ons Klyntji*, waarvan so baie gedurende die eerste jare in die *Patriot* verskyn het. P. P. Spies het 'n gemoedelijke rymple gemaak op *Ons Afrikaanse Taal* (Des. 1897), waarin hy op 'n selfgenoegsame wyse uitwei oor die „deugde” van Afrikaans:

„Want Afrikaans is plat en rond,
En groei mos goed op yge grond.”

Ook A. Kruger het seker by niemand bewondering opgewek vir Afrikaans nie, want met sy naïewe gerym oor *Di Afrikaanse Taal* (Maart 1898) het hy eerder die vyand 'n stok in die hand gegee:

„Afrikaans in ons hart,
Dit gé ons gen smart;
Afrikaans fan ons jeug,
Dit gé ons mos vreug.”

Die redakteur het maar ongeveer alles geplaas wat sy lesers gestuur het! Dit verleen toevallig ook 'n sydelingse blik op die agteruitgang van die Beweging teen die einde van die neëntiende eeu. Hierdie agteruitgang val beide wat hoeveelheid en gehalte betref, sterk op. Die lewewekkende gees, die strydvaardigheid vir die nasionale goedere, is weg, en daarom mis hierdie poginge alle besieling en ontroering, wat, hoewel swak in die *Patriot*, tog aanwesig was.

(b) *Nasionaliteit.*

Dit was die beleid van *Ons Klyntji* om politiek uit sy kolomme te weer, maar dit was tog nie altyd moontlik nie. Die Jameson-inval is in twee gedigte sterk veroordeel deur C. P. Hoogenhout en Volbloed Afrikaner. Laasgenoemde is bitter sarkasties in sy gedig *Di Infal fan Jameson en syn Rowers-bende* (April 1896) en spottend gesels hy met „Jiem syn Seun,” wat so'n dwase ding gedoen het:

„As pilledraaier 's jy geleer, mar ni as krygsman, né;
En kyk, daar deuskant Judasburg is kommandant Cronjé!

Jy trek van Pitsan spog-spog fort, tot net by Doringkop,
En daar word jy deur Tagtig man mooi in jou vaart gestop.
Jy bring met jou 'n grote mag en maxims oek nog mé,
Dit alles baat mar wynig, Jiems! teen rifles van Cronjé.”

Verwyttend herinner die digter „Jiem syn Seun” daaraan:
„Jy wou met Phillips en syn Jacks Transvaal mos kom regeer!
Di oproer en di knoeiery werd met di tronk vereer!”

Die gebeurtenisse neem hy weer in oënskou, en raai „Jiem syn Seun” aan om Oom Paul maar die land te laat regeer. Deur sy vurige verontwaardiging is Volbloed Afrikaner heel oorspronklik in sy bytende spot. Sy verse het 'n gladde, deinende maat. Daar is gang in die verhaal; vol afwisseling volg die gebeurtenisse mekaar op. Besonder fyn is die spot waar

Cronjé die Engelsman (die „pilledraaier”) met „rifles,” dus van Britse fabrikaat, oorwin.

Hierdie flinke gedig doen gladnie onder vir die beste historiese poësie uit die nasionale periode van die *Patriot* nie. Hoe ver *Ons Klyntji* van die ou paaie afgedwaal het, bewys die feit dat op die Taalkongres van 1897 sommige afgevaardigdes beswaar teen hierdie gedig geopper het. Tog kan dié soort gedigte moeilik geweer word, want die meesbewoë tydperk in die Afrikaner se geskiedenis het met Jameson se inval begin. Die lug was swanger aan gebeurtenisse en baie persone het reeds die Tweede Vryheidsoorlog in die verskiet gesien. So waarsku O. F. Lengenhager van Groenvallei, Bethlehem, in sy gedig *Eendrag maak Mag* (Maart 1897) die Vrystaters om saam te staan:

„Want hy (Engelsman) loer lank al na Transvaal,
Om tog di goud te kry;
En as hy eers di Vaalpens het,
Dan is ons tyd verby.

Dan sluk hy oek di Vrystaat in,
Of ons nou wil of keer;
En ons sal op ons oue dag
Dan engels nog moet leer.”

Die onbeholpenheid in uitdrukking en die rykdom aan stoplappe moet ons verklaar uit die feit dat die digter geen gebore Afrikaner is nie. Hy skryf aan die redakteur: „Bygaande gedig indien bruikbaar, geluwe te publiseer, na dit te korriseer. In di beoordeeling daarfan geluwe in anmerking te neem, dat ek uit Switserland afkomstig is en in '86 na Afrika komende gen woord Hollans of Afrikaans kon spreek ni. Di bitji wat ek nou ken, het ek uit myn eige geleer sonder enige boek of taalkunde. Myn hart is egter goed Afrikaans, en ek hoop myn kinders as ware Afrikaners op te foede.”

J. V. spreek dit in sy gedig *Suid Afrika* (Okt. 1897) as sy oortuiging uit, dat die Engelse graag ons land wil hê, omdat dit so mooi en ryk is. Jameson het alreeds probeer om Transvaal met lis te verower.

„Mar kom di Jingo rowerrot
 Weer om ons te ferslaan,
 So smeeek ons nederig tot God
 Om an ons sy te staan.”

Eindelik het die Tweede Vryheidsoorlog dan losgebreek. Die redakteur wou geen gedigte plaas wat uiting gee aan die haat vir die vyand nie, en daarom is die oorlogsgedigte in *Ons Klyntji* heel gematigd. Ná die oorlogsverklaring verskyn daar 'n paar sentimentele afskeidsliedere, vol weemoed en trane. In haar *Oorlogslid* (Okt. 1899) ween J.B.F. saam met twee geliefdes wat mekaar vaarwel toeroep. Pateties is die klag van *Di Sterwende Wees op di Slagfeld* (Nov. 1899):

„Moederliif, ek sterf tefrede;
 Mar myn h  rt breek net o'er jou,
 En sterwend is myn laaste bede:
 „Ag, wi sorg fer Moeder nou?”

Hartroerend, hoewel ietwat sentimenteel, is die *Faarwel* (Des. 1899) van 'n jong Kolonis by sy vertrek na die oorlog, aan 'n Transvaalse meisie om wie hy 'n Transvaalse burger geword het. Die lied is op musiek geset en kan gesing word op die wysie van „Ah! che la Morte” uit Verdi se opera: *Il Trovatore*:

„Ek gaan nou na di oorlog, en keer fandaar nooit weer,
 Faarwel fer altoos; faarwel fer di laaste keer.
 Faarwel, faarwel, faarwel, Mari! Vergeet my ni!
 Ontfang myn groete nou fer die laaste keer.
 Faarwel, faarwel, faarwel Mari, Fergeet my ni!
 Fergeet my ni!”

'n Ongenoemde het 'n *Gebed om Frede* (Febr. 1900) gedig op die wysie van *Nader Thuis* in Sankey se Kinderharp. Hierdie gedig munt uit in sangerigheid, en die gebedstoon is heel goed getref.

Di Ontset fan Mafeking (Mei 1900) het tot baie ontevredenheid aanleiding gegee, want in hierdie gedig word die Engelse as verlossers gehuldig en die Boere as die verdrukkers voorgelou. Die doel van die gedig was eintlik om die ellende

in 'n vrouelaer te toon: 'n moeder sit daar met haar uitgeteerde kindjie wat tevergeefs om verligting smeek; langs haar lê haar man gewond. Die toon van die eerste verse is week, om in die slotvers tot uitbundige vreugde oor te slaan.

Helde uit die oorlog is besing, soos 'n *Dappere Generaal* (Junie 1903) bewys. Die gedig het betrekking op De Villebois, die Fransman wat naby Boshof gesneuwel het. Die digter bring op 'n paslike wyse hulde aan De Villebois, wat nie net geld vir die Boere en hulle saak gegee het nie, maar selfs sy lewe:

„Jou heldemoed, o Villebois,
Het ons in stryd, ge'eer;
Mar by jou heldegraf gekniel,
Fereer ons jou veel meer.

Di graf sal immer hiir getuig:
„Hy stierf gelyk 'n held!
Fer onse vryheid en ons folk
Rus hy hiir in ons feld.”

Hierdie gevoelvolle gedig is onderteken deur G. F. Dannhauser, maar in die uitgawe van Augustus 1903 klae die redakteur: „Dit word tot myn kennis gebrag dat di gedig o'er Generaal Villebois, wat ek laas gepubliseer het, 'n naging is fan 'n gedig gemaak deur o'erlede Mnr Charlie Kestell kort na di dood fan Villebois en in di *Express* gepubliseer was; maar di insender an mij het di bron ni erken ni, soos al meer gedoen is. Dit spyt mij . . .”

Iemand het op Ceylon 'n paar maande voor die vrede gesluit is, 'n gawe gedig gemaak ter ere van *Krisjan de Wet* (Jan. 1904). Dit is gestel in die vorm van vraag en antwoord, om daardeur die heldedade van Generaal De Wet te roem. Die digter is gladnie oordrewe in sy bewondering nie, maar opreg. Dit sou 'n heerlike lied gewees het om op kommando te sing, want dit besit 'n marsritme, en die basstemme kan telkens die slotreël herhaal: „Dis Kristian de Wet; dis Kristian de Wet.”

„Wi noem jy wel 'n flinke fent?—De Wet.
 By Boer en Engelsman bekend?—De Wet.
 Wi het Jan Boel so faak ferras,
 Syn tryn en manne anetas?
 Dis Kristian de Wet; dis Kristian de Wet.”

Die redakteur was egter nie tevrede met hierdie gedig nie :
 „Ek moet weer ferklaar dat ek bostaande liid opneem as 'n
 gedenkstuk fan di oorlog en omdat dit enige digterlike waarde
 het; mar ni om di oorlogsfuur gaande te hou ni. Ek wil egter
 duidelik laat ferstaan dat ek ni sal fortgaan met sulke gedigte
 op te neem ni want anders frees ek sal di ander kant fer hulle
 ook wil laat hoor.”

In sy beste oomblikke is J. F. Kastein 'n ware digter met
 'n mooi siening en segging. Maar dan kom weer die moerasse
 vol rymelary, stoplappe en alledaagsheid. Sy ondervindings op
 sy *Rys as Krygsgefangene* (Sept. 1903) vanaf Durban na Tri-
 chinopoly in Voor-Indië, van 15 Mei tot 4 Junie 1901, is realis-
 ties vertel. Op 'n heel eenvoudige wyse slaag hy daarin om sy
 gevoelens te vertolk, om ons te laat deel in sy afskeidsmart:

„Di dag verdwyn, di son daal neer,
 Di ankers word gelig . . .
 Reeds wyk di kus, 'n bang gevoel
 O'ermeeester iders hart;
 En selfs op dek, in druk gewoel,
 Gevoel elkeen sy smart,
 ,Faarwel, o alte diirbre strand,
 Waaran myn bloed nog hang!
 Faarwel, jy diep vernederd land,
 Waarna myn siil ferlang!
 Faarwel, geliefde frou en kinders!
 Faarwel fer onbepaalde tyd!”

Na veertien dae kom hulle in Ceylon aan en digterlik
 word hy by die aanblik van die eiland — hy gebruik selfs 'n
 beeld, al is hierdie beeld retories:

„Heerlik mooi ferhef sig d'yland,
 Soos 'n pèrel der natuur,
 Deur di wester son geblaker
 In di late middaguur.”

Hier stap 'n honderd van die krygsgevangenes aan wal, en die ander stoom verder na die stad Madras. Kastein het 'n sin vir humor; kyk hoe kostelik beskryf hy nie die „verwelkoming” nie:

„Boers! — The Boers are coming!
 Al wat leef is op di been:
 Lydiis, gentlemen en koeliis,
 Almal skaar sig om ons heen,
 Seer nuwsgirig, fol ferbasing,
 Kyk elkeen syn oge uit;
 Want di Boere is mos monsters,
 En hul woede thans gestuit.”

P. J. Terblanche beskryf ook sy ondervindings in *Di Serys en di Diyatalawa Kamp* (Nov. 1903), maar vergeleke by die vorige gedig, is syne 'n minderwaardige rympie met die verstand aanmekeer geknutsel.

Fer Fryhyd en Reg (April 1904) deur 'n ongenoemde, styg enigszins bo die alledaagse uit deur 'n digterlike segging en verhewe gevoel; manlik kyk hy die noodlot in die oë, want ten spyte van die treurmars, weet hy dat sy volk veg „fer fryhyd en reg.”

„Ons hys dus di faandels, ter eere gewyd
 An d'lewe der helde gefeld in di stryd;
 Hul stry mos en ly mos en ge mos hul bloed;
 Bestorm mos die sterkte des fyands met moed;
 Di stryd is des Heeren, di sege gewis,
 Al werd oek di lot fan so fele beslis;
 Ons droog dus di trane, na ider gefeg,
 En seg: „Hul 's gefalle
 Fer fryheid en reg!”

W. M. Leonard van Frankfort neem dieselfde tema vir sy gedig *Gesnuwel fer Reg* (Junie 1904), en hoewel daar 'n tikkie sentimentaliteit is, gee hy tog 'n getroue opsomming van almal wat „fer reg” gesnuwel het:

„Hoe is tog ons helde in grote getal
 Op Afrika's gronde fer fryhyd gefal!”

'n Laaste oorlogsgedig in *Ons Klyntji* het verskyn in die uitgawe van Oktober 1905: *Die Rid van 'n „Lafaard”* deur D. P. du Toit („Oom Dawie”). Hoewel die rym dikwels die gedagte bepaal, kry ons in hierdie lang vertelling af-en-toe 'n glansplekkie, 'n mooi versreël of 'n beeld. Die digter werk op na 'n klimaks en so dramaties is die geskiedenis verhaal, dat ons die gebeurtenisse met spanning volg. Du Toit slaag daarin om die siel van die „lafaard” aan ons bloot te lê, want in werklikheid was Nielen du Plessis geen lafaard nie! Hy jaag onder 'n koeëltreën in om 'n belangrike boodskap aan Generaal De la Rey te bring, en word dodelik getref:

„Die ‚Lafaard’ deed syn plig, getrouw tot in di dood;
En het ver Vrijheid en fer Reg,
Sijn jeugdig lewe daar verpand;
Ook ver zijn Volk en Vaderland!”

As ons nou die oorlogspoësie van *Ons Klyntji* vergelyk met die van die Tweede Beweging, dan merk ons dadelik, behoudens enkele uitsonderinge, die verskil tussen rymelary en kuns. Maar sommige van *Ons Klyntji* se oorlogsgedigte toon tog dat daar tussen die jare 1896 en 1906 'n duidelike oorgang is van rymelary tot kuns.

(c) *Godsdiens*.

Net soos in die geval van die *Patriot*, het die stigtelike gedigte in *Ons Klyntji* weinig letterkundige waarde. Die digters is nie waaragtig ontroerd nie, en die vooropgestelde tendens is tog te deursigtig. Met die verstand soek die „digter” die nodige rymwoorde om die inhoud van die vers daarvolgens te skik. Nêrens is daar enige frisheid nie. So het S. A. du Toit baie te sê na aanleiding van *Di Swaweltjiis* (Des. 1896) wat 'n nessie in die skoolkamer gebou het.

„Di klyne Swaluws hiir so ryn
Gé ons 'n voorbeeld groot.”

Ons moet naamlik saamwerk en nooit rusie maak nie! O.V.G.S. het dit as sy roeping beskou om aan die lesers van *Ons Klyntji* op rym stigtelike lessies te leer. As 'n tipiese voorbeeld kan ons neem sy *Ses Raadgewings* (Aug. 1899),

waarin hy hulle aanmaan om nuttig, nederig, tevrede, spaarsaam, eerlik en eerbiedig te wees:

„Daar's myn rympi nou myn frinde,
Handel nou mar net daarna,
 Ek's tefréde as dit tog mar,
 Skoon slegs wynig frug gaan dra.”

Die mooiste godsdienstige gedig in *Ons Klyntji* is sonder twyfel *Engel fan Frede* (Junie 1900). Bekoorlik is die gewyde toon en stemming, die egtheid van 'n siel wat om vrede bid:

„Engel fan Frede; eens gedaald, met spoed
 In Bethlems feld met snelle faart,
 Wil nog eens nederdaal
 Uw liid herhaal,
 Herhaal di sagte fredegroet;
 Rys Fredester, weldra
 Bestraal Suid Afrika!
 Besoek ons land,
 Fredesgesant.”

Die orige godsdienstige en stigtelike gedigte kan ons buite beskouing laat, omdat hulle flou is.

(d) *Liefde en Verliefderigheid.*

Die grootste aantal gedigte in *Ons Klyntji* staan in verband met die liefde. Daar is egter weinig suiwer minneliedere, en onder hierdie minneliedere weer weinig wat ons deur egtheid van gevoel ontroer. 'n Groot aantal van die liefdesgedigte vertel komieklike vrystories of gee 'n beskrywing van 'n bruilof en die „sheep skin”-dans wat daarop gevolg het.

(1) *Minneliedjies.*

Die beste minneliedjies vind ons in die eerste jaargange van *Ons Klyntji*. Gevoelvol en innig roep J. Blomerus van Napier sy ontrou-geworde meisie 'n laaste *Faarwel!* (Febr. 1897) toe. Sy ontroerde gemoed bring ons onder die indruk van sy liefdesmart, en digterlik word hy as hy haar met die blomme vergelyk:

„Jy was gelyk 'n rosi
 Wat haas moet ope gaan;
 Jy was gelyk 'n leli,
 Wat tussen dorings staan.”

Hy probeer berus en grootmoedig wees, en wens haar 'n gelukkige toekoms toe, maar in sy siel brand, die afskeidspyn:

„Di woord ‚faarwel’ is pynlik,
 Di skyding self nog meer.
 Faarwel, myn seer geliefde!
 Faarwel, ek klaag ni meer.”

Net soos in die geval van *Hendrik en Wilhelmina* (Sept. 1899) moes die redakteur ook dokter aan die *Minnelidere* (Febr. 1900) van J. J. L. en J. Hsn. Sommige was „bo (s)yn fuur-maakplek,” en tog is *An myn Teerbeminde* een van die mooiste minneliedere wat in *Ons Klyntji* verskyn het. Verliefderig en teer word die beminde aangespreek in die maanligstemming:

„Kyk hoe lieflik skyn di maan daar
 Deur di wolkiis in di nag;
 Kyk hoe frindlik blink di sterre,
 Nes hul toestem met 'n lag.
 Niemand luister as die blomme;
 Kyk hoe loer hul, skelm en skaam;
 Dit is of hul saggis toeknik,
 Liefste, as ek noem jou naam.”

Rikkerf van Dordrecht is baie menslik en doen die gewone beloftes aan sy geliefde toe hy haar gevra het om haar hand in sy *Minneliid* (Julie 1901). Plegtig verseker hy haar:

„Eeuig sal ek u beminne,
 Dit beloof ek thans foor God;
 Na gen ander streef myn sinne
 In jou liefde rus myn lot.”

Verder noem ons onder hierdie rubriek 'n eenvoudige, maar innige en bekoorlike liedjie: *Uitnodiging ter Bruihof* (Sept. 1904):

„Mag ek jou ferwagte
Op myn bruilofsdag?
Laat my frindlik wete
Of 'k jou wagte mag?”

Hoewel die minneliedere verreweg die meeste in aantal is, is hier meer kaf as koring, en wat die res betref, kan ons volstaan met net 'n paar verwysinge. Die doelbewuste soeke na rymwoorde versteur die stemming van die *Klaagliid* (Maart 1897) van 'n meisie in haar liefde verlaat. Op stereotipe wyse bieg E. C. Dry sy liefde *An myn Liwe Jakoba* (Junie 1897). Sentimenteel en melodramaties is F. Nesor se verhaal van *Di Treurende Minnares* (Julie 1897).

A. van Wyk van Kenhardt is uitgelate van vreugde, immers

„Ons land is mooi, ons land is groen,
Di jonkmans lag, di noiens soen.” (Mei 1898).

Die swaar tye is nou verby, en die jonkmans soek weer vrouens. Langs die Grootrivier is op één dag nege pare getroud, sê hy.

Om twee voorbeelde van banale rymelary te gee, noem ons eers J.R. se *Treurende Minnaar* (Nov. 1900):

„Ons Klyntji, — Ek sit nou te treur
Net soos 'n klipsamander,
Want Minni's fan myn hart geskeur
Deur kwaadpraat fan 'n ander.”

Nou volg nog twee verse uit John G. Roos se *Die Kreupel Fryer* (Sept. 1897):

„Frinde, kom, en hoor hiir aan
Hoe dit het met my gegaan.
Kerels, jul moet my betreur
Hoor wat met my is gebeur ...
Ek was regte angedaan,
Toen ek haar fan my siin gaan.
Di dag sal ek nooit fergeet,
Al word 'k witter as 'n beet.”

(ii) *Vrystories.*

Ons eerste skrywers het 'n menigte vrystories in prosa vertel, maar baie van die lesers het hierdie stories berym, en dit is gewoonlik 'n grappige verhaal oor hoe die vryer gepier is. Hy was altyd 'n plaasseun.

J.L. geniet dit om ons in te lig oor *Hoe Neef Tys in syn Jong Dae gevry het* (Jan. 1898).

„'n Mansmens kry di nuk fan fry,
Net soos hy goed 'n perd kan ry,
'n Froumens kry dit oek mar gou,
Ja foor sy nog 'n huis kan hou.”

So het dit met Tys gegaan: hy was nog nie behoorlik droog agter sy ore nie, toe gaan hy een aand vir Sanni kuier. Langs die pad het hy egter 'n ongeluk gehad, en loop boonop nog 'n bloutjie by die nooi.

Goliath steek weer die draak met Neef Zakki in *Kalwerliefde* (Julie 1900):

„Neef Zakki was nog feuls te jonk
Om reeds as fry'erman te pronk,
Mar tog wil hy na Lammi fry
Waar hy dan dikwils na toe ry.”

Die twee was net danig met mekaar en noem mekaar reeds „man” en „vrou.” Sewe jaar later is Lammi aangeneem, maar toe Zakki weer vir haar gaan kuier, merk hy onraad:

„Daar kry hy toen fer Sampi ook,
Wat met oom Diki saam sit rook.”

Stilletjies het Zakki maar weer weggesluip, verleë en asvaal.

D. J. Fouche en J. D. du Plessis klae in *Di Ohrigstad Mysiis* (Sept. 1904) dat die Kakies gedurig van die meisies omkonkel, en altyd moet die Boere maar verder wyk. Hulle is bly dat hulle nou na Rosenkrans kan gaan, want daar is die vyand nog nie. Fyn is die siening van die nooiens wat nou in gelid loop:

„Di noointjiis fan wyk Ohrigstad,
 Hul loop met seksiis in di pad.
 Hul rokkiis is so op 'n plooi
 Dit is fer ons tog alte mooi.”

(iii) *Bruilof.*

In aansluiting by hierdie vrystories kry ons die gedigte waarin van een of ander bruilof vertel word. Een van die kostelikste bruilofsfeeste is *Op Hartebeesfontyn* (Nov. 1898) gevier, en Pikkedel is 'n meester in die geestige beskrywingskuns. Plat-boertig maar skilderagtig en vol beweging is sy voorstelling:

„Was jy ooit by 'n ‚sheepskin‘ dans?” vra hy. Indien nie, dan sal hy van een vertel. Jors Vlek, Rooi Waldek en hy het na Hartebeesfontein gery, en dadelik moes hulle die gesondheid drink. Oom Faan het soos 'n perd gedrink en jy kon hom naderhand met 'n veer omslaan. Toe begin die „sheepskin“-dans:

„Di miirshoop floor was glad geskuur,
 'n Fetkers brand daar teun di muur, op Hartebeesfontyn.
 Klyn Tjaart se Tjaart speul dat dit gons
 Wals, Riil, Sattees en Kotiljons, op Hartebeesfontyn.
 Ons dans toen dat di stof so staan;
 Rooinip loop los voor in di baan, op Hartebeesfontyn.”

Tjaart laat die „kerskas kraak” en hy hou aan op „'n honde-draf” —

„'n Wa-wiil hiir, 'n koes-koes daar,
 Ons slin'r di mysiis hot en haar, op Hartebeesfontyn.”

Rooinip lei nog steeds en „sif fer Fieta dat dit wip,” terwyl die bruidegom al swel van woede oor die bruid se uitspatlikheid, met Rooinip. Skielik word die kers doodgeblaas en Rooinip soen vir Fieta „dat dit so klap.” Maar die bruidegom het stormgeloop en vir Rooinip driemaal platgeslaan. Haastig het die klomp weggevlug, en

„Foor jy kon sê ‚knipmes‘ was ons,
 Fêr weg fan di takhaar gegons op Hartebeesfontyn.”

„Di Swits” is ’n langdraderige en omslagtige, maar tog nie onaardige verteller nie en kan die atmosfeer van die boerelewe treffend suggereer. Hy spot fyntjies met homself in *Di Twefontynse Bruilof* (Mei 1899), en doen noukeurig verslag van alles wat daar by dié geleentheid plaasgevind het. Min digters kon so vlot rym soos „di Swits.”

Halfpad het hulle die bruidegom en bruid gaan ontmoet, en ai, maar so’n koetsier kon swierige Kaapse draaie maak. Maar die heerlikste was die feesmaaltyd — „Di meeste eet di Swits.” Op waardige wyse het hy die jong paartjie gelukgewens:

„Dat hul steeds getrou moet wees,
Ni steun op yge krag;
Want ons is tog mar al di tyd
’n Hulpeloos geslag.”

Die vrolikheid het egter gou losgebars toe die „akkorjon steun,” en hulle het gedans van Dinsdagmiddag tot Woensdag met hoenderkraai.

„Di Swits het oek syn bes gedoen,
Hoewel hy min ferstaat;
Mar hy moes mees allénig draai,
Hy kry mar min ’n maat.”

Daar het nog ’n paar verslae van bruilofsfeeste in *Ons Klyntji* verskyn, maar almal vertel ongeveer dieselfde storie, en geeneen haal by die Hartebeesfonteinse bruilof nie.

(iv) *Gemengd.*

Onder die liefdesgedigte van gemengde inhoud, is daar die gebruikelike waarskuwingsgedigte. J. J. H. rig bv. ’n ernstige *Waarskuwing an Mysiis* (Nov. 1897), maar hy behoort vooraf te weet dat sy raad nie opgevolg sal word nie:

„Mysiis, pas fer fryers op!
Steek jul nek ni in di strop!
Word di strop eers fasgeruk,
Klaar is fryhyd en geluk.”

Hy gee hulle voorwaar nie 'n rooskleurige beskrywing van die getroude lewe nie: hulle moet gedurig potte skuur en klere lap, terwyl die man rondflenter.

„Skaars een tawwert in die jaar
Kry jy, skone oek net een paar.”

Ou Kluit hef ook 'n *Klaaglied fan di Jonkmans* (Aug. 1897) aan, en hoewel sy gedig weinig aantrekliks besit, tref ou Kluit ons deur die beeldspraak aan die veld ontleen:

„Met ons gaan dit tog al te swaar
Ons is al uitgeteer en ma'er.
„Franki' lyk nes 'n faal korhaan,
Wat na di ou kant toe gaan.”

Johnni se gesig is weer so vol plooië soos die van 'n mofram, terwyl Egbert se mond skeef getrek is:

„Dit is fan al di Engels praat
Wat syn mond nou so skeef staat.
Dit lyk nes 'n slagyster, wat
O'ermekaar slaan foor in di gat.”

Hulle het dan heeltemal bedorwe geraak op die Engelse skole sodat hulle net wou Engels praat toe hulle weer op die plase kom; vir plaaswerk was hulle handjies glad te fyn. Met die plaasnooiens wou hulle ook niks te doen hê nie. En wat is nou die gevolg?

„Nou ja, ons kan ni frouens kry,
Al gaan ons oek 'n maand lank fry ...
Ons foel nou nes 'n ysterfark
In helderdag daar op die mark.”

Die meisies het hulle ook nie onbetuigd gelaat nie, bv. in *Klaaglied fan di Mysiis* (Junie 1897).

Elders het ons reeds 'n gedig van A. G. Visser bespreek: *Oom Fani Brink*. Tipies van Visser is ook die gesprek oor 'n *Saak het twe kante, of Samespraak tussen Jan Angeneem en Klaas Afgese, o'er Sarie Takhaar* (Des. 1896). Jan noem al haar goeie eienskappe op, maar Klaas betwis dit elke keer, en is lank nie mild in sy opmerkings nie.

„JAN:— Sy het 'n fraaie neusi,
 So fraai as mar kan kom.
 KLAAS:—Ek moet jul sê dis daarom
 'n Bitji baing krom . . .
 JAN:— En dan sy 't mooie handjiis,
 Ja wonder skoon en fraai.
 KLAAS:—Dis jammer dat hul skurf is,
 Soos pote van 'n kraai.”

Die Eerste Fersoek fan Japi an syn Frou deur Visser
 (Julie 1897) verdien om in sy geheel hier afgeskryf te word:

„Kom hiir, myn siilsbeminde!
 Kom sit hiir op myn kni;
 Ek wil fir jou iits frage,
 Mar né sê moet jy ni.

Jy weet ek min jou hartlik,
 Ek wil fir jou iits frage,
 Dus, doen fir my 'n iitsi,
 Ek fra dit assebliif.

Daar laat sig niks bedenke
 Wat 'k ni fir jou sal doen,
 Jy weet dit mos, ou hartji,
 Kom gé my eers 'n soen;

En leg jou sagte handji
 In myne hiir. En dan —
 Gaan haal 'n naald en gare
 En werk my broeksknoop an.”

(e) *Klagtes.*

Anders as wat dit die geval was met die gedigte in die *Patriot*, tref ons in *Ons Klyntji* 'n hele reeks jeremiades aan, en sommige erg tranerig. Die gróotste sondebokke was die boere, want sodra die droogte, sprinkane of runderpes te straf word, dan hef hulle 'n selfsugtige, prosaïese klaaglied aan. Is die plaë verby, dan swyg hulle; aan hulle vreugde in tye van voorspoed gee hulle nie uiting nie. Hierdie donker geweeklag

het selde uitgestyg tot iets meer as rymelary, soos J. S. bewys met sy vermaning: *Ferneder jou onder Gods hand* (Julie 1896):

„Ja, Afrika, jy mag wel buk!
Di hand is swaar, wat op jou druk
O'er alles wat hier is gebeur,
Mog wel ons folk hul harte skeur.”

'n Ongenoemde wil in *Afrika's Klagte* (Sept. 1896) van God weet waarom ons land die stiefkind is en gedurig met plaë besoek word:

„Dorre flaktes, waar di oog mog stare;
Niks as dorre gras en bos en steen,
Waarom is ek as met vloek belade?
Alle lande ging rondom my heen.”

Ds Du Toit het die klaer op die keersy van die penning gewys en Afrika geroem as die heerlikste land ter wêreld:

„Waar op aard is nog di lug so helder,
En gesond as in jul suider-oord?
Vrugbre wingerd ful fol wyn jul kelder.
Kyk hoe hang di vrugte an julle boord.”

S. van Postmasburg som al die ellende op wat veroorsaak is deur *Runderpes Kwarantyn* (Febr. 1897), net soos 'n ongenoemde in *Landsplage* (Nov. 1897), terwyl S. Venter weer die lot betreur van *Di Arme Grenswagter* (Jan. 1898):

„Ons lewe hiir is ruw en ros,
Met biltong, milipap fer kos.”

'n Minder donker stemming is vervat in die woorde wat „'n Leerling fan di Gedenkskool” tot die klaers rig in 'n *Opbeuring of Anmoediging* (Maart 1898):

„Liwe Frinde, landgenote!
Dit is swaar om mens te wees,
En dat jul di moed sal opgê;
Dit is al wat ek foor frees.”

(f) *Allerlei.*

Hieronder wil ons nog twee temas tuisbring: die kleur-
linglewe en die natuur.

P. d. T. het 'n oulike gediggie gemaak: *Dronkltji fan 'n Masbiker* (Nov. 1896), waarin hy op 'n komiese wyse die Masbiker laat vertel hoe hy te diep in die bottel gekyk het toe sy nooi hom na die strand gestuur het om vis te koop. Tipies is die taal, die herhalings en die gehakkel. Hy het in 'n kar vasgeloop, en wou saamry.

„Ek hettekeloop ná myn nooi-se huis,
En ek hette keval in myn nooi se kombuis.”

Sy straf het nie uitgebly nie:

„Myn nooi hette kefat 'n tamaije osseriim,
Myn nooi hette keslaan soos ek nooit nie hetkesiin,
Myn nooi isse baing kwaai, myn nooi isse baing kwaai,
Myn nooi hy spook hard, hy maak grote lawaai.”

Die skoonheid van die natuur het ons eerste digters selde in ontroering gebring, en as dit nog by uitsondering gebeur, het hulle nie verder gekom as 'n banale opsomming van feite nie. So skryf A. Ackerman in sy *Lente Liid* (Sept. 1900):

„Hoe lief rys di son foor ons op met syn strale
Hoe rykelik kleur hy dan berge en dale,
Di fo'eltjiis is lustig, en sing allemaal
Di lof fan hul Skepper in floeiende taal.”

In *Herfs en Winter* (Julie 1897) bring F. Nesor dit ook nie verder as 'n optekening van natuurverskynsels nie:

„Di groene bome word nou geel,
Di skone blom knak reeds syn steel,
En droewig word nou di natuur,
Di koele windji word al guur.”

HOOFSTUK VII.

PROSA UIT ONS KLYNTJI.

Prosa uit Ons Klyntji.

Ons het alreeds die belangrikste prosastukke van hierdie tydskrif behandel toe ons 'n bespreking gegee het van *Di Koningin fan Skebá, Liefde in Oorlog* en *Magrita Prinslo*, almal van die redakteur, ds S. J. du Toit; die twee novelles: *Di Afgunsduiwel* en *Di Baasduiwel* van J. Lion Cachet, wat ds Du Toit in die begin as redakteur bygestaan het, en *Jakob Platji* van G. R. von Wielligh.

(a) *Liefdesverhale.*

Onder die oorgeblewe prosa is 'n paar vervolghverhale van belang; verder kan ons nog op die bydraes onder rubrieke en op los stukkies wys.

Onder die vervolgstukke staan as die belangrikste uit: liefdesverhale. Nou moet ons nie verwag om suiwer psigologiese romans in hierdie periode te kry nie, romans waarin die sielelewe van die karakters blootgelê word sodat mense van vlees en bloed voor ons opstaan nie. Die karakters is slegs poppe sonder 'n eie wil of persoonlikheid, en wat danstoere uitvoer volgens die fluitspel van die skrywer. Hierdie romans is bevolk met skurke en helde en as tussenpersoon 'n allerliefste nooientjie. Na veel moeilikhede waarin die toeval 'n ruim aandeel het, volg die beloning of straf vir die helde en skurke. Die verhale is soet, stroperig en gelaai met spanning. Om kort te gaan: hulle is tipiese intrige-romans, die voorlopers van die romans van J. H. H. de Waal. Hulle het goeie werk gedoen om ons volk te leer lees. En hulle is gelees soos die korrespondensie in *Ons Klyntji* toon. Dit is maar net die natuurlike ontwikkeling in ons letterkunde dat ons eerste romans spanningswerk moes wees, want hierdie tydskrif het nie in die behoefte van die

opgevoedes probeer voorsien nie; hulle was geholpe. Soos sy naam aandui, wou *Ons Klyntji* hom rig na die jeug en die eenvoudiges van gees. Vir hulle lê die aantreklikheid van die leesstof nie in die ontroering wat die skoonheid van vormgewing bring nie, maar hoofsaaklik in die inhoud self. Dit is die spanning, hoe onmoontlik die verhaal ook al mog wees, wat hulle aangryp. Trouens, vir jong en eenvoudige mense is die hele lewe avontuurliker as vir die rype van gees. So moet ons ook die verduidelikings van ds du Toit tussen waarheid en verdigting verstaan (vgl. *Terugblik*), want die lesers wou maar nie altyd glo dat die voorvalle, bv. in die *Koningin fan Skeba*, nie die letterlike waarheid is nie. Wat nie werklik waar is nie, is vir hulle eenvoudig leuens.

Dus, vir die vorming van letterkundige smaak en vir die opwekking van gesonde leeslus het die intrige-verhaal, nietaenstaande sy growwe tekortkominge, in kunsopsig 'n allernuttigste funksie uitgeoefen.

Di Roosknoppi deur D. P. du Toit (Oom Dawie) is wel die belangrikste intrige-roman wat in *Ons Klyntji* verskyn het, en wel vanaf Julie 1896 tot Maart 1897. Dit is 'n bekroonde prysvraag. In 1929 het dit in verwerkte vorm in *Die Huisgenoot* verskyn en is daarna as aparte boek uitgegee onder die titel: *Haar Broer se Skuld*.

Die hoofkarakters is Dani Retief, die held; Brown, die skurk; Anni Joubert, die mooi nooientjie en mnr Joubert, haar hardvotige vader. As ons met Dani kennismaak, is hy 'n seun van negentien jaar. Sy uiterlike word haarfyn, op die gewone stereotipe, onreële wyse beskrywe. Daar „skitter 'n paar edele swarte oge, waaruit ni alleen ferhewenhyd en 'n edele karakter, mar ook moed, lewe en gees te lese was.” Ook Anni Joubert besit „'n paar grote edele onskuldige blouwe oge” en „melkwitte tande.” Hulle twee raak verlief op mekaar, maar ondervind teenkamping van 'n Engelsgesinde vader, wat Annie met 'n sekere Brown wil laat trou. Maar Dani en Annie kyk mekaar in die oë. „Di gefoel wat sig op di ogenblik fan Dani meester maak, is myn pen ni in staat hiir te beskrywe ni. Ni so seer om di uitgesproke woorde ni, mar omdat hy nou fer di eerste maal twé trane, helder as doudruppels, uit di twé ferhewe blouwe oge, o'er

di leli-blanke gelaat siin rol." Die karakterbeskrywing bly deurgaans op hierdie plan van uiterlikhede staan.

'n Posing tot verdieping wend die skrywer aan waar hy Annie se smart, toe sy weier om van Dani af te sien, in verband met die natuur bring. Alleen in haar kamer kyk sy deur die venster en dan sien sy donker wolke, maar skielik breek die son deur. Nou kry ons een van die eerste voorbeelde van simboliek in die Afrikaanse letterkunde, hoe opsetlik ook al. Die skrywer vra: „Sal dit in haar gefal ook so gaan; sal daar eers harde woorde moet gehoor worde, wat di weerlig sal moet foorstel? Sal haar trane ook eers op di grond moet fal nes di reendruppels? Wi weet! En as di storm kom, sal sy kan bly staan? Of sal sy nes di blommetji wat hiir foor haar fenster in di bakki gestaan het, en deur di reen en wind afgeruk, en met di reenwater weggespoel is, weggefeeg en weggefoer worde na di streek fanwaar gen rysiger ooit terug gekom is ni?"

Wanneer die geleentheid hom voordoen, knoop die skrywer graag bespieëlings aan die verhaal vas oor hoe veragtelik dit vir 'n Afrikaner is om aan sy volkstradisies ontrou te word. Die bybedoeling was duidelik om 'n werk met 'n gesonde nasionale strekking te lewer.

'n Volgende liefdesroman is *Di merkwaardige Fo'eltjiis, of Liifde beloond*, wat in *Ons Klyntji* vanaf September 1897 tot Junie 1898 verskyn het. Die redakteur en die skrywer, J.L., het 'n bietjie gebots oor dié roman, want na die eerste hoofstuk verskyn het, skryf di redakteur: „Di ferhaal . . . is regte boeiend en baing mooi om te lees; mar ek kon nie help ni om so'n klyn laggi te kry toen dit my onder di oge kom en wel omdat dit so *baing o'ereen kom* met di ferhaal fan „Jacob en Koosje, deur J. van 't Lindenhout." Di ooms wat so frindelik is om my fan mooi storiis te foorsiin, hoop ek, sal di reël tog ni fergeet ni, dat di stukke *oorspronklik* moet wees om abuis en teleurstelling foor te kom."

Taamlik gesteurd antwoord J.L.: „Ek ag dit ni onfoegelik ni, om iits by te breng fan 'n ander skrywer, om myn ferhaal op te helder, so lank as ek jou mar ni diselfde ding fertel ni."

Di merkwaardige Fo'eltjiis is dan ook niks meer as 'n verstandige verwerking van die Nederlandse roman nie, maar tot so'n mate dat dit byna twee verskillende romans is. Die

atmosfeer is suiwer Afrikaans — slegs die liefdesverhaal self toon ooreenkoms. Maar dit wil nog nie sê dat *Di merkwaardige Fo'eltjiis* 'n goeie roman is nie. Dit staan ver agter by *Di Roosknoppi*, en die letterkundige waarde is gering.

Tog tōn *Di Fo'eltjiis* veel ooreenkoms met *Di Roosknoppi*, veral wat die opset betref. Hier is dit weer 'n Engelsman wat die skurk is en verengelste ouers speel ook hier 'n rol. Weer vind daar 'n diefstal plaas en ook hier moet die held onskuldig in die tronk sit totdat die skurk ontmasker word. Die deug kry weer sy beloning.

Twee kinders, Anni Naudé en Fani van Zyl, was reeds vóór hulle tiende jaar op mekaar verlief. „Op 'n goeie dag sien sy twee voëltjies „baklei,” en toe sy' vir Fani vra wat hulle doen, antwoord hy dat hulle „vry.” Hierdie voorval het 'n groot indruk op haar gemaak en sy het besluit: „Fani en ek moes di fo'eltjiis nog gelyk worde.”

Die skrywer sukkel om op dreef te kom, en bied kort-kort verskonings aan: „Ek het di lesers nou 'n bitji lank opgehou met 'n persoon wat ni so seer di hoofrol speel in ons ferhaal ni, mar die lesers sal wel geduldig wees, want om hulle alles goed te laat ferstaan, moes ek di laaste gebeurtenis inbreng.” Soms word hy darem al te pateties, veral as hy ons van Anni se hartseer vertel — dan „drywe haar oge in trane.” Toe sy hoor dat Fani in die tronk is omdat hy goed uit die winkel sou gesteel het waar hy werk, „fal sy flou neer, en tōn sy weer reg word, het sy freeslik gehuil . . . En hoe Fani di nag in di tronk te kere gegaan het is onbeskryflik en hartroerend fer Anni Ag Anni wat is jou lot hard!”

Daar is weinig aantreklis in hierdie verhaal wat so deur-week is met trane. Die skrywer sukkel met die pen, stamp en val oor sy eie woorde, veral as hy met sy dorre papierdialoog voor die dag kom. Daar is geen agtergrondtekening nie: Johannesburg is slegs die naam van 'n stad. Natuurlik skep hy geen karakters nie, maar karikature. Ons mis in hierdie verhaal die bekoorlikheid van *Di Roosknoppi*, en deur die gebrek aan spanning het dit seker weinig aantrekkingskrag besit vir die lesers van *Ons Klyntji*.

Nog swakker is die avontuurverhaal van J. C. Snyman: *Eric en Doris*, wat in *Ons Klyntji* verskyn het vanaf Februarie

1898 tot Februarie 1899. Dit speel tydens die Matabele-opstand in 1896, maar die historiese agtergrond dien slegs om die reeks avonture meer waarskynlik te maak. Dit kan geen historiese roman genoem word nie, want dit was nie die doel van die skrywer om daardie tydperk uit die geskiedenis vir ons te laat lewe nie. Nee, hy wou die wonderlike liefdesgeskiedenis van Eric en Doris vir ons vertel, hy wou ons aandag styf span met 'n relaas van die gevare waarin hulle verkeer het, en hoe hulle mekaar tog uiteindelik gekry het ten spyte van die herhaalde aanslae wat die skurk Fergus Haygarth op Eric se lewe gemaak het. Soos gewoonlik, word sy daade uiteindelik openbaar en word hy met die dood gestraf. Dit is waar, ons belewe oomblikke van groot spanning saam met Eric en Doris, en staan verbaas oor die dapper daade van Eric wat altyd net betyds is om sy geliefde uit die kloue van die dood te red. Maar dit is dan ook al wat hierdie roman leesbaar maak, want Johs. C. Snyman se styl is beroerd en sy karakterskildering naïef. Die verhaal sluit volgens die gebruiklike resep: „'n Maand na hulle ankoms in Engeland, was daar 'n grote en deftige bruilof in Londen, en die gelukkige egpaar was Lord Eric Dacres met Doris Churton. — Hiermé word di wonderlike afonture gesluit.”

Di geskiedenis fan Jaap en Ali (O.K., Aug. 1898 tot Oktober 1898) verskil nie baie van die vorige liefdesverhale nie: ook hier het ons die held, die skurk en die nooi; ook hier is daar 'n groot erfporsie in die spel, en ons weet vooraf hoe die verhaal gaan eindig. Soentjies en glimlaggies is volop, maar natuurlik kom groot moeilikhede in die weg van die verliefde paartjie, veroorsaak deur die skurk. Die sentimentele sousie loop deur die hele verhaal, en trane en sugte moet die gemoedstoestand van Ali vir ons openbaar. Baie van die situasies is „onbeskryflik” en daarom draf die skrywer maar verder na die gelukkige slot. Die intrige is nie ingewikkeld nie, en gevolglik is die verhaal slap, behalwe waar Ali geskaak word deur Piet Klopper, die skurk. Maar Jaap, die held, is 'n wonderlike man en die toeval is hom goedgesind. Die verhaal eindig met 'n verduideliking van die strekking na die gelukkige huwelik:

„As di ware liefde ni by ons gewees is ni, dan was ons ni fandag getroud ni,' sê Ali eens op 'n goeie dag.

„Ja, sê Jaap, as daar opregte liefde onder di jong Afrikaners bestaan, dan sal daar minder ongelukkige huwelike wees.' Di lesers kan self oordeel of Jaap reg had om di laaste woorde te sê; ek denk hy het reg gehad."

Wat Liefde kan doen (O.K., Julie en Okt. 1904) is 'n verhaal wat vol belofte begin, maar ongelukkig het slegs twee hoofstukke verskyn. Die skrywer, P. W. Labuscagne, deel ons vooraf mee dat hy 'n bejaarde man is, „mar dit is fer my aangenaam om met 'n seuntji te gesels." Labuscagne kan self „aangenaam" gesels. Op 'n waardige wyse stel hy ons voor aan Piit de Villiers, 'n godsdienstige boer van die „ouderwetse soort." Hy het 'n dogter Sanni en toe 'n Engelsman, Brown, vir haar kom kuier, het hulle gou eie met mekaar geraak. Dit is duidelik dat hulle moes bewys „wat liefde kan doen."

Die skrywer het in die twee hoofstukke 'n helder plaas-agtergrond geskep en ons laat tuis voel op Modderfontein. Sy styl is sprankelend, oorspronklik, veral omdat hy beelde gebruik — 'n skaars artikel by ons eerste prosaskrywers. Kyk hoe beskryf hy Adoons: „Adoons was 'n Hotnot so lelik as di nag en syn tande was altoos te siin soos di note van 'n ope klaffiir." En hoe 'n ander tipe meisie is Sanni nie — hier geen stroperige engelagtigheid nie: sy is 'n gesonde boeredogter „met di hare los en di oge tintelend fan lewenslus en freugde." Spytig dat Labuscagne ons met twee hoofstukke afgeskeep het, want sy verhaal adem 'n gesonde gees.

So sien ons dat ons in *Ons Klyntji* nog net intrigeromans gekry het met al die gebreke wat hierdie soort roman aankleef. Maar dis belangrik dat ons in hierdie verhale die begin het van 'n nuwe Afrikaanse romankuns.

(b) 'n Avontuurverhaal.

Th. du Plessi, S.J. sn. van Klipkraal, Bethal, het 'n lang vervolghverhaal in *Ons Klyntji* vanaf Augustus 1897 tot Desember 1898 gepubliseer: 'n *Stiiffader*. Dit is bedoel as 'n avontuurverhaal en vir jeugdige lesers moes dit werklik bekoorlik gewees het, want Frikki het die gevaarlikste avonture belewe waaroor 'n mens kan dink. Dit speel nie in vreemde wêreld-

dele nie, maar in Afrika en vertel van Kaffers en wilde diere. Die verhaal hou dus verband met die ervaringswêreld van die lesers van *Ons Klyntji*.

Van die stiefvader hoor ons heel weinig, behalwe dat hy die dertienjarige Frikki so mishandel het, dat die seun een nag na 'n pak slaag besluit het om maar liever weg te loop: „al moet ek nou altyd flug en swerwe, dis beter as dood geslaan te worde.” En nou begin sy moeilikhede — reeds die eerste aand. Du Plessi slaag daarin om dadelik die wildheid van die natuur te beskrywe, en die sluipende gevare te suggereer: „Di arme kind is alleen in di digte bosse; ja daar skré 'n vogel. Dit word donker; gen mens in di nabyhyd ni. Di sterre gool hulle glans op di aarde. Di wind druis daar bo in di berg en in die donker klowe... Fêr in di berge hoor hy die leeus brul soos 'n donder, dit kom al nader en nader na di water fontyn.” Hy is egter 'n dapper klein kêreltjie en steek 'n stomp vuur in die leeu se bek!

Twee maande lank dwaal hy nou in die bosse rond totdat hy deur Kaffers gevang word. Hulle was mensvreter. Maar Frikki is waarlik 'n geluiskind, want net toe hulle hom wou slag, daag daar 'n klomp Arabiere op wat hom bevry. Die toeval sou hom nog baiekeer van 'n gewisse dood red! Groter ellende het egter vir hom gewag onder die Arabiere, want hulle het hom saamgeneem as slaaf. Die skrywer deel ons mee dat hulle nou in die Sahara-woestyn is, maar die agtergrond bly vaag. Toe hy nie meer verder kon loop nie, laat hulle hom agter tussen die sandhope. Gelukkig kom hy by 'n ander karavaan uit, maar hulle word weer deur die Kaffers uitgemoor, en weer is Frikki alleen. Saam met Frikki word die skrywer weekhartig en beklag die „arme” seun: „Ag, ek het tog al so swaar gehad, nou kan ek tog mar sterwe, want myn tong is so droog fan dors, dat ek ni meer kan praat ni, ek foel myn kragte verlaat my. Waar was ek en waar is ek nou? Al di gedagtes maak hom so bedroef dat hy in tranes uit bars.” Die wonder geskied weer: dié keer is dit 'n donderslag uit die hemel wat water bring en Frikki laat herlewe.

'n Groter verrassing volg, want 'n ent verder kom hy toevallig op Ben af wat al vir jare na hom soek. Skaars het Ben al die nuus vertel van die huis, of daar val hy plotseling

dood neer „an Frikki syn sy deur 'n byt fan 'n giftige slang. Daar is di arme Frikki weer alleen by die dooie lyk.” Dit word darem 'n bietjie erg, maar gelukkig het Frikki nou volop ammunisie en hy sit sy reis maar weer voort. Nie lank daarna nie kom 'n opgesaalde perd op hom afgestorm — die Kaffers het 'n wa oorval en die mense uitgemoor. By 'n Kafferkraal loop hy Jan Herps raak, en die twee ontvlug saam. Die skrywer hou egter nie daarvan dat Frikki 'n maat moet hê nie, en na baie avonture, laat hy Herps weer deur die Kaffers vang. Frikki se oë skiet vol trane, maar dapper hou hy koers na die Suid. Nou word hy weer siek, „en hoe hy an di lewe gebly het, weet hy self ni.”

Na baie omswerwings bereik hy Transvaal, en soos die toeval dit weer wil hê, ontmoet hy sy oom wat hom huis-toe neem. Daar is baie trane gestort by sy tuis-koms. Die stiefvader het groot berou gehad en natuurlik word alles hom vergewe. Frikki het die diamante wat hy opgetel het, verkoop en vir hom 'n plaas gekry, „sodat hy in 'n paar jaar tyd 'n welfarende boer was.” Soos ons kan verwag, het hy gou vir hom 'n skatlike vrou-tjie aangeskaf. Ten slotte deel die skrywer ons mee dat Frikki 81 jaar oud geword het „en toen in frede heengegaan is in di weg fan alle vlees.” Die skrywer sê hy kon ons nog meer vertel het van sy held, maar gelukkig besef hy self: „wat te lank duur word ferselig.”

Tog het Du Plessi hiermee self sy verhaal gekarakteriseer. Aanvanklik het dit ons geboei, maar deur die herhaling van ongeveer dieselfde ervarings, word hy naderhand onuitstaanbaar „ferselig.” Dié Frikki bly 'n skimmige persoon, net die kapstok om 'n reeks avonture aan op te hang. Die agtergrond is vaag — ons weet dat Frikki deur Afrika was, maar ons ken Afrika nog nie ná ons die verhaal gelees het nie. Tog het 'n *Stiëffader* — verkeerde titel — die lesers vir wie hy bedoel was, seker menige uurtjies in opgewondenheid laat leef.

(c) *Sketse en Anekdoties.*

Verreweg die grootste gedeelte van *Ons Klyntji* is deur sketsies en anekdoties in beslag geneem. Dit is asof 'n menigte mense in elke nommer van *Ons Klyntji* bymekaar is en uit persoonlike herinneringe en ervarings opdiep om mekaar ge-

sellig te onderhou. Na die styl is die opmerklikste eienskap juis die geselstrant: geen vormversorging of stewige bou nie, net die ongekunstelde relaas van 'n gebeure van die bloot uiterlike, onpersoonlike kant gesien.

Na die inhoud handel hulle oor vryery, trouery, volksfeeste (bruilofte), flousery, transportry, moord, spoke, jag (leeus, tiers, ystervarke, olifante, ens.), noue ontkomings, jong perde leer, en oor die naturelle. Daar is ook belangrike rubrieke soos *An di Fergetelhyd Ontruk, Uit di Oue Doos* en *Familie Legendes*.

Die strekking van die verhale is meestal om grappig te wees (waarby die boertige en platte graag te pas gebring word), om nut te stig, soos in die rubrieke *Slegte* en *Goeie Gewoontes*, en om kennis te versprei, soos in die praatjies oor *Sterrekunde*.

Hierdie stukke is selfs as volkskuns baie swak. Tog vorm dit die wegspringplek na die kortverhaal as kunsgenre van 'n ontwikkelde periode van tydskriflektuur. Hierdie volkskuns verteenwoordig die noodsaaklike voorbereidingstydperk. Dit staan geworteld in die aarde en groei wild en woens. Opmerklik van hierdie wilde kuns is dat dit ver van die stad bly en net op die platteland groei. Daarom dra dit altyd 'n pastorale karakter.

Nie om die betekenis daarvan nie, maar enkel ter illustrasie, doen ons 'n paar grepe uit die groot hoeveelheid.

(d) *Jagverhale*.

Een van die beste jagverhale wat in *Ons Klyntji* verskyn het, is *Olifantjag* (Aug. 1897 tot 1898). Ongelukkig is dit slegs gedeeltelik gepubliseer. Dit is 'n gesonde verhaal, sonder stroperigheid of 'n vervelige opsomming van hoeveel wild elke dag geskiet is. Die styl is sober en saaklik, sonder versiering, maar daarom juis lees die verhaal prettig. Die skrywer hanteer sy pen maklik en struikel of val nie, soos dit met so baie van die prosaskrywers uit hierdie tyd die geval was.

Soos gewoonlik gebeur, het ou Fieland saans om die kampvuur Hottentot-stories vertel, smaaklik en lewendig, soos 'n Hottentot dit alleen kan doen. Ou Fieland se stories staan nie los van die verhaal nie, en hulle pas by die atmosfeer. Met enkele woorde, deur die Hottentotte self te laat praat, laat

die skrywer die volkies vir ons lewe, veral as hulle eers 'n sopie weggeslaan het.

Die jaggeseenskap trek verder. Een nag sien hulle spoke, en so oortuigend is die skrywer dat ons lus kry om sy stories te glo. Hulle kom by 'n Kafferkraal uit om volk te huur, en nou is die skrywer op sy stukke, want op 'n onderhoudende manier vertel hy ons van die Kaffers se gewoontes en bygelowe. Afgryslik is die wyse waarop die toordokter 'n klein Kaffertjie offer.

Eindelik is ons jagters in die wildstreek. Hulle ervarings word eerlik oorvertel: hulle is nie van die „vreeslike” dapperes wat die wild by hope afmaai nie. Na 'n noue ontkoming met 'n leeu, erken die skrywer: „Ek was daarom asfaal toen ek opstaan, want ek het ni gedag dat dit so knyp kan kom ni.” Hulle skiet egter 'n seekoei en gou was daar fees in die kamp: „Dit was 'n aardigheid om di kaffers di aand te hoor babbel so lank as hulle eet.” Maar snags was daar nie altyd rus nie, want hulle moes die osse teen die ongediertes beskerm.

Daar was baie ander oomblikke van groot benoudheid, soos een nag toe die skrywer verdwaal het. Gevare het van alle kante gedreig. Hy is selfs deur Boesmans aangeval. Maar die spanning is gebreek toe hy by 'n klomp ape uitgekom het. „Di ape sit my eers te bekyk, en gaan daarop hard and lag . . . Ek het hulle mar laat berus tot hulle genoeg gekyk het en weer weggegaan.”

Dit is te betreur dat die verhaal so stomp afgebreek is, want ons was net mooi tuis in die jagveld, en die ondervindings van die vier persone het al hoe meer spannend geword. Die atmosfeer van die jagveld het die skrywer uitstekend getref. Sy verhaal hoef in 'n paar opsigte nie onder te doen vir *Op Safari* van Sangiro nie, veral wat die beskrywingskuns aangaan.

C. H. Loots, J.seun, van die distrik Britstown, is een van die „dapper” jagters wat nie genoeg oor hulself en hulle eie heldedade kan praat nie. Hierdie Loots besit nie 'n bang haar nie, volgens sy eie mededeling in 'n *Leeu Jag* (Jan. 1897) ongeveer 1842. „Ek was fan klyns af een in wi banja gees was, en by wi bisondere lus was fer jag,” vertel hy ons. Toe hy 22 jaar oud was loop hy weg van sy ouers af met twee bok-

waens en 'n paar Kaffers om oorkant die Grootrivier leeus te gaan jag.

Sy leestories klink baie na die van Baron von Münchhausen; ook hy pak 'n leeu somar aan die stert beet. As hy miskien met sy ou Sanna losbrand, is dit almal kopskote. Daar is meer sulke grootpraat-jagverhale!

(e) *Dierverhale.*

Soos reeds by *Dire Storiis* vermeld, is die dierverhale wat in *Ons Klyntji* verskyn het, oorspronklik Germaans en in Suid-Afrika deur die Hottentotte by ons landsomstandighede aangepas. Hierdie verhale van *Ons Klyntji* het Von Wielligh sonder twyfel gebruik vir sy versameling, soos dikwels ook uit die woordelike ooreenkomste blyk. Von Wielligh het waarskynlik hierdie verhale getoets aan die stories wat hy self uit die mond van die Hottentotte opgeteken het; toe wysigings aangebring en die versameling „folledig” gemaak, soos hy in sy „Føørrede” vermeld. *Wolf gefop tot in syn dood* (O.K., Junie 1896) kom in *Dire Storiis* voor as nommers 12, 27 en 23, nagenoeg in dieselfde bewoording.

Dit sal ons te ver op sypaadjes voer om al dié ooreenkomste aan te toon. Liewer noem ons 'n paar verhale wat nie by Von Wielligh voorkom nie, en kies *Bobbejaan gefop* (Febr. 1897), wat bondig vertel is; en *Hoe Jakhals fer Wolf gefop het* (April 1897) deur P. J. Venter van Boschaar. Die twee gaan saam in die boer se kombuis om brood en botter te steel, maar jakkals stuur wolf om te gaan kyk of die boer nie aankom nie, en intussen smeer hy botter op 'n klip en gee dit toe aan wolf.

„Wolf sê toen fer Jakhals: „Soe, jong di brood is hard!’ Toen sê Jakhals fer Wolf: „Nou kom, laat ek jou foet fas maak an di rak, dan zal jy di brood insluk.’ Toen kom Wolf en Jakhals fat di dik ketting en maak Wolf se foet vas. Toen fat Jakhals 'n stukki brood en smeer daar botter op, en gé dit fer Wolf, en Wolf sluk di brood in. Toen sê Jakhals fer Wolf: „Siin jy nou, dat myn plan gehelp het?’ Toen fat Jakhals 'n stuk brood en gaan uit en skré: „Boer, boer! Wolf is in jou huis!’ Toen kom kyk di boer en siin fer Wolf in syn huis, en di boer fat di groot sambok, en slaan fer Wolf tot dat hy amper dood was, toen kom Wolf los.”

Van hierdie tipe verhaal is daar 'n hele aantal in *Ons Klyntji* gepubliseer, en ongeveer almal stel jakkals voor as die aartsskelm wat gedurig die ander diere fop en dan moet vlug vir sy lewe. Dié verhale is besonder vermaaklik, en veral die sprokiesatmosfeer is bekoorlik, hoewel die diere in sommige hiervan baie vermenslik word. Geestig is party verklarings van sekere eienskappe van die diere.

(f) *Oorlog.*

Behalwe die roman van ds S. J. du Toit het daar heelwat oorlogsverhale in *Ons Klyntji* verskyn, maar almal van so'n aard dat hulle geen rassehaat kon aanvuur nie. Daarom is die meeste grappig of net 'n opsomming van oorlogsgebeurtenisse.

'n Ongenoemde deel ons sy ervarings mee in sy *Skets fan di Teenwoordige Oorlog* (Aug., Sept., Okt., Nov. en Des. 1900), wat ook werklik nie meer as 'n skets is nie. Hy vertel o.a. hoe hulle Stormberg ingeneem het, en die ontberings snags in koue en reën. Hy is jonk, die skrywer, en het nog baie na die nooiens verlang. Na maande van afsondering is elke meisie wat hy sien, besonder mooi. „Sy lyk waarlik dan net soos 'n engel; al is sy dan ook mar lelik, dan kan jy jou lag ni hou so mooi as sy dan fer jou is ni.”

Interessant ook is die *Oorlogs Onderfindings* (Junie, Sept., Okt., Des. 1903) van Pieter Pakarolus. Hy het geskryf na die hart van die redakteur: „Ek wil net an jou en jou lesers, wat ni op di oorlog was ni, fertel hoe dit daar met my gegaan het, en watter onderfindings ek opgedoen het... Kyk, ek denk di oorlog is nou mos ferby, en ons moet nou weer same werk, makaar fergewe en fergeet; wyl ons ferloor het, moet ons nou fer ons onderwerp, en getrou wees an onse nuwe Regering...”

Hoe uitstekend slaag Pieter Pakarolus nie daarin om die spanning vóór die uitbreek van die oorlog te suggereer nie! Sy verhaal lees soos 'n roman, want hy beskik oor so'n sterk verbeeldingskrag dat hy die leser alles saam laat belewe.

Daar is 'n hele reeks grappige voorvalle uit die oorlog in *Ons Klyntji* gepubliseer. Sommige is kostelik, maar die meeste nogal slap. J.P. vertel hoe bang Okkertji was en altyd die „krimenele stuipe” gekry het as daar van 'n geveg sprake was, net soos Oom Dani wat weer met 'n pyn in die maag geplaag

was (Okt. 1900). Stella se oë traan nog van die lag as sy 'n Paar Fratse (Nov. 1900) vertel van die brandwagte wat vals alarms gegee het uit pure bangheid. Smaakliker opgedis is Klyn Kafferhond se storie van *Di Soda-Bottel* (Aug. 1903). Oom G. en Oom C. het saam gaan kos haal op Somerset-Oos en hulle het ook 'n botteltjie sodawater gekoop „om di naarhyd af te drink.” Hulle was maar lugtig vir soldate, en skielik bars die sodabottel sodat hulle op die vlug slaan. „Toen hulle weer by makkaar kom sê Oom G. an Oom C.: „Kyk, man, wat is so nat nes bloed an my?” Mar Oom C. sê: „Dis water jong’.”

(g) *Afrikaanse Familielegendes.*

Op versoek van die redakteur om „ou ferhale wat in di families bewaar is,” het Garcia van Harrismith van *Di Famili Staf* vertel. Die eerste twee hoofstukke het in *Di Patriot* van 17 April 1902 verskyn, en die res in *Ons Klyntji* (Maart, April, Mei, Junie, Sept., Okt., Des., 1903, Jan. en Mei 1904).

Die familie Staf het naby Kaapstad gewoon, en was lekker ryk. Die enigste kind, Benjamin, was goed geleerd, dog nederig en minsaam. Hy was verloof aan Naomi Fan Ster van die Kaap. Die moeder is skielik oorlede en haar eggenoot was ontroosbaar. Van verdriet is hy ook dood en Benjamin is alleen agtergelaat. Nou volg 'n tranerige beskrywing van Benjamin se verdriet, en die moeilikheid met die testament, want Benjamin se ouers het nog 'n grootmaakkind gehad, Willem Rondebos, wat volgens die skrywer 'n egte skurk was. Hy het ook na die begrafnis gekom, maar slegs om te hoor wat sy aandeel in die boedel sal wees. Dit is wel die mooiste toneeltjie in die hele verhaal as die testament voorgelees word: „Di grote saal was stampvol mense, wat almal nydig na Rondebosch kyk... Rondebos waan sig 'n groot baas en sit nou soos 'n opgeblaaide brulpadda.” Toe die heerlike kontras: hy word onterf! Die skrywer kan sy veragting vir Rondebos nie onderdruk nie, en maak gebruik van 'n beeld: „Rondebos syn gesig het gelyk soos 'n toegedekte pot op di fuur wat wil o'erkook, dog waarvan di deksel skilik afgehaal word en di inhoud wat and opbruus was meteens wegsak.”

Maar nou ontwikkel hierdie legende in 'n spanningsroman: Rondebos en sy prokureur, Fan den Bos, vervals die testament

en onterf Benjamin. Boonop beweer hulle dat Benjamin 'n onegte kind is. Naomi Fan Ster se vader belet Benjamin om weer by hulle aan huis te kom. Benjamin is maar baie van 'n swakkeling en wou hom self afmaak met 'n pistool, maar op die kritieke moment verskyn Naomi en red hom. En hoe romanties: hulle vlug weg met 'n seilskip wat juis gereed was om te vertrek! Die res van die verhaal is te fantasties om oortuigend te wees.

'n Tweede familielegende is die van *Willem Gebhardt* (Juli, Aug. 1903). Die skrywer het dit saamgestel uit ou gedenskrifte en volgens mondelinge oorleweringe. Dit vertel waarom en hoe Willem Gebhardt, die seun van 'n Paarlse predikant, in 1822 onskuldig opgehang is. Hierdie legende is dan ook meer geloofwaardig as die van die familie Staf.

Die skrywer beskik oor 'n vloeiende, meeslepende styl, en omdat hy so eerlik is, wen hy dadelik ons simpatie vir die onskuldige slagoffer.

(h) *Volkskundige Verhaaltjies.*

In *Ons Klyntji* het daar 'n klompie artikels verskyn van volkskundige belang, maar een van die allerbeste verhale, ook vanuit 'n letterkundige oogpunt, is Oupa se *Winter-aand storiis fir Afrikaanse Kinders* (April, Mei en Junie 1896). Hoe 'n liewe oupa was hy nie, en hoe onderhoudend, kon hy nie vertel nie! Vriendelik nooi hy die kinders uit om weer na 'n storie te kom luister:

„Kom, kindertjiis, kom sit nou mooi stil by di fuur. Dis koud daar buite. Hoor, hoe huil di wind. Hoor hoe fal di stortreens, en hoe knetter di ha'el teen di fenster-ruite an.”

Na hierdie digterlike inleiding, wat 'n heerlike atmosfeer vir 'n storie skep, begin Oupa die kinders uitvra oor die slangsteen, en neem hulle dan terug in die gees na die dae toe hy so klein was soos Gertji daar. Dit was 'n donker aand, en die slawe het lawaai gemaak. Outa Mentor het hakkeland kom vertel dat die slang met die steen in die berge is. Outa Mentor word vir ons 'n lewende persoonlikheid, en hoe geneig is ons nie om sy verhaal te glo nie!

Oupa het die volgende dag saam met Mentor veld-toe gegaan, en digterlik word hy weer as hy die natuur vir die

jongspan skilder: „Dit was 'n heerlike mor'e. Di lug was helder blou, onbewolk, en fol geure fan kruiebossiis. Di jonge son skyn vrolik, di berge gé lange skaduwe, en 'n frisse, koele lug kom fan o'er di toppe fan di Franshoek berge uit 'n Suid-ooste rigting. Fo'eltjiis sing, en fluit tjiip-tjiip en skré an alle kante, en di doudruppels glinster nes diamante in di sonstrale. Ider doudruppel had 'n kroon fan reenboogkleure tot diadeem.”

Dit mag vir die moderne leser 'n verbouderde natuurbeskrywing wees, maar vir die leser van *Ons Klyntji* moes dit 'n verfrissing gewees het.

Daardie dag het Outa Mentor vir Oupa meer omtrent die slangsteen vertel en hoe om dié steen in die hande te kry. Hy het siek geword en gedwing om die steen te gaan haal vir sy kleinbaas. Een nag het hy weggeloop, en maande daarna het hulle sy geraamte in die Tepelberg gekry — in sy regterhand die slangsteen. . „Kinders, hiir is hy,” en Oupa haal uit syn sak 'n silwer dosi, maak dit fersigtig oop en wys ons 'n rondagtige steen fol klyne gaatjiis.

„En nou kinders is dit tyd om te gaan slaap. . .”

HOOFSTUK VIII.

GESKIEDKUNDIGE PROSA EN VERTALINGS.

(a) *Geskiedskrywing.*

Afgesien van die eerste Afrikaanse geskiedenisboek: *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk* (1877), wat ons elders bespreek het, het daar nog 'n paar ander boekies oor ons geskiedenis, of na aanleiding van ons geskiedenis, verskyn. Ons moet egter dadelik daarop wys dat geeneen op wetenskaplikheid aanspraak kan maak nie. Propaganda was die vernaamste uitgangspunt by die opstel van hierdie geskrifte. Dit is veral die geval met „’t *Misdadig Engeland*.” Tot troos ver ons landgenote in Transvaal, by die anhegting deur die *Engelse*. Dit het eers in *Die Patriot* verskyn en is toe in dieselfde jaar (1877) in boekvorm uitgegee deur die G.R.A.

Dit is slegs uittreksels uit 'n groot werk van die Fransman Elias Regnault, wat weer in Nederlands vertaal is onder die titel *'t Misdadig Engeland*. Die boek in Nederlands is in drie dele, maar die Afrikaanse boekie beslaan slegs 65 bladsye. Volgens die handskrif is die uittreksels uit die Nederlandse vertaling gedoen deur Arnoldus Pannevis. Deur wie dit verafrikaans is, of wie die hoofstuk bygevoeg het oor die aanhegting van Transvaal, is nie bekend nie. Die styl laat 'n mens dink aan C. P. Hoogenhout. Ds S. J. du Toit is dit in ieder geval nie, want hy het dit self ontken in die *Patriot* van 1902.

Die boekie is opgedra aan „ons bedrukte broeders in Transvaal”: „Bedroefde Landgenote! Met deelneming, ja met droefheid en smart, het ons die tyding verneem, dat Sir Theophilus Shepstone, teen die sin van volk en regering, in naam van die Koningin besit geneem het van julle land. Ons deel in julle smart, omdat ons weet hoe duur julle die land gekoop het met bloed en trane, en hōe lief julle die land het, want wat 'n mens veul kos dis jou oek veul wêrd”

Hierdie boekie moet dan dien as 'n praktiese bewys van die simpatie van die G.R.A. In die inleiding word nog verduidelik dat die Afrikaners hulle griewe teen Engeland in verband met die Groot Trek, vergeet het, maar nou kom Engeland opnuut die ou wonde oopkrap, soos met „die afneem van die Diamandvelde; die anhegting van Transvaal—wie kan die dinge nou vergeet? Ne, ons denk daaran; ons sal dit onthou; ons kinders sal dit met moedermelk indrink.”

Al Engeland se „sondes” oor die hele wêreld gedurende die afgelope eeue, word nagespoor, want „dis ver ons van groot belang om 'n bietjie meer te weet van Engeland syn ware karakter en geskiedenis, as wat ons gewoonlik hoor van Engelse en kryg in oppervlakkige Engelse leerboekies. Gen wonder dat ons *verwachting* dan oek so dikwils teleurgesteld wort deur ons *ondervinding*.”

Ons gaan natuurlik nie al die misdade opsom van Engeland in Ierland, Amerika, Indië, Frankryk, China, Holland en sy kolonies, en in Suid-Afrika nie. Alles word in die swartste kleure afgeskilder, maar ook gedurig met feite gestaaf. Regnault kan sy haat nie onderdruk nie, soos blyk uit die volgende bewering: „van watter kant ons die Britse staatkunde oek bekyk, o'eral is dit ewe afskuwelik. In Engeland, in Europa, in die vreemde werelddede — o'eral kry ons dieselfde verraderlike, snoode beginsels terug.” Die Afrikaner wat die hoofstuk oor Transvaal bygevoeg het, is nie milder in sy uitlatings teenoor Engeland nie. „So lank as die Engelse nasie bestaan het hulle nooit terug geskrik ver enige daad, waar dit hulle handelsbelange betref. Mar erger daad het hulle nooit en nergens gedaan as in die Transvaal Mar die Here slaap nie.”

'n Volgende boekie wat in verband staan met die Transvaalse anneksasie, is geskryf deur M. de Vries, oud-voorsitter van die Volksraad van die Zuid-Afrikaanse Republiek: *Die Geskiedenis van die Transvaal of die Suit-Affrikaanse Republiek van die laaste tien jaare gevertel door Klaas Waarsegger aan zijn neeft Martinust in Hollant in die eige Boere sijn taal*. Dit is gedruk in 1881 deur A. W. Sijthoff te Leiden.

Ook hierdie boekie is nie wetenskaplik opgestel nie. Dit neem die vorm aan van 'n brief deur Klaas Waarsegger aan sy neef Martinust in Holland gerig. Op 'n heel gemeensame,

te gemeensame toon deel hy dan aan hom die geskiedenis van die afgelope tien jaar in Transvaal mee. Hy het Klaas Waarzegger (L. H. Meurant) probeer navolg, maar sy opsetlike strewe na snaaksigheid is soms afstootlik. Hy volg ook nie die gebruikelike spelwyse nie, en probeer so plat moontlik te wees. Dit is duidelik dat die skrywer 'n Hollander is, wat hom verbeel dat vorme soos *skrij* (vir *skrywe*) en *wor* (vir *word*) Afrikaans is. Alles word maar in dieselfde asem opgedreun — paragraafindeling ag hy selde nodig. Sy sinskonstruksies is erg kinderlik. De Vries se styl word begryplik wanneer hy in *Een Woord Vooraf* verklaar „dat men verplicht is in de Transvaal zoo plat te spreken omdat de kleurlingen anders de menschen niet begripen.”

Die skrywer is baie wydlopieg en dwaal soms baie ver van sy onderwerp af as hy eers begin vertel van sy vrou Sannie. „Neeft jij sal seh dat is nou niks van die transvaal zijn storie nie, jij het gelijk neeft, maar een mens kan mos nie help nie as ons nukkerige vrouens het.” Ernstig is hy seker nie as hy 'n beskrywing gee van die verskillende Transvaalse staatsmanne. So was die vrouens baie gek na generaal Piet Poubert „en in londen het madam toeso vergeet om hom met oom pauwel in die musseum te zet, jij nie denk nie in die seember of horrus (lees: Chamber of Horrors) nie, maar naas ou bartje fereire en gunneraal woet en geenneraal skelmfort in die mooie groep net as jij die kamer in kom...” „Nou mister, van jorison is een regte „jolly fellow soo als die engelse man zeh, hij speelt regte goet bal bal in die klups of die societeit.” (Bartje fereire is Bartle Frere, Woet is Wood en skelmfort is Chelmsford.)

Hy weifel nie om met sy persoonlike menings voor die dag te kom nie. Van die Kaffers hou hy nie, en nog minder van die sendelinge. As hy dink aan die redes wat Shepstone en sir Bartle Frere aangegee het vir die anneksasie van Transvaal, dan „word (ik) so maar rood in die gesich, begin te beef en kan nie die respekt meer voor die ou kerel heh nie die ik altijd gehat het.” Maar terselfdertyd verseker hy neef Martijnus dat hy baie objektief staan teenoor die gebeurtenisse.

Dit is wel 'n interessante brief, maar uit 'n geskiedkundige oogpunt beskou, is die inhoud nie belangrik nie.

'n Derde boekie wat in verband staan met die Transvaalse geskiedenis, is *Di Ontslag van Dr Jorissen* (1883). Dit is 'n klompie artikels wat oorgedruk is uit die *Patriot* ter verdediging van die Transvaalse Volksraad, omdat hulle dr Jorissen sy ontslag gegee het as Staatsprokureur. Begrypikerwyse is die Volksraad van verskillende kante skerp gekritiseer, en nou het die *Patriot* allerlei bewyse gegee om die daad te regverdig. Hulle handel gladnie „sagkens” met die gewese staatsprokureur nie. Natuurlik kry ons in hierdie boekie net die een sy van die saak, maar die historikus sal hier wel belangrike feite vind oor dié gebeurtenis.

'n Besonder simpatieke boekie is *Gebeurtenisse uit di Kaffer Oorloge van 1850 tot 1853, 1846, en 1834 en 1835* deur P. P. J. Coetser. Ons sal hier die nuwe uitgawe bespreek, onder die titel: *Gebeurtenisse uit die Kaffer Oorlog fan 1834, 1835, 1846, 1850 tot 1853*. Dit is uitgegee in 1897 en die boekie tel 80 bladsye.

Soos die titel reeds aandui, word aan ons *gebeurtenisse* uit die verskillende Kafferoorloë verhaal.

Dit is nie 'n noukeurige beskrywing van die oorloë soos ons dit in 'n geskiedenisboek sal vind nie. Coetser verhaal aan ons sy persoonlike ervarings, en hy is so onderhoudend, dat hy ons boei van begin tot einde. Hy skep 'n persoonlike verhouding met sy leser. Dit is asof ons saam met hom voor die kaggel sit een winteraand en tot diep in die nag trakteer hy ons uit sy onuitputlike bron van „gebeurtenisse.” Hoewel hy alles persoonlik ervaar het, bring hy ons nooit onder die indruk dat hy graag as 'n „held” beskou wil word nie — hy is geen grootprater nie, maar eenvoudigweg verhaal hy alles soos dit werklik gebeur het. Die redakteur van die *Patriot* sê dat hy insae gehad het in die dokumente en bewysstukke en hulle „bepestig di mededeelings fan mnr Coetser sodat nimand an di waarhyd daarfan behoef te twyfel ni.”

Die verskrikking van die Kaffermoorde skilder Coetser heel realities, en hy gee baie voorbeelde van blankes wat onverhoeds oorval en uitgemoor is. „Di Kaffers fluit en skré an alle kante, skiit en gooi met asgaaie en klippe op di huis amper soos reen. Di skape blêr, di beeste bulk, di honde blaf, di fyand storm toe om di beeste fan di touwe af los te sny, andere

wil di huis in storm, een kaffer werd in di deur doodgeskiit met 'n afgebreekte asgaai in syn hand. Di rumoer was frese-lik. . . . Met fortrek was dit 'n akelig gesig om te siin hoe di plase an alle kante afgebrand word; so fêr as ons kan siin styg di rook oral op soos sware miswolke."

Sy voordeel is gewoonlik gesond en in ooreenstemming met die bevindings van die geskiedskrywers. So noem hy „di kafferpolitiek fan Sir Andries (Stockenstrom) 'n totale mislukking." Maar dit gebeur nie dikwels dat hy kritiek uitoefen nie. Hy gee liewers 'n opsomming van die gebeurtenisse self, en die toon is tog so menslik. Selfs vir 'n grappie vind hy geleentheid, en terglustig is hy boonop, bv. omdat Currie weggekoes het vir 'n asgaai, sê hy: „hiiro'er het ons hom later baing geplâ." Hy is nie sentimenteel nie, maar erken ruiterslik dat hulle treurig was oor vyf vriende wat vermoor is: „Almal was diip bewoge en baing trane werd by di geleendhyd gestort." Graag gee hy die eer vir 'n oorwinning aan God, of as hulle 'n noue ont-koming gehad het en die gevaar vrygespring het, heet dit: „Die enigste oplossing wat ek hiiro'er kan gé, is, dat di Here ons beskerm het."

Aanvanklik het Coetser vrywillig diens gedoen, maar later het die Goewerneur hom aangestel as „padwyser" vir die troepe, en dis 'n pos waarop hy baie trots was. Ongetwyfeld is baie van die oorwinnings op die Kaffers aan sy bekwaamheid te danke. Hy het die land geken, maar ook die kryggsgewoon-tes van die Kaffers, en kon sy kolonel van kosbare raad bedien. Die Goewerneur het Coetser dan ook dikwels 'n pluimpie ge-maak: „Alle eer kom jou, di offisire en di manskappe toe fer julle dapperhyd, en an jou grote ferstand."

Gebeurtenisse uit die Kaffer Oorloge is 'n boeiende boekie en lees soos 'n historiese roman: 'n vervloë periode in ons geskiedenis word vir ons weer lewendig gemaak.

(b) *Vertalings.*

Waar die skeppingsdrang ontbreek het, moes die redaksie van die *Patriot* en *Ons Klyntji* dikwels uit ander tale vertaal om in die toenemende leesbehoefte te voorsien. Nou is dit opmerklik dat hulle ook dié tipe boek uitgesoek het wat tot nut en lering kon dien. Die vertaler het homself baie vryhede

veroorloof om gedeeltes weg te laat of by te voeg, sodat hy 'n Afrikaanse atmosfeer kon bewerkstellig. Hy skroom gewoonlik nie om verduidelikings te gee of om 'n praatjie met die leser aan te knoop nie. Selde word die skrywer van die boek genoem, en nog minder die vertaler.

Van di Blokhuis na di Witte Huis of Di Lewe van James Abraham Garfield het oorspronklik in die *Patriot* verskyn vanaf 29 Junie 1883 tot 25 Desember 1884. Die volgende jaar is dit in boekvorm uitgegee, met 'n oplaag van 2000.

In die inleiding verklaar die vertaler: „Ons doel is dan, geagte leser, om in korte trekke en eenvoudige woorde di lewensgeskiedenis van di laasgentemde metedeel; — van 'n man wat as kind van syn godsalige moeder di spreekwoord geleer het. „Waar 'n wil is, is oek 'n weg,” en wat di spreuk gedurende syn lewe beoefen het; — van 'n man wat di moed had om nooit iets teen di wil van syn vrome moeder, of teen di inspraak van syn deur Gods Woord verligte gewete, te doen; — van 'n man, arm en onder nederige omstandighede gebore, mar wat hom deur moed en volharding, met di bystand en hulp van di Almagtige, opgewerk het tot di hoogste trap in di maatskappy; — van 'n man uit wi syn lewe, lewenswysheid en lewenslesse te leer is, ver iedereen.”

Hierdie inleiding karakteriseer dadelik die boekie: die strekking is dwarsdeur voelbaar, en die godsdienstige toon word nooit verwaarloos nie. Die lewe van James Garfield word aan die kinders voorgedou as voorbeeld. Hulle word veral aangemaan om hulle moeders te eer, soos Garfield, gedoen het. Hoe oulik word die praatjie tussen James en sy moeder oor drank nie ingevleg nie, 'n praatjie „wat 'n bepaalde rigting an syn volgend lewe gegee het en hom syn hele lewe lank tot 'n onthouder van bedwelmente dranke gemaak het.” Meer opsetlik is die volgende prekie: „En hier leer di kinders tve grote lesse: di eerste, om ni di Sondag te maak tot 'n dag van kuier en wereldse vermake en plisier, en ten tweede, om hulle ouers getrou gehoorsaam te wees as di hulle iets verbied.”

Die vertaler wil nie alles meedeel nie, veral waar dit Garfield se liefdessake betref, want „party van ons lesers sal goed genoeg weet hoe dit gewoonlik toegaan, en andere kan mar 'n

bietji wag totdat hulle eendag in di geleendheid is om dit self te ondervinde."

Die verhaal word soms erg sentimenteel, hoewel dit die lesers vir wie dit bedoel was, seker nie gehinder het nie. Ons kry 'n noukeurige opsomming van die uiterlike gebeurtenisse in die lewe van James Garfield, maar sy sielelewe kon die biograaf nie peil nie. Daarom neem hy sy toevlug tot die gerieflike opmerking: „Maar wi kon begryp wat daar toen in James syn hart omgegaan het; welke skrywer is in staat om op papier terug te ge di gevoel wat daar in James was . . ."

Die boekie was gou uitverkoop, en is wel die beste bewys dat dit in die smaak van die Afrikaanse lesers geval het. Die strekking het hulle seker ter harte geneem.

Hoewel daar geen dokumentêre bewyse voor is nie, laat die styl, die toon, en veral woordelike ooreenkomste met *Catharina die dogter van die Advokaat*, ons sterk vermoed dat C. P. Hoogenhout die verwerker is.

De School op de Heide het in *Ons Klyntji* verskyn vanaf Desember 1901 tot September 1903, en is later in boekvorm uitgegee. Dit tel 183 bladsye. Wie die vertaler is, word nie gemeld nie. In die inleiding lees ons: „Die follende ferhaal . . . is megedeel in een fan di kinderwerke wat in 1864 uitgegê is deur di toenmalige ‚Boekvereniging,‘ en daar dit my heel belangrik toeskyn, feral fer jou jeugdige lesers, wil ek trag om dit in *Afrikaans* terug te gé, in die hoop dat dit fer menigeen tot nut sal wees wat nog ni weet ni, dat menig bittere teleurstelling soms 'n geseende uitwerking het, ten minste fer digene wat sig buig en sig gedwé onderwerp an syn noodlot."

Die boekie is dus vir kinders bedoel en volgens die opvatting van die tyd, moes dit deurspek wees met sedelessies. Dit vertel die ondervindings van die kinders van 'n ryk Hamburgse koopman, Guido, Pauline en Thekla. Dit was in die jaar 1813 dat die Franse soldate van Napoleon Hamburg beset het. Die koopman moes daarom vlug vir sy lewe. Sy kinders het hy na 'n eenvoudige boer op die heide gestuur, en dit is hier waar hulle gebrei is in die skool van die lewe. Hulle wou hulle nie aanpas by die armoedige omstandighede nie, en dit het meer as een bittere traan gekos. Die eerste dag al het Guido weg-geloop, maar dit het hom suur bekom — hy moes uitvind dat

die eenvoudige kos baie lekker smaak. Ook Pauline moes boet vir haar hoogmoed. Maar gelouterd het hulle uit die skool op die heide gekom en nà Napoleon se neerlaag kon hulle weer terugkeer na Hamburg.

Die agtergrond is skerp geteken en die skrywer-vertaler maak ons heeltemal tuis in die Holm-familie — ons leer die lewe ken van die eenvoudige, maar gelukkige Duitse boere-familie, 'n honderd jaar gelede.

Soos ons verwag, is die sedelessies volop. Grootvader is 'n man van wysheid en lewenservaring en daarom gee hy leiding aan die jeug: „Dus, liwe kinders, (sê grootfader), onthou dit, dat eerlikhyd di beste staatkunde is, want dit word altyd, fröeg of laat, befredigend, beloond; mar oneerlikhyd word altyd, fröeg of laat swaar gestraf.” Die drie bedorwe kinders het voordeel getrek uit „de school op de heide,” want die skrywer sê self: „Di lewe op di heide was fer di 3 Echtermeyers 'n bestendige skool, waarin hulle selfferlogening, tefredenhyl, geduld en flyt het moet leer.”

Die skrywer hou gedurig kontak met sy jeudige lesertjies en verduidelik soms 'n moeilike woord, of vertel hulle iets uit die geskiedenis om hulle te oriënteer. Hy werk graag op hulle gevoel: „O hoe feul trane word daar soms onder dese en dergelike geleendhede gestort, soos mar alte dikwels plaas gefinde het onder Napoleon!”

Dis 'n „leersame” maar nie 'n besonder boeiende verhaal nie!

HOOFSTUK IX.

TERUGBLIK.

Jakob Böhme sê: „Und, ist kein Ding in der Natur, es offerbart seine innere Gestalt auch äusserlich; denn das Innerliche arbeitet stets zur Offenbarung. Ein jedes Ding hat seinen Mund zur Offenbarung. Und das ist die Natursprache, darin jedes Ding aus seiner Eigenschaft redet und sich immer selber offenbart und darstellt.“ Of Just Havelaar: „Zelfs de schuchterste mensch draagt heel zijn wijsheid uit in de openbaarheid van het leven. Alle geheim is zichtbaar. Alle zichtbaarheid is geheim.“ (*De symboliek der kunst*, bls. 12-13).

Die diepste wese van die Genootskapsstrewes is die volwaardigheid van die Afrikaner, die moontlikheid na self-ontdekking langs die weg van sy onvervreembare uitingsmiddel, die moedertaal. Na aanleiding van 'n opmerking in *Het Volksblad* dat elke Afrikaner Nederlands met 'n bietjie goeie wil kan verstaan, argumenteer Oom Lokomotief as volg:

„Elkeen weet dat leeslus en skryflus broer en suster is. Daar wort so veel geklaag o'er gebrek an leeslus in ons land, mar dis omdat die mense gen taal het waarin hulle hulle gedagte kan uitdruk nie, daardeur ontstaat traagheid van gees, ens. Mar die *Volksblad* weet net so goed as ons dat die helfte van ons Afrikaners nie behoorlik ver hulle kan uitdruk in Hollans nie. Mar hy seg: „Dis mar niks, as hulle mar 'n taal het wat hulle kan verstaan; hulle hoef nie 'n skryftaal te he nie.“ Dis alweer dieselfde beginsel: Ek wil he wat hulle nie mag he nie, ek wil 'n taal he wat ek kan verstaan en skrywe, mar ver hulle kom nie op an nie, hulle moet mar lees wat ek skryf . . .” (*P.*, 19 Jan. 1877).

Dit is dan veral vir die „helfte van ons Afrikaners” wat hulle nie behoorlik kan uitdruk in Nederlands nie, vir wie hulle voorsiening wil maak deur hulle „te neem waar hulle is, mar nie om hulle daar te laat nie, mar om hulle lanksaam op te lei”

(P., 21 Sept. 1877), dus deur af te daal na hulle peil van kunne en kennis. Hierdie opvatting van hul taak bepaal dan ook die toon, gees en peil van die Genootskap se werk, maak die besondere vormkrag in hulle skeppende werksaamheid begryplik. Die passie wat in hulle voortbrengsels brand, is een van eenvoud en saaklikheid.

Hulle wou die minderbevoorregte Afrikaner laat tuisvoel, wou ook in die taalaanwending geen vreemdigheid en valse opskik tussen hulle en die lesers hê nie. Die skryftaal was net die gewone spreektaal-in-druk in al sy pittigheid, direktheid en vertroulike warmte.

Hier is eintlik meer 'n sin vir realiteit as vir realisme, joernalistiek eerder as letterkunde.

Joernalistiek het veral te doen met onderwerpe van verbygaande en onmiddellike belang, letterkunde met universele probleme. Joernalistiek rig hom meer na 'n bepaalde en onmiddellike uitwerking in 'n bepaalde, meestal gelokaliseerde kring; dit is daarom in sy metode ook anders as letterkunde, net soos in sy doel en uitwerking. Dit beoog veral iets prakties, is militant van karakter, eensydig in sy beligting, deurskynend, helder, pittig en doodernstig of smalend, in sy aanbieding. Joernalistiek is soos 'n plakkaat, letterkunde soos 'n skilderstuk. Albei word beheers deur hulle eie kunswette en eie vormkrag.

In strekking en vormgewing het ons in die voortbrengsels van die *Patriot* meestal met joernalistiek te doen, soms in digvorm, maar gewoonlik in prosa. In die verband van propaganda en stigting het die eerste kuns ontstaan, en daarna in die verband van uitbundige vreugde oor nuut-gevonde heerskappy, en nog later in die verband van nasionale trots en verheffing, met die keersy, van spot en terging oor die onnasionale. Daarna volg godsdienstigheid, huislikheid en die liefde as temas in 'n rustiger, kalmer tydspouse. Taal en nasionaliteit is oor die algemeen die slagare. Keer die skrywer na die domein van sy eie siel terug, dan word hy hom van eie beperkinge bewus en dit maak hom kinderlik-godsdienstig.

Die skrywers was praktiese mense, ook in hulle godsdiens. Straf en beloning het hulle in alles gesien en gesoek, maar deur dit alles vlam die idealisme van hulle geloof aan 'n toekoms vir

die eie nasie op aarde en vir die enkeling in die hiernamaals. Die natuur daarbuite of die hart hierbinne het hulle nie tot kunsskepping ontroer nie. Die natuurskoonheid was te onprakties van karakter vir die behoeftes van die daaglikse lewe, om die mens van toe as iets selfstandigs te raak; en die mens self is al te seer in die nasionale of sosiale orde van dinge gesien om hom as enkeling uit die massa af te sonder en geïndiwidualiseer te beskou en te beskrywe, om sy *hart* as 'n makrokosmos te ontdek.

Net soos die mens as massawese of as tipe gesien is, dus nie geïndiwidualiseer nie, net so is die styl onpersoonlik en algemeen. Wel besit die taal met sy baie boerebeelde 'n eie, treffende plastiese vermoë, maar dit kom eerder uit die sosiale struktuur voort as dat dit nuut en persoonlik gesien of gesê word. Dikwels wortel die beelding en assosiasies direk in die Bybeltaal en dra 'n verhefener karakter.

Die versorging van die vorm was net van 'n uiterlike aard, bv. die maat en rym van die verse moes korrek wees. Fyner versorging van 'n innerlike aard was daar selde. In die meeste gevalle skik die digter se gedagte hom na die rym. Die rym gee in alles die deurslag.

Maar dan, ons volk verkeer letterkundig nog in sy kinderperiode. Daarom is die kuns naief, kinderlik en selfs dikwels primitief. Banaliteit en onverantwoordelikheid sal nie altyd hieraan vreemd wees nie, en die kleurrike, dramatiese-sentimentele, ligte en stoute sal by 'n menigte in die smaak val. Dit sal die goeie sowel as die slegte eienskappe van kinderlikheid openbaar, naas eenvoud platheid, kinderlik maar ook kinderagtig; grappig, maar soms laf, ens. Tog is dit juis op hierdie manier dat die innerlike drang „seinen Mund zur Offenbarung” gekry het, en nie op goed geluk af nie, maar as sy „Natursprache,” sy wesensvorm wat „niet liegen kan” (Havelaar).

Die kuns van hierdie tydperk meen ons dan met die algemene stelling te kan karakteriseer: kinderlik in karakter en vormvermoë, joernalistiek na gerigtheid.

Die letterkundige werk van dié tydperk was plattelandskuns, want die *Patriot* het hom veral tot die boere gerig, en die meeste, hoewel nie belangrikste digters, was boere. Daarom is die toon gemeensaam, daarom gebruik hulle die tipiese

volkstaal, daarom vertel hulle allerlei grappige stories en anekdotes, maak hulle liefdesgedigte en sentimentele ballades. Hulle is dikwels plat, maar nooit gekunsteld nie en ook selde kunstig.

Die digters van die Eerste Periode het gewoonlik nie gedig om uiting te gee aan 'n hewige sielontroering, uit 'n onweersaanbare drang van die hart nie, maar om hul volk nasionaal op te bou, om 'n liefde by hulle volk te wek vir die eie Afrikaanse taal, om hulle wakker te skud. Daarom is die meeste Afrikaanse geskifte propagandisties en didakties, en die inhoud eg-Afrikaans. Hulle was nie kunstenaars nie, maar hulle het ook nie probeer om kuns te skep nie. En tog, hulle het nie net rymelary gelewer nie.

Verskillende digters uit die Eerste Periode het jonger digters wenke gegee hoe om te dig, en hierdie wenke verskaf ons 'n pragtige insig in die vereistes wat destyds aan poësie gestel is. Soos J. D. Cilliers in 'n *Paar Wenke an Digters* verklaar, is die vernaamste vereiste dat die maat en rym in die haak moet wees:

„Verdeel dan jou versies, soos jy dit begeer:
In reëls van vier, of van ses, of van meer,
Mar laat ook soos d'eerste, di tweede vers wees,
En tot op di end in di selfde maat lees.
Want is daar één woord in te veel of te min,
Dan klink dit net vals, want dit hoort daar ni in.
Ge verder ook ag op di woorde wat rym,
Want dáár leg ver digters di grootste geheim;
Di woorde wat sluit, die moet net op 'n haar
In uitgang en klanke, mooi vloei inmaak.
Want let jy ni suiwer op uitgang en klank,
Dan gaat jou gedig heel waarskynlik ook mank.”

Aan die lesers van *Ons Klyntji* (Jan. 1897) het ds Du Toit 'n dergelike lesie in die „digkunde” gegee, want hy vind dat die „digters” so baie sondig teen die reëls vir 'n gedig. „Mar di foute sit meesal juis in di twee dinge waar 'n mens, as jy 'n gedig wil maak, op moet let, naamlik *maat* en *rym*. En dit is tog so eenvoudig.” Dan verduidelik ds Du Toit wat maat en rym is, en kom hy tot die gevolgtrekking: „Di digter het dus grote speelruimte. Mar fer een ding moet hy oppas:

di maat waarme hy begin moet hy hou, en so oek di folgorde fan ryme."

Dis duidelik: die opvatting was ook gangbaar dat 'n digter gemaak kan word deur aan hom die reëls van die „dig-„kunde" te leer, al erken J. D. Cilliers in sy *Wenke* dat 'n digter gebore word:

„Want almal tog het di talent ni ontvang
Gedigte te maak soos di kuns dit virlang."

C. P. Hoogenhout, die letterkundige redakteur van die *Patriot*, het ook die digters van raad bedien (*P.*, Julie 1881): „Ons seg dit nogeens: dig maar op, rym so veul as jul kan. Is dit die eerste maal sleg, die tweede maal gaat dit beter, die derde maal nog beter en so voort; en eindelijk kom dit reg — *dan is dit tyd van stuur om gedruk te worde* . . . Eers rymelaar, dan rymer en dan — as jy aanleg het — digter! 'n Mens word nie op één dag digter. 'n Mens word nie op één dag 'n Vondel, 'n Bilderdyk, 'n Cats, 'n Newton, 'n Victor Hugo of wie ook; maar die wat aanleg het en aanhou die win; al word hy nie so beroemd as die manne." Asof hy miskien iets te veel gesê het, vra hy: „Ons het mos nou niks geseg om iemand af te skrik? Dis glad nie ons bedoeling nie . . . Toe dan vrinde, wat *goeje goed* het, stuur maar gerus, en welkom. Eindag sal ons julle so'n paar lessies gewe oer die verskillende soorte van digmaat; doet intusse maar julle bes, tel veral die lettergrepe en vergelyk jou versies met ander gedigte, daardeur sal julle al 'n flukse stap vooruit kom."

Ons moet hierdie briewe van Hoogenhout in die *Patriot*, na aanleiding van die ingesonde gedigte, lees om 'n idee te kry van die „kuns"-opvattinge van hierdie tyd, en te sien waarvoor hulle alles die rymvorm gebruik het. Gedurig moes hy hulle waarsku om nie paskwille te stuur nie: „Dikwyls ontvang ons selfs van onbekende skrywers sulke goed dat ons dit mar gou gou van kant moet maak. Op ander tyde is daar 'n versoek by „verbrand myn naam tog asseblief." (*P.*, 3 Junie 1881).

Plagiaat was aan die orde van die dag, en so dikwels is Hoogenhout se eie gedigte aan hom teruggestuur met die versoek om hulle te verbeter en dan te plaas — onder die naam van die insender! So klae hy: „Party mense het egter 'n

wonderlike gedagte. Hulle stuur miskien 'n gedig uit 'n boek afgeskrywe met die vriendelik versoek om dit te vertaal en *dadelik* te plaas — tot Engelse versies toe."

Kostelik is ook wat hy ons meedeel oor persone wat oor 'n vryery of 'n trouery skryf en dan vra: „Oom Jan moet tog asseblief hiervan 'n versie maak." So was daar 'n jongkêrel wat 'n bloutjie geloop het by 'n nooi en deur 'n ander voorgespring is, wat ewe pleitend gevra het dat Oom Jan tog 'n versie op dié kêrel moet maak. Hy beskryf die opponënt se klere, sy ou perd, ja, tot sy neus toe! (*P.*, 8 Julie 1881).

Dikwels was Hoogenhout verplig om met die snoeimes onder die gedigte in te spring, maar hy gee ook die redes aan waarom hy sommige afgekeur het: „Al di bovengenoemde gedigte kan ons om een of ander rede ni plaas ni; het sy omdat dit te onbelangrik, of te persoonlik en hatelik, of te lank, of te onduidelik beskrywe is, of omdat dit te veel an digmaat en inhoud makeer." (*P.*, 4 Mei 1883).

In die *Patriot* van 9 Julie 1886 deel Hoogenhout die digters mee dat hy met die loop van jare so'n groot aantal gedigte opgehoop het, dat hy nou moes opruiming hou — deur hulle almal gelyktydig te plaas! Met sommige kon hy darem werklik niks maak nie, en dus moes hulle baie swak gewees het. Maar: „dit moet nimand nou daarvan afskrik ni, om syn bes te doen ons wat beters te stuur, dan kom dit seker eendag in."

Daar het 'n ware digterswoede losgebreek in die *Patriot*, sodat in 1879 elke maand 'n byblad spesiaal vir gedigte moes afgesonder word. In *Ver Digters* is nou kans (*P.*, 11 Julie 1879) spoor Hoogenhout die lesers aan om die byblad vol te skryf:

„Spring mar by, dan val dit lig;
Afrikaanders kan goed dig!"

In die *Patriot* van 8 Julie 1881 getuig Hoogenhout: „Dis wonderlik om te sien hoe die diggees ontwaak is, onder Afrika-ners, van die *Patriot* in die wêreld is." 'n Paar maande later (*P.*, 9 Sept. 1881) roep hy verheugd uit:

„Wie had kon denk dat Afrika
Ooit soveul digters had?
Gedigte kom nog daagliks an,
Hier's weer 'n volle blad.

Eers was die tong en hande vas,
 Gedagte werd gesmoor;
 Maar nou: dis ryme, goed of sleg,
 'n Elk wil hom laat hoor."

Daar het heel spoedig 'n gewoonte by die aspirant-digters ontwikkel om Oom Jan (C. P. Hoogenhout) te vra om tog maar asseblief die foutjies reg te maak. Ons kan baie voorbeelde gee. So besluit Raaksien sy *Gedig an Oom Lokomotief*:

„Nou sal ek mar 'n einde maak,
 An myn gedig, myn wens en taak,
 En is dit ni na Oom se smaak,
 Bring dan mar alles in di haak."

H.A.L. waag hom vir die eerste keer aan die pen met sy *Gedig o'er die Bybelse Raaisels*,

„En is ek van di spoor geraak,
 Maak asseblief dan reg, Oom Jan!
 Ek het gemaak so goed ek kan."

D.J.C. kom met 'n dergelike versoek aan die slot van sy gedig *Hans di Leu'enaar*:

„En nou myn Oom Lokom'tief,
 Vind Oom myn rympie sleg,
 Verbeter dit dan asseblief
 En maak di foute reg."

Baie het dit nodig beskou om Oom Jan of Oom Lokomotief mee te deel dat hulle nou 'n gedig gaan maak, bv. P. v. N. in *An Oom Jan*:

„Oom ek ag dit van myn plig,
 Om te maak oek 'n gedig ..."

Dikwels word hy versoek om die gedig te plaas; daarby rym *Lokomotief op lief en asseblief*.

„Myn lied is an Oom Lokomotief
 Want ons het hom tog al te lief,
 Myn liwe Oom! sit dan myn brief
 In jou korant tog asseblief.' (Raaksien: G.a.O.L.)

A. J. Herholdt se aanhef in *Afrikaanse Lietji* is deur baie nagevolg:

„Oom Lokomotief
Jy is my so lief. . .”

By genl Joubert heet dit:

„Oom Lokomotief,
Ek het jou so lief.”

As iemand 'n „storie” gaan vertel, dan nooi hy die lesers uit om nou te kom luister:

„Kom, vrinde! wees nou wat bedaard,
Ek gaat 'n grap vertel;
Jull' aandag is dit seker waard,
Dit sal jul self vasstel.”

(*Begeerlikheid Beloond* deur 'n ongenoemde).

„Kom vrinde! hoor 'n oo'enblik,
'k Verhaal jul onverwyl,
Hoe eens 'n vrome dienskneg Gods,
'n Siel het opgeveil.”

(*Die Dri Kopers* deur Neef Jan.)

„Kom vrinde kom hoor na my
Dan sal jul weer 'n rympi kry.”

(*Di Herder* deur C.)

Hoe onkundig ons mense destyds nog was omtrent waarheid en verdigting in prosaverhale, bewys die baie vroeë waar-mee die redakteur van *Ons Klyntji* bestorm is na aanleiding van die roman van ds S. J. du Toit, *Di Koningin fan Skeba*. Ds du Toit het nie geneë gevoel om die verskil duidelik te maak aan J. J. C. Grabe nie, want „dit sou di hele aardigheid daarfan wegneem.” Net 'n maand later klae die dominee weer dat die lesers nie kan begryp wat verdigting is nie; een vra hom selfs of 'n Christen die reg het om hom te bedien van verdigting. Ds Du Toit gee hom dan 'n hele klomp Bybeltekste om na te lees, en herinner hom daaraan dat die vergelykings van Christus ook verdigtings is. Ten laaste is die redakteur se geduld op, want in Junie 1899 wou J. G. du Preez van Delporthoop weer

weet of die roman 'n ware verhaal of 'n verdigsel is. „Myn skepsels,” roep hy uit, „dis tog al so dikwels gesê: Ds du Toit, het eers 'n werklike ferhaal gegé fan syn rys na di noorde, en toen het hy gesê op grond fan wat hy gesien en gelees het sal hy nou 'n ferdigting of historiese roman gé waarin hy beskrywe hoe hy hom foorstel hoe dit in die dage fan ou Salomo syn goudgrawery hiir gelyk het.”

Dr J. D. du Toit gee nog die volgende interessante staaltjie (*Ds S. J. du Toit in Weg en Werk*, 1917 bl. 400): „Toen die boek in Ons Klyntji verskyn, het 'n oue swaër en suster van Ds Du Toit dit begin lees. Deurdathy self en syn Mashonalandse medereisigers meteen als persone in die roman optree, het die twee lesers gedenk dat alles werklik so gebeur het. Toen dit hul al te apokrief werd, vraag hul: „maar is dit dan alles waarheid.” „Nee,” was die antwoord van 'n vrind „dis mos 'n roman, 'n verdigte vertelling.” „Maar,” merk toen die oue swaër aan, „Fanie sal tog nie lieg niel”... Ja, Fanie het nie gelieg nie, maar syn verbeelding was vir die twee oudjies al te rekbaar gewees! Hul het toen besluit om die lektuur maar opsy te sit.”

Die swak vermoë om literêr te kan geniet en die onvermoë om verdigting as 'n selfstandige domein te erken, los van die werklike lewe, straal uit die getuienisse van lesers van *Ons Klyntji* na aanleiding van *Di Roosknoppi* deur D. P. du Toit. So het iemand 'n gedig *O'er di Stori fan di Roosknoppi* gemaak en verontwaardig vra hy:

„Hoe is dit molik, sê my dit
Dat Dani in di tronk moet sit?
Hy's so onskuldig as 'n man
Mar ooit op aarde wese kan.”

„'n Opregte Afrikaner” het weer 'n brief aan *Ons Klyntji* geskryf om uiting te gee aan sy haat vir Brown: „Meneer, — Moet dit ni fer my kwalik neem dat ek ni myn naam onderteken ni want dit is ni fer my waagsaam ni want Brown, di ellendeling kan my ook foor di hof kry en daar bring waar Dani is; en dan bars hy... Ek kan ni ferdra dat hul moet 'n Afrikaner in di tronk sit, o'er 'n ellendige Engelsman ni.”

Verwant aan die naïwiteit is die banaliteit. Met één enkele voorbeeld wil ons volstaan. Dit oefen kritiek op die toentertydse

mode uit en sê o.m., in die laaste vers verwysende na die „dress-improver”:

„Opgeskik met ydel klere,
Prag en modes, pouwevere.
Losse hare, kale borste,
Op die rug hang dikke worste.”

In hierdie afkeur skuil ook weer die voorkeur: 'n eg-Afrikaanse aard en karakter, waarop die skrywer so trots is. So kry ons die banale nie altyd „om zijns zelves willen” nie, maar ook as 'n wapen, net soos aanprysing. Wat werklik meetel, is dat selfs so „alle geheim zichtbaar (is en) alle zichtbaarheid geheim...” Want alle kuns, ook volkskuns, voer ons altyd na die wonder van 'n geheim: hoe stof en gees tot 'n nuwe eenheid met 'n eie selfstandigheid gebore word: 'n skepping met 'n eie lewe. Wel is die vormkrag nog swak, maar hierdie skeppinge het 'n allernoodsaaklike funksie vervul om, in estetiese sin, die taal as uitdrukkingsmiddel te knee en buigsaam te maak vir groter spankrag, en in sosiale sin, die skeppers tot mondstuk van hulle tyd en mode te maak en die volk te leer lees, hulle lewenstempo te versnel en hulle te voer in die stroom van die moderne beskawing deur die kanaal van die moedertaal.

LYS VAN AFRIKAANSE PUBLIKASIES VAN DIE EERSTE PERIODE.

Let Wel:

F.C.L.B.: Dr F. C. L. Bosman, Kaapstad.
 G.S.N.: Dr G. S. Nienaber, Pietermaritzburg.
 M.S.B.K.: Dr M. S. B. Kritzinger, Pretoria.
 O.K.: Openbare Biblioteek, Kaapstad.
 P.I.H.: Mnr P. I. Hoogenhout, Pretoria.
 P.J.N.: Dr P. J. Nienaber, Johannesburg.
 P.K.: Parlementsbiblioteek, Kaapstad.
 S.P.: Staatsbiblioteek, Pretoria.
 S.P.E.: Dr S. P. Engelbrecht, Pretoria.
 S.P.E.B.: Dr S. P. E. Boshoff, Pretoria.
 U.K.O.V.S.: Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat.
 U.P.: Universiteitsbiblioteek, Pretoria.
 U.S.: Universiteitsbiblioteek, Stellenbosch.
 U.W.: Universiteitsbiblioteek van die Witwatersrand, Johannesburg.

Hierdie letters dui aan dat die boeke in besit van die biblioteke of persone is. Die grootte van 'n boek word in duime aangegee, bv. $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. Die groot getalle, bv. 2000, dui die oplaag van 'n boek aan — indien bekend. Die boeke verskyn in alfabetiese volgorde.

Hierdie literatuurlys vermeld nie volledig waar al die boeke te kry is nie. Daar is ongetwyfeld privaat-versamelaars wat ook van die boeke besit.

1. *Afrikaanse Almanak, Die (Di)*. Burgerlik en Kerkelik, 1877-1918, met onderbreking tydens die Engelse Oorlog en die Wêreldoorlog. D. F. du Toit & Co., Paarl, en Paarl Druipers Maatschappij, Beperkt, Paarl. Plus-minus 100 bls. $8 \times 5\frac{1}{2}$.
 1877:1000.
 1878:2000
 1879:3000.
 1880-1895: plus-minus 5000.
 O.K., P.K., F.C.L.B., G.S.N., P.J.N. Almal besit dit slegs gedeeltelik.
2. *Afrikaanse Boer, Di*, No. 1. D. F. du Toit & Co., Paarl 1884. 12 blss. $10 \times 7\frac{1}{2}$, 2000.
3. *Afrikaanse Boer, Di*, No. 2. Stukke omtrent Boerdery o'ergedruk uit *Di Patriot*, D. F. du Toit & Co., Paarl (1885). 24 blss. $10 \times 7\frac{1}{2}$. 2000. P.K., U.K.O.V.S.

4. *Afrikaanse Boer, Di*, No. 3. Stukke omtrent Boerdery o'ergedruk uit *Di Patriot*, D. F. du Toit & Co., Paarl (1887). 20 blss. $9\frac{1}{2}$ x $7\frac{1}{2}$. 2000. P.K.
5. *Afrikaanse Boer, Di*, No. 4. Stukke omtrent Boerdery o'ergedruk uit *Di Patriot*, D. F. du Toit & Co., Paarl (1887). 20 blss. $9\frac{1}{2}$ x $7\frac{1}{2}$. 2000. P.K., U.K.O.V.S.
6. *Afrikaanse Gedigte*. Eerste Versameling. D. F. du Toit & Co., Paarl 1878. vi. pl. 94 blss. 7 x 4, 1000. O.K., U.K.O.V.S.
2de Vermeerderde Uitgawe: Paarl 1886. iv pl 96 blss. $7\frac{1}{2}$ x $4\frac{1}{2}$. 1000. P.J.N., U.K.O.V.S.
3de Vermeerderde Uitgawe: Paarl 1890. ii pl. 96 blss. $7\frac{1}{2}$ x $5\frac{1}{2}$, 1000. P.J.N., U.S.
7. *Afrikaanse Gedigte. Twede Versameling* (O'ergedruk uit die *Patriot*). D. F. du Toit & Co., Paarl 1881. vii pl. 168 blss. 7 x 4, 1000 O.K., F.C.L.B., P.J.N.
8. *Afrikaanse Gedigte*. Derde Versameling (O'ergedruk uit die *Patriot*). D. F. du Toit & Co., Paarl 1882. iv pl. 180 blss. 7 x 4, 1000. U.W., O.K.
9. *Afrikaanse Gedigte*. Vierde Versameling. (O'ergedruk uit die *Patriot*). D. F. du Toit & Co., Paarl 1883. iv pl. 108 blss. 7 x 4. 1000. O.K., F.C.L.B., S.P., P.K.
10. *Afrikaanse Gedigte*. Vyfde Versameling. (O'ergedruk uit die *Patriot*). D. F. du Toit & Co., Paarl 1885. iv pl. 107 blss. $6\frac{3}{4}$ x 4. 1000. P.J.N., U.K.O.V.S.
11. *Afrikaanse Gedigte*. Sesde Versameling. (O'ergedruk uit die *Patriot*). D. F. du Toit & Co., Paarl 1889. iv pl. 120 blss. 7 x 4. 750. P.J.N.
12. *Afrikaanse Gedigte*. Sewende Versameling. (O'ergedruk uit die *Patriot*). D. F. du Toit & Co., Paarl 1901. ii pl. 100 blss. $5\frac{7}{8}$ x 4. P.K., U.K.O.V.S., U.W.
13. *Afrikaanse Gedigte, Bloemlesing van*. Byeenversameld uit Nos. Twe en Dri (Gedigte Oorspronklik in die *Patriot* verskyn). D. F. du Toit & Co., Paarl 1888. v. pl. 208 blss. $7\frac{1}{2}$ x 5. 1000. O.K., S.P.E.B., U.K.O.V.S.
14. *Afrikaanse Gedigte*. Byeenversameld uit wat in di laaste 30 Jaar verskyn is, 1876-1906. Paarl Drukkers Maatskappy, Beperk., Paarl 1906. 164 blss. $9\frac{1}{2}$ x 7. P.J.N., U.P., G.S.N.
15. *Afrikaanse Patriot, Die (Di)*:
1876 maandblad. Gedrukt bij Smuts en Hofmeyr, Kasteelstraat, Kaapstad. 16 blss. $7\frac{1}{2}$ x $5\frac{1}{4}$. U.S., U.P., U.K.O.V.S.
1877 weekblad. D. F. du Toit & Co., Paarl. 4 blss. 15 x 10. U.S., G.S. en P.J.N.
1888: 4 blss. 24 x 20. Eindig 27 Oktober 1904.
1876: 50.
1877: 400.
1878: 800.
1879: 1200.

1880:1800.

1881-1895: plus-minus 3000.

U.S. ontbreek 1884 en 1891.

S.P. besit: 1879, 1881, 1882, 1883, 1884, 1885, 1886, 1887, 1898, 1899.

Nienabers besit 1877, 1888, 1892, 1893, 1898, 1900, 1901, 1902.

P.K. besit 'n klompie los nommers.

16. *Afrikaanse Taalkongres, Di Eerste*, gehou an Di Paarl, 15 en 16 Jannewari 1896. D. F. du Toit & Co., Paarl 1896. 16 blss. 9½ x 7. P.J.N., P.K., U.K.O.V.S., U.S., U.W., O.K.
17. *[Afrikaanse] Taalkongres en Samenkomst, Verslag van [2de]*, gehou-
den aan De Paarl, op 27 tot 31 Januari, 1897. (Net die eerste 15 blad-
syte bevattende die verslag van die Taalkongres is in Afrikaans. Die
res is gewy aan die Tweede Samenkomst van Geloovigen). D. F. du
Toit & Co., Paarl, 1897. 61 blss. 9½ x 6.
P.J.N., P.K., U.S., G.S.N., U.W., O.K.
18. *Afrikaner Bond, Die*. O'ergedruk uit die *Patriot*. Eendrag Maak Mag.
D. F. du Toit & Co., Paarl (1880?) 11 bls. 10½ x 8½. U.P.
19. *Afrikaner Bond, Di*. O'ergedruk uit *Di Patriot* en *Afrikaanse Almanak*.
Eendrag Maak Mag. D. F. du Toit & Co., Paarl (1882). 27 blss.
9 x 5½. 3000.
Barbu (Sien Buys, B. R.)
20. *[Barnard, Hendrik]* (Skuilnaam: Hendrik): Die Meer N'Gami en
ander Noordelike Streke. Reissketse deur „Hendrik.” O'ergedruk uit
„*Di Afr. Patriot*.” D. F. du Toit & Co., Paarl 1894. 39 blss. en 'n
kaart. 9½ x 7. 500. U.W., P.K., U.K.O.V.S.
21. *Brink, Melt J.*: Grappige Stories en andere Versies in Kaaps-Hollands,
deur Melt J. Brink. J. C. Juta, Kaapstad en Johannesburg 1893.
viii pl. 141 blss. 7 x 5. O.K., P.K., U.W., P.J.N.
22. *Brink, Melt J.*: Grappige Stories en andere Versies in Kaaps-Hollands.
Deur Melt J. Brink. Tweede Bundel. J. C. Juta & Co., Kaapstad, Port
Elizabeth en Johannesburg 1894. viii pl. 140 blss. 7½ x 5. P.J.N., O.K.
23. *Brink, Melt J.*: Grappige Stories en andere Versies in Kaaps-Hollands.
Deur Melt J. Brink. Derde Bundel. J. C. Juta & Co., Kaapstad, Port
Elizabeth en Johannesburg 1896. viii pl. 177 blss. 7½ x 5. P.J.N., O.K.
24. *Brink, Melt J.*: Grappige Stories en andere Versies in Kaaps-Hollands.
Deur Melt J. Brink. Vierde Bundel. J. C. Juta & Co., Kaapstad, Port
Elizabeth en Johannesburg 1898. viii pl. 148 blss. 7½ x 5. P.J.N., P.K.,
O.K.
(Die tweede druk van hierdie vier bundels het by J. H. de Bussy,
Pretoria, verskyn.)
25. *Brink, Melt J.*: Ons Afrikaansch Prentenboek deur Melt J. Brink.
Amsterdam en Kaapstad. s.j. (1896?) 23 blss. P.J.N.
26. *Buys, B. R.* (Skuilnaam: Barbu): 'n Haastige Huwelik en wat daar-
van geworde het. Paarl Drukkers Maatskappy, Beperk, Paarl 1905.
(O'ergedruk uit *Ons Klyntji*). 24 blss. 7½ x 5. P.K.

27. *Cachet, J. Lion* (Skuilnaam: Neef Jan wat Versies maak): Di Drankduiwel. Deur „Neef Jan wat Versies maak.” D. F. du Toit & Co., Paarl 1882. 48 blss. 7 x 4½. P.K.
28. *Cachet, J. Lion* (Skuilnaam: Neef Jan wat Versies maak): Die Geldduiwel. Deur „Neef Jan wat versies maak.” D. F. du Toit & Co., Paarl 1882. 48 blss. 7 x 4½. 1000. P.K.
29. *Cachet, J. Lion* (Skuilnaam: Neef Jan wat Versies maak): Di Liegduiwel. Deur „Neef Jan wat versies maak.” (O'ergedruk uit die *Patriot*). D. F. du Toit & Co., Paarl 1883. 36 blss. 7 x 4½. 1000. P.K.
30. *Cachet, J. Lion* (Skuilnaam: Neef Jan wat Versies maak): Di Praatduiwel. Deur „Neef Jan wat versies maak.” (O'ergedruk uit die *Patriot*). D. F. du Toit & Co., Paarl 1884. 47 blss. 6½ x 4. 1000. U.P., U.W.
31. *Cachet, J. Lion* (Skuilnaam: Neef Jan wat Versies maak): Di Spogduiwel. D. F. du Toit & Co., Paarl 1892. 63 blss. 500. U.K.O.V.S.
32. *Cachet, J. Lion* (Skuilnaam: Pastor): Di Geskiedenis van di Hugenote van di jaar 1521-1789. Deur Pastor. D. F. du Toit & Co., Paarl 1886. 79 blss. 8 x 5½. 1000. P.I.H., P.K.
33. *Cachet, J. Lion* (Skuilnaam: Ou Oom Jan): Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het. Het Westen, Potchefstroom 1907.
Cefas (Sien Rossouw, ds P.D.).
34. *Coetser, Sr. P. P. J.*: Gebeurtenisse uit die Kafer Oorloge van 1850 tot 1853, 1846 en 1834 en 1835. Deur P. P. J. Coetser, Sr. D. F. du Toit & Co., Paarl s.j. 74 blss. 1000 O.K.
Nuwe uitgawe met titel: Gebeurtenisse uit di Kaffer Oorloge fan 1834, 1835, 1850 tot 1853, deur P. P. J. Coetser, Sr. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1897. 80 blss. 7½ x 4½. U.P., P.J.N., P.K., U.K.O.V.S., U.W., O.K.
35. *Dykman, E. J.*: Di Suid-Afrikaanse Kook, Koek en Resepte Boek, byeenversameld en geskrywe deur Mejufvr. E. J. Dykman. D. F. du Toit & Co., Paarl 1891. 105 pl. vii blss. O.K.
Vyftiende druk: Paarlse Drukkers Maatskappy, Beperk, Paarl 1912. 208 blss. 8½ x 5½. P.J.N.
(Van hierdie boek het in 1895 ook 'n Engelse vertaling verskyn.)
36. *Eerste 20 Afrikaanse Lidere met Musiik*. Paarl Drukkers Maatskappy, Beperk, Paarl 1906. 76 blss. 9½ x 7½. P.K., U.W., P.J.N.
Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk, Die. (Sien Toit, S. J. du, e.a.).
Hendrik (Sien Barnard, Hendrik).
37. [*Hoogenhout, C. P.*] (Skuilnaam: Een Vrind): Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huissouwens. In hulle eige taal geskrywe. Deur een Vrind. 1 Cor. xiv:6: Kaapstad: bij N. H. Marais. 1873. 36 blss. 6½ x 4. 500. U.P., U.K.O.V.S., P.J.N.
Herdruk as nr 2 van die Patriot-Vereniging. Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg 1940.

- Twede Verbeterde Druk.: D. F. du Toit & Co., Paarl 1883. 30 blss. 8 x 5½. 1000. U.P., F.C.L.B., P.J.N.
- Derde druk: Opnuut verwerk deur P. Imker Hoogenhout. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria 1922. U.P.
38. [Hoogenhout, C. P.] (Skulnaam: Klaas Waarsegger, Jr.): Catharina, dig Dogter van die Advokaat, deur Klaas Waarsegger, Jr. (Bekroonde Pryspraak). D. F. du Toit & Co., Paarl 1879. 57 blss. 8 x 5. 500. U.P., P.J.N.
- Herdruk as nr 2 van die Patriot-Vereniging. Voortrekkerpers, Beperk, Johannesburg 1940.
39. [Hoogenhout, C. P.] (Skulnaam: Jan wat Versies maak): Eerste Afrikaanse Printjies Boek ver Soet Kinders. Deur Jan wat versies maak. D. F. du Toit & Co., Paarl 1880 op koevert (1879 op titelblad). 64 blss. 8½ x 5½. 1500. P.I.H., U.S., O.K.
- Twede uitgawe. D. F. du Toit & Co., Paarl 1885. 71 blss. 1000. G.S.N., U.K.O.V.S., O.K.
49. [Hoogenhout, C. P.] (Vertaler): Die wege des Heeren met George Muller, deur homself beskewe. (O'ergedruk uit „Die Patriot“) D. F. du Toit & Co., Paarl 1882. vi. pl. 61 blss. 8 x 5½. 1000. P.J.N., U.P.
41. [Hoogenhout, C. P., en Toit, E. J. du] (Vertalers): Di Vinger Gods en sewe ander verhale. Vertaald uit Hollans, voornamelik ver di Oplossers van Bybelse Raaisels. D. F. du Toit & Co., Paarl 1884. v. pl. 63 blss. 8 x 5½. 500. P.J.N., U.K.O.V.S.
- Jan wat Versies maak (Sien Hoogenhout, C. P.).
42. *Klaas Gezwint en zijn Paert: and other Songs and Rijmpjes of South Africa in English and Cape Dutch.* Reprinted from the *Cape Monthly Magazine* and other South African publications. J. C. Juta, Cape Town, 1884. 92 blss. (42 Engels, 50 Afrikaans). 6½ x 4½. M.S.B.K. Klaas Waarsegger, Jr. (Sien Hoogenhout, C. P.).
43. *Lid fan di Afrikaanse Taalvereniging, 'n: Di Tower-Dokter of „Wat is Hypnotisme?“ 'n Ferhaal uit Moderne Lewe.* Paarlse Drukkers Maatskappy, Beperk. s.j. [Ons Kleintji, Julie 1906 tot hfst v; vervolg in *Ons Taal* 15 Mei 1907 tot 15 Des. 1907]. 91 blss. 7½ x 5. P.J.N., P.K., U.W., O.K.
44. *Maskew, W. H.: 'n Jolly Hotnot en andere snaakse Versies uit die Ouwe Doos.* Deur William Henry Maskew. Geb. Darter & Walton. Kaapstad 1890. 85 blss. 5½ x 4. P.K., O.K.
45. „Midadig Engeland, 't.“ Tot troos ver ons Landgenote in Transvaal, by die Anhegting deur die Engelse. Uitgege deur die Genootskap van Regte Afrikaners 1877. Gedruk deur H. Stroombergen, Paarlse Drukkery. iv pl. 65 blss. 6½ x 4½. P.J.N.
46. [L. H. Meurant:] Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het onderwerp van Afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie. J. S. Bold & Co., Cradock. 1861. 75 blss. 7½ x 5½. O.K., U.P.
- Neef Jan wat Versies maak (Sien Cachet, J. Lion).

47. *N(eser), M. H.*: Deur Hoogmoed Misly. 'n Ferhaal. Deur M.H.N. D. F. du Toit & Co., Paarl 1899. 79 blss. $7\frac{1}{2}$ x $4\frac{1}{2}$. P.J.N., P.K., U.P., U.W.
48. *N(eser), M. H.*: Wat Geld kan doen en ander Stories en Gedigte. Deur M.H.N. D. F. du Toit & Co., Paarl 1898. 76 blss. $7\frac{1}{2}$ x $4\frac{1}{2}$. P.J.N., P.K., U.P., U.S, U.W., O.K.
49. *Ontslag an Dr Jorissen. Di.* Enige artikels, ter verdediging van di Transvaalse Volksraad in bowegenoemde saak. O'ergedruk uit *Di Afrikaanse Patriot*. D. F. du Toit & Co., Paarl s.j. (1883?) 31 blss. $6\frac{1}{2}$ x 4.
Oom Willem (Sien Rijst, J. W. van der).
50. *Oprigting van Banke, Di.* D. F. du Toit & Co., Paarl 1882. 8 blss. pl. 'n Nederlandse Aanhangsel van xxiv blss. U.K.O.V.S.
Pastor (Sien Cachet, J. L.)
51. *Patriot Woordeboek/Dictionary.* Afrikaans-Engels. Cape Dutch-English. D. F. du Toit & Co., Paarl 1902—('04). Twee dele: vi+276 blss; 355 blss. $6\frac{1}{2}$ x 5. P.K., U.P., U.S., U.W., P.J.N., F.C.L.B., O.K.
52. *Reitz, F. W.*: Vyftig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte. (Met Prentjes). Versameld deur F. W. Reitz. „Argus” Drukkers, en Uitgewers Maatschappy (Bpkt.), Kaapstad 1888. vi pl. 183 blss. $8\frac{1}{2}$ x $5\frac{1}{2}$. O.K., P.J.N. Tweede druk met titel: *Zestig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte*. Boekhandel voorheen Höveker & Wormser, Amsterdam en Pretoria (1897). ii. pl. 137 blss. $7\frac{3}{4}$ x $5\frac{1}{2}$. P.K., P.J.N., O.K.
Derde druk met titel: *Twee en Sestig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte*. (5de druk hiervan). H.A.U.M., Kaapstad 1916. vii pl. 194 blss. $7\frac{3}{4}$ x $5\frac{3}{8}$. P.K., P.J.N., O.K.
53. *Reitz, F. W.*: Oorlogs en Andere Gedichten door F. W. Reitz. Unie Lees- en Studie-Bibliotheek. No. 3. Uitgawe van „Het Westen”-Drukkery, Potchefstroom 1910. vi pl. 108 blss. 8 x $5\frac{1}{4}$. P.J.N., P.K., U.W.
54. *Rossouw, ds P. D.* (Skuilnaam: Cefas) en *Toit, Ds S. J. du*: Godsdienstige Stukke van Cefas en Ds. S. J. du Toit. D. F. du Toit & Co., Paarl 1881. ii pl. 88 blss. 1000.
55. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): Spel- en Leesboek ver Afrikaanse Kinders. Deur Oom Willem. D. F. du Toit & Co., Paarl 1878. Tweede druk, Paarl 1884. Spel- en Leesboek ver Afrikaanse Kinders. Deur Oom Willem. Wynberg, Traktaat-Drukkery 1896. 49 blss. $7\frac{1}{2}$ x 5. (Blykbaar 'n herdruk van die vorige werk). P.J.N.
56. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): Evangeeli in di Volkstaal. No. 1. Godsdienstige Stukke. Deur Oom Willem. D. F. du Toit & Co., Paarl 1884. ii pl. 58 blss. 8 x $5\frac{1}{2}$. 1000. P.J.N.
57. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): Evangeli in di Volkstaal. No. 2. Godsdienstige Stukke. Deur Oom Willem. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1885. 56 blss. 8 x $5\frac{1}{2}$. 1000. P.J.N.

58. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): Samesprake in Afrikaans en Engels, No. 1, same met 'n lys van woorde en uitdrukkings vir die gebruik van Afrikaners wat wil Engels leer en Engelse wat wil Afrikaans leer: deur Oom Willem. D. F. du Toit & Co., Paarl 1885. vi pl. 61 blss. O.K.
Tweede Uitgaaf: Paarl, 1886. xxiv pl. 55 blss. U.K.O.V.S.
Derde Uitgaaf: Paarl, 1890. xxiv pl. 49 blss. 5000. O.K.
Vierde uitgaaf: Paarl.
Vyfde uitgaaf: Paarl 1896. ii pl. 27 blss. 8 x 5½. P.K.
59. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): Samesprake in Afrikaans en Engels. No. 2, met inleiding same met 'n Lys van woorde en uitdrukkings. Deur Oom Willem. D. F. du Toit & Co., Paarl 1885. 67 blss. 8 x 5½. U.S.
Tweede uitgaaf: Paarl 1887. xxiii pl. 67 blss.
Derde uitgaaf: Paarl 1890. xxii pl. 68 blss. O.K., U.K.O.V.S.
60. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): Samesprake in Afrikaans en Engels, No. 3 met inleiding, same met 'n Lys van woorde en uitdrukkings, deur Oom Willem. D. F. du Toit en Co., Paarl 1890. 95 blss. 2000.
61. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): Samesprake in Afrikaans en Engels. Nommers 1, 2 en 3. (saamgebind). D. F. du Toit & Co., Paarl, 1897. 111 blss. 8½ x 5½. P.J.N., P.K., U.K.O.V.S., G.S.N., O.K.
62. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): So gaat dit. 'n Verhaal, deur Oom Willem. D. F. du Toit & Co., Paarl 1886. 42 blss. 1000. U.P., U.K.O.V.S.
63. *Rijst, J. W. van der* (Skuilnaam: Oom Willem): Ons Werk en Sijn Vrugte. Overgedrukt uit *Di Patriot*, Paarl 1895. 2 blss. 12½ x 10½. P.K.
64. *Skool op di Heide, Di*. Bewerk uit Hollans. D. F. du Toit & Co., Paarl (1903?). 183 blss. 5½ x 4½. P.J.N., P.K., U.W., G.S.N., O.K.
65. *Ons Klyntji* (Ietterkundige maandblad 1896-1906). D. F. du Toit & Co., Paarl (en later Paarl Druipers Maatskappy, Bpkt., Paarl.) 24 blss. 9½ x 7 1/5.

Hiervan varieër aantal bladsye per nommer en aantal nommers per jaar as volg:

Jg. 1:	Maart, 1896—Febr. 1897	(12)
„ 2:	„ 1897— „ 1898	(12)
„ 2:	„ 1898—Des. 1898	(9)
„ 4:	„ 1899— „ 1899	(12)
„ 5:	„ 1900— „ 1900	(12)
„ 6:	„ 1901— „ 1901	(12)
„ 7:	Nr. 3, Maart 1903—Des. 1903	(10)
„ 8:	April 1904—Des. 1904	(9)
„ 9:	„ 1905— „ 1905	(9)
„ 10:	„ 1906— „ 1906	(9)

Vanaf Jg. 6 varieër ook die getal bladsye tussen 16 en 24.

Van 1902 het net Jan. en Febr. verskyn; 1903 begin met Maart, sodat 1902 en 1903 saam één jaargang vorm.

Die getal intekenare het begin met 750; in 1899 was hulle plus-minus 3000; daarna het hulle sterk verminder.

66. *Ons Taal*. (Letterkundige Maandblad 1907—1909). Paarl Drukpers Maatschappy Beperkt, Paarl. plus-minus 24 blss. 10 x 7½. P.J.N., P.K., U.W.
Ou Oom Jan (Sien Cachet, J. Lion).
67. *Toit, D. P. du*: Die Bedriegers. 'n Klugspel in een bedryf.
 Vierde druk: De Nationale Pers, Beperkt, Pietermaritzburg 1920. 22 blss. 7½ x 4½. P.J.N. (Geskryf ongeveer 1893).
68. [*Toit, J. D. du*:] *Fabiola*; of Di Kerk van di Katekombe. In Afrikaans bewerk (uit die Engels van Kardinaal N. P. S. Wiseman) en o'ergedruk uit *Di Patriot*. D. F. du Toit & Co., Paarl 1899. 190 blss. 8½ x 5½. P.J.N., P.K., U.S., U.W., O.K.
69. [*Toit, S. J. du e.a.*:] *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal*, Kaap-Kolonie 1876. 29 blss. 7 x 4½. 1000. P.K., U.W., U.K.O.V.S.
 Tweede druk. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1882. Uitgegee deur Di G.R.A. vi pl. 18 blss. 8½ x 5½. 6000. P.J.N., G.S.N., P.K., U.K.O.V.S., U.S., U.W., O.K.
70. [*Toit, S. J. du, Hoogenhout, C.P., Malherbe, G. J. (e.a.?)*:] *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van Ons Volk*. Uitgegee deur die Genootskap van Regte Afrikaners. Gedruk by Smuts en Hofmeyr, 11 Kasteelstraat, Kaapstad, 1877. iv pl. 235 blss. 8 x 5½. 500. U.W., P.K.
 Die Geskiedenis van ons Land, in di taal van ons Volk. Twede uitgaaf. (Aangevul tot 1895, en vermeerder met bijlage.) D. F. du Toit & Co., Beperkt, Paarl, 1895. 236 blss. 9½ x 6½. 1500. U.S., P.J.N.
71. [*Toit, S. J. du*:] *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* ver vrend en vyand uit publieke en private bronne. Bewerk deur 'n Lid van die G.R.A. (O'ergedruk uit die *Patriot*. D. F. du Toit & Co., Paarl. 1880. ii pl. 134 pl. 12 blss. 8 x 5½. 3000. P.K., U.W., U.K.O.V.S., P.J.N., O.K.
 Tweede druk: Paarl Drukpers Maatskappy, Beperk, Paarl 1909. 176 blss. 7 x 4½. P.K., U.S., U.W., G.S.N., P.J.N., O.K.
72. *Toit, Ds S. J. du*: *Alweer op Reis*. Di slag as Lid van di Transvaalse Deputasi, in 1883-1884, deur Ds. S. J. du Toit. D. F. du Toit & Co., Paarl 1886. ii pl. 89 blss. pl. Nederlandse Aanhangsel van 120 blss. 8 x 5½. 1000. P.J.N., P.K., O.K.
73. *Toit, S. J. du*: *Di Bybel in Afrikaans*. Dri Proewe. Met Historiese Inleiding deur S. J. du Toit V.D.M., D. F. du Toit & Co., Paarl. 1889. 56 blss. 7½ x 5½. 3000. G.S.N., P.J.N., U.P., U.K.O.V.S., U.W., O.K.

74. *Toit, S. J. du: Afrikaans ons Volkstaal.* 71 Thesis of Stelling, neergeleg en verklaar deur S. J. du Toit. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1891. xvi pl. 126 blss. 8 x 5½. 750. P.J.N., P.K., U.K.O.V.S., G.S.N., U.S., U.W., O.K.
75. *Toit, S. J. du: Handboek ver Godsdiens Onderwys op di Skool, in di katkesasi, by di huis.* Deur S. J. du Toit. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1892. viii pl. 78 blss. 8 x 5½. 2000. O.K., G.S.N.
76. [*Toit, S. J. du*] (Vertaler): *Werklike Geesverskynings.* O'ergedruk uit *Di Patriot*. (4 Jan. tot 7 Julie 1892). D. F. du Toit & Co., Paarl, 1892. 80 blss. 8½ x 5½. P.J.N., P.K., U.P., U.K.O.V.S., U.W.
77. [*Toit, S. J. du, ea.:*] *Die Eerste Boek van Moses, genoem Genesis.* D. F. du Toit & Co., Paarl 1893. viii pl. 163 blss. 3000. P.J.N., P.K., U.P., G.S.N., U.S., U.W., O.K.
78. [*Toit, S. J. du, e.a.:*] *Di Evangeli vollens Mattéus.* D. F. du Toit & Co., Paarl, 1895. vii pl. 119 blss. 9½ x 6. 1500. P.K., U.P., G.S.N., U.K.O.V.S., U.S., U.W., O.K.
79. *Toit, S. J. du: Sambesia of Salamo's Goudmijnen Bezocht in 1894, door S. J. du Toit.* D. F. du Toit & Co., Paarl, 1895. vii pl. 226 pl. 5 blss. 8½ x 5½. 1000. P.J.N., P.K., U.W., O.K.
80. *Toit, S. J. du: Magrita Prinslo; of Liifde getrou tot di Dood.* 'n Historiese Toneelstuk uit di Tyd fan di Grote Trek, deur S. J. du Toit. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1896. 21 blss. 8½ x 5½. P.K., P.J.N., O.K. Tweede druk (1897). 12 blss. 9½ x 6. P.J.N., P.K., U.S., U.W.
81. *Toit, S. J. du: Bybelse Vrage en Antwoorde in Afrikaans.* D. F. du Toit & Co., Paarl (1897). iv. pl. 43 pl. vii blss. 7 x 4½. P.J.N., P.K., U.K.O.V.S., O.K.
82. [*Toit, S. J. du:*] *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels.* D. F. du Toit & Co., Paarl 1897. v pl. 32 blss. 9½ x 6. P.K., P.J.N., G.S.N., U.S., U.W.
83. *Toit, Ds. S. J. du: Di Koningin fan Skeba, of Salomo syn oue Goudfelde in Sambesia.* Historiese Roman, met Prente. Deur Ds S. J. du Toit. O'ergedruk uit *Ons Kleintji*. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1898. 93 blss. 9½ x 7½. P.J.N., P.K., U.P., U.W., O.K.
84. [*Toit, S. J. du, e.a.*] *Di Openbaring fan Jesus Gristus.* Met aantekeninge deur S. J. du Toit. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1898. 88 blss. 9½ x 6. P.J.N., P.K., U.K.O.V.S., U.S., U.W.
85. [*Toit, S. J. du:*] *De Gezellige.* Het boek voor Iedereen vooral voor Jongelieden. (Bevat talle stukke in Afrikaans). D. F. du Toit & Co., Paarl 1902. 9½ x 7½. P.K., O.K.
Tweede uitgaaf: Paarl Drukkers Maatschappij, Beperkt, Paarl 1905. 216 blss. 9½ x 7½. P.J.N.
Vyfde Uitgaaf: Paarl Drukkers Maatschappij, Beperkt, Paarl 1923.
86. [*Toit, S. J. du, e.a.:*] *Di Psalme.* (In Afrikaans fertaald.) Paarl Drukkers Maatschappij, Bpkt., Paarl 1907. 293 blss. 7½ x 4½. P.J.N., P.K., U.K.O.V.S., G.S.N., U.W., O.K.

87. *Transvaalse Volksliedere* in Afrikaans en Hollans, O'ergedruk uit *Die Patriot*. D. F. du Toit & Co., Paarl 1881. 1000. U.P.
88. *Van di Blokhuis na di Witte Huis*. Di Lewe van James Abraham Garfield, O'erlede President van di Vereenigde State van Noord Amerika. O'ergedruk uit di *Patriot* [vanaf 29 Junie 1883 — 25 Des. 84], Paarl 1885. ii pl. 111 blss. 8 x 5½ 2.000. P.J.N., P.K., U.K.O.V.S., U.W.
89. *Voorgestelde Transvaalse Nasionale Bank, Di*. D. F. du Toit & Co., Paarl 1883. 10 blss. G.S.N.
90. *Vries, M. de*: Die Geskiedenis van die Transvaal, of die Suit-Afrikaanse Republiek van die laaste tien jaare gevertel deur Klaas Waarzegger aan zijn neeft Martinust in Hollant in die eige Boere zijn taal. A. W. Sijthoff. Leiden 1881. 74 blss. 7½ x 5½. P.K., M.S.B.K., S.P.E. *Vrind, Een* (Sien Hoogenhout, C.P.)
91. *Wielligh, G. R. von*. Dire Storils (soos deur Hottentots ferteld). By makkaar gemaak deur G. R. von Wielligh. Paarlse Drukpers Maatschappij, Beperkt, Paarl 1907. 54 blss. 7½ x 4½. G.S.N., P.K., U.P., P.I.H., O.K.
92. *Wielligh, G. R. von*. By'e Teelt: Deur G. R. von Wielligh. [O'ergedruk uit *Ons Taal* (1907-1909).] Paarlse Drukpers Maatschappij, Bpkt., 67 blss. 7½ x 5. P.J.N., P.K., U.W., O.K.

LITERATUUR EN BRONNE.

- Besselaar, dr G.: *Zuid-Afrika in de Letterkunde*. J. H. de Bussy, Amsterdam-Pretoria, 1914.
- : *Punte van Ooreenkoms tussen die Geusepoësie en die Versies van die Eerste Afrikaanse Beweging*. Huis en Haard, Julie en Aug. 1928.
- : *Die Oorsprong van die Afrikaanse Letterkunde* Huisgenoot 13 Jan. 1936.
- Beyers, C.: *Die Kaapse Patriotte*, Kaapstad 1930.
- Blok, Thos: *Die Adendorff-Trek*. Nas. Pers, Bpk., Bloemfontein, 1927.
- Borcherds, P. B.: *An Auto-Biographical Memoir of Petrus Borchardus Borcherds*, 1861.
- Boshoff, dr S. P. E.: *Volk en Taal van Suid-Afrika*. J. H. de Bussy, Pretoria, 1921.
- Boshoff, S. P. E., en L. J. du Plessis: *Afrikaanse Volksliedjies*. „Plekniekliedjies.” Deel I (A en B). J. H. de Bussy, Amsterdam, 1918.
- : *Afrikaanse Volksliedjies*. „Minneliedjies.” Deel II. J. H. de Bussy, Amsterdam, 1921.
- Bosman, dr F. C. L.: *Drama en Toneel in Suid-Afrika I: 1652-1855*. J. H. de Bussy, Kaapstad, 1928.
- : *Hollandse Joernalistiek in S.A. gedurende die 19de eeu, en eerw. A. Dreyer: Lewensketse van Hollandse Joernaliste in Kaapland, met portrette*. (Oordrukke uit „Ons Land” van 8 April 1930).
- : 'n Artikel oor Almanakke in die *Jaarboek vir die Ned. Geref. Kerke in S.A.* 1931.
- Bruggen, dr J. R. L.: *Von Wielligh as Jeugvriend*. Huisgenoot 21 Okt. 1932. (Oor die Boesmanstories).
- Burchell, William J.: *Travels into the Interior of Southern Africa*. 2 dele 1822, 1824.
- C.F.H.: *Professor Jan Lion Cachet. Die Brandwag* 1 Okt. 1912.
- Changuion, A. N. E.: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*. 2de dr. 1848.
- Coetzee, dr Abel J.: *Die Afrikaanse Volksgeloof*. Swets en Zettlinger, Amsterdam, 1938.
- Conradie, dr E. J. M.: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*. Deel I (1651-1875). J. H. de Bussy, Pretoria, 1934.
- : *Wat is „Gemeenskaplike besit van die Dietse Volkere” op letterkundige gebied?* *Ons Eie Boek* Jg. v, 4.
- Dekker, dr G.: 'n *Nuwe Oriënting?* Huisgenoot, 28 Sept., 1934.
- : *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Nas. Pers, Bpk., Kaapstad, 2de dr. 1937.

- : *Ds. S. J. du Toit as Leier van die Eerste Afr. Taalbeweging in A.S.B.-Gedenkboek*, bl. 72 e.v.
- D(ugteren) C. R.(uys) v(an): *Levensschets. Melt Brink. Huisgenoot*, April 1917.
- Elffers, H.: *Practical Dutch Grammar and Analysis*, Kaapstad, 1885.
- Eloff, A. Z.: *Die Bydrae van die Oranje Vrystaat tot die Afr. Taalbeweging*, 1934. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling).
- Engelbrecht, dr S. P.: *Dr A. N. E. Changuion — 'n eensame taalstryer. Huisgenoot*, 12 Febr. 1932.
- Franken, dr J. L. M.: *Mededeling en Opinions oor Afrikaans in die Neëntiende Eeu. Huisgenoot*, Julie 1927.
- : *Uit die lewe van Charles Etienne Boniface. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch). Kaapstad*, 1937.
- Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925). Uitgegee deur die Afr. Studentebond. Het Westen, Potchefstroom*, 1926.
- Gids tot die Publikasies in en oor Afrikaans in die Parlementsbiblioteek van die Unie van Suid-Afrika, te Kaapstad. 2de dr. 1934.*
- Groenewald, C. F.: *Rympies en Raaisels. Bydrae tot die Suid-Afrikaanse Volkskunde. Groningin*, 1919.
- Haantjes, dr J.: *Afrikaans Proza. Amsterdam* 1930.
- : *Kroniek van Zuid-Afrika. Baarn* 1938.
- Heever, C. M. van den: *Die Digter Totius, J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria*, 1932.
- Hofmeyr, J. H., en Reitz, F. W.: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan). Kaapstad*, 1913.
- Hofmeyr, J. J. C.: *Ons vroeë Dietse Letterkunde. Huisgenoot*, 17 Nov. 1933.
- Hoogenhout, C. P.: *In Memoriam. A. Pannevis. Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift*, Sept. 1884.
- Hoogenhout, dr N. M.: *Afrikaanse Bibliografie in Die Brandwag* 1910, bl. 245-246, 274-276, 333-335.
- Hoogenhout, P. Imker: C. P. Hoogenhout. *Persoonlike herinneringe uit sy lewe en werk. A.S.B.-Gedenkboek. Ook in Die Nuwe Brandwag I (Mei en Nov.)*
- Kamp, J.: *In Memoriam Jan Lion Cachet. Die Brandwag* 1 Okt. 1912.
- Kritzinger, dr M.S.B.: *Plateatlas by die Afr. Letterkunde. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria*, 1931.
- : *Die Afrikaans in die „Transvaal Argus“ (1860-1869). Jaarboek van die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Jg. xiii.*
- Louw, W. H.: *Hoofstukke uit die Geskiedenis van die Hollandse Taal in die Kaap-Kolonie in die laaste Kwart van die Neëntiende Eeu. Skripsie ter behaling van die M.A.-graad aan die Universiteit v. d. Witwatersrand*, 1927. In verwerkte vorm in *Die Huisgenoot* vanaf Julie tot September 1931 verskyn.
- Malherbe, D. F.: *Afrikaanse Letterkunde. 'n Bloemlesing. Nas. Pers. Bpk., Bloemfontein*, 1927.

- Malherbe, D. F.: *Bespreking van dr E. J. Conradie se proefskrif*. T.W.K. xii, 4.
- Malherbe, dr F. E. J.: *Humor in die Algemeen en sy uiting in die Afr. Letterkunde*. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 2de dr., 1932.
- Mansvelt, N.: *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon*, Kaapstad, 1884.
- : *Hollans-Afrikaanse Liederbundel*. 2de dr., Amsterdam, 1916.
- Melt Brink. *Die 80-jarige Afrikaanse digter. Met 'n lys van sy werke*. Huisgenoot, Mei 1922.
- Mendelssohn, Sidney: *South African Bibliography*. 2dele, 1910.
- Muir, dr John: *Louis Henri Meurant. 'n Lewensskets*. Huisgenoot, 29, Junie 1928.
- : artikels oor Meurant in die *Huisgenoot*, 7, 14, 21 Febr. 1930.
- Muller, dr H. P. N.: *Oude Tijden in de Oranje-Vrijstaat*. Leiden, 1907.
- Nederland-Zuid-Afrika*, gedenkboek uitgegeven door de Ned. Z.A. Vereniging, bij gelegenheid van haar 50-jarig bestaan 1881-1931. Amsterdam N.Z.A.V., 1931.
- Neef Jan wat Versies maak. Huisgenoot, Julie 1922. (J. D. Cilliers).
- Niekerk, dr Lydia van: *De Eerste Afr. Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen*. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1916. 2de dr., Nas. Pers, Bpk., Kaapstad 1920.
- Nienaber, G. S.: *Afrikaans in „De Tijd.” De Nieuwe Taalgids*, xxiii, 3.
- : *Die Afrikaanse Beweging*. Deel I. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1931.
- : *Honderd Jaar Hollands in Natal*. J. H. de Bussy, Pretoria, 1933.
- : *Oor die Afrikaanse Taal*. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1934.
- : *Van Roem tot Selfmoord*. Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg, 1939.
- : *Meurant se Zamenspraak en Brieue uit 1861*. Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg, 1940.
- Nienaber, P. J.: *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*. Nas. Pers, Bpk., Kaapstad, 1934.
- : *D'Arbez as Skrywer*. J. H. de Bussy, Pretoria, 1936.
- : *Die Baanbreker van die Realisme in die Afrikaanse Letterkunde. Die Brandwag*, 29 Okt. 1937.
- : *Die Afrikaanse Romantematologie*. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1938.
- : *Afrikaanse Taalpionier (B. R. Buys) ontdek. Die Brandwag*, 27 Okt. 1939.
- : *Ons Eerste Digtters*. Nas. Pers, Bpk., Bloemfontein, 1940.
- : *C. P. Hoogenhout se Geskiedenis van Josef en Catharina die dogter van die Advokaat*. Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg 1940.
- : *Ds S. J. du Toit, die eensame Ismael*. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1940.
- : *Jan Lion Cachet met sy Sewe Duiwels*. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1940.

- : *Eerste Afrikaanse Bybelvertaler* [C. P. Hoogenhout]. *Huisgenoot* 2 Febr. 1940.
- : *Eerste Afrikaanse Preke* [ds P. D. Rossouw]. *Huisgenoot* 9 Febr. 1940.
- : *Dr Carel Voigt*. *Huisgenoot*, 16 Febr. 1940.
- : *Een van ons eerste Afrikaanse Digters* [A. J. Herholdt]. *Brandwag*, 29 Maart 1940.
- : C. P. Hoogenhout, die belangrikste digter uit die Eerste Taalbeweging. *Huisgenoot*, 19 April 1940.
- : 'n Steunpilaar vir die G.R.A. [C. P. Hoogenhout]. *Huisgenoot*, 10 Mei 1940.
- : *Een van die Eerste Baanbrekers op ons Taalakker* [W. H. Maskew] *Brandwag*, 5 Julie 1940.
- : 'n Beroemde Kerkhof. *Huisgenoot*, 12 Julie 1940.
- N.S.: Von Wielligh se laaste jare. *Huisgenoot*, 23 Sept. 1932.
- Oom Lokomotief. *Huisgenoot*. Des. 1919 en Mei 1923.
- Opperman, D. J.: *Wanneer begin die Afrikaanse Letterkunde?* *Die Natalse Afrikaner*, 1 Aug. 1938.
- Opperman, D. J.: *Wanneer begin die Afrikaanse Letterkunde?* *Huisgenoot*, 3 Febr. 1939.
- Pienaar, dr E. C.: *Oud-President F. W. Reitz. 'n Literêr-historiese waarderings*. *Huisgenoot*, 20 April 1934.
- : *Die Oorsprong van die Afrikaanse Letterkunde*. *Huisgenoot*, 14 Febr. 1936.
- Populair Wetenskaplike Leesboek*. Deel 4. Nas. Pers. Bpk., Kaapstad, 1920.
- Preller, G. S.: G. R. von Wielligh. *Huisgenoot*, 3 Sept. 1932.
- Prins, Piet, (dr G. S. Nienaber): *Samepraak in Afrikaans uit 1830*. *Huisgenoot*, 8 Maart 1935.
- : *Wanneer het die Afrikaanse Letterkunde begin?* *Huisgenoot*, 24 Mei 1935.
- Rompel, Frederik: *Pres. F. W. Reitz†*. *Huisgenoot*, 13 April 1934.
- Sarie Marais se ontstaan. *Die Transvaler* (16 Maart 1938). [Oor J. P. Toerien.]
- Scholtz, dr J. du P.: *Afrikaanse Geskrifte van Louis Henri Meurant uit die jare 1844 tot 1850*, T.W.K. xii, 4.
- : *Afrikaanse geskrifte in ou Kaapse koerante en tydskrifte*. T.W.K. xiii, 3.
- : *Die Afrikaner en sy Taal*. Nas. Pers. Bpk. Kaapstad, 1939.
- Schonken, F. Th.: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen*. (Vertaal uit Duits). Amsterdam, 1914.
- Schoonees, dr P. C.: *Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*. J. H. de Bussy, Pretoria, 3de druk, 1939.
- S(mith), J. J.: G. R. von Weilligh, *Lewensskets*. *Huisgenoot*, Nov. 1919.
- Stoffel, C.: *Eene wettige dochter der Hollandsche Taal*, in *Volksalmanak der Maatschappij tot nut van het Algemeen* (1882).

- Teenstra, M. D.: *De Vruchten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden*, 1830.
- Toit, J. D. du: *Levensskets, Prof. Jan Lion Cachet*. *Huisgenoot*, Okt. 1917.
- : *Jan Lion Cachet*. Jaarboek van De Z.A. Akademie iv (1913).
- : *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk. 'n Periode van Afrikaanse Oplewing*. Paarlse Druipers Maatskappy, Paarl, 1917.
- [Toit, ds S. J. du]: *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, D. F. du Toit & Co., Paarl, 1880.
- Toit, dr S. J. du: *Suid-Afrikaanse Volkspoësie*. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1924.
- Villiers, Anna de: „*Ons Vroeë Dietse Letterkunde*.” *Huisgenoot*, 22 Des. 1933.
- : *Die Kentering in ons Literatuurbeskouing*. *Huisgenoot*, 15 April 1935.
- : *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika*. *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, jg. xiv, reeks B, Afl. 2 (Sept. 1936). (1937).
- Waal, J. H. H. de: *My Herinnerings van die Taalstryd*. Nas. Pers, Bpk., Kaapstad, 1932.
- Weeber, E. J.: *Pres. Reitz op Kommando*. *Huisgenoot*, 13 Julie 1934.
- Wielligh, G. R. von: *Baanbrekerswerk*. J. L. van Schaik, Pretoria, 1925.
- : *Eerste Skrywers. Laaste Stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners*. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria 1918.

PERIODIEKE PUBLIKASIES.

- Brandwag, Die.* 1910-1922.
Brandwag, Die. 1937.
Cape Monthly Magazine, The. 1861, 1870, 1872, 1874.
Cradock News and Mercantile Advertiser, The. 1858-1861.
Cradocksche Nieuwsblad, Het. 1861.
Express and Orange Free State Advertiser, The; De Express en Oranje-vrystaatsch Advertentieblad. 1875-1899.
Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, The. 1861-1885.
Getuige, De (1881-1904). D. F. du Toit & Co., Paarl.
Gids, De: Mei 1934.
Goede Hoop, De. 1903-1930.
Huisgenoot, Die. 1916 vlgg.
Kaapsche Grensblad, Het. 1844-1850.
Nuwe Brandwag, Die: 1929-1933.
Ons Eie Boek, 1939.
Ons Tijdschrift, 1896-1899.
Onze Volkstaal, Tijdschrift gewijd aan de Studie der Nederlandsche Tongvallen, Culemborg, 1882.
Orange Free State Monthly Magazine (Nov. 1877-April 1880).
Transvaal Argus, 1866-1869.
Tyd, De, Staatkundig-, Nieuws- en Advertentieblad voor den Oranjestaat, 29 Okt. 1862-26 Okt. 1863; 4 Okt. 1865-25 Febr. 1875.
Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Jgg. xii en xiii.
Volksblad, Het, 1849, 1856-1875.
Zuid-Afrikaan, De, 1930-1875.
Zuid-Afrikaansche Tijdschrijft, Het, 1879-1893.

REGISTER.

A.

- Ackerman, A., 303.
 A.F.R., 270.
 Afrikaander (ds J. van Niekerk), 257.
Afrikaanse Almanak, Die, 85, 108.
Afrikaanse Boer, Di, 93, 95.
Afrikaanse Gedigte, 89, 91, 92, 93, 95, 105.
Afrikaans ons Volkstaal, 97.
 Afrikaner, 260.
Alweer op Reis, 95, 144.
 Ander Jan wat Versies maak, 'n, 253.
 A.S., 241—243.

B.

- Bain, A. G., 43.
 Barnard, Anne, 24.
Bedriegers, Di, 103.
 Beer, ds E. Z. de, 258.
 Besselaar, dr G., 17—20, 22.
 Berg, H. C. van den, 66.
 Beuzemstok, Meij., 41, 42.
 Beyers, C., 25.
 Blomerus, J., 294.
Boerenpraatjes, 63.
 Boer van Steynsburg, 'n, 247—249.
 Böhme, Jakob, 327.
 Bold, J. S., 48.
 Boniface, C. E., 13, 18, 31, 32, 35—39, 42, 47, 50, 58.
 Borchards, ds Meent, 24.
 Borrius, 73.
 Bosch, J. P. van den, 70.
 Boshoff, dr S. P. E., 17, 113, 146.
 Bosman, dr F. C. L., 10, 18, 22, 24, 27, 28, 36, 38, 44, 56, 73.
 Boufoortse Burger, 35.
 Bramley, William, 69, 72.
 Breda, P. van, 31.
Brieve, 51, 61.
 Brink, Melt, 81, 82, 97, 103, 106, 225, 231—239.
 Bruggen, dr J. R. L. van, 224.
 Brugwerker, 261.

Burchell, 30, 31.
 Burgers, ds T. F., 59, 76.
 Burns, Robert, 111, 112, 151.
 Buys, B. R., 9, 100, 105, 107, 109, 195, 205—211.
Bybel in Afrikaans, Di, 95, 148.
Bybelse Vrage en Antwoorde in Afrikaans, 104, 148.
By'e Teelt, 108, 224, 225.

C.

Cachet, J. Lion, 9, 92—95, 97, 98, 103, 108, 109, 132, 145,
 165, 173—182, 304.
Catharina, die Dogter van die Advokaat, 90, 103, 133—136, 201.
 Celliers, J. F. E., 24.
 Changuion, dr A. N. E., 16, 30, 31, 43, 46, 78.
 Cilliers, J. D., 9, 93, 95, 164—173, 330, 331.
 Coetser, P. P. J., 322.
 Conradie, dr E. J., 16—22, 38, 59, 76.
 Cooper, H. W. A., 78.
 Correspondent, 259.
 Cory, 25.
Cradock News, The, 48.
Cradocksche Nieuwsblad, Het, 49, 51.
 C.S.J., 252.

D.

Dagverhaal, 19, 20, 21.
 Dannhauser, G. F., 290.
Day at D'Urban, A, 44.
Deur Hoogmoed Misly, 103, 197, 198, 201—204.
 D.G.R., 99.
Dire Storiis, 108, 222—224.
 D.J.C., 252, 333.
 Dekker, dr G., 19, 20, 139.
 Di Swits, 299.
Drankduiwel, Die, 92.
 Dykman, E. J., 97.

E.

Een Boer, 35.
 Een Ingesetene van Stellenbos, 35.
 Eenvoudig, Jantje, 59.
 Eenvoudige Gristen, 276.
Eerste Afrikaanse Printjies Boeki, 90, 136—137.
Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal, 84, 85, 86, 89, 90,
 139.
Eerste Boek van Moses, Di, 97, 148.
Eerste 20 Afrikaanse Lidere met Musiik, 105.

Elffers, H., 91.
 Engelbrecht, dr S. P., 16—18, 59.
 Esselen, Ewald, 160, 243—244.
Evangelii in di Volkstaal, 93, 188.
Evangelii vollens Matte'us, Di, 97, 148.

F.

F., 284.
Fabiola, 105, 106.
 Fairbairn, 28.
 Faure, D. P., 59.
Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels, 104.
 Fouche, D. J., 297.
 Franken, dr J. L. M., 28, 38.

G.

Garcia, 316.
Gebeurtenisse uit die Kaffer Oorlog. . ., 322.
Geldduiwel, Die, 92.
 Gedult, P., 61.
 Geldenaar, Grietje, 29.
Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging, 90, 107, 144.
Geskiedenis van di Hugenote, Di, 95.
Geskiedenis van die Transvaal . . ., 92, 320.
Geskiedenis van Josef, Die, 80, 82, 133—134, 143.
Geskiedenis van ons Land . . ., 85, 86, 89, 90, 137, 143, 319.
Gesprekke tusse Oom Jan Vasvat en Neef Daantjie Loslaat . . ., 80, 133.
Gezellige, De, 105.
Godsdienstige Stukke, 91.
Goliath, 297.
 Gouph No. 4., 254.
 G. P., 67.
Grappige Stories . . ., 81, 232.
 Greig, 28.
 Grimm, Hans, 19.
 Groeneweg, J. J., 19.
 Grootschoen, Pouwel, 43.

H.

Haastige Huwelik, 'n, 105, 107, 209—210.
 Hahn, dr Th., 91.
 Hamelberg, 67, 69.
Handboek ver Godsdiens Onderwys, 97, 148.
 Hannan, Frank, 178.
 Hartmann, E., 10.

Hartseer, 262.
 Hatting, C., 263.
 Hauli, Pitta, 251.
 Havegar, 68.
 Havelaar, Just, 327, 329.
 Hendrik, 97.
 Hennepikker, Jan, 29, 31.
 Herholdt, A. J., 14, 86, 154—159, 256, 259, 262, 334.
 Hermingard, 285.
 Hofmeyer, J. J. C., 16.
 Hoogenhout, C. P., 9, 54, 77, 78, 80, 82, 84, 86, 89, 90, 92—94,
 96, 98, 99, 106, 109, 111, 119—138, 141, 143, 149, 151,
 153, 158, 160, 164, 177, 187, 193, 201, 246, 258, 261,
 267, 277, 287, 319, 325, 331, 332, 333.
 Hoogenhout, P. Imker, 9.
 Hugo, P. P., 66.

I.

Ik ben uw Vriend van Overkant, 68.
 Ik is een burger . . . , 69.

J.

Jakob Platjie, 217, 219—221, 304.
 J.B.F., 289.
 Jeppe, 73.
 J.H.O., 266.
 J.J.H., 299.
 J.L., 297, 306.
 J.M., 279.
 J.M.H., 64.
Jolly Hotnot en ander Snaakse Versies, 81, 226—230.
 Joubert, P. J., 163, 246—247, 334.
 J.R., 256, 296.
 J. R. van Wellington, 268.
 J.S., 302.
 J.V., 288.

K.

Kaapsche Grensblad, Het, 40, 44, 48.
Kaapse Sketse, 78.
Kaatjie Kekkelbek, 16, 43, 44, 52, 53.
 Kastein, J. F., 291.
 Kestell, Charlie, 290.
Klaas Gezwint en zyn Paert . . ., 81, 93.
 Klein Afrikaner, 259.
 Klein Jan, 269.
 Kok, Hendrik, 31, 32, 34—36.

Koningin fan Skeba, Di, 103, 104, 145—146, 148, 304, 305, 334.
 Kotze, dr J., 59.
 Kritzinger, dr M. S. B., 10, 16, 76.
 Kruger, A., 286.

L.

Labuscagne, P. W., 309.
 Leesgierig, J., 57.
 Leipoldt, C. L., 17.
 Lengenhager, O. F., 288.
 Leonard, Willem, 286.
 Leonard, W. M., 292.
Lied ter Ere van de Swellendamsche en Diverse Andere Helden . . ., 25, 30.
Liegduiwel, Di, 92.
Liefde in Oorlog, 102, 147—148, 304.
 Lima, J. S. de, 16, 28, 29, 31, 38, 46.
 Loots, C. H., 313.

M.

MacKay, W. M., 31, 32.
Magrita Prinslo, 103, 109, 146—147, 304.
 Malherbe, dr D. F., 20.
 Malherbe, dr F. E. J., 15.
 Malherbe, Gideon, 143, 145.
 Mansvelt, dr N., 91.
 Maria, 275.
 Maskew, W. H., 81, 82, 96, 106, 225—231, 277.
Meer N'Gami en ander Noordelike Streke, Di, 97.
 Meurant, L. H., 13, 25, 39, 42, 43, 47—52, 54, 55, 57—63, 73, 76—78.
 Meijeraan, 73.
 Mieliebuik, T., 80.
Misdadig Engeland, 't, 89, 319.
 Moddermannetje, Behrend, 74—76.
 Moddermannetje, Saartje, 74.
 Moll, 38, 39.
 Muller, dr H. P. N., 69.

N.

Neef Adam Slokker, 31.
 Neef Jan, 9.
 Nesor, F., 303.
 Nesor, M. H., 9, 100, 103, 109, 191—205, 209.
 Niekerk, D. J. van, 240—241.
 Niekerk, dr Lydia van, 15, 17, 18, 22, 140, 185, 211, 219.
 Nienaber, C. J., 11.

Nienaber, G. S., 18, 35, 38.
 Nienaber, P. J., 17, 22.
Nieuwe Afscheidingslied, Het, 52, 53.
Nieuwe Ridderorde, De, 36—38.

O.

Odendaal, J. T., 107.
Ontslag van Dr Jorissen, Di, 92, 322.
 Oom Lokomotief, 96, 155, 189, 247, 262, 327.
Oorlogs en andere Gedichten, 111, 115.
Openbaring fan Jesus Gristus, Di, 104, 148.
 Opmerker, 275.
 Opperman, D. J., 22.
Oprigting van Banke, Die, 92.
 Ou Kluit, 300.
 Ouw Cornelis, 58.
 O.V.G.S., 293.

P.

Pakarolus, Pieter, 315.
 Pannevis, A., 9, 78, 79, 80, 84, 86, 91, 119, 138, 149—154, 187, 319.
Patriot-Woordeboek, 105.
 Pelser, W. A., 282.
 Philip, dr, 31, 34, 36, 37, 77.
 P.H.S., 279.
 Pienaar, dr E. C., 15, 17, 18, 20, 22.
 Pikkedel, 298.
 P.J.S., 279.
Plate-Atlas by die Afr. Letterkunde, 16.
 Plessi, Th. du, 309.
 Plessis, Stefanus du, 255.
 P.M.O., 260.
 Postma, S., 98.
Praatduiwel, Di, 93.
 Pringle, 28.
 Prins, Piet, 19, 20.
Psalmes, Di, 108, 148.

R.

Raaksien, 262, 333.
 Reitz, F. W., 78, 81, 82, 96, 110—119, 120, 277, 281, 286.
 R.H.L.W., 266.
 Riebeeck, Jan van, 20, 21.
 Rikkerf, 295.
 Ritter, J.C., 24.
 R.N., 281.

Ronduit, Piet, 58.
 Roos, J. G., 296.
Roosknoppi, Di, 305—306, 335.
 Ross, ds David, 276.
 Rossouw, ds P. D., 9, 91, 94, 182—186, 188, 191.
 Rijst, eerw. J. W. van der, 90, 93, 94, 95, 187—191.

S.

Sambesia, 142, 145.
Samesprake in Afrikaans en Engels, 94, 95, 187.
 Sangiro, 313.
Scena der oude tijden, Een, 64.
 Scholtz, dr J. du P., 10, 28, 35, 42, 43, 56, 59.
 Schoonees, dr P. C., 11, 15, 17, 18, 22, 217, 218.
Sewe Duiwels, 108.
Skool op di Heide, Di, 105, 325.
 Smalhans, 79.
 Smith, prof. J. J., 15, 17, 21, 22, 27.
 Smith, Pauline, 19.
 Snaaks, Tryna, 64, 68, 70.
 Snyman, J. C., 307.
So gaat dit, 95.
 S.P., 100.
Spel en Leesboek, 90, 187.
 Spies, P. P., 286.
Spogduiwel, Di, 97.
 Stoffel, C., 91.
S.A. Kook, Koek en Resepte Boek, Di, 97.

T.

Teenstra, M.D., 27, 30, 31, 45, 47.
 Terblanche, P. J., 292.
Terug in Lewe, 107, 210—211.
 Toekyker, 269.
 Toerien, J. P., 211—216.
 Toit, D. F. du, D.P.sn., 94, 187.
 Toit, D. P. du, 293, 305, 335.
 Toit, E. J. du, 93, 137.
 Toit, G. P. du, 10.
 T., P. d., 303.
 Toit, S. A. du, 284, 293.
 Toit, S. J. du, 17, 22, 55, 78, 80, 84, 86, 90—92, 94—98,
 100—104, 106—109, 116, 126, 129, 130, 133, 136,
 137, 138—148, 149, 150, 155, 184, 187, 189, 192, 197,
 211, 243, 263, 268, 302, 304, 305, 315, 319, 330, 334,
 335.

Toit, Weduwee du, 267.
 Totius, 24, 105, 106, 107, 139, 143, 147, 187, 335.
Tower-Dokter, Di, 107, 108.
Transvaalse Volksliedere, 91.
 Treurniet, dr, 29.
 Tromp, T. M., 91, 140.
 Trouwe Onderdaan, 270.
 Twyfelaar, Jan, 57, 58.

U.

Uitlegging der Boerenpraatjes, 64.

V.

Van di Blokhuis na di Witte Huis, 93, 324.
 Venter, P. J., 314.
 Venter, S., 302.
 Villiers, dr Anna de, 16—18, 22.
Vinger Gods en Sewe ander Verhale, 93, 137.
 Visser, A. G., 284, 300, 301.
 Voigt, dr J. C., 159—164, 243, 244.
 Volbloed Afrikaner, 287.
Voorgestelde Transvaalse Nasionale Bank, Di, 92.
 Vries, M. de, 92, 96, 320.
 Vrystaatse Digter, 267.
 Vrystater, 266, 272.
 Vyf Stemmetjes uit Oostenryk, 58.
Vyftig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte, 81, 110.

W.

W., J. de, 276.
 Waaibroek, 45.
 Waal, J. H. H. de, 104, 197, 205, 225, 304.
 Waarzegger, Klaas, 43, 48, 49, 54—58, 61, 62.
 Waarzegger, Klaas, Klaas zoon, 62, 66.
Wat Geld kan doen, 103, 197, 198—201.
Wege des Heeren met George Muller, 92, 137.
 Welgemoed, Neef Piet, 57.
Werkelike Geesverskynings, 97, 145.
 White, A. C., 61.
 Wied, Jan Pie de, 79.
 Wielligh, G. R. von, 11, 106, 107, 108, 111, 132, 150, 216—225,
 304, 314.
 Wirgman, eerw. A. T., 110.
 Wyk, A van, 296.
 Wijsneus, Platje, 41, 43.

Y.

Younge, sir George, 24.

Y.Q., 253.

Ysterbaard, dr, 244—246.

Z.

Zamenspraak bij eene Uitspanning, 65.

Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar . . ,
48, 50, 51, 54, 56.

Zestig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte, 81, 110.

Zwaartman, Samuel, 78.

